# INHOUDSOPGAWE


| | AFDELING | INGESLUIT JA | INGESLUIT NEE | AANTAL BLADSYE |
|---|---|---|---|---|
| ALGEMENE VOORWAARDE EN UITSONDERINGS (VAN TOEPASSING OP ALLE AFDELINGS) | | | | 11 |
| HUISEIENAARS | 1 | | | 13 |
| HUISBEWONERS | 2 | | | 18 |
| PERSOONLIKE ALLE RISIKO | 3 | | | 4 |
| PERSOONLIKE ONGEVALLE | 4 | | | 6 |
| PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID | 5 | | | 3 |
| UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID | 6 | | | 3 |
| MOTORBOTE, SEILJAGTE EN KLEINVAARTUIE | 7 | | | 13 |
| ELEKTRONIESE TOERUSTING | 8 | | | 9 |
| MOTOR | 9 | | | 19 |
| BRAND | 10 | | | 22 |
| GEBOUE OMVATTEND | 11 | | | 12 |
| KANTOORINHOUD | 12 | | | 8 |
| SAKE-ONDERBREKING | 13 | | | 13 |
| REKENINGE ONTVANGBAAR | 14 | | | 3 |
| DIEFSTAL | 15 | | | 4 |
| GELD | 16 | | | 8 |
| GLAS | 17 | | | 3 |
| EERLIKHEIDSWAARBORG | 18 | | | 7 |
| TRANSITO | 19 | | | 5 |
| SAKE ALLE RISIKO | 20 | | | 4 |
| TOEVALLIGE SKADE – ANDER DAN WYN | 21 | | | 5 |
| TOEVALLIGE SKADE – WYN | 22 | | | 11 |
| GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID | 23 | | | 19 |
| WERKGEWERSAANSPREEKLIKHEID | 24 | | | 3 |
| AANGEGEWE VOORDELE | 25 | | | 6 |
| GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE | 26 | | | 5 |
| ENKELRIT TRANSITO – ALGEMEEN | 27 | | | 4 |
| MASJINERIE BREEKSKADE | 28 | | | 3 |
| VERLIES VAN WINSTE (MASJINERIE BREEKSKADE) | 29 | | | 8 |
| VERSLEGTING VAN VOORRAAD (MASJINERIE BREEKSKADE) | 30 | | | 3 |
| UITGEBREIDE AANSPREEKLIKHEIDSPERKE | 31 | | | 2 |
| ENKELRIT TRANSITO – STAMBOEKDIERE, LEWENDEHAWE, WILD EN VOLSTRUISE | 32 | | | 5 |
| KUDDE | 33 | | | 5 |
| STAMBOEKDIERE | 34 | | | 7 |
| BESPROEIINGSTELLE OP WIELE EN SPILPUNTE | 35 | | | 8 |
| BRAND OP OES EN MIED | 36 | | | 6 |

## GELDENDE KLOUSULE

As teenprestasie vir die betaling van die premie deur of namens die Versekerde, onderneem die Versekeraar(s) in die Bylae vermeld (hierna die Maatskappy genoem) om die Versekerde skadeloos te stel of te vergoed deur betaling of, na keuse van die Maatskappy, deur vervanging, inbesitstelling of herstel ten opsigte van die Omskrewe Gebeurtenisse wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk en soos andersins bepaal kragtens die Afdelings hierin tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en ander gespesifiseerde bedrae.

Indien meer as een Versekeringsmaatskappy of Versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord "Maatskappy" na "Versekeraars" gewysig, waar dit ook al in hierdie Polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke Versekeraar soos in die Bylae van hierdie Polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige Versekeraar afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

Enige aansoek en verklaring wat deur of ten behoewe van die Versekerde gedoen is, is die grondslag van en maak deel uit van hierdie Polis.

Die Algemene Uitsonderings en Algemene Voorwaardes is in alle opsigte van toepassing op die versekering deur hierdie Polis verskaf behalwe vir sover hulle deur enige Besondere Uitsonderings, Besondere Voorwaardes en Spesiale Bepalings in enige Afdeling of die Bylaes gewysig mag word.

Hierdie versekeringskontrak is onderworpe aan die voorwaarde dat, en sal slegs van krag word nadat, betaling van die premie deur die Versekerde gemaak en dit deur of namens die Maatskappy ontvang is.

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval. Die Maatskappy is nie verplig om enige premie wat na sodanige datum aan sigself of enige tussenganger aangebied word, te aanvaar nie. Die Maatskappy mag egter op voorwaardes soos in sy absolute diskresie bepaal, sodanige premie aanvaar.

Hierdie Polis, die Bylaes, Versekerings Sertifikaat en enige Endossemente daartoe moet as een kontrak saamgelees word en enige woord of uitdrukking waaraan 'n besondere betekenis in enige deel daarvan geheg is, het sodanige betekenis waar dit ook al voorkom.

## ALGEMENE VOORWAARDES

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr. 53 van 1998 (soos gewysig).

### 1. WANVOORSTELLING, WANBESKRYWING EN NIE-OPENBAARMAKING

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderhede sal, na gelang van die geval, die besondere item, Afdeling of Onderafdeling van die Polis ongeldig maak, wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

### 2. KENNISGEWING VAN VERANDERINGS

Die Versekerde moet die Maatskappy onmiddellik skriftelik in kennis stel van alle veranderings in die risiko en wisselings in versekerde bedrae en enige ander veranderings en die Maatskappy se erkenning van sodanige kennisgewing en bevestiging van dekking kragtens hierdie Polis verkry.

### 3. REGSTELLING VAN PREMIE

Indien die premie vir enige Afdeling van hierdie Polis bereken is op ramings deur die Versekerde verskaf, moet die Versekerde 'n noukeurige rekord hou wat alle besonderhede bevat wat daarop betrekking het en moet te alle tye die Maatskappy toelaat om sodanige rekord te inspekteer. Die Versekerde moet na die verstryking van elke versekeringstermyn sodanige inligting en besonderhede aan die Maatskappy verstrek as wat die Maatskappy mag verlang. Die premie vir sodanige tydperk sal dan aangesuiwer word en die verskil deur, of aan, die Versekerde betaal word, wat die geval ook al mag wees (onderworpe aan enige ooreengekome minimum premie).

## 4. VOORKOMING VAN VERLIES

Die Versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle en verliese te voorkom.

## 5. ANDER VERSEKERING

Indien daar ten tye van enige gebeurtenis wat lei tot 'n eis ingevolge hierdie Polis versekering by enige ander versekeraars bestaan wat die Versekerde teen die Omskrewe Gebeurtenisse dek is die Maatskappy slegs aanspreeklik vir die vergoeding van die eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die Versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde is hierdie Polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.

## 6. VERANDERING VAN BELANG

Hierdie Polis is nietig ten opsigte van enige item hiervan met betrekking waartoe daar enige verandering na die aanvang van hierdie versekering is waardeur die Versekerde se belang beëindig word, behalwe deur testament of regswerking, tensy skriftelike kennis so gou as moontlik na sodanige verandering aan die Maatskappy gegee is en 'n bykomende premie betaal is, indien verlang.

## 7. EISE

### (a) Kennisgewing

Die Versekerde moet by die plaasvind van enige gebeurtenis wat waarskynlik tot 'n eis ingevolge hierdie Polis aanleiding sal gee, so gou doenlik die Maatskappy daarvan in kennis stel en moet op sy eie koste so gou doenlik na die gebeurtenis of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat 'n skriftelike eis by die Maatskappy indien en sodanige besonderhede en bewyse as wat die Maatskappy redelikerwys mag verlang, verstrek.

### (b) Wederregtelike Gebruik, Diefstal, Verlies of Kwaadwillige Saakbeskadiging

In die geval van enige eis waarby wederregtelike gebruik van 'n motorvoertuig of enige diefstal of verlies of kwaadwillige saakbeskadiging betrokke is, moet die Versekerde of die persoon in wie se beheer of onder wie se bewaring sodanige artikel is die gebeurtenis onmiddellik by die Polisie in die gebied waar die verlies plaasgevind het, aanmeld en alle moontlike stappe doen om die skuldige party op te spoor en die gesteelde of verlore eiendom terug te kry.

### (c) Beserings

Ten opsigte van enige eis vir persoonlike besering ingevolge hierdie Polis waar sodanige dekking verleen word, moet alle sertifiserings, inligting of bewyse deur die Maatskappy verlang, op koste van die Versekerde gelewer word, en 'n beseerde persoon moet homself so dikwels as wat die Maatskappy mag vereis aan mediese ondersoek op koste van die Maatskappy onderwerp. Die Maatskappy is in die geval van dood geregtig om 'n nadoodse ondersoek te laat uitvoer.

### (d) Regsprosesse

Die Versekerde moet die Maatskappy onmiddellik in kennis stel van enige hangende geding of geregtelike doodsondersoek en moet aan die Maatskappy elke brief, eis, bevelskrif, strafregtelike en/of siviele dagvaarding en/of proses stuur wat hy ontvang en moet alle nodige inligting verstrek en bystand verleen om die Maatskappy in staat te stel om enige eis te skik of te betwis of om geregtelike stappe te neem.

### (e) Geen Erkenning

Die Versekerde sal geen koste (behalwe soos spesifiek in hierdie Polis voorsiening voor gemaak) aangaan om enige skade te vergoed sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy nie en mag nie oor enige eis onderhandel of dit betaal, skik, erken of van die hand wys of aanspreeklikheid aanvaar sonder sodanige toestemming nie en mag onder geen omstandighede hoegenaamd toestem tot die Jurisdiksie van enige hof sonder vooraf skriftelike toestemming van die Maatskappy nie.

**(f) Verjaring**

(i) Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige verlies of skade (behalwe vir ‘n eis onder die Sake-Onderbreking – Eerlikheidswaarborg, Persoonlike Ongevalle, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle Afdelings of die Persoonlike Ongevalle (Aanranding) Uitbreiding onder die Geld Afdeling (indien van toepassing) na die verstryking van 24 (vier en twintig) maande na die plaasvind van sodanige verlies of skade, tensy die eis die onderwerp van ’n hangende hofgeding of arbitrasie is, of tensy die eis ten opsigte van die Versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor ‘n derdeparty is.

(ii) Ingeval die Maatskappy aanspreeklikheid ten opsigte van enige eis ontken en 'n Dagvaarding nie binne 6 (ses) maande na sodanige ontkenning of in geval arbitrasie ingevolge Algemene Voorwaarde 14 van hierdie Polis plaasvind binne 6 (ses) maande nadat die arbiter of arbiters of eindbeslisser sy of hulle uitspraak gelewer het op die Maatskappy beteken word nie, word alle voordeel ingevolge hierdie Polis ten opsigte van sodanige eis verbeur.

**(g) Beperking van Aanspreeklikheid**

Die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge meer as een Afdeling van hierdie Polis ten opsigte van aanspreeklikheid, verlies of skade wat voortspruit uit dieselfde gebeurtenis ten opsigte van dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade nie, behalwe waar dekking verleen word vir Persoonlike Ongevalle, Groep Persoonlike Ongevalle en Aangegewe Voordele.

## 8. BEDROG

Indien enige eis ingevolge hierdie Polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die Versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie Polis te verkry of indien enige gebeurtenis veroorsaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die Versekerde word alle voordele wat deur hierdie Polis verskaf word, verbeur.

## 9. MAATSKAPPY SE REGTE NA 'N GEBEURTENIS

(a) By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie Polis ingestel is of ingestel word, mag die Maatskappy en elke persoon wat deur die Maatskappy gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die Maatskappy se reg om hom op enige van die voorwaardes van hierdie Polis te beroep

(i) enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit te hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die Versekerde aan die Maatskappy om so op te tree. Die Versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie, hetsy die Maatskappy dit in besit geneem het of nie;

(ii) die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die Versekerde oorneem en voer en in die naam van die Versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy deur die Versekerde gedoen word nie.

(b) Die Versekerde moet, op onkoste van die Maatskappy, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die Maatskappy vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die Maatskappy by skadeloosstelling van die Versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige Afdeling van hierdie Polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die Maatskappy by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die Versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die Maatskappy is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

## 10. HERSTEL VAN DEKKING NA VERLIES

Nie van toepassing nie op Voorraad op 'n verklaringsbasis, Persoonlike Ongevalle, Persoonlike Aanspreeklikheid, Uitgebreide Persoonlike Regsaanspreeklikheid, Motor, Gemeenregtelike Aanspreeklikheid, Besproeiingstelle op wiele en Spilpunte, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle, Motorbote, Seiljagte en Kleinvaartuie, Transito, Enkelrit Transito, Enkelrit Transito – Stamboekdiere, Lewendehawe, Wild en Volstruise, Verslegting van Voorraad (Masjinerie Breekskade) en Uitgebreide Aanspreeklikheidsperke Afdelings asook ten opsigte van enige ander Afdeling waar dit vermeld word as nie van toepassing.

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae/perke van aanspreeklikheid, waar van toepassing, nie met die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die Versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die verlies vanaf die datum waarop dit plaasvind of vanaf die datum van herstel of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

## 11. NIE-NAKOMING VAN VOORWAARDES

Die voorwaardes van die Polis en Afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die Afdeling ongeldig sal maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

## 12. REGTE VAN DIE VERSEKERDE

Tensy anders deur Endossement ooreengekom, verleen geen bepaling in hierdie Polis enige regte teen die Maatskappy aan enige ander persoon as die Versekerde nie. Verder word die Maatskappy nie gebind deur enige oordrag van die Versekerde se belang behalwe deur dood of kragtens regswerking nie tensy die Maatskappy deur Endossement verklaar dat die versekering voortduur. Die uitbreiding van die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van die eiendom van enige ander persoon as die Versekerde verleen aan die persoon geen reg om te eis nie, want die bedoeling is dat die Versekerde in alle gevalle namens en ten behoewe van die persoon moet eis en die kwitansie van die Versekerde onthef die Maatskappy geheel en al van aanspreeklikheid.

## 13. KANSELLASIE

Hierdie Polis of enige Afdeling mag te enige tyd deur die Maatskappy of die Versekerde gekanselleer word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) in geval van die Maatskappy, 30 (dertig) dae skriftelik kennis van kansellasie gegee word aan sy/haar/hulle jongsbekende adres;

(b) in geval van die Versekerde, onmiddellik skriftelike kennis van kansellasie gegee kan word;

en indien die premie betaal word met 'n frekwensie van meer as een maal per jaar sal die Maatskappy by kansellasie alle sodanige premies wat betaal is, behou. Indien die premie egter jaarliks betaal word, sal die Maatskappy by die uitoefening van sy reg op kansellasie die premie aan die Versekerde terugbetaal min 'n eweredige deel daarvan vir die tydperk wat die versekering van krag was, maar indien die Versekerde kansellasie aanvra sal die Versekerde geregtig wees op 'n terugbetaling van premie min premie bereken teen die Maatskappy se korttermynpremieskaal vir die tydperk wat die versekering van krag was.

Waar die Afdeling "Stamboekdiere" van die Polis op versoek van die Versekerde gekanselleer word sal geen terugbetaling van premie ten opsigte van enige Uitbreidings wat van toepassing is toegelaat word nie.

## 14. ARBITRASIE

Indien enige geskil tussen die Maatskappy en die Versekerde of enige eiser sou ontstaan betreffende die bedrag van enige eis ingevolge hierdie Polis, word sodanige geskil vir arbitrasie verwys ooreenkomstig die statutêre bepalings op daardie tydstip van krag en op sodanige geskil van toepassing, en die maak van enige toekenning is 'n voorwaarde wat enige reg van optrede teen die Maatskappy voorafgaan.

## 15. EISEVOORBEREIDINGSKOSTE

Behoudens die voorwaardes soos vervat in Algemene Voorwaarde 7 sal die Maatskappy aanspreeklik wees vir eisevoorbereidingskoste wat beteken alle redelike koste en uitgawes aangegaan by die verkryging, opstel en/of voorlegging van inligting, bewyse en verklarings soos vereis mag word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid nie R20 000 (twintigduisend rand) of die bedrag wat in die Bylae by elke Afdeling teenoor 'n item vir bykomende eisevoorbereidingskoste vermeld word, welke ookal die meeste is, sal oorskry nie.

## 16. PREMIEBETALINGS MEER AS EEN KEER PER JAAR

(a) **Woordomskrywings**

Vir die doeleindes van hierdie Polis beteken die uitdrukkings:

"versekeringstydperk" in die Polis gebesig - daardie tydperk waarvoor die Versekerde die premie wat deur die Maatskappy verlang word vir die versekering ingevolge sodanige Polis aan die Maatskappy betaal het of onderworpe aan die bepalings van Algemene Voorwaarde 16(c) (Versekeringstydperk) van hierdie Polis, onderneem het om sodanige premie aan die Maatskappy te betaal

"termyn van versekering" en "versekeringstermyn" in hierdie Polis gebesig - 'n termyn wat ooreenstem met die tydperk vermeld in die Bylae van hierdie Polis of Afdeling(s) van die Polis waar korttermyndekking van toepassing kan wees teenoor die woorde "versekeringstydperk" en enige een termyn van twaalf opeenvolgende maande opeenvolgend daarna.

(b) **Premiebetalings**

(i) Deur die aanvaarding van hierdie versekering magtig die Versekerde die Maatskappy om die bedrag van die premie deur die Maatskappy verlang vir die versekering ingevolge hierdie Polis in ooreenstemming met die "Premiebetalingsfrekwensie" (soos in die Bylae vermeld) op die rekening by die Instansie in die Bylae genoem (of, indien die Maatskappy kennis van verwisseling van Instansie ontvang op die rekening by die Instansie waarvan die Maatskappy in kennis gestel is) te trek

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die voormelde Instansie nie betaling op aanvraag doen nie sal die Polis van krag bly vir twee termyne van die kontrak waarvoor nie premie ontvang is nie. Die Versekerde sal na die eerste maand van nie-betaling van premies deur die Instansie twee premies per debietorder betaal.

Wanneer twee debietorders aan die voornoemde Instansie aangebied word vir betaling en slegs een word betaal, sal hierdie geld aangewend word om die oudste skuld te delg.

Indien die premie jaarliks vooruit per een debietorder betaal word en daardie debietorder word onbetaald aan die Maatskappy teruggestuur, sal die Versekerde vir twee verdere maande dekking geniet. Die debietorder vir die verskuldigde premie sal weer in die volgende maand aangebied word vir betaling.

Indien die Versekerde 'n eis sou hê gedurende die termyn van die kontrak waarvoor die Versekerde se debietorder nie betaal is nie moet die Versekerde eers die verskuldigde premie betaal voordat die eis hanteer word.

Indien die voormelde Instansie dan nog in gebreke bly om betaling op aanvraag te doen, sal die versekering ingevolge hierdie Polis geag word om (nieteenstaande enigiets andersluidend in hierdie Polis vervat) gekanselleer te wees (of, indien paragraaf (ii) van toepassing is, te gestaak het) op die laaste dag van die ononderbroke periode waarvoor die Versekerde werklike premie aan die Maatskappy betaal het behalwe as die Versekerde kan bewys dat die wanbetaling 'n fout aan die kant van die Instansie was.

Die Maatskappy sal alle reeds betaalde premies behou.

(ii) Indien betaling van premie deur die Maatskappy verlang vir die versekering ingevolge hierdie Polis, hervat word nadat die versekering ingevolge hierdie Polis gestaak het soos in paragraaf (i) hiervan vermeld en die

Maatskappy stem toe om sodanige betaling te aanvaar, dan sal die versekering ingevolge hierdie Polis voortgesit word dog onderworpe aan die bepalings vervat in die voormelde paragraaf (i) en met die uitdruklike verstandhouding dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie ten opsigte van enige gebeurlikheid (wat binne die bestek van die dekking van hierdie Polis val) wat plaasgevind of ontstaan het gedurende die periode wat strek vanaf die dag (soos in die voormelde paragraaf (i) vermeld) waarop die versekering ingevolge hierdie Polis gestaak het tot die dag wat die datum waarop die Maatskappy die eerste daaropvolgende betaling van premie ontvang onmiddellik voorafgaan.

(c) **Versekeringstydperk**

Behalwe indien die premie wat deur die Maatskappy verlang word vir een jaar se versekering ingevolge hierdie Polis, jaarliks in een bedrag vooruitbetaal word en/of ‘n premie vir enige korttermyntydperk in terme van ‘n spesifieke Afdeling van die Polis betaal word is die versekeringstydperk van hierdie Polis nie 'n termyn van 'n jaar nie maar sodanige versekeringstydperk sal geag word om te wees 'n termyn wat ooreenstem met die "Premiebetalingsfrekwensie" (soos in die Bylae vermeld).

## 17. BETALINGS OP REKENING

Ten opsigte van enige Afdeling waar bedrae wat van die Maatskappy verhaalbaar is hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, sal betalings op rekening na goeddunke van die Maatskappy, indien vereis, aan die Versekerde gedoen word.

## 18. BEPERKINGS EN WYSIGINGS

Beperkings en wysigings ten opsigte van die bedinge, Eerste Bedrag Betaalbaar, bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitbreidings en premie betaalbaar van hierdie Polis of enige Afdeling daarvan mag te enige tyd deur die Maatskappy gedoen word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) dertig dae kennis daarvan skriftelik gegee word aan die Versekerde en Agent/Makelaar by sy/haar/hulle jongsbekende adres.

## 19. JURISDIKSIEKLOUSULE

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van:

(a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake gelewer of verkry in die eerste geval anders as in ‘n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Malawi, Zimbabwe en Mosambiek.

(b) regskoste- en uitgawes verhaalbaar deur enige eiser vanaf die Versekerde wat nie voorgeval het en verhaalbaar is in die gebied soos beskryf in 19(a) hierbo.

## 20. KOLLEKTIEWE VERSEKERING

Indien hierdie versekering ‘n kollektiewe versekering is, word Algemene Voorwaarde 7(a) en 7(d) hierbo soos volg gewysig:

“die Versekerde moet die Hoofversekeraar namens die Versekeraars van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die Versekeraars mag verlang en onmiddellik aan die Hoofversekeraar enige kennisgewing stuur van ‘n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die Versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis”

en Algemene Voorwaarde 9 word deur die volgende vervang:

”9. Maatskappy se regte na ‘n gebeurtenis

(a) By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan ‘n eis ingevolge hierdie Polis ingestel is of ingestel word, mag die Hoofversekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur

enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die Versekeraars se reg om hulle op enige voorwaarde van hierdie Polis te beroep:

(i) enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit te hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie Voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die Versekerde aan die Hoofversekeraar om namens die Versekeraars so op te tree. Die Versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die Versekeraars prys te gee nie, hetsy die Hoofversekeraar dit in besit geneem het of nie;

(ii) die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die Versekerde oorneem en voer en in die naam van die Versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die Hoofversekeraar deur die Versekerde gedoen word nie.

(b) Die Versekerde moet, op onkoste van die Versekeraars, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die Versekeraars vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die Versekeraars by skadeloosstelling van die Versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige Afdeling van hierdie Polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die Versekeraars in die geval van enige gebeurtenis aan die Versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word, en die Versekeraars is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie".

## 21. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Behalwe waar spesifiek in enige Afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag wat betaalbaar is ingevolge hierdie Polis/Afdeling ten opsigte van elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die Eerste Bedrag Betaalbaar wat in die Bylae vir die toepaslike Omskrewe Gebeurtenis aangetoon word.

## 22. LEDE

Waar die woord "direkteur" gebruik word, word dit geag "lid" in te sluit indien die Versekerde 'n beslote korporasie is.

## 23. GEDEK GEHOU

Indien die Maatskappy 'n risiko gedek hou, sal hy nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## 24. VERSEKERDE BEDRAE BLANKO GELAAT IN BYLAE

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n Bylae van hierdie Polis:

(i) blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

(ii) aangegee word as nul, as nie van toepassing nie, as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie;

beteken dit dat die Omskrewe Gebeurtenis of omstandigheid wat in die Bylae vermeld word nie deur die Polis verseker word nie.

## 25. SEKURITEITSFIRMAS

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die Versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die Versekeraar in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die Versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

Die Maatskappy sal nie indien 'n geldige eis ingevolge enige Afdeling of Onderafdeling van hierdie Polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die Maatskappy se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die Versekerde en enige sekuriteitsverskaffer aangegaan is in verband met die beskerming van die versekerde eiendom nie.

## ALGEMENE UITSONDERINGS

### 1. OORLOG, OPROER EN TERRORISME

(A) Hierdie Polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

(ii) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

(iii) (a) muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

(b) opstand, rebellie of revolusie;

(iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige Staat of Regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

(v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige Staat of Regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

(vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

(vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule 1(A)(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(A)(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Uitsondering nie deur hierdie Polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

(B) Hierdie Polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en-vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke Wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie Polis van toepassing is.

(C) Nieteenstaande enige bepaling van hierdie Polis, met inbegrip van enige Uitsluiting, Uitsondering of Uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n Algemene Uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie Polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tegelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van klousule 1(C) van hierdie Algemene Uitsondering sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of Regering, of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige Regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(C) van hierdie Algemene Uitsondering nie deur hierdie Polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. KERN VERLIESE

Hierdie Polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste, uitgawe, dood of liggaamlike beserings hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit:

(i) ionisasie, uitstralings of kontaminasie deur radio-aktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding of gebruik van kernbrandstof;

(ii) kernmateriaal, kernsplyting of- samesmelting, kernuitstraling;

(iii) kernplofstowwe of enige kernwapen;

(iv) kernafval in watter vorm hoegenaamd;

ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde tot die verlies bydra.

Slegs vir die doeleindes van hierdie Uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

## 3. ASBES UITSLUITING

Hierdie Endossement is van toepassing op die Afdelings Gemeenregtelike Aanspreeklikheid, Werkgewersaanspreeklikheid en Onderafdeling D (Aanspreeklikheid) van die Afdeling Geboue Omvattend asook Uitgebreide Persoonlike Regsaanspreeklikheid Afdeling van die Polis.

Nieteenstaande enige bepalings van hierdie Polis, met inbegrip van enige Uitsluiting, Uitsondering of Uitbreiding of ander bepaling wat andersins 'n Algemene Uitsondering tersyde sou stel, dek hierdie Polis nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd of gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit, ontstaan uit of as gevolg van die gevaarlike aard van asbes in watter vorm of hoeveelheid hoegenaamd of wat op enige wyse daarmee verband hou, of in die mate waartoe dit daartoe bydra nie.

## 4. REKENAARVERLIESE

**Algemene Uitsondering van toepassing op alle Afdelings van hierdie Polis wat skade aan eiendom of die gevolge van skade aan eiendom of enige aanspreeklikheid verseker.**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie Polis, met inbegrip van enige Uitsluiting, Uitsondering of Uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins 'n Algemene Uitsondering tersyde sou stel, dek hierdie Polis nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

(b) enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

(c) enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

(i) om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of

(ii) om enige data vas te lê, te stoor of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of

(iii) om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of

(iv) om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

‘n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware-, gereedskap-, bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy die eiendom van die Versekerde al dan nie.

**Spesiale Uitbreiding tot bogemelde Rekenaarverliese Algemene Uitsondering 4**

(A) Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word of waarvoor die Afdelings Persoonlike Ongevalle, Glas, Werkgewersaanspreeklikheid, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle, Motor of Motorbote, Seiljagte en Kleinvaartuie skadeloosstelling verleen, word nie deur hierdie Algemene Uitsondering uitgesluit nie.

Die enigste spesiale gevare wat vir die doeleinde van hierdie Spesiale Uitbreiding ingesluit word, is skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom:

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   (b) wat veroorsaak word deur ‘n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van ‘n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

   (c) in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;

   (d) in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);

   (e) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;

   (f) wat keermure is;

   Tensy dit so beskryf en spesifiek as ‘n afsonderlike item verseker word

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

(B) Die bogemelde Algemene Uitsondering 4 is ook nie van toepassing op gevolglike verlies soos verseker deur enige Sake-Onderbrekingskadeloosstelling van hierdie Polis nie tot die mate wat sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in Spesiale Uitbreiding (A) hierbo verwys word.

(C) Hierdie Spesiale Uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies indien dit nie in die afwesigheid van hierdie Rekenaarverliese Algemene Uitsondering en hierdie Spesiale Uitbreiding daartoe verseker sou gewees het nie.

(D) Hierdie Spesiale Uitbreiding is nie van toepassing op enige Gemeenregtelike Aanspreeklikheidskadeloosstelling nie.

## OMBUDSMAN

Slegs van toepassing op versekering van 'n Persoonlike aard soos hierin vervat.

Die Maatskappy onderneem om alle eise deur hierdie Polis gedek eerlik, regverdig en stiptelik te skik. As u enigsins rede het om te glo dat die Maatskappy dit nie gedoen het nie en u 'n klagte wil indien, moet u asseblief in die eerste plek met u Agent/Makelaar skakel of as u nie 'n professionele raadgewer het nie met u Versekeraar soos in die Bylae vermeld se verteenwoordiger. Hy/sy sal gereed wees om u met u probleme te help.

In die onwaarskynlike geval dat u nog nie tevrede is nie het u die reg om u op die Ombudsman te beroep. Hoewel sy bevindings nie bindend is op versekeraars nie gee die Maatskappy u graag die versekering dat die Maatskappy by enige besluit van die Ombudsman sal berus.

# HUISEIENAARS

**BESKRYWING VAN GEBOUE WAARNA HIERIN VERWYS WORD:**

Die gebou(e) van die privaat woonhuis(e) en alle privaat motorhuise, huishoudelike buitevertrekke en huishoudelike buitegeboue op die perseel soos vermeld in die Bylae gebou van steen, klip of beton met dak van leisteen, teëls, metaal, beton of asbes, behalwe indien anders vermeld in die Bylae, insluitende mure, hekke met inbegrip van masjinerie daarvan, heinings (behalwe aangeplante heinings), spabaddens, saunakamers, jacuzzi, gesonke swembaddens met inbegrip van die filtreertoerusting, spa-, sauna-, jacuzzi- en swembadmasjinerie (behalwe outomatiese swembadskoonmaaktoerusting), swembadveiligheidsnette en oortreksels, tennisbane, muurbalbane, huishoudelike watertenke en strukture daarvan, huishoudelike boorgatpompe, elektriese motors asook enige ander huishoudelike waterverskaffingstoerusting (uitgesonderd windpompe en windpomptoerusting), elektriese lugversorgers, sonverhittingstelsels, baksteen-, teer- of betoninritte en patio's op dieselfde perseel en wat uitsluitlik in verband daarmee gebruik word, met inbegrip van die huiseienaar se vaste toebehore daarin of daarop.

## GEBEURLIKHEDE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

**ONDERAFDELING A – EIENDOM**

**VERLIES OF SKADE VEROORSAAK DEUR ENIGE VAN DIE ONDERVERMELDE GEVARE AAN DIE GEBOUE IN DIE BYLAE VERMELD**

1. Brand, weerlig, ontploffing

2. Aardbewing

3. Storm, vloed, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van verlies van of skade:

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels

   (b) as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

   (c) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing

   (d) aan stutmure/keermure

   (e) aan hekke en heinings wat nie van klip, beton of baksteen gebou is nie

4. Lugvaartuie of ander lugontwerpe of voorwerpe daaruit laat val

5. Die ontsnap van water vanuit wasmasjiene of skottelgoedwassers en die bars of oorloop van watertenke, watertoerusting, geysers of waterpype insluitende skade aan die watertoerusting, geysers of waterpype en die toevallige lekkasie van olie vanuit vaste olieverwarmingsinstallasies

6. Botsing

7. Diefstal/inbraak of enige poging daartoe van eienaar se vaste toerusting of toebehore in of op die geboue soos omskryf, asook losstaande sonverhittingstelsels op strukture by die perseel soos omskryf, maar met uitsluiting van diefstal terwyl die private woonhuis en alle private motorhuise, huishoudelike buitevertrekke en huishoudelike buitegeboue onbeset gelaat word of deur die Versekerde geheel of gedeeltelik uitgeleen, verhuur of onderverhuur is behalwe dat vir die doel hiervan die inneem van betalende gaste, kosgangers en loseerders tot hoogstens 3 (drie) in getal nie geag word om uitgeleen, verhuur of onderverhuur van die geboue te wees nie tensy sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige toegang in of uit die gebou

8. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf in Onderafdeling H).

## ONDERAFDELING B - SKADE AAN OPENBARE TOEVOER OF HOOFAANSLUITINGS

Hierdie Afdeling dek toevallige verlies van of skade aan water-, rioolstelsel-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings en ander ondergrondse pype die eiendom van die Versekerde of waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik is tussen die vermelde persele en die openbare- en hooftoevoere.

## ONDERAFDELING C - VERLIES VAN HUURGELD

Hierdie Afdeling dek verlies van Huurgeld ten opsigte van die voormelde private woonhuis indien so deur enige van die vermelde gevare beskadig dat dit onbewoonbaar gemaak word, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstel nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25% (vyf en twintig persent) van die bedrag waarvoor die voormelde beskadigde privaat woonhuis ingevolge hierdie Afdeling verseker is. Die basis van berekening sal wees die jaarlikse huurgeld van die voormelde private woonhuis ongemeubileerd of 'n bedrag gelykstaande aan sy huurwaarde.

## ONDERAFDELING D - AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DIE PUBLIEK

**Hierdie Afdeling dek:**

(a) Alle bedrae waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik is as eienaar (en nie as private huisbewoner nie) van die perseel vir vergoeding ten opsigte van

  (i) dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon

  (ii) fisiese verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom

  wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

(b) Alle regskoste en- uitgawes

  (i) deur enige eiser van die Versekerde verhaal

  (ii) met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan

  ten opsigte van 'n eis teen die Versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie Onderafdeling uiteengesit van toepassing is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die betaalbare bedrag ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke wat uit een gebeurtenis voortspruit nie R5 000 000 (vyfmiljoen rand) met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

Die skadeloosstelling kragtens hierdie Onderafdeling verleen is nie van toepassing nie op en sluit nie die volgende in nie:

(a) aanspreeklikheid wat die Versekerde deur ooreenkoms aanvaar en wat nie in die afwesigheid van die ooreenkoms sou bestaan het nie

(b) aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat 'n lid van die Versekerde se huishouding of gesin is hetsy sodanige persoon by die Versekerde inwoon al dan nie

(c) aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die Versekerde het indien die aanspreeklikheid bestaan ten opsigte van dood, liggaamlike besering of siekte wat uit en in die loop van die persoon se diens by die Versekerde ontstaan

(d) aanspreeklikheid ten opsigte van verlies of beskadiging van eiendom wat aan die Versekerde of enige bediende of agent van die Versekerde of 'n lid van sy gesin of huishouding behoort of in sy sorg of onder sy beheer is

(e) aanspreeklikheid ten opsigte van dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit

(i) enige beroep of besigheid van die Versekerde

(ii) die eiendomsreg op of besit van of gebruik deur of namens die Versekerde van hysers of meganies aangedrewe voertuie of sleepwaens behalwe voetgangerbeheerde tuinimplemente

(iii) opsetlike of kwaadwillige dade

(iv) plofstowwe

(f) enige boetes, strafvoltrekkings, straf- of bestraffende of  wraaksugtige skadevergoeding

MET DIEN VERSTANDE DAT:

niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie Onderafdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie Afdeling gedek sou gewees het nie

(g) aanspreeklikheid ten opsigte van

(i) eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes vir dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur midddel van of as gevolg is van of ontstaan uit of toe te skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie voorbehoudsbepaling nie van toepassing is nie op eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike onbeplande onvoorsiene gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk

(ii) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie Onderafdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie Onderafdeling gedek sou gewees het nie

(h) vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

(i) koste en uitgawes aangegaan ná die datum waarop die Maatskappy óf die volle bedrag van die eis óf die totale bedrag wat ten opsigte van enige gebeurtenis verhaalbaar is betaal het of aangebied het om dit te betaal.

**ONDERAFDELING E - TOEVALLIGE BREEKSKADE VAN GLAS EN SANITÊRE WARE**

Hierdie Afdeling dek toevallige breekskade (maar slegs terwyl die private woonhuis gemeubileer is en bewoon word) van vaste glas en spieëls teen mure en in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonverhittingstelsels, kweekhuise, glashuise en verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke, spatskerms en spoelbakke (maar met uitsondering van afsplintering, afskilfering, skraping en ander ontsiering) wat deel uitmaak van die geboue.

**ONDERAFDELING F - ANTENNES EN SATELLIETSKOTTELS**

Hierdie Afdeling dek skade aan antennes en satellietskottels veroorsaak deur brekasie of ineenstorting daarvan.

**ONDERAFDELING G – TOEVALLIGE SKADE AAN MASJINERIE VIR HUISHOUDELIKE GEBRUIK**

Hierdie Afdeling dek skielike toevallige verlies van of skade (uitgesluit slytasie) aan vaste masjinerie vir huishoudelike gebruik alleenlik van swembaddens (uitgesluit outomatiese swembadskoonmakers), jacuzzi's, boorgate (uitgesluit windpompe), besproeiingsstelsels, filtreertoerusting, elektriese lugversorgers, sonpanele (vas aan die gebou(e) of losstaande), elektriese hekke en motorhuisdeure geïnstalleer by die private woning van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag hieronder vermeld ten opsigte van enige enkele gebeurtenis van toepassing op

(a) Alle eiendom soos gespesifiseer uitgesonderd sonpanele – R5 000 (vyfduisend rand)

(b) Sonpanele (vas aan die gebou(e) of losstaande) – R10 000 (tienduisend rand)

Of die bedrag vermeld in die Bylae ten opsigte van (a) en (b) hierbo watter ookal die meeste is.

**BESONDERE UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING G**

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

(i) verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur roes of wat voortspruit uit die uitloop van water vanuit enige houer, insakking, grondverskuiwing of die ineenstorting van enige gebou

(ii) die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, eksperimente, opsetlike oorlading of die invoering van abnormale toestande

(iii) skade wat voortspruit uit hidrouliese toetsing of wat gedurende roetine ondersoek ontdek word

(iv) skade as gevolg van gebreke of defekte wat aan die Versekerde of sy verantwoordelike werknemer ten tye van die aanvaarding van hierdie versekering bekend was en nie aan die Maatskappy geopenbaar is nie

(v) herstelling of vervanging:

  (a) toe te skrywe aan afslyting of wegtering van die materiaal van die aanleg, verwringing of vervorming wat stadig ontwikkel of ander geleidelike verslegting van enige deel van die aanleg, onklaarraking van verbindings of lasse, gebrekkige ontwerp, vakmanskap of materiaal

  (b) van sekerings of elektriese kontakpunte waar vonking of boogvorming plaasvind, verhittingselemente, kollektorborsels, sleepdrade, kleppe, matryse, vere, koppelaarplate, suierringe, pakstukke, seëls, wisselbare of ontbeerlike onderdele soos boorpunte, boorysters, snyers, messe, lemme, kettings, bande, verbindings- of digtingsmiddele of toebehore soos smeltbare proppe, skuifpenne, veiligheidskakels en onderdele nie van metaal vervaardig nie (behalwe isolering van elektriese geleiers) transformatorolie of skakelaarolie of koelmiddels

(vi) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard

(vii) enige eis waarvoor voorsiening gemaak word kragtens 'n waarborg deur die vervaardigers van die voormelde masjinerie of deur 'n dienskontrak verskaf ten opsigte van sodanige masjinerie

(viii) die eerste bedrag betaalbaar hieronder vermeld ten opsigte van iedere en elke eis:

  (a) Eiendom soos gespesifiseer uitgesonderd sonpanele – R500 (vyfhonderd rand)

  (b) Sonpanele – die eerste 10% onderheuwig aan 'n minimum van R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand).

**ONDERAFDELING H - KWAADWILLIGE BESKADIGING**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon gepleeg met die doel om sodanige skade te veroorsaak, maar behalwe skade aan

1. roerende eiendom wat

   (a) gesteel word

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n gedeelte daarvan te verwyder vanaf enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar in- of uitgebreek word by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word of in 'n poging om daarby in- of uit te breek

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering of enige poging daartoe van

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van

   die vermelde onroerende eiendom of enige gedeelte daarvan met die doel om enige gedeelte daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie Onderafdeling nie die volgende dek nie

(a) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

(b) verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of operasie voortspruit

(c) verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortspruit

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking daarvan of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van (a), (b), (c) of (d) hierbo beweer dat verlies of skade nie deur hierdie versekering gedek word nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word die Versekerde ‘n mede-versekeraar saam met die Maatskappy en dra hy/sy ‘n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar

**BESONDERE VOORWAARDES, KLOUSULES EN UITBREIDINGS**

**1. VERVANGINGSWAARDE**

Ingeval die gebou beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ‘n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word en moet in elk geval binne 12 (twaalf) maande na die vernietiging of beskadiging voltooi word of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy (tydens die gemelde 12 (twaalf) maande) skriftelik mag toelaat anders word geen betaling gedoen bo en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie vervangingswaarde voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(b) totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(c) indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur ‘n Omskrewe Gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie Afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

(d) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien:

    (i) die Versekerde versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

    (ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of ‘n ander terrein te vervang of te herstel.

## 2. HERBOUKOSTE

Die versekering kragtens hierdie Afdeling dek koste noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan ten opsigte van die volgende as gevolg van verlies of skade deur enige van die versekerde gebeurtenisse veroorsaak:

(a) gelde van Argitekte, Bourekenaars, Raadgewende Ingenieurs en ander gelde deur die Maatskappy goedgekeur

(b) sloping, verwydering van puin of die oprigting van sypadskuttings gedurende herboubedrywighede

(c) koste aangegaan ter voldoening aan Bouregulasies uitgevaardig kragtens enige parlementswet of deur ordonnansie van enige munisipale of ander plaaslike owerheid

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie koste betaalbaar bo en behalwe enige ander betaling waarvoor die Maatskappy in terme van hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees hoogstens 20% (twintig persent) van die Versekerde Bedrag is.

## 3. KAPITALE TOEVOEGINGS

Die versekering kragtens hierdie Afdeling dek veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrae nie) aan of tot die geboue, vir 'n bedrag van hoogstens 15% (vyftien persent) van die bedrae op sodanige geboue verseker, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy so gou as moontlik van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarvoor te betaal.

## 4. VERWYDERINGSKOSTE VAN BOME WAT GEVAL HET

Die versekering kragtens hierdie Afdeling dek koste redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan om bome of gedeeltes van bome wat geval het weens ‘n Omskrewe Gebeurtenis soos omskryf in Onderafdeling A - Eiendom vanaf die woning(s) of die perseel(e) geleë soos omskryf in die Bylae te verwyder

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie R5 000 (vyfduisend rand) ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

(b) sodanige koste onderhewig is aan die Maatskappy se voorafgaande skriftelike toestemming

(c) die Versekerde vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van enige enkele gebeurtenis verantwoordelik sal wees.

**5. VERBANDNEMERS**

Die belang van enige Verbandnemer in die versekering kragtens hierdie Afdeling word nie benadeel nie deur enige daad of versuim van die Verbandgewer sonder die kennis van die Verbandnemer. Die Verbandnemer moet egter die Maatskappy in kennis stel van sodanige daad of versuim wat hierdie versekering mag benadeel sodra hy daarvan te wete kom en hy is aanspreeklik vir enige bykomende premie betaalbaar vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko (ingevolge hierdie klousule), deur die Maatskappy aanvaar word.

**6. BRANDBLUSKOSTE**

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

**7. VEREISTES VAN OPENBARE OWERHEDE**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om sodanige bykomende herstelkoste of herboukoste van die vernietigde of beskadigde eiendom hierkragtens verseker in te sluit as wat aangegaan mag word alleenlik as gevolg van die noodsaaklikheid om aan bou- of ander regulasies kragtens of gemaak ingevolge enige parlementswet of verordeninge van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid te voldoen

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(1) die bedrag ingevolge hierdie klousule verhaalbaar, nie die volgende insluit nie:

  (a) die koste aangegaan om te voldoen aan enige van die voornoemde verordeninge

    (i) ten opsigte van vernietiging of skade wat plaasgevind het voor hierdie klousule toegestaan is;

    (ii) ten opsigte van vernietiging of skade wat nie deur hierdie Afdeling verseker is nie;

    (iii) waar kragtens kennis aan die Versekerde gegee is voor die vernietiging of skade plaasgevind het;

    (iv) ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van die deel wat beskadig is;

  (b) die bykomende koste wat vereis sou word om die beskadigde of vernietigde eiendom te herstel tot 'n toestand gelyk aan die toestand daarvan toe dit nuut was indien die noodsaaklikheid om aan enige van die voornoemde verordeninge te voldoen, nie ontstaan het nie;

  (c) die bedrag van enige eiendomsbelasting, belasting, heffing, uitbreiding of enige ander heffing of waardasie wat ontstaan uit kapitale waardevermeerdering wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom, of deur die eienaar daarvan, as gevolg van die feit dat aan voorgenoemde verordeninge voldoen moes word;

(2) die herstelwerk of herbouwerk met redelike spoed 'n aanvang moet neem en uitgevoer moet word en in elk geval voltooi moet word binne twaalf maande na die vernietiging of skade of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy (gedurende die gemelde twaalf maande) skriftelik mag toestaan en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien die voornoemde verordeninge dit aldus verplig) onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

(3) indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling, afgesien van hierdie klousule, deur die toepassing van enige van die bepalings of voorwaardes van hierdie Afdeling verminder word, word die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule in dieselfde verhouding verminder;

(4) die totale bedrag verhaalbaar kragtens enige item van hierdie Afdeling, nie die bedrag daardeur verseker sal oorskry nie.

**8. HUURDERS**

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie Afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

**9. WERKLUI**

Kontrakteurs mag in of op enige van die geboue hierin beskryf werk sonder benadeling van hierdie versekering.

**10. ONDERVERSEKERING**

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies deur enige versekerde gevare gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag, dan word die Versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

**11. INFLASIE**

Die versekerde bedrag ten opsigte van geboue hierkragtens verseker sal elke maand outomaties met 'n persentasie wat ooreenstem met prysindekse verhoog word.

Geen premie aanpassings sal gemaak word tot verjaringsdatum nie wanneer die premie dan op grond van die gewysigde versekerde bedrag aangepas sal word. Hierdie stel die Versekerde nie kwyt van sy/haar verantwoordelikheid nie om te verseker dat die versekerde bedrag te alle tye die volle vervangingswaarde verteenwoordig.

**12. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (Anders dan ten opsigte van wonings nie in gebruik)**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) van iedere en elke eis ten opsigte van die gevare beskryf in Onderafdeling A – Eiendom van hierdie Afdeling.

**13. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR – (Wonings nie in gebruik)**

Indien enige eiendom hierkragtens verseker nie permanent as 'n woonhuis gebruik word en aldus bewoon word nie, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste R1 500 (eenduisend vyfhonderd rand) ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge Onderafdeling A – Eiendom aanleiding gee waarvan die oorsaak ontstaan het terwyl die eiendom onbewoon was. Hierdie bedrag geld nie kumulatief tot enige ander bybetalings wat van toepassing mag wees nie.

**14. GEBOU IN AANBOU**

Terwyl die gebou beskryf in die Bylae van hierdie Afdeling in aanbou is of onderhewig is aan bouveranderings en totdat dit finaal voltooi is, is die volgende voorwaardes van toepassing:

(a) Die volgende Gevare van Onderafdeling A is gekanselleer:

5, 7 en 8

(b) Gevaar 3 is gekanselleer en deur die volgende vervang:

"3. Storm met uitsluiting van verlies of skade:

(i) veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing

(ii) as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

(iii) aan alle heinings en hekke

(iv) aan stut- en keermure"

(c) Gevaar 6 is gekanselleer en deur die volgende vervang:

"6. Botsing met enige gebou deur enige voertuig of dier met uitsondering van voertuie of diere wat behoort aan, in bewaring van en/of onder die beheer van enige kontrakteur of sub-kontrakteur of enige van hulle werknemers terwyl besig is met;

(i) die bou van of voltooiing van die versekerde eiendom

(ii) argitektoniese veranderings en/of toevoegings en/of restourasie aan die versekerde eiendom of die voltooiing van sodanige veranderings, toevoegings of restourasie"

(d) Onderafdeling B - Skade aan Openbare Toevoer of Hoofaansluitings - is gekanselleer

(e) Onderafdeling C - Verlies van Huurgeld- is gekanselleer

(f) Onderafdeling D - Aanspreeklikheid teenoor die Publiek - is gekanselleer

(g) Onderafdeling E - Toevallige Breekskade van Glas en Sanitêre Ware - is gekanselleer

(h) Onderafdeling F - Antennes en Satellietskottels - is gekanselleer

(i) Onderafdeling G - Toevallige Breekskade aan Masjinerie vir huishoudelike gebruik - is gekanselleer.

**15. WEERLIGAFLEIERS**

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie Afdeling voorafgaan dat alle wonings met gras- of strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou af te lei.

**16. HUISHOUDELIKE BOORGATPOMPE EN ELEKTRIESE MOTORS (Uitgesonderd windpompe en windpomptoerusting)**

Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) van elke eis vir enige skade aan of verlies van enige pompe en/of elektriese motors en elektriese skakeltuig daaraan (uitgesonderd windpompe en windpomptoerusting) veroorsaak deur enige van die gevare soos verwys na in Onderafdeling A.

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar wat van toepassing mag wees.

**17. ONGERIEFDEKKING**

In die geval van 'n totale verlies van die persele veroorsaak deur 'n versekerde gevaar waarvoor die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel sal 'n bykomende bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) vir beide hierdie Afdelings en Uitbreiding 20 van die Afdeling Huisbewoners (indien van toepassing) tesame aan die Versekerde betaal word ten opsigte van enige ongerief wat gely is.

## 18. SEKURITEITSWAGTE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir kostes wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan word vir die aanstelling van sekuriteitswagte na verlies of skade aan enige versekerde gebou veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid nie R10 000 (tienduisend rand) ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie.

## 19. WATERVERLIES WEENS LEKKE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir die koste van waterverlies weens lekke uit pype op die Versekerde se eiendom waar die Versekerde verantwoordelik is om die koste van sodanige water te betaal onderworpe aan die volgende:

(a) indien die kwartaallikse lesing van waterverbruik die gemiddelde van die voorafgaande 4 (vier) kwartaallikse lesings met 50% (vyftig persent) of meer oorskry, sal die Maatskappy die Versekerde tot en met 'n perk van R5 000 (vyf-duisend rand) skadeloos stel vir die koste van sodanige addisionele waterverbruik

(b) tot en met R5 000 (vyfduisend rand) is betaalbaar vir hoogstens twee afsonderlike gebeurtenisse gedurende enige versekeringstydperk van 12 (twaalf) maande

(c) 'n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding is dat sodra 'n lek ontdek is (deur fisiese bewys of na ontvangs van 'n buitengewone hoë rekening) die Versekerde onmiddellike stappe moet doen om die betrokke pyp(e) te herstel

(d) hierdie Uitbreiding dek nie die koste van regstelling insluitende herstelwerk aan die betrokke pyp(e) nie

(e) die Maatskappy is nie aanspreeklik vir eise

  (i) voortspruitend uit lekkende krane, warmwatertoestelle, toiletstelsels en swembaddens nie

  (ii) terwyl die eiendom onbewoon is vir 'n tydperk van meer as 30 (dertig) dae nie

  (iii) waar die watervlak van 'n swembad aangevul moet word as gevolg van 'n lekkende inlaat- of uitlaatpyp.

## 20. SKADE AAN TUIN

Koste redelikerwys en noodsaaklikerwys deur die Versekerde in die Versekerde se hoedanigheid as eienaar van die Geboue aangegaan vir die vervanging van bome struike en plante op die Perseel geleë wat volg op beskadiging weens enige versekerde gevaar soos omskryf onder Onderafdeling A – Eiendom van hierdie Afdeling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie R5 000 (vyfduisend rand) oorskry nie

(b) die Versekerde vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van enige enkele gebeurtenis verantwoordelik sal wees.

## 21. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING – BEPERKTE DEKKING

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in Gebeurlikheid A: 3. (c) word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die eiendom in die Bylae omskryf nie drie verdiepings hoog sal oorskry nie.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, watervore, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare, pale of heinings, inritte, plaveisels, swembadomrandings of tennisbane

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

(i) inkrimping of uitsetting van grond te wyte aan of veroorsaak deur die vogtigheid of waterinhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander grond van 'n soortgelyke aard of van dieselfde tipe;

(ii) skade wat bestaan het ten tye van die aanvang van hierdie Uitbreiding;

(iii) foutiewe ontwerp of swak konstruksie, gebrekkige kompaktering van opvulwerk of die verwyderings of verswakking van stutte van enige gebou(e) in die Bylae omskryf;

(iv) werk wat uitgevoer word om enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele te doen;

(v) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van Huurgeld indien dit spesifiek onder hierdie Afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**22. MEGANIESE ONKLAARRAKING (Elektriese Stowe alleen)**

Nie teenstaande enigiets strydigs hierin vervat word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Toevallige meganiese of elektriese onklaarraking van enige elektriese stoof terwyl in die geboue op die perseel in die Bylae vermeld

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van

(a) skade wat ontstaan uit slytasie, waardevermindering, roes, motte, ongediertes, enige skoonmaak-, repareer- of restoureerproses en geleidelike agteruitgang wat die werking van lig-, atmosferiese- of klimaatstoestande insluit;

(b) krapmerke, skaafmerke, duike of afsplintering;

(c) skade wat ontstaan uit foutiewe of gebrekkige ontwerp materiaal of vakmanskap;

(d) skade wat ontstaan uit inherente fout of latente defek;

(e) skade wat ontstaan uit gebrek aan instandhouding;

(f) skade wat ontstaan deur enige verontagsaming van die vervaardigers se aanwysings aangaande die werkverrigtinge van die elektriese stoof;

(g) skade waarvoor voorsiening gemaak word kragtens die waarborg van die vervaardigers van enige elektriese stoof

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) Besondere Voorwaarde 10 – Onderversekering nie van toepassing sal wees nie;

(ii) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ‘n enkel gebeurtenis nie R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae watter ookal die grootste is per item sal oorskry nie;

(iii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van elke gebeurtenis nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie:

(a) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd nie behalwe ten opsigte van verlies van Huurgeld soos in hierdie Afdeling bepaal;

(b) enige verlies of skade as gevolg van strukturele gebreke, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap, gebrek aan instandhouding, normale verwering, korrosie, inherente defek, latente defek en slytasie;

(c) verlies van of beskadiging aan huishoudelike boorgatpompe en elektriese motors soos omskryf in die Geldende Klousule wat onderkant die normale vloedlyn van 'n rivier of spruit geïnstalleer is nie.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

### 1. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R5 000 (vyfduisend rand) ten opsigte van einige enkel verlies of skade. Hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar wat van toepassing mag wees.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

  (i) foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele;

  (ii) werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele;

  (iii) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan Huurgeld indien dit spesifiek onder hierdie Afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. AARDBEWING

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Onderafdeling A Gevaar 2 word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat dit gewysig is om soos volg te lees:

"2. Aardbewing met uitsluiting van enige verlies of skade (behalwe verlies of skade deur brand) wat uit enige mynbedrywighede voortspruit".

## 3. OPROER EN STAKING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan Huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(f) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# HUISBEWONERS

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

1. Verlies van of skade aan die geheel of ‘n gedeelte van die versekerde eiendom veroorsaak deur enige van die gevare wat in Onderafdeling A gespesifiseer word onderhewig aan spesifieke voorwaardes ten opsigte van Gevare 8 en 9 – Diefstal.

2. Verlies en/of bykomende uitgawes omskryf in Onderafdeling B.

## OMSKRYWING

Versekerde eiendom beteken:

(i) Huishoudelike goedere en persoonlike besittings (insluitende geld en verhandelbare instrumente tot en met R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand)

(ii) Besigheidsgoedere en toerusting tot R30 000 (dertigduisend rand) uitgesonder handelsvoorraad en toerusting wat verband hou met die tuisnywerheid

en vaste toerusting en toebehore (nie die eienaar se vaste toerusting en toebehore nie) die eiendom van die Versekerde of waarvoor die Versekerde aanspreeklik is of eiendom van enige lid van die Versekerde se gesin wat gewoonlik by die Versekerde woon in:

(a) die geboue van die versekerde woning met insluiting van huishoudelike buitegeboue of op die persele (uitgesluit besigheidsgoedere en toerusting) geleë by die risiko adres soos in die Bylae vermeld

(b) enige ander bewoonde private woning

(c) enige gebou waarin die Versekerde tydelik woonagtig is

(d) enige gebou waarin die Versekerde in diens is

(e) enige meubelbewaringsdepot, bank of veilige bewaringsloket

(f) enige ander gebou

**ONDERAFDELING A – EIENDOM**

Versekerde gevare

1. Brand, weerlig ontploffing

2. Aardbewing

3. Storm, vloed, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom:

    (a) in die buitelug tensy die eiendom ontwerp is om in die buitelug te bly of te werk

    (b) wat ontstaan terwyl eiendom enige proses noodsaaklikerwys ondergaan wat die gebruik of aanwending van water vereis

    (c) as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

4. Lugvaartuie of ander lugontwerpe of voorwerpe daaruit laat val

5. Bars, lek of oorloop van watertoerusting, geysers, waterpype en vaste olieverwarmingsinstallasies (met uitsluiting van skade veroorsaak daaraan)

6. Botsing

7. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf in Uitbreiding 23)

8. Diefstal of enige poging daartoe vanuit:

   (a) die privaat woning uitgesluit diefstal terwyl die geboue of enige deel daarvan onbeset gelaat word of deur die Versekerde uitgeleen, verhuur of onderverhuur is (met dien verstande dat vir die doel hiervan die inneem van betalende gaste, kosgangers en loseerders tot hoogstens 3 (drie) in getal nie geag word om uitgeleen, verhuur of onderverhuur van die die gebou te wees nie) tensy sodanige diefstal gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede

   (b) enige huishoudelike buitegeboue wat nie regstreeks toegang verleen tot die private woning nie, beperk is tot R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae wat ookal die meeste is, tensy sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige inbreek in of uitbreek uit die geboue

   (c) enige meubelbewaringsdepot, bank of veilige bewaringsloket

   (d) enige ander bewoonde privaat woning

   (e) enige gebou waarin die Versekerde tydelik woonagtig is

   (f) enige gebou waarin die Versekerde in diens is

   (g) enige ander gebou onderhewig daaraan dat sodanige diefstal gepaard gaan met wesenlike sigbare en gewelddadige inbreek in of uitbreek uit die gebou

9. Diefstal:

   (a) van wasgoed, tuinmeubels en swembadmeubels, tuinonderhoudstoerusting, outomatiese swembadskoon-maakapparate, swembadveiligheidsnette en swembadbedekkings van ‘n soortgelyke aard vanaf die gronde van die woning tot en met R10 000 (tienduisend rand) enige enkele eis

   (b) in transito gedurende die verloop van verwydering as gevolg van permanente verandering van woonplek

   (c) terwyl in transito na of van ‘n meubelbewaringdepot, bank of veilige bewaringsloket

   (d) of poging tot diefstal terwyl in transito onder die beheer van die Versekerde of sy gemagtigde verteenwoordiger na of van enige plek van aankoop, reparasie of opknapping veroorsaak deur botsing van die vervoermiddel of diefstal wat gepaard gaan met gewelddadige en kragdadige inbreek in of uitbreek uit die voertuig tot en met ‘n bedrag van R10 000 (tienduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

**ONDERAFDELING B – HUURGELD**

Indien die privaat woning onbewoonbaar raak as gevolg van verlies of skade veroorsaak deur ‘n gevaar soos omskryf in Onderafdeling A sal die Maatskappy vir die tydperk wat noodsaaklik is vir die herstelling daarvan die Versekerde skadeloos stel vir:

(a) die werklike huurgeld waarvoor die Versekerde as huurder van die privaat woning aanspreeklik is

(b) enige redelike bykomende kostes aangegaan om alternatiewe losies of herberg vir die Versekerde en sy gesin en huishoudelike personeel wat normaalweg by die Versekerde inwoon te voorsien

(c) noodsaaklike vervoer en bergingskostes ten opsigte van meubels

tot en met 25% (vyf en twintig persent) van die versekerde bedrag.

## UITBREIDINGS

### 1. OUDIOVISUELE TOERUSTING

Hierdie Afdeling dek toevallige verlies van of skade anders as meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking aan enige televisiestel, video-opnemer, dekodeerder, DVD, klankreproduksietoerusting, uitgesonderd rekenaar toerusting, satellietskottels of antenne terwyl in of op die woning weens ‘n toevallige gebeurtenis.

### 2. SPIEËLS EN GLAS

Hierdie Afdeling dek toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van stowe en meubels of vasteglas wat deel uitmaak van enige meubelstuk (behalwe radio- of televisie-apparaat) terwyl in die woning.

### 3. GASTE

Hierdie Afdeling dek verlies van of skade aan huishoudelike goedere en persoonlike besittings uitgesonderd geld en verhandelbare instrumente wat nie andersins verseker is nie, wat aan ‘n gas behoort wat tydelik by die Versekerde inwoon weens enige van die gevare soos gespesifiseer in 1 tot 7 van Onderafdeling A of weens diefstal uit die private woning wat verlore of beskadig word met dien verstande dat die Maatskappy die gas tot en met R10 000 (tienduisend rand) vir enige enkele eis skadeloos sal stel.

### 4. HUISHULP SE EIENDOM

Hierdie Afdeling dek verlies van of skade aan huishoudelike goedere en persoonlike besittings uitgesonderd geld en verhandelbare instrumente wat aan die Versekerde se huishulp wat voltyds in diens van die Versekerde is, behoort weens enige van die gevare soos gespesifiseer in 1 tot 9 van Onderafdeling A terwyl sodanige eiendom vervat is in die woning

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) verlies of skade as gevolg van diefstal uitgesluit is tensy sodanig diefstal gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang in of uit die woning;

(b) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van enige enkel gebeurtenis sal nie R10 000 (tienduisend rand) oorskry nie.

### 5. INHOUD VAN HUISHOUDELIKE YSKASTE, VRIESKASTE, KOELKAMERS EN VRIESKAMERS

Hierdie Afdeling dek die bederwing van die inhoud alleenlik as gevolg van die verandering in temperatuur voortspruitend uit onderbreking van krag weens ‘n toevallige gebeurtenis of onderbreking van krag wat deur openbare owerhede verskaf word of die meganiese onklaarraking of toevallige skade van enige yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer in die Versekerde se woning

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding dek nie:

(i) bederwing van voorraad weens die doelbewuste afsny van kragtoevoer (gas en paraffien inbegrepe) deur enige openbare owerheid;

(ii) skade aan die yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer self

MET DIEN VESTANDE VERDER DAT:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Uitbreiding nie R5 000 (vyfduisend rand) sal oorskry nie ten opsigte van enige enkel gebeurtenis.

(b) die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste R350 (driehonderd en vyftig rand) ten opsigte van iedere en elke eis.

## 6. SLEUTELS EN SLOTTE

Hierdie Afdeling dek die koste om sleutels en slotte insluitende die afstandbeheerder en/of alarmbeheerder te vervang en indien noodsaaklik die herprogrammering van sodanige gekodefiseerde alarmstelsel van die versekerde eiendom volgende op verlies van of skade aan die slot of sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder of volgende daarop dat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel, afstand- en/of alarmbeheerder.

Hierdie Afdeling dek ook die redelike koste aangegaan om 'n slotmaker as gevolg van die verlies van sodanige sleutels, afstand- en/of alarmbeheerder in 'n noodgeval in te roep

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele verlies hoogstens R10 000 (tienduisend rand) beloop;

(ii) die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis.

## 7. DOKUMENTE

Hierdie Afdeling dek verlies of skade aan dokumente en manuskripte die eiendom van die Versekerde terwyl in die woning soos in die Bylae vermeld veroorsaak deur die gevare soos omskryf in 1 tot 9 van Onderafdeling A tot en met 'n bedrag van R10 000 (tienduisend rand) enige enkele eis. Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik wees vir die waarde van die materiaal en bedrag aan arbeid op die dokumente bestee om dit te herstel en/of duplikate daarvan te bekom en nie vir die waarde van die inligting wat daarin vervat is nie.

## 8. MEDIESE EN VEEARTSENYKUNDIGE UITGAWES

Hierdie Afdeling dek mediese en veeartsenykundige uitgawes aangegaan as gevolg van toevallige liggaamlike besering opgedoen deur enige

(a) persoon behalwe die Versekerde en veroorsaak deur 'n huishoudelike troeteldier wat aan die Versekerde behoort

(b) gas of besoeker as gevolg van 'n defek in die woning

(c) huishulp in die loop van hulle diens by die Versekerde

(d) huishoudelike troeteldier wat aan die Versekerde behoort as gevolg van 'n padongeluk

tot en met R10 000 (tienduisend rand) per persoon of R1 000 (eenduisend rand) per dier enige enkele gebeurtenis.

## 9. TOEVALLIGE DOOD

In die geval van toevallige liggaamlike besering aan die Versekerde of aan enige lid van die Versekerde se gesin wat normaalweg by die Versekerde inwoon binne die grense van die woning of die terrein van die woning en as 'n regstreekse gevolg van die besering sterf betaal die Maatskappy

(a) R5 000 (vyfduisend rand) vir 'n persoon van 18 (agtien) jaar en jonger

(b) R10 000 (tienduisend rand) vir 'n persoon ouer as 18 (agtien) jaar maar jonger as 76 (ses en sewentig) jaar

met dien verstande dat die dood binne 12 (twaalf) maande vanaf die besering intree.

## 10. SEKURITEITSWAG

Die Maatskappy sal die Versekerde tot en met R10 000 (tienduisend rand) vir enige eis skadeloos stel vir kostes wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan word vir die aanstelling van ’n sekuriteitswag na verlies of skade wat deur ‘n omskrewe gevaar veroorsaak is.

## 11. HUISHOUDELIKE TELEFOONINSTRUMENTE

Indien enige huishoudelike telefooninstrument (sellulêre telefone uitgesluit) per ongeluk in die woning beskadig word sal die Maatskappy die Versekerde tot en met R3 000 (drieduisend rand) per instrument vir enige enkele eis skadeloos stel.

## 12. TRAUMA

Indien die Versekerde ‘n slagoffer is van geweld of diefstal, poging tot diefstal, ‘n aanhouding, kaping of brand wat professionele berading noodsaak sal die Maatskappy tot en met R10 000 (tienduisend rand) vir enige enkele eis betaal.

## 13. VERLIES VAN WATER WEENS LEKKE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir die verlies van water weens lekke uit pype op die Versekerde se eiendom waar die Versekerde verantwoordelik is om die koste van sodanige water te betaal, onderworpe aan die volgende:

(a) indien die kwartaallikse lesing van waterverbruik die gemiddelde van die voorafgaande 4 (vier) kwartaallikse lesings met 50% (vyftig persent) of meer oorskry, sal die Maatskappy die Versekerde tot en met ‘n perk van R5 000 (vyfduisend rand) skadeloos stel vir die koste van sodanige addisionele waterverbruik

(b) tot en met R5 000 (vyfduisend rand) is betaalbaar vir hoogstens twee afsonderlike gebeurtenisse gedurende enige versekeringstydperk van 12 (twaalf) maande

(c) ‘n opskortende voorwaarde vir aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding is dat sodra ‘n lek ontdek is (deur fisiese bewys of na ontvangs van ‘n buitengewone hoë rekening) die Versekerde onmiddellike stappe moet doen om die betrokke pyp(e) te herstel

(d) hierdie Uitbreiding dek nie die koste van regstelling insluitende herstelwerk aan die betrokke pyp(e) nie

(e) die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir eise

    (i) voortspruitend uit lekkende krane, warmwatertoestelle, toiletstelsels en swembaddens nie

    (ii) terwyl die eiendom onbewoon is vir ‘n tydperk van meer as 30 (dertig) dae

    (iii) waar die watervlak van ‘n swembad aangevul moet word as gevolg van ‘n lekkende inlaat- of uitlaatpyp.

## 14. OPRUIMINGSKOSTE

Die Maatskappy sal die Versekerde tot en met R10 000 (tienduisend rand) skadeloos stel vir enige eis vir noodsaaklike koste wat aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin vanaf die perseel na verlies of skade wat hierdeur verseker word.

## 15. TRANSITO

Die Maatskappy sal die Versekerde tot en met R10 000 (tienduisend rand) skadeloos stel vir skade aan huishoudelike goedere in die Versekerde of sy/haar gemagtigde verteenwoordiger se bewaring terwyl dit na of vanaf enige plek van aankoop herstel of restourasie vervoer word met dien verstande dat die skade veroorsaak word deur brand, botsing of die omslaan van die voertuig wat dit vervoer insluitende diefstal volgende op die vermelde gebeurtenisse uitgesonderd diefstaldekking soos omskryf in terme van Onderafdeling A – 9(d).

## 16. SKADE AAN TUIN

Die Maatskappy sal redelike en noodsaaklike kostes tot en met 'n bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) betaal wat die Versekerde in sy/haar hoedanigheid as eienaar van die geboue aangaan vir die vervanging van bome, struike en plante geleë by die woning na skade weens brand, brandbestrydingsbedrywighede, ontploffing, botsing of doelbewuste of opsetlike dade uitsluitende verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van enige enkele verlies of skade.

## 17. HUURDERSAANSPREEKLIKHEID

Die Maatskappy sal alle bedrae betaal waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik is as huurder en bewoner van enige private woning vir vergoeding ten opsigte van

(a) fisieke verlies of fisieke beskadiging van die geboue van die private woning (maar slegs terwyl die gemelde privaat woning gemeubileer en bewoon is) regstreeks deur enige van die versekerde gevare veroorsaak

(b) fisieke breekskade (maar slegs terwyl die gemelde privaat woning gemeubileer en bewoon is) aan

  (i) vaste glas en spieëls teen mure, in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonverhittingstelsels, kweekhuise, glashuise, verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke, spatskerms en spoelbakke (maar met uitsondering van afsplintering, afskilfering, skraping en ander ontsiering) wat deel vorm van die private woning

  (ii) fisieke skade aan ondergrondse pype en kabels wat van die geboue van die private woning tot by die openbare hoofleiding strek of aan ondergrondse oliebrandstofpype

wat gedurende die Versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke wat uit een gebeurtenis voortspruit nie R5 000 000 (vyfmiljoen rand) met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

## 18. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DIE PUBLIEK

Hierdie Uitbreiding dek:

(a) alle bedrae waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik is as huisbewoner wat die perseel okkupeer of enige lid van die Versekerde se gesin wat normaalweg by die Versekerde inwoon vir vergoeding ten opsigte van

  (i) dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon

  (ii) fisieke verlies van, of fisieke skade aan tasbare eiendom

  wat gedurende die Versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

(b) alle regskoste en- uitgawes

  (i) deur enige eiser van die Versekerde verhaal

  (ii) met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan

  ten opsigte van 'n eis teen die Versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie Uitbreiding uiteengesit van toepassing is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke wat uit een gebeurtenis voortspruit nie R5 000 000 (vyfmiljoen rand) met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

Die skadeloosstelling in hierdie Uitbreiding uiteengesit is nie van toepassing op en sluit nie die volgende in nie:

(a) aanspreeklikheid wat die Versekerde deur ooreenkoms aanvaar en wat nie in die afwesigheid van die ooreenkoms sou bestaan het nie

(b) aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat 'n lid van die Versekerde se huishouding of gesin is hetsy sodanige persoon by die Versekerde inwoon al dan nie

(c) aanspreeklikheid ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die Versekerde het indien die aanspreeklikheid bestaan ten opsigte van dood, liggaamlike besering of siekte wat uit en in die loop van die persoon se diens by die Versekerde ontstaan

(d) aanspreeklikheid ten opsigte van verlies of beskadiging van eiendom wat aan die Versekerde of enige lid van die Versekerde se gesin of huishouding of huishulp of agent van die Versekerde behoort of in sy/haar sorg of onder sy beheer is

(e) aanspreeklikheid ten opsigte van dood, liggaamlike besering, siekte, verlies of skade veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit

    (i) enige beroep of besigheid van die Versekerde

    (ii) die eiendomsreg op of besit van of gebruik deur of namens die Versekerde van hysers of meganies aangedrewe voertuie of sleepwaens behalwe voetgangerbeheerde tuinimplemente

    (iii) opsetlike of kwaadwillige dade

    (iv) plofstowwe

(f) aanspreeklikeid ten opsigte van

    (i) eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes vir dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg is van of ontstaan uit of toe skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie voorbehoudsbepaling nie van toepassing is nie op eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur ‘n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk

    (ii) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur ‘n skielike onbeplande, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis

    MET DIEN VERSTANDE DAT:

    niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie Onderafdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie Afdeling gedek sou gewees het nie

(g) eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan ‘n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit ‘n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

(h) aanspreeklikheid vir boetes, strafvoltrekkings, straf- of bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding toegestaan in enige hof

(i) koste en uitgawes aangegaan ná die datum waarop die Maatskappy óf die volle bedrag van die eis óf die totale bedrag wat ten opsigte van enige gebeurtenis verhaalbaar is betaal het of aangebied het om dit te betaal.

## 19. GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID TEENOOR HUISHOUDELIKE PERSONEEL

Hierdie Afdeling dek:

(a) alle bedrae waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik is vir vergoeding ten opsigte van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige huishoudelike personeel wat ontstaan uit en in die loop van die tydperk van sodanige huishoudelike personeel se diens by die Versekerde in sy/haar hoedanigheid as 'n huisbewoner by die perseel en wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van 'n ongeluk plaasvind

(b) alle regskoste en- uitgawes

(i) deur enige eiser van die Versekerde verhaal

(ii) met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan

ten opsigte van 'n eis teen die Versekerde vir vergoeding waarop die skadeloosstelling in hierdie Gebeurlikheid uiteengesit van toepassing is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar ten opsigte van enige enkele ongeluk of reeks ongelukke wat uit een gebeurtenis voortspruit nie R5 000 000 (vyfmiljoen rand) met inbegrip van alle vergoeding en alle regskoste en alle ander koste en uitgawes sal oorskry nie.

Daarbenewens en in verband met die diens van sodanige huishoudelike personeel by die Versekerde sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel teen koste en uitgawes tot hoogstens R2 000 (tweeduisend rand) deur die Versekerde met die Maatskappy se toestemming aangegaan ter verdediging van enige kriminele geding wat teen die Versekerde aanhangig gemaak is as gevolg van 'n beweerde oortreding van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Nr. 85 van 1993.

Die skadeloosstelling in hierdie Gebeurlikheid uiteengesit is nie van toepassing nie op en sluit nie die volgende in nie:

(a) aanspreeklikheid wat die Versekerde deur ooreenkoms aanvaar en wat nie in die afwesigheid van die ooreenkoms sou bestaan het nie

(b) koste en uitgawes aangegaan ná die datum waarop die Maatskappy óf die volle bedrag van die eis óf die totale bedrag wat ten opsigte van enige gebeurtenis verhaalbaar is betaal het of aangebied het om dit te betaal.

## 20. ONGERIEFDEKKING

In die geval van ‘n totale verlies van die inhoud veroorsaak deur ‘n versekerde gevaar waarvoor die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel, sal ‘n bykomende bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) vir beide hierdie Afdeling en uitbreiding 17 van die Afdeling Huiseienaars (indien van toepassing) tesame aan die Versekerde betaal word ten opsigte van enige ongerief wat gely is.

## 21. SWEMBADMASJINERIE

Hierdie Afdeling dek skielike toevallige verlies van of skade aan die swembadmasjinerie en filtreertoerusting geïnstalleer by die private woonhuis in die Bylae vermeld die eiendom van die Versekerde as huurder en/of die Versekerde as eienaar asook okkupeerder indien die woonhuis elders verseker is weens 'n verpligting deur 'n finansiële instelling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag van R3 000 (drieduisend rand) ten opsigte van enige een gebeurtenis.

**BESONDERE UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP SWEMBADMASJINERIE**

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

(i) verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur roes, insakking, grondverskuiwing of die ineenstorting van enige gebou

(ii) die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, eksperimente, opsetlike oorlading of die indiening van abnormale toestande

(iii) skade wat voortspruit uit hidrouliese toetsing of wat gedurende roetine-ondersoek ontdek word

(iv) skade as gevolg van gebreke of defekte wat aan die Versekerde of sy verantwoordelike werknemer(s) ten tye van die aanvaarding van hierdie versekering bekend was en nie aan die Maatskappy geopenbaar is nie

(v) herstelling of vervanging:

(a) toe te skrywe aan afslyting of wegtering van die materiaal van die aanleg, verwringing of vervorming wat stadig ontwikkel of ander geleidelike verslegting van enige deel van die aanleg, onklaarraking van verbindings of lasse, gebrekkige ontwerp, vakmanskap of materiaal

(b) van sekerings of elektriese kontakpunte waar vonking of boogvorming plaasvind, verhittingselemente, kollektorborsels, sleepdrade, kleppe, matryse, vere, koppelaarplate, suierringe, pakstukke, seëls, wisselbare of ontbeerlike onderdele soos boorpunte, boorysters, snyers, messe, lemme, kettings, bande, verbindings- of digtingsmiddele of toebehore soos smeltbare proppe, skuifpenne, veiligheidskakels en onderdele nie van metaal vervaardig nie (behalwe isolering van elektriese geleiers) transformatorolie of skakelaarolie of koelmiddels

(vi) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard

(vii) enige eis waarvoor voorsiening gemaak word kragtens 'n waarborg deur die vervaardigers van die swembadmasjinerie of deur 'n dienskontrak verskaf ten opsigte van sodanige swembadmasjinerie

(viii) die eerste R500 (vyfhonderd rand) vir iedere en elke eis.

**22. BERGINGSKOSTE VIR INHOUD NA SKADE**

Hierdie Afdeling dek noodsaaklike bergingskoste wat deur die Versekerde aangegaan is om die inhoud te beveilig na die plaasvind van enige gevaar omskryf in Onderafdeling A

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding beperk is tot R5 000 (vyfduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

**23. KWAADWILLIGE BESKADIGING**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon gepleeg met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak maar behalwe verlies of skade aan

1. roerende eiendom wat

(a) gesteel word

(b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n gedeelte daarvan te verwyder vanaf enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar in- of uitgebreek word by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word of in 'n poging om daarby in- of uit te breek

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word, veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering of enige poging daartoe van

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van

   die vermelde onroerende eiendom of enige gedeelte daarvan met die doel om enige gedeelte daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie Gebeurlikheid nie die volgende dek nie

(a) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is

(b) verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of operasie voortspruit

(c) verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortspruit

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking daarvan of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c) of (d) hierbo beweer dat verlies of skade nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word die Versekerde ‘n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy/sy ‘n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar.

## 24. TYDELIKE VERHOGING VAN DIE VERSEKERDE BEDRAG

Inhoud se versekerde bedrae soos vermeld in die Bylae word jaarliks vanaf 15 Desember tot 31 Januarie met 10% (tien persent) verhoog.

## 25. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING – BEPERKTE DEKKING

Nieteenstaande enigiets strydig hierin vervat word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die eiendom in die Bylae omskryf nie drie verdiepings hoog sal oorskry nie.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, watervore, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare, pale of heinings, inritte, plaveisels, swembadomrandings of tennisbane

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

  (i) inkrimping of uitsetting van grond te wyte aan of veroorsaak deur die vogtigheid of waterinhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander grond van 'n soortgelyke aard of van dieselfde tipe;

  (ii) skade wat bestaan het ten tye van die aanvang van hierdie Uitbreiding;

  (iii) foutiewe ontwerp of swak konstruksie, gebrekkige kompaktering van opvulwerk of die verwyderings of verswakking van stutte van enige gebou(e) in die Bylae omskryf;

  (iv) werk wat uitgevoer word om strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele te doen;

  (v) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van Huurgeld indien dit spesifiek onder hierdie Afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 26. TOEVALLIGE SKADE

Nieteenstaande enigiets strydig hierin vervat word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Toevallige beskadiging van die Inhoud anders as Oudiovisionele Toerusting (soos omskryf in terme van Uitbreiding 1 van hierdie Afdeling van die Polis), antennes en satellietskottels op uitwendige wyse weens 'n ongeluk terwyl in die geboue op die perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik is nie ten opsigte van

(a) (i) brekasie van glas of porselein met inbegrip van erdegoed

  (ii) skade opgedoen deur slytasie, waardevermindering, muf, roes, motte, ongediertes, insekte, larwes, enige skoonmaak-, repareer- of restoureerproses, kleuring, geleidelike agteruitgang wat die werking van lig, atmosferiese- of klimaatstoestande insluit

  (iii) krapmerke, skaafmerke, induiking of afsplintering

  (iv) meganiese of elektriese onklaarraking

  (v) skade aan elektroniese dataverwerkingstoerusting

  MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

  (i) die Maatskappy se Aanspreeklikheid ten opsigte van 'n enkel gebeurtenis nie R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae watter ookal die grootste is per item, sal oorskry nie.

  (ii) die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van iedere en elke eis

(b) Besondere Voorwaarde 4 – Onderversekering sal nie van toepassing wees nie.

**27. MEGANIESE ONKLAARRAKING**

Nieteenstaande enigiets strydig hierin vervat word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Toevallige meganiese of elektriese onklaarraking van enige elektriese toerusting terwyl in die geboue op die perseel soos vermeld in die Bylae

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van

(a) skade wat ontstaan uit slytasie, waardevermindering, roes, motte, ongediertes, enige skoonmaak, repareer- of restoureerproses en geleidelike agteruitgang wat die werking van lig atmosferiese- of klimaatstoestande insluit

(b) uit krapmerke, skaafmerke, duike of afsplintering

(c) skade wat ontstaan uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, materiaal of vakmanskap

(d) skade wat ontstaan uit inherente fout of latente defek

(e) skade wat ontstaan uit gebrek aan instandhouding

(f) skade aan nie-draagbare en draagbare rekenaars en/of dataverwerkingstoerusting

(g) skade aan gereedskap van enige aard insluitende tuinmaakgereedskap, werktuie en outomatiese swembadskoonmaakapparate

(h) skade wat ontstaan deur enige verontagsaming van die vervaardigers se aanwysings aangaande die funksionering van die elektriese toerusting

(i) skade waarvoor voorsiening gemaak word kragtens die waarborg van die vervaardigers van enige elektriese toerusting

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) Besondere Voorwaarde 4 - Onderversekering sal nie van toepassing wees nie

(ii) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ‘n enkel gebeurtenis nie R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae watter ookal die grootste is per item sal oorskry nie

(iii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van elke gebeurtenis nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

1. Hierdie Afdeling dek nie:

(a) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd behalwe soos in Onderafdeling B bepaal

(b) eiendom meer spesifiek verseker of tensy anders vermeld, aktes, verbande, wissels, geldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, dokumente van enige aard, manuskripte, medaljes, muntstukke, motorvoertuie en toebehore in of op sulke voertuie, lugvaartuie en enige deel daarvan, watervaartuie en enige deel daarvan (behalwe modelvliegtuie en modelwatervaartuie), kano's en diere

(c) enige elektroniese dataverwerkingstoerusting wat nie vir huishoudelike doeleindes alleenlik gebruik word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) sodanige elektroniese dataverwerkingstoerusting wat vir huishoudelike doeleindes alleen gebruik word onderhewig is aan ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar van R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van iedere en elke eis;

(ii) die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot sodanige elektroniese toerusting beperk is tot ‘n maksimum bedrag van R15 000 (vyftienduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. MEER AS EEN WONING

Indien die inhoud van meer as een private woning kragtens afsonderlike items verseker is, sal die bepalings, voorwaardes, beperkings en uitsonderings hierin vervat afsonderlik op elke item van toepassing wees asof elk kragtens 'n afsonderlike Polis verseker is.

### 2. MEER AS 60 (SESTIG) DAE ONBEWOON

In geval die Versekerde se private woning vir meer as 60 (sestig) dae of meer as die getal dae bo 60 (sestig) dae in die Bylae vermeld, hetsy aaneenlopend al dan nie, gedurende 365 (drie honderd vyf en sestig) dae na aanvang van die Polis en daarna met frekwensies van 365 (driehonderd vyf en sestig) dae aaneenlopend meer as 60 (sestig) dae sonder 'n inwoner daarin gelaat word, sal die versekering ten opsigte van Onderafdeling A Gevare 8 en 9 wat betref verlies van of skade aan die inhoud van die vermelde private woning, huishoudelike buitevertrekke, motorhuise en huishoudelike buitegeboue geheel en al opgeskort wees ten opsigte van enige tydperk of tydperke wat die vermelde private woning vir meer as die vermelde tydperk onbewoon mag wees tensy andersins deur Endossement ooreengekom.

### 3. VERVANGINGSWAARDE

In geval die eiendom verseker kragtens hierdie Afdeling verloor, vernietig of beskadig word, sal die grondslag waarop die bedrae betaalbaar kragtens hierdie Afdeling bereken word, wees die koste om eiendom van dieselfde aard of soort maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, te vervang of te herstel, onderworpe aan alle ander bepalings van die Polis behalwe in soverre dit hierdeur gewysig mag wees.

### 4. ONDERVERSEKERING

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag, dan word die Versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### 5. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste in verband met die blus of bestryding van brand word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

### 6. INFLASIE

Die versekerde bedrag ten opsigte van die inhoud hierkragtens verseker sal maandeliks outomaties met 'n persentasie eweredig met die prysindekse verhoog word.

Geen premie aanpassing sal gedoen word tot die verjaringsdatum wanneer die premie dan op grond van die aangepaste bedrag bereken sal word. Hierdie stel die Versekerde nie kwyt van sy/haar verantwoordelikheid nie om te verseker dat die versekerde bedrag te alle tye die volle vervangingswaarde verteenwoordig.

## 7. EISVRYEGROEPE

Indien geen eis ingevolge hierdie Afdeling gedurende 'n Versekeringstydperk (of Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) wat die hernuwing van die Polis onmiddellik voorafgaan voorval nie, word die Hernuwingspremie (of Hernuwingspremies vir die Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) vir hierdie Afdeling op die toepaslike Eisvryegroep soos volg gebaseer:

| Versekeringstydperk / Versekeringstermyn | Eisvryegroep |
|---|---|
| minder as een jaar | 0 |
| die voorafgaande jaar | 1 |
| die voorafgaande twee agtereenvolgende jare | 2 |
| die voorafgaande drie agtereenvolgende jare | 3 |
| die voorafgaande vier agtereenvolgende jare | 4 |
| die voorafgaande vyf agtereenvolgende jare | 5 |
| die voorafgaande ses agtereenvolgende jare | 6 |
| die voorafgaande sewe agtereenvolgende jare | 7 |
| die voorafgaande agt agtereenvolgende jare | 8 |
| die voorafgaande nege of meer agtereenvolgende jare | 9 |

Indien 'n eis egter gedurende enige Versekeringstydperk (of Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) ontstaan terwyl Eisvryegroep 4, 5, 6, 7, 8 of 9 van toepassing is sal die Hernuwingspremie vir die daaropvolgende Versekeringstydperk (of Hernuwingspremies vir die daaropvolgende Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) volgens Eisvryegroepe 2, 3, 4, 5, 6 of 7 onderskeidelik bereken word.

Indien meer as een Private Woning in die Bylae beskryf word geld die Eisvryekorting asof 'n afsonderlike Polis ten opsigte van elke Private Woning uitgereik was.

Die Eisvryegroep sal nie geaffekteer word nie deur enige eis ten opsigte van Uitbreidings, 8 - Mediese en Veeartsenykundige Uitgawes, 9 - Toevallige Dood, 12 – Trauma behandeling, 15 – Transito en 20 – Ongeriefdekking.

Tensy die Maatskappy tot 'n oordrag van belang in hierdie Polis toestem is die Eisvryegroep nie oordraagbaar nie.

## 8. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (Ander dan ten opsigte van wonings onbewoon)

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) van elke eis ten opsigte van Gevare 1 tot 9 van Onderafdeling A.

## 9. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (Wonings onbewoon)

In die geval van die inhoud van onbewoonde eiendom onder hierdie Afdeling verseker sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste R1 500 (eenduisend vyfhonderd rand) van elke eis ten opsigte van Gevare 1 tot 9 van Onderafdeling A.

## 10. WEERLIGAFLEIERS

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie Afdeling voorafgaan dat alle wonings met gras-, strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou af te lei.

## 11. GEBOU IN AANBOU

Terwyl die gebou beskryf in die Bylae van hierdie Afdeling in aanbou is of onderhewig is aan bouveranderings en totdat dit finaal afgehandel is, is die volgende voorwaardes van toepassing:

(a) Die volgende Gevare van Onderafdeling A is gekanselleer:

5, 7, 8 en 9

(b) Gevaar 3 onder Onderafdeling A is gekanselleer en deur die volgende vervang:

“3. Storm met uitsluiting van verlies of skade:

(i) veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing

(ii) as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang

(iii) aan eiendom in die ope tensy ontwerp om in die ope te bly of te werk”

(c) Gevaar 6 onder Onderafdeling A is gekanselleer en deur die volgende vervang:

"6. Botsing met enige gebou(e) deur enige voertuig of dier met uitsondering van voertuie of diere wat behoort aan, onder bewaring van en/of onder die beheer van enige kontrakteur of sub-kontrakteur of enige van hulle werknemers terwyl besig is met;

(i) die bou van of voltooiing van die versekerde eiendom

(ii) argitektoniese veranderings en/of toevoegings en/of restourasie aan die versekerde eiendom of die voltooiing van sodanige veranderings, toevoegings of restourasie”

(d) Die volgende Uitbreidings is gekanselleer:

(i) Uitbreiding 1 - Oudiovisuele toerusting

(ii) Uitbreiding 2 - Spieëls en glas

(iii) Uitbreiding 5 - Inhoud van huishoudelike yskaste, vrieskaste, koelkamers en vrieskamers

(iv) Uitbreiding 6 - Sleutels en Slotte

(v) Uitbreiding 7 - Dokumente

(vi) Uitbreiding 8 - Mediese en Veeartsenykundige uitgawes

(vii) Uitbreiding 17 - Huurdersaanspreeklikheid

(viii) Uitbreiding 18 - Aanspreeklikheid teenoor die publiek

(e) Onderafdeling B – Huurgeld is gekanselleer.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

## 1. MEER AS 60 (SESTIG) DAE ONBEWOON

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie, word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat die versekerde woonhuis hierin beskryf, onbewoon gelaat mag word vir die periode in die Bylae vermeld gedurende elke en iedere termyn van versekering voordat Onderafdeling A Gevare 8 en 9 opgeskort is kragtens Besondere Voorwaarde 2 van hierdie Afdeling.

## 2. YSKASTE-, VRIESKASTE-, KOELKAMERS EN VRIESKAMERSDEKKING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat Uitbreiding 5 van hierdie Afdeling gekanselleer en vervang is met die volgende:

"5. Hierdie Afdeling dek die bederwing van die inhoud alleenlik as gevolg van die verandering in temperatuur voortspruitend uit onderbreking van krag weens 'n toevallige gebeurtenis of onderbreking van krag wat deur openbare owerhede verskaf word of die meganiese onklaarraking of toevallige skade van enige yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer in die voornoemde woonhuise asook toevallige fisiese skade aan genoemde yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer en daaropvolgende fisiese skade aan die voornoemde geboue en permanente vashegtings

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Endossement dek nie :

(i) verlies of skade weens die doelbewuste afsny van kragtoevoer (gas en paraffien inbegrepe) deur enige openbare owerheid;

(ii) verlies of skade, ander dan die bederwing van die inhoud, te wyte aan enige meganiese onklaarraking van die genoemde yskas, vrieskas, koelkamer of vrieskamer

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie die bedrag of bedrae wat in die Bylae ten opsigte van hierdie Endossement aangetoon, sal oorskry nie;

(b) die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van iedere en elke eis''.

## 3. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste R5 000 (vyfduisend rand) van iedere en elke verlies of skade. Hierdie bedrag geld kumulatief tot enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar wat van toepassing mag wees.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Endossement dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

  (i) foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele

  (ii) werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele

  (iii) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huur indien spesifiek onder hierdie Afdeling verseker.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van hierdie Endossement nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**4. TELEVISIE-ONTVANGERS, VIDEOKASSETMASJIENE EN DVD MASJIENE**

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van televisiestelle en/of videomasjiene (uitgesonder videokameras en toerusting wat deel vorm daarvan) en/of DVD masjiene is beperk tot 'n maksimum van R5 000 (vyfduisend rand) in totaal vir verlies as gevolg van diefstal tensy sodanige televisiestelle, videomasjiene en DVD masjiene in die Bylae gespesifiseer is.

**5. AARDBEWING**

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Onderafdeling A Gevaar 2, word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat dit gewysig is om soos volg te lees:

“2. Aardbewing met uitsluiting van enige verlies of skade (behalwe verlies of skade deur brand) wat uit enige mynbedrywighede voortspruit.”

**6. HANDELSVOORRAAD EN TOERUSTING - TUISNYWERHEID**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat hierdie Afdeling uitgebrei is om die volgende te dek:

Verlies of skade aan handelsvoorraad en toerusting terwyl in die geboue soos omskryf in die Bylae veroorsaak deur 'n versekerde gevaar soos omskryf in Onderafdeling A Gevaar 1 tot 9 alleenlik

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die handelsvoorraad en toerusting moet verband hou met die tuisnywerheid soos omskryf in die Bylae en wat die Versekerde bedryf vanaf die persele soos omskryf in die Bylae

(b) enige deelnemer in die tuisnywerheid soos omskryf in die Bylae en wat die Versekerde bedryf vanaf die genoemde persele moet in die Bylae vermeld word.

**7. OPROER EN STAKING**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 8. GASTEHUISE (AKKOMMODASIE EN VERBLYF)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat Onderafdeling A 8(a) gewysig is om soos volg te lees:

"8. Diefstal of enige poging daartoe, maar met uitsluiting van

(a) diefstal (of enige poging daartoe) terwyl die gebou(e) of enige deel daarvan onbeset gelaat word of deur die Versekerde uitgeleen, verhuur of onderverhuur is tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die gebou(e) deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede. Vir die doeleindes van hierdie Onderafdeling 8(a) sal die inneem van betalende gaste, besoekers, kosgangers en/of loseerders wat hoogstens 4 (vier) kamers, of die aantal kamers in die Bylae vermeld, wat ookal die meeste is, in die gebou(e) okkupeer, nie geag word om die uitleen, verhuur of onderverhuur van die gebou(e) te wees nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir 'n bykomende Eerste Bedrag Betaalbaar van R250 (tweehonderd en vyftig rand) bo en behalwe die basiese Eerste Bedrag Betaalbaar (ander dan ten opsigte van wonings onbewoon) ten opsigte van elk en iedere eis weens diefstal (of enige poging daartoe) wat nie gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die gebou(e) deur wesenlike, sigbare en gewelddadige optrede".

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die geheel of ‘n gedeelte van die eiendom omskryf in die Bylae wat aan die Versekerde, sy/haar gade en/of lede van sy/haar familie wat finansieel van die Versekerde afhanklik is en normaalweg by die Versekerde inwoon behoort, veroorsaak deur enige ongeval of teenspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, terwyl enige plek in die wêreld.

## OMSKRYWINGS

### 1. GESPESIFISEERDE EIENDOM

(a) enige eiendom meer spesifiek omskryf in die Bylae

(b) geld en/of verhandelbare instrumente tot en met ‘n bedrag van R1 000 (eenduisend rand)

### 2. NIE-GESPESIFISEERDE EIENDOM

(a) klerasie;

(b) persoonlike besittings wat gedra of ontwerp is om aan of deur die persoon gedra te word;

(c) persoonlike toerusting wat aan die Versekerde behoort en wat gewoonlik gedra of gebruik word deur die persoon wat aan sport deelneem;

(d) aankope van klerasie, kruideniersware en voedselware en huishoudelike goedere, piekniekmandjies (en inhoud) en reisdekens, alleenlik terwyl genoemde eiendom in transito is weg van die Versekerde se woonplek en verlies veroorsaak is deur diefstal

MET DIEN VERSTANDE DAT:

geen enkel artikel 25% (vyf en twintig persent) van die Versekerde bedrag sal oorskry nie.

## UITBREIDINGS

### 1. TRAPFIETSE

Hierdie Afdeling dek verlies van of skade aan trap- en skopfietse tot hoogstens R1 000 (eenduisend rand) (tensy as ‘n afsonderlike item in die Bylae gespesifiseer)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir verlies van of skade aan toebehore en onderdele deur diefstal of inbraak tensy die trap- of skopfiets terselfdertyd gesteel word.

### 2. VERSAMELING

(a) Seëls

Indien ‘n seëlversameling in die Bylae omskryf is om ingesluit te wees:

(i) sal die Maatskappy slegs aanspreeklik wees indien een of meer voltooide bladsye van die versameling verloor of beskadig is;

(ii) die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele seël sal nie twee derdes van die waarde soos vermeld in enige huidige erkende katalogus tot en met R5 000 (vyfduisend rand) enige enkele seël oorskry nie;

(b) Munte

Indien 'n muntversameling in die Bylae omskryf word om ingesluit te wees sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees nie vir:

(i) huidige muntstukke;

(ii) meer as R5 000 (vyfduisend rand) vir enige enkele muntstuk nie.

**3. INHOUD VAN WOONWA EN/OF BAGASIESLEEPWA**

Indien die inhoud van 'n woonwa en/of bagasiesleepwa in die Bylae gespesifiseer is om ingesluit te wees is die volgende op daardie items van toepassing:

(i) versekerde eiendom beteken huishoudelike goedere wat aan die Versekerde behoort of waarvoor hy/sy verantwoordelik is, terwyl in die woonwa of aangehegte sytent en/of bagasiesleepwa

(ii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) diefstal van versekerde eiendom terwyl die woonwa of aangehegte sytent onbewoon is tensy daar kragdadige en gewelddadige ingang is nie;

(b) diefstal van versekerde eiendom uit die bagasiesleepwa tensy daar kragdadige ingang is;

(c) meer as R1 000 (eenduisend rand) of 25% (vyf en twintig persent) van die versekerde bedrag wat ookal die meeste is vir enige enkele artikel nie;

(d) die vaste bybehore en toebehore in die woonwa nie;

(e) seël- en/of muntversamelings, geld, dokumente, juweliersware, pelse of enige artikel wat meer spesifiek verseker word nie;

(f) verlies of skade veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid deur enige persoon aan wie die woonwa en/of bagasiesleepwa geleen of verhuur word nie.

**4. MOTORRADIO'S**

Indien klankreproduksietoerusting (insluitende 1 (een) kasset of laserskyf) wat in die motorvoertuig gemonteer is en in die Bylae beskryf word, is Besondere Uitsondering 9 hieronder nie op daardie item van toepassing nie.

**5. HUISHOUDELIKE GOEDERE IN TRANSITO**

Dekking in terme van Omskrywing 2(d) hierbo is uitgebrei om diefstal van huishoudelike goedere in te sluit, wat aan die Versekerde behoort en in sy/haar bewaring is terwyl in transito.

**6. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. verlies of skade weens slytasie en waardevermindering;

2. gevolglike verlies van of gevolglike skade van enige aard;

3. geleidelike agteruitgang wat die werking van lig insluit, atmosferiese of klimaatstoestande;

4. skade aan enige werkende masjiene of enige werkende deel veroorsaak deur eie elektroniese, meganiese of elektriese onklaarraking, gebrek of brekasie;

5. roes en verwering;

6. verslegting veroorsaak deur motte, knaagdiere, ongediertes, insekte, larwe;

7. verlies of skade veroorsaak deur enige skoonmaak-, kleur-, repareer- of restoureerproses;

8. die kraak of skraap van of breekskade aan glasware of ander bros artikels (behalwe juweliersware, kameras en kraak, skraap of breekskade aan brille) tensy veroorsaak deur brand of diefstal;

9. verlies van versekerde eiendom deur diefstal of poging tot diefstal vanuit enige voertuig tensy die voertuig gesluit is en toegang tot die voertuig verkry is op ‘n gewelddadige en kragdadige wyse;

10. kontaklense, sellulêre telefone, vuurwapens, gereedskap, seëls en muntversamelings tensy spesifiek verseker en in die Bylae gespesifiseer word;

11. verlies of skade wat uit aanhouding, beslaglegging, vernietiging of opeising deur doeane- of ander beamptes of owerhede ontstaan;

12. verlies van of skade aan kontant, banknote, skatkisnote, verbande, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, titelaktes, manuskripte, waardepapiere van enige aard of reiskaartjies in oormaat van R1 000 (eenduisend rand) tensy in die Bylae as ingesluit vermeld;

13. verlies van of skade aan fotografiese en optiese toerusting terwyl die toerusting vir handels- of beroepsdoeleindes of ontdekkingsreise of navorsing of onderwaterfotografie gebruik word;

14. verlies of skade aan motorvoertuie, sleepwaens, woonwaens, hangsweeftuie, lug- en watervaartuie behalwe branderplanke en skiroeiers.

## BESONDERE VOORWAARDES

**1. VERVANGINGSWAARDE**

In geval die eiendom verseker kragtens hierdie Afdeling verloor, vernietig of beskadig word sal die grondslag waarop die bedrae betaalbaar kragtens hierdie Afdeling bereken word, wees die koste om eiendom van dieselfde aard of soort, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, te vervang of te herstel onderworpe aan alle ander bepalings en voorwaardes van hierdie Afdeling behalwe in soverre dit hierdeur gewysig mag wees.

**2. VEILIGE BEWARING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien dekking wat teen 'n gespesifiseerde item in die Bylae aangetoon word as BANK, is versekering kragtens hierdie Afdeling slegs van toepassing terwyl sodanige item in 'n brandkluis in 'n bank bewaar word of indien dit nie aan die Versekerde gedra word nie, dit toegesluit is in 'n brandkluis of brandkamer van die Versekerde.

**3. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | klerasie en persoonlike besittings | | |
| | (i) | ander dan diefstal vanuit enige voertuig | R250 |
| | (ii) | diefstal vanuit enige voertuig wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit sodanige voertuig | 20% van die eis of R250 wat ookal die meeste is |
| (b) | enige gespesifiseerde item(s) in die Bylae vermeld (uitgesluit trapfietse/skopfietse, kontaklense, sellulêre telefone, vuurwapens, motorradios, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone en inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens | | R NUL of bedrag in Bylae vermeld |
| (c) | trapfietse / skopfietse - gespesifiseer al dan nie | | R250 |
| (d) | sellulêre telefone | | R500 |
| (e) | kontaklense | | R250 |
| (f) | motorradios, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone | | 10% van eis minimum R350 |
| (g) | inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens | | R250 |
| (h) | vuurwapens | | R500 |

of die Eerste Bedrag Betaalbaar in die Bylae vermeld, wat ookal die meeste is.

# PERSOONLIKE ONGEVALLE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige persoon in die Bylae genoem (hierna sodanige persoon genoem).

Die Maatskappy betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy/haar boedel aan die Versekerde die vergoeding wat in die Bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 (vier en twintig) kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die Bylae onder die opskrif omstandighede.

## VERGOEDING

| A | **Dood** | Die bedrag in die Bylae vermeld |
|---|---|---|
| B | **Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende: | Persentasie van vergoeding |
| (a) | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate……….… | 100 |
| (b) | permanente en algehele verlies van | |
| | hele een of beide oë………………………………………………………………………………... | 100 |
| | sig in een of beide oë……………………………………………………………………………. | 100 |
| | sig in oog behalwe waarneming van lig…………………………………….…………………………. | 75 |
| (c) | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | albei ore…………………………………………………………………………….......................... | 100 |
| | een oor………………………………………………………………………….……………………... | 25 |
| (d) | permanente en algehele spraakverlies…………………………………………….……………………… | 100 |
| (e) | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen of permanent bedlêend te wees………………………………………………………………………………. | 100 |
| (f) | verlies van vier vingers…………………………………………………………………........................... | 70 |
| (g) | verlies van duim | |
| | albei falankse……………………………………………………………….………………………… | 25 |
| | een falanks……………………………………………………………………….…………………….. | 10 |
| (h) | verlies van wysvinger | |
| | drie falankse…………………………………………………………………………………………….. | 10 |
| | twee falankse……………………………………………………………….………………………… | 8 |
| | een falanks………………………………………………………………………………………………. | 4 |
| (i) | verlies van middelvinger | |
| | drie falankse……………………………………………………………………………………………... | 6 |
| | twee falankse……………………………………………………………….………………………… | 4 |
| | een falanks…………………………………………………………………….………………………... | 2 |
| (j) | verlies van ringvinger | |
| | drie falankse……………………………………………………………………………………………... | 5 |
| | twee falankse…………………………………………………………...……………………………. | 4 |
| | een falanks………………………………………………………………………………………………. | 2 |

| | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|
| (k) | verlies van pinkie<br>drie falankse………………………………………………………………………………………..<br>twee falankse……………………………………………………………..…………………………<br>een falanks……………………………………………………………………..………………………… | <br>4<br>3<br>2 |
| (l) | verlies van middelhandbeen<br>eerste of tweede (bykomend)………………………………………………………………………..<br>derde, vierde of vyfde (bykomend)………………………………………………………………………… | <br>3<br>2 |
| (m) | verlies van tone<br>almal aan een voet…………………………………………………………………………………………<br>groottoon, albei falankse……………………………………………………………..............................<br>groottoon, een falanks………………………………………………………………………………………..<br>ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen………………………………… | <br>30<br>5<br>2<br>2 |
| (n) | skending weens brandwonde<br>permanente skending weens brandwonde<br>(i) 100% van die oppervlak van die kop en/of nek…………………………………………………..<br>(ii) 100% van die oppervlak van die oorblywende dele van die liggaam.………………………… | <br><br>50<br>25 |

**MEMORANDA**

(i) Waar die persentasie skending kragtens (n)(i) of (n)(ii) minder as 100% (eenhonderd persent) van die oppervlakte is sal die Maatskappy tot die betrokke voordeel 'n persentasie gebaseer op die omvang wat die werklike skending beloop tot 100% (eenhonderd persent) toepas.

(ii) Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie kragtens (n)(i) of (n)(ii) hierbo tensy die omvang van die skending individueel 10% (tien persent) kragtens (n)(i) of (n)(ii)hierbo oorskry en ook nie totdat die permanente gevolg of mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie.

(iii) Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die Maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

(iv) Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

(v) 100% (eenhonderd persent) is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

**C.** **Tydelike Algehele Ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

**D.** **Mediese Onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en-ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien sodanige persoon vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 (vier en twintig) maande na die Omskrewe Gebeurtenis plaasvind

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die Dood of Permanente Ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

2. die vergoeding wat ten opsigte van Tydelike Algehele Ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die Bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover rederlikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie Afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 (vyftien) of bo die ouderdom van 75 (vyf en sewentig) jaar;

4. sodanige persoon, nadat hy/sy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie Afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die Maatskappy van hom/haar vereis word. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;

5. Algemene Voorwaardes 5 en 10 nie op hierdie Afdeling van toepassing is nie;

6. slegs ten opsigte van hierdie Afdeling Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

   "Hierdie Afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie".

7. geen vergoeding sal betaalbaar wees:

   (i) vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid waar die tydperk van ongeskiktheid minder as 7 (sewe) opeenvolgende dae is;

   (ii) vir Mediese Kostes waar sodanige kostes minder as R100 (eenhonderd rand) is;

8. vergoeding vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Kostes sal onmiddellik staak:

   (i) waar vergoeding betaalbaar word vir Dood;

   (ii) waar vergoeding betaalbaar word vir Permanente Ongeskiktheid met dien verstande dat die liggaamlike besering wat die ongeskiktheid tot gevolg het so ver as redelik moontlik genees of gesond geword het.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir Dood, Ongeskiktheid of Mediese Onkoste ten opsigte van sodanige persoon nie:

(a) terwyl hy/sy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

(b) deur sy/haar selfmoord, poging tot selfmoord of moedswillige selfbesering;

(c) wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisiese gebrek of ander swakheid van sodanige persoon;

(d) weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself/haarself) of as gevolg van sodanige persoon se bestuur van 'n motorvoertuig terwyl sy/haar bloedalkoholpersentasie die statutêre perk ten tyde van die gebeurtenis oorskry;

(e) weens sy/haar deelname aan enige oproer of burgerlike beroering;

(f) as gevolg van kranksinnigheid, enige vorm van senuweeswakte of neurose, veneriese siekte verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS), enige liggaamlike gebrek of swakheid, kwaadaardige siekte van die melkkliere, swangerskap, kindergeboorte, aborsie of miskraam of enige komplikasies of gevolge daarvan;

(g) terwyl hy/sy deelneem aan of weens sy/haar deelname aan:

   (i) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die Versekerde;

(ii) wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

(aa) voertuig

(ab) vaartuig

(ac) tuig;

(iii) bergklim wat die gebruik van toue of gidse vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal, hangswewery, valskermspring, valduik, bungiespring, stoei, boks, vryduik, waterski of verweerkuns;

(h) deur sy/haar betrokkenheid by of deelname aan enige weermagopleiding of verdedigingsopleiding, diensoefeninge of verrigtinge, behalwe vredestydse militêre opleiding;

(i) as gevolg van ‘n ongeval wat toegeskryf kan word aan sodanige persoon se ernstige en opsetlike wangedrag;

(j) terwyl sodanige persoon besig is met of as ‘n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met houtwerkmasjinerie behalwe as ‘n stokperdjie;

(k) terwyl sodanige persoon besig is met of as ‘n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met enige mynputgraafwerk, enige skaggraafwerk, enige ondergrondse mynbedrywighede, of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe.

## UITBREIDINGS

### 1. BLOOTSTELLING

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

### 2. VERDWYNING

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy/sy ‘n besering opgedoen het waarop hierdie Afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie Afdeling verleen word sy/haar dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy ‘n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy/sy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

### 3. LEWENSONDERSTEUNING

Die 24 (vier en twintig) kalendermaande tydperk vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse sal nie enige tydperk of tydperke waar sodanige persoon se dood vertraag word uitsluitlik deur die gebruik vir ‘n tydperk of tydperke van nie minder as 3 (drie) opeenvolgende dae van lewensondersteunende masjinerie, toerusting of apparate insluit nie.

### 4. REPATRIASIE

Die Maatskappy sal bo en behalwe vir die vergoeding betaalbaar vir Dood ook die redelike en noodsaaklike koste tot en met ‘n bedrag wat nie R5 000 (vyfduisend rand) oorskry nie vir die repatriasiekoste van sodanige persoon se liggaam na sy/haar normale plek waar woonagtig betaal.

### 5. BEGRAFNISKOSTE

In die geval van ‘n ongeluk wat aanleiding gee tot ‘n Doodseis sal die Maatskappy aan sodanige persoon se boedel ‘n bydrae van R5 000 (vyfduisend rand) tot begrafniskoste betaal.

## 6. TRAUMA

Die Maatskappy sal vergoeding tot hoogstens 10% (tien persent) van die vergoeding betaalbaar vir dood betaal onderworpe aan 'n maksimum bedrag van R10 000 (tienduisend rand) indien sodanige persoon 'n slagoffer is van 'n gewelddadige daad van diefstal, roof, skaking of onregmatige aanranding wat professionele voorligting noodsaak.

## 7. DUBBELE VERGOEDING

In die geval van die dood van beide sodanige persoon en sodanige persoon se gade binne 12 (twaalf) maande as gevolg van dieselfde ongeluk sal die Maatskappy dubbel die vergoeding ten opsigte van A - Dood betaal

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) sodanige persoon dekking uitgeneem het vir A, B en C van hierdie Afdeling en die vergoeding vir C ten minste 1% (een persent) van A - Dood is;

(ii) daar 'n oorlewende minderjarige kind is wat geheel en al afhanklik is van sodanige persoon of sodanige persoon se gade;

(iii) sodanige persoon en sodanige persoon se gade en kind ten tyde van die ongeluk almal lede was van dieselfde huishouding.

## 8. PASSIEWE OORLOGSDEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en nieteenstaande enigiets strydig hierin vermeld word hierdie Afdeling uitgebrei om dekking te verleen aan sodanige persoon veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middels voortspruitend uit oorlog, inval, daad van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar word al dan nie) burgeroorlog, revolusie, rebellie, opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, terroristeaktiwiteite insluitende ploftoestelle deur terroriste geplaas. Dit verder verstaan word dat terroriste-aktiwiteite beteken die doelbewuste sistematiese moord, verminking en bedreiging van onskuldiges met die doel om vrees te bevorder ten einde politiese doeleindes te behaal, maar uitgesonderd enige aanspreeklikheid wat ontstaan terwyl sodanige persoon direk en aktief deelneem of betrokke is in sodanige aktwiteite hetsy terwyl diens gedoen word in enige gewapende mag of andersins behalwe vredestydse militêre opleiding al dan nie, waar van toepassing, uitgesonderd egter enige optrede of aksie wat rederlikerwys nodig is om homself/ haarself, sy/haar familie of sy/haar eiendom of die eiendom van sy/haar werkgewer te beskerm.

## 9. MOBILITEIT

In die geval waar die Maatskappy 'n eis erken in terme van Vergoeding B - Permanente Ongeskiktheid en indien, as 'n direkte gevolg van die ongeskiktheid sodanige persoon permanent afhanklik is van 'n rolstoel vir mobiliteit, sal die Maatskappy bykomend tot enige voordeel betaalbaar ten opsigte van die Permanente Ongeskiktheid ook vergoeding betaal vir:

(i) 'n selfaangedrewe rolstoel en/of;

(ii) die modifikasie van kontroles aan sodanige persoon se motorvoertuig en/of;

(iii) indien nodig die aanbring van toerusting aan sodanige persoon se motor om die rolstoel op en van die motor te laai en/of;

(iv) veranderinge aan die privaat woning van sodanige persoon om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rolstoel

maar hoogstens tot 'n bedrag van R10 000 (tienduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

Die bogemelde maksimum bedrag betaalbaar vir enige enkele gebeurtenis sal van toepassing wees nieteenstaande Algemene Voorwaarde 7 (g) - Beperking van Aanspreeklikheid.

## 10. PLAASMOORDE

In die geval van die dood van sodanige persoon as gevolg van moord, wat uitsluitlik veroorsaak word deur en direk verband hou met ‘n plaasaanval, sal die Maatskappy dubbel die vergoeding betaal ten opsigte van Vergoeding A - Dood

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die maksimum bykomende bedrag betaalbaar vir doodsdekking vir enige een sodanige persoon in terme van hierdie Uitbreiding nie R50 000 (vyftigduisend rand) ten opsigte van sodanige persoon sal oorskry nie

(ii) dekking in terme van hierdie Uitbreiding beperk sal wees tot ‘n moord wat plaasvind op eiendom wat aangewend word vir boerderydoeleindes, die eiendom van, of gehuur of benut deur sodanige persoon of sodanige persoon se gade

(iii) daar versekering op ‘n minimum van vyf Afdelings van hierdie Polis van krag sal wees wat die volgende Afdelings moet insluit:

   (a) Brand

   (b) Huisbewoners

   (c) Motor

   (d) Gemeenregtelike Aanspreeklikheid

   (e) Persoonlike Ongevalle

(iv) vir die doeleindes van hierdie Uitbreiding die term “sodanige persoon” beperk sal wees tot die Versekerde(s) en sy/haar/hulle gade(s) alleen in die hoedanigheid as eienaar(s), mede eienaar(s) of huurder(s) van eiendom wat aangewend word vir boerderydoeleindes

(v) die bedrag betaalbaar in terme van hierdie Uitbreiding sal bykomend betaalbaar wees tot die vergoeding vir Doodsdekking soos in die Bylae vermeld teenoor sodanige persoon.

# PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die Versekerde in sy private hoedanigheid regtens aanspreeklik word om te betaal as vergoeding ten opsigte van:

(a) toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon behalwe 'n persoon wat die Versekerde of enige lid van die Versekerde se gesin of huishouding is of wat in diens van die Versekerde is indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte wat ontstaan uit en/of in die loop van sodanige diens en/of

(b) toevallige verlies van of skade aan eiendom behalwe eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die Versekerde of enige persoon in die Versekerde se diens, of enige lid van die Versekerde se gesin of huishouding

wat enige tyd gedurende die versekeringstydperk binne die gebiedsgrense plaasvind en veroorsaak is gedurende die voornoemde tydperk deur 'n fout of die nalatigheid van die Versekerde, sy eggenote en enige lid van sy huisgesin wat normaalweg by hom inwoon

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling vir alle vergoeding betaalbaar aan enige enkele eiser of enige getal eisers met inbegrip van alle regsuitgawes aan enige eiser toegestaan of aangegaan ter verdediging van enige eis wat deur of met die toestemming van die Maatskappy betwis word ten opsigte van of voortspruitend uit enige enkele gebeurtenis of ten opsigte van of voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks volgende op of toeskryfbaar aan een bron of oorspronklike oorsaak, sal nie die bedrag in die Bylae vermeld oorskry nie.

## GEBIEDSGRENSE

Enige plek ter Wêreld.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie Afdeling sal nie van toepassing wees nie op en ook nie insluit nie eise om vergoeding ten opsigte van:

1. aanspreeklikheid deur die Versekerde kragtens ooreenkoms aanvaar uitgesluit enige aanspreeklikheid wat in terme van ‘n geskrewe kontrak aanvaar is met enige organisasie wat sekuriteit, gewapende reaksie of tuindienste voorsien tensy die Versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande die bestaan van sodanige ooreenkoms

2. enige boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende- of wraaksugtige skadevergoeding

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   niks wat in hierdie Besondere Uitsondering vervat is, hierdie Afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie Besondere Uitsondering nie ingevolge hierdie Afdeling gedek sou gewees het nie

3. (a) eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg is van of ontstaan uit of toe te skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie Besondere Uitsondering nie van toepassing is nie op eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur ‘n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk

(b) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

niks wat in hierdie Besondere Uitsondering vervat is, hierdie Afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie Besondere Uitsondering nie ingevolge hierdie Afdeling gedek sou gewees het nie

4. eise om vergoeding en regskoste en- uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

5. eise vir besering of skade wat die regstreekse of onregstreekse gevolg is van

(a) vliegtuie (uitgesonderd modelvliegtuie), voertuie, sleepwaens, motorbote, seilbote of skepe

(b) die eienaarskap of besit of bewoning van enige grond of geboue

(c) die uitoefening of uitvoering van enige ambag, beroep, besigheid of professie

(d) opsetlike of kwaadwillige optrede

(e) fietse (behalwe trapfietse wat vir sosiale, huishoudelike of plesierdoeleindes gebruik word), of diere (behalwe honde of katte wat aan die huishouding verbonde is)

(f) plofstof, gewere of vuurwapens.

## UITBREIDINGS

### 1. ONREGMATIGE INHEGTENISNAME EN ONREGMATIGE DEURSOEK

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in hierdie Afdeling sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die Versekerde aanspreeklik gehou word vir vergoeding wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname, beweerde onregmatige inhegtenisname of onregmatige deursoek van enige persoon (insluitende aanranding wat daarmee gepaard gaan)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle vergoeding en skadevergoeding en alle kostes en uitgawes vir litigasie en alle ander kostes en uitgawes beperk is tot R25 000 (vyf en twintigduisend rand) ten opsigte van elke eis of reeks eise wat uit een enkele voorval ontstaan onderworpe aan 'n maksimum van R50 000 (vyftigduisend rand) gedurende enige 12 (twaalf) maande tydperk van versekering.

### 2. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste in verband met die blus of bestryding van brand, is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

### 3. KOLHOU (PUTJIE-IN-EEN)

Hierdie Afdeling dek 'n bedrag van R1 000 (eenduisend rand) indien die Versekerde 'n kolhou (putjie-in-een) hou behaal terwyl hy/sy as amateur speel by enige erkende gholfbaan geaffilieer by 'n Provinsiale Gholfunie tydens 'n spel wat volgens die amptelike reëls van gholf gespeel word met dien verstande dat die Maatskappy skriftelik bevestiging van die sekretaris van die klub ontvang.

## 4. KREDIETKAARTE EN KREDIETSTROKIES

Hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde en gade skadeloos te stel teen alle bedrae waarvoor die Versekerde en gade aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal ten opsigte van die wederregtelike gebruik deur enige persoon, wat nie aan die Versekerde en gade verwant is nie, van krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte en/of kredietstrokies wat amptelik deur enige kredietinstelling uitgereik is in die naam van die Versekerde en/of die gade van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy nie ingevolge hierdie Gebeurlikheid aanspreeklik sal wees nie tensy die Versekerde en gade, aan wie die voormelde krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte en kredietstrokies uitgereik is, voldoen het aan die bepalings en voorwaardes ingevolge waarvan sodanige krediet-, kontant of SIM ("Subscriber Identity Module") kaarte of kredietstrokies aan hom of haar of hulle uitgereik is;

(b) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Gebeurlikheid vir alle vergoeding betaalbaar (ongeag die getal eisers wat vergoeding eis) sal nie die bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) in enige 12 (twaalf) maande tydperk van versekering oorskry nie.

## 5. VOLHUIS

Hierdie Afdeling dek 'n betaling van R1 000 (eenduisend rand) indien die Versekerde wat deel vorm van 'n rolbalspan (span van vier) wie as amateurs speel en 'n volhuis (dit is al agt rolballe moet tel) aanteken in 'n rolbalwedstryd in enige kompetisie wat in terme van die reëls van die Suid-Afrikaanse Vereniging by enige erkende rolbalklub gespeel word met dien verstande dat die Maatskappy skriftelik bevestiging van die sekretaris van die klub ontvang.

# UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

**1. OMVATTENDE REGSAANSPREEKLIKHEID**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel tot en met die Skadeloosstellingsperk in die Bylae vermeld ten opsigte van alle bedrae vir die betaling as skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word voortspruitend uit 'n gebeurtenis op enige plek in die wêreld gedurende die versekeringstydperk maar nie ten opsigte nie van enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking gemaak binne lande wat onderhewig aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada optree (of aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld uitgereik is om sodanige uitspraak, toekenning, betaling of skikking hetsy in geheel of gedeeltelik af te dwing) tot die omvang waarvan

1. sodanige aanspreeklikheid nie ingevolge die Versekeringsklousule en/of die Versekerbare Gebeurtenisklousule en/of Grondliggendeklousule van enige Onderliggende Versekering skadeloos gestel kan word nie

   of

2. sodanige aanspreeklikheid weens 'n Uitsondering in enige Onderliggende Versekering nie skadeloos gestel kan word nie

   of

3. die bedrag van sodanige aanspreeklikheid die Perk van die Onderliggende Versekering oorskry en die Onderliggende Versekeraar die volle bedrag van sodanige Perk betaal het of aanspreeklikheid erken het of verantwoordelik gehou is om dit te betaal wat vir doeleindes van hierdie Polis geag word 'n minimum van R500 000 (vyfhonderd duisend rand) te wees maar R1 000 000 (eenmiljoen rand) ten opsigte van Motoraanspreeklikheid en/of Watervaartuigaanspreeklikheid.

**Die Skadeloosstellingsperke**

Die bedrag betaalbaar insluitende enige regskostes wat van die Verskerde verhaalbaar is deur enige eiser of enige aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron sal nie die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die Bylae oorskry nie.

## WOORDOMSKRYWING

**ONDERLIGGENDE VERSEKERING**

"Onderliggende Versekering" beteken 'n bestaande versekeringspolis van krag by

1. 'n Geregistreerde Suid-Afrikaanse, Namibiese of Botswana Versekeraar wat een of meer van die volgende dek:

   Persoonlike aanspreeklikheid
   Aanspreeklikheid van eiendomseienaars
   Huurdersaanspreeklikheid
   Motoraanspreeklikheid
   Watervaartuigaanspreeklikheid

2. Enige Versekeraar in die wêreld wat een of meer van die volgende dek:

   Motoraanspreeklikheid
   Watervaartuigaanspreeklikheid
   Aanspreeklikheid van eiendomseienaars

ten opsigte van enige motorvoertuig deur die Versekerde gehuur op bruikhuur of besit of enige watervaartuig of eiendom deur die Versekerde besit buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië of Botswana.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van aanspreeklikheid:

1. wat voortspruit uit of in die loop van die Versekerde se werk, besigheid of beroep met inbegrip van, maar nie beperk nie tot die verkoop van enige goedere of die lewering van enige dienste teen 'n fooi, vergoeding of enige ander teenprestasie

2. wat voortspruit uit die verhuring en/of uithuur van enige roerende of onroerende eiendom of 'n gedeelte daarvan teen 'n fooi, vergoeding of enige ander teenprestasie

3. vir die eerste R5 000 (vyfduisend rand) van enige eis ten opsigte van eiendom gehuur, op bruikhuur of deur die Versekerde geleen

4. wat voortspruit uit die onverskillige verontagsaming deur die Versekerde van die moontlike gevolge van sy dade of versuim

5. (i) van een Versekerde teenoor 'n ander

   (ii) teenoor enige vorige Versekerde ten opsigte van 'n gebeurtenis gedurende enige tydperk waartydens sodanige vorige Versekerde 'n Versekerde was

6. wat voortspruit uit verlies of beskadiging van eiendom tot so 'n mate dat sodanige aanspreeklikheid ingevolge enige ander versekeringspolis skadeloos gestel kan word

7. wat voortspruit uit die eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuig behalwe modellugvaartuig en hangsweeftuie

8. wat die onderwerp is van statutêre- of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor

   (i) die Versekerde verplig is om versekering aan te gaan of om sekuriteit te stel of

   (ii) die Staat of ander regeringsliggaam of owerheid verantwoordelikheid aanvaar het

9. vir enige eis ten opsigte van Motoraanspreeklikheid tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die Onderliggende Versekerings skadeloos gestel kan word behalwe enige eis wat alleenlik weens enige gebiedsbeperkings uitgesluit word

10. vir enige eis ten opsigte van Watervaartuigaanspreeklikheid

    (i) tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige van die Onderliggende Versekerings skadeloos gestel kan word behalwe enige eis wat alleenlik weens enige gebiedsbeperkings uitgesluit word

    (ii) waar die totale lengte van die Watervaartuig 10,5 meter oorskry

11. vir verlies of beskadiging van enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig in die Versekerde se sorg, bewaring of beheer

12. wat voortspruit uit enige oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige optrede van die Versekerde of dade van fisiese aanranding of verleiding deur die Versekerde gepleeg

13. vir betaling van enige boete, straf, veelvuldige, bestraffende skadevergoeding of wat voortspruit uit gelikwideerde skadevergoedingklousules, strafklousules of prestasiewaarborge behalwe tot die mate wat dit bewys kan word dat aanspreeklikheid in elk geval in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge sou bestaan het

14. vir enige skuld

15. vir die versuim om enige onderhoud of alimentasie of enige bedrae weens breuk van troubelofte te betaal

16. wat voorspruit uit die aankoop, verkoop, ruilhandel of uitruiling van enige roerende of onroerende eiendom of onvermoë van die Versekerde om aan enige verpligtinge met betrekking daartoe te voldoen

17. vir die eerste R2 000 (tweeduisend rand) van enige eis wat uit die opskorting of beëindiging van die diens van enige huishoudelike personeel voortspruit

18. wat voortspruit uit enige toestand wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of verband hou met Menslike Immuniteitsgebreksvirus (MIV) of die mutante afgeleides of variasies daarvan of wat in enige opsig verwant is aan Verworwe Immuniteitsgebreksindroom of enige sindroom of toestand van soortgelyke aard hoe dit ook genoem word

19. wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of waartoe die volgende bygedra het of wat voortspruit uit

    (i) die radioaktiewe toksiese plofbare of ander gevaarlike eienskappe van enige plofbare kern montasie of kernkomponent daarvan.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Skadeloosstelling word deur hierdie Afdeling verleen op voorwaarde dat daar ten tyde van die gebeurtenis 'n Onderliggende Versekeringspolis van krag is wat wesentlik dekking verskaf vir die tipe aanspreeklikheid waarvoor skadeloosstelling hierkragtens versoek word en op voorwaarde dat die Versekerde nie strydig met die bepalings van so 'n Onderliggende Versekering optree nie.

2. Die Afdeling is onderhewig aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië en Botswana wie se howe uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van enige dispuut tussen die Maatskappy en die Versekerde sal hê.

3. Skriftelike kennis moet so spoedig moontlik aan die Maatskappy gegee word van enige gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie Afdeling aanleiding mag gee en die Versekerde moet die verdere inligting verskaf wat die Maatskappy redelikerwys mag vereis. Elke eis, lasbrief, dagvaarding of prosesstuk en alle verwante dokumente moet so spoedig moontlik aan die Maatskappy besorg word.

   Onopsetlike versuim om sodanige kennis te gee omdat die Versekerde nie redelikerwys kon voorsien dat die gebeurtenis tot 'n eis ingevolge hierdie Afdeling aanleiding sou gee nie sal nie as 'n verbreking van hierdie voorwaarde beskou word nie.

4. Ten opsigte van enige eis wat nie ten minste gedeeltelik deur 'n Onderliggende Versekering gedek word nie mag die Maatskappy die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die Versekerde oorneem en voer of vir eie voordeel in die naam van die Versekerde voortsit en sal volle diskresie hê in enige gedinge en in die skikking van enige eis. Die Versekerde moet al die inligting verskaf en bystand verleen wat die Maatskappy mag verlang.

5. Die skadeloosstelling kragtens hierdie Afdeling verleen ten opsigte van deursypeling, besoedeling of kontaminasie wat nie deur skielike, onvoorsiene, onbeplande en onopsetlike gebeurtenisse veroorsaak word nie is beperk tot R250 000 (tweehonderd en vyftigduisend rand) in die geheel in enige 12 (twaalf) maande tydperk van versekering.

6. In die geval van 'n eis waarvoor die Maatskappy vir die maksimum bedrag kragtens enige item betaalbaar aanspreeklik is, sal die totale bedrag van uitstaande paaiemente vir daardie item tot aan die einde van die lopende Versekeringstydperk van die betaalbare bedrag afgetrek word.

7. Betalings ingevolge hierdie Afdeling sal gemaak word in dieselfde geldeenheid as die premie betalings.

8. Die Maatskappy mag in die geval van enige gebeurtenis die maksimum skadeloosstellingsperk (na aftrekking van enige bedrae alreeds betaal) of enige mindere bedrag waarvoor die eis of eise geskik kan word aan die Versekerde betaal en die Maatskappy sal daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige gebeurtenis hê nie.

9. Geen erkenning, aanbod, belofte of betaling met betrekking tot 'n eis ingevolge hierdie Afdeling mag deur of namens die Versekerde sonder die skriftelike instemming van die Maatskappy gemaak of gegee word nie. Die Versekerde moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die onderliggende versekeraars aan hierdie voorwaarde sal voldoen en met die Maatskappy sal saamwerk in die verdediging en skikking van enige eis wat deur beide 'n Onderliggende Versekering en hierdie Afdeling skadeloos gestel kan word en in die uitoefening van enige subrogasieregte. Die koste in die uitoefening van sodanige regte aangegaan en enige bedrag verhaal word tussen die partye verdeel in ooreenstemming met die bedrae deur elke party ingevolge die onderskeie polisse betaal of betaalbaar.

# MOTORBOTE, SEILJAGTE EN KLEINVAARTUIE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen die volgende gebeurtenisse:

## AFDELING I – VERLIES OF SKADE AAN DIE VAARTUIE VERMELD IN DIE BYLAE

**ONDERAFDELING A – VAARTUIG**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Verlies van of skade aan enige vaartuig omskryf in die Bylae terwyl:

(a) op see, in hawens en op riviere of op binnelandse water insluitende terwyl dit vasgemeer, uit dok gebring, te water gelaat of uitgehaal word en terwyl dit op sleeptou is, of waterskiërs of vaartuie in nood op sleeptou het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) sodanige sleeptou- of bergingsdienste nie onderneem word ingevolge 'n kontrak wat vooraf gereël was deur of namens die Versekerde of enige ander party nie

(ii) die versekerde vaartuig nie 6 (ses) meter in lengte oorskry nie

(b) in transito per pad, spoor, see of lug insluitende terwyl dit opgelaai of afgelaai word

(c) aan wal is insluitende terwyl in droogdok of op die persele van kontrakteurs om opgeknap, herstel of ondersoek te word.

## WOORDOMSKRYWINGS

"**Vaartuig**" sal die volgende betekenis hê:

die vaartuig se romp, motor, masjinerie, roer, skroef, ameublement, vaste uitrusting, onderdele en toebehore en die vaartuig se boot (bote), reddingsboeie, skutbedekkings, vasmeertoue en kettings insluitende buiteboordmotor(s) en seile, rondhoute, maste en takelwerk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige eiendom onder 'n aparte versekerde bedrag in die Bylae verseker word, uitsluitende die eiendom meer uitdruklik in Onderafdeling B beskryf.

**ONDERAFDELING B – ANDER EIENDOM**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Verlies van of skade aan die ondergemelde eiendom mits sodanige eiendom spesifiek beskryf en onder 'n aparte versekerde bedrag in die Bylae verseker word:

(a) boot, seiljag- of bemanningsklere en ander gespesifiseerde persoonlike besittings;

(b) duik- en visvangtoerusting, waterski's, skitoue en ander sporttoerusting;

(c) voedsel, brandstof en ander voorrade, reddingsgordels en mediese toerusting;

(d) verkykers, sekstante, visopsporings- en ander soortgelyke toerusting;

(e) seevaartboeke, -kaarte en skeepvaarttoerusting;

(f) radar, radio, televisie en elektroniese toerusting.

**ONDERAFDELING C – SLEEPWA**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Verlies van of skade aan die sleepwa en/of inlooptrollie in die Bylae omskryf insluitende die permanente toebehore daaraan geheg.

**VERSEKERDE GEVARE**

Die eiendom beskryf in Afdeling I Onderafdelings A, B en C word gedek teen toevallige verlies of skade nie andersins uitgesluit nie, insluitende

1. weens stranding, sinking of botsing

2. die bars van stoomketels, breek van aste, latente gebreke in romp en/of masjinerie insluitende ongelukke tydens die laai, aflaai en hantering van voorrade, toerusting, uitrusting, masjinerie of brandstof en verlies of skade veroorsaak deur die nalatigheid van enige persoon hoegenaamd

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   die koste verbonde aan die herstel van enige gebrek wat veroorsaak was of deur nalatigheid of kontrakbreuk in verband met enige herstelwerk of verandering uitgevoer op rekening van die Versekerde of in verband met instandhouding, uitgesluit is

3. brand, selfaansteking, weerlig, aardbewing en ontploffing

4. storm, orkaan en oorstroming

5. diefstal of enige poging daartoe van;

   (a) die hele vaartuig en/of die boot/bote en/of sleepwa daarvan

   (b) die vaartuig en/of boot/bote en/of sleepwa en/of masjinerie en/of die vaste uitrusting en/of toebehore daarvan insluitende buiteboordmotor(s) en die eiendom meer spesifiek in Onderafdeling B van die Bylae beskryf

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   sodanige diefstal gepaard moet gaan met wesenlike, gewelddadige en sigbare inbraak in of uitbraak uit:

   (i) onbewaakte vaartuie, motor- of ander voertuie;

   (ii) huishoudelike buitegeboue wat nie met enige private woning regstreeks verbind is nie of terwyl in enige ander bergingsplek;

   (c) buiteboordmotor(s) terwyl geheg aan die vaartuig

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   sodanige buiteboordmotor(s) behoorlik aan die versekerde vaartuig of die boot/bote daarvan geheg is deur 'n diefwerende toestel bo en behalwe die gewone wyse van aanhegting

6. die af- of oorboordval van die versekerde vaartuig se buiteboordmotor(s)

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   dit behoorlik vasgemaak is aan die versekerde vaartuig by wyse van 'n ketting of ander veiligheidstoestel bo en behalwe die gewone wyse van aanhegting

7. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvan of daaruit val.

**BYKOMEND TOT BOGENOEMDE DEK HIERDIE AFDELING I OOK**

1. die onkoste verbonde aan die besigtiging van die bodem nadat die versekerde vaartuig gestrand of gesink het of in botsing was, indien redelikerwyse aangegaan spesifiek vir daardie doeleinde, selfs al sou geen skade gevind word nie;

2. bergingskoste aangegaan in die voorkoming van 'n verlies vanweë enige gevaar soos in die Afdeling vermeld;

3. koste en uitgawes redelikerwyse aangegaan om 'n verlies wat aanleiding sou gegee het tot 'n eis onder die Afdeling te minimaliseer of te verhoed.

4. **Krediettekort**

Indien enige algehele verliesskikking ingevolge Afdeling I Onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge ‘n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die Maatskappy aan die Versekerde ‘n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

(a) enige agterstallige paaiement of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae

(b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorbote, seiljagte en/of kleinvaartuie verband hou

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word

(d) die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Afdeling I Onderafdeling A

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die bedrae betaalbaar hoogstens die maksimum skadeloosstelling minus die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Onderafdeling A van Afdeling I beloop

(ii) die Uitbreiding nie van toepassing is nie op ‘n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaardebedrag nà die aanvanklike paaiement, met meer as 10% (tien persent) van enige ander paaiement verskil nie

(iii) indien sodanige tekort die resultaat is van ‘n hervoorskot ingevolge ‘n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge ‘n bruikhuurooreenkoms, die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding nietig verklaar word.

**BESONDERE UITSONDERINGS TEN OPSIGTE VAN AFDELING I ONDERAFDELINGS A, B EN C**

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of wat ontstaan uit of waartoe bygedra word deur slytasie, waardevermindering, verslegting of veroorsaak deur motte, ongediertes of roes;

2. gevolglike verlies deur enige oorsaak van watter aard ookal;

3. skade aan buitebande van die sleepwa deur lekkasies, snye of barste terwyl op pad;

4. skade aan vere van die sleepwa weens ongelykhede van die pad of ander oppervlaktes;

5. verlies van of skade of herstelkoste van:

(a) meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of breekskade;

(b) motors, elektriese masjinerie, batterye en hulle aansluitings (uitgesonderd die skroefas en skroef) insluitende metaalbekleding en herstelwerk daaraan tensy veroorsaak:

(i) deurdat die versekerde vaartuig gestrand, gesink, verbrand, aan die brand, in botsing of in kontak is met enige uitwendige voorwerp (insluitende ys maar uitgesluit water);

(ii) deur diefstal van die hele vaartuig of deur diefstal wat gepaard gaan met wesenlike, gewelddadige, sigbare inbraak in of uitbraak uit sodanige versekerde vaartuig of bergingsplek of diefstal van die buiteboordmotor(s) wat behoorlik aan die vaartuig vasgesluit is deur middel van 'n diefwerende toestel bo en behalwe die gewone wyse van aanhegting daarvan of deur brand in 'n opbergingsplek aan wal of terwyl sodanige eiendom verwyder word van of geplaas word op die versekerde vaartuig;

(iii) deur ontploffing, aardbewing, kwaadwillige dade, lugvaartuie of ander lugtoestelle daaruit laat val;

6. verlies van of skade aan seile en skutbedekkings geskeur deur wind of weggewaai terwyl opgestel, tensy:

(a) veroorsaak deurdat die versekerde vaartuig gestrand, gesink, verbrand, aan die brand of in botsing of in aanraking is met enige uitwendige voorwerp (insluitende ys maar uitgesluit water);

(b) as gevolg van skade aan die rondhoute waaraan die seile geheg is;

7. skade as gevolg van skrape of kneusing, en/of duike en die koste verbonde aan die oorverf of die oorvernis teweeggebring deur transito of gedurende oplaai of aflaai;

8. verlies van of skade aan duik- of visvangtoerusting of ander sporttoerusting wat regstreeks toe te skryf is aan die gebruik van sodanige toerusting vir die doel waarvoor dit vervaardig was;

9. enige verlies of onkoste aangegaan alleenlik deur 'n ontwerpfout te herstel of in die geval van skade wat voortspruit uit foutiewe ontwerp en wat 'n eis onder voorwaardes van hierdie versekering teweegbring, vir enige bykomende uitgawes aangegaan vir redes van verbetering of wysiging in ontwerp, of die koste en uitgawes om enige deel te vervang of te herstel wat afgekeur is slegs as gevolg van 'n latente gebrek of fout of gebrek in ontwerp of konstruksie;

10. verlies of skade aan boot/bote wat nie permanent met die naam van die moedervaartuig wat onder hierdie Afdeling verseker is gemerk is nie;

11. verlies van of skade aan die vaartuig/vaartuie wat toe te skryf is aan versteekte voorwerpe onder die water.

## BESONDERE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN AFDELING I ONDERAFDELINGS A, B EN C

### 1. BASIS VAN EISESKIKKING

Die basis van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling in geval van verlies van of skade aan eiendom vermeld in die Bylae sal die koste van vervanging of herstelling van eiendom van dieselfde soort of aard wees maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die eiendom toe dit nuut was nie behalwe ten opsigte van eiendom vervaardig, gebou of aangekoop as nuut meer as 5 (vyf) jaar voor die datum van verlies of skade in welke geval die basis van skadeloosstelling die redelike koste van vervanging, herstel of reparasies van die versekerde eiendom sal wees maar nie die redelike markwaarde van sodanige eiendom ten tyde van sodanige verlies of skade oorskry nie, tensy andersins spesifiek by wyse van Endossement ooreengekom

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk sal wees tot die skadeloosstelling hierbo vermeld of die versekerde bedrag van sodanige eiendom wat ookal die minste is;

(b) die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy gedurende enige een versekeringstydperk nie die totale versekerde bedrag sal oorskry nie;

(c) aftrekking ten opsigte van nuwe materiaal wat ou materiaal vervang na die Maatskappy se oordeel gemaak mag word in verband met verlies van of skade aan

(i) seile, skutbedekkings en opgestelde takelwerk;

(ii) buiteboordmotor(s), binneboordmotor(s), batterye en masjinerie;

(d) in geval van verlies van of skade aan die versekerde eiendom, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige nuwe onderdele wat benodig mag word as gevolg van sodanige verlies of skade en wat onverkrygbaar is

in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië of Botswana of verouderd in patroon is, beperk wees tot die waarde van sodanige onderdele ten tye van die verlies of skade, maar nie die vervaardigers se jongste katalogus of pryslys vir sodanige onderdele sal oorskry nie;

(e) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir glinsterverf en/of sier- of ander soortgelyke afwerking tensy dit spesifiek in die Bylae vermeld word dat skadeloosstelling vir sodanige herstel ingesluit is en die Versekerde die premie daarvoor aangevra, betaal het nie;

(f) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir onherstelde skade bykomend tot 'n daaropvolgende algehele verlies opgedoen gedurende die versekeringstydperk in die Bylae vermeld.

## 2. ONDERVERSEKERING

Indien die totale waarde van die versekerde eiendom ten tye van die verlies of skade groter is as die totale versekerde bedrag, sal die Versekerde geag word om sy eie versekeraar te wees vir die verskil en sal dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item indien meer as een sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees. Onderworpe te alle tye aan die bepalings van bovermelde Besondere Voorwaarde 1 wat in berekening gebring sal word in die vasstelling van die waarde van die eiendom ten tye van sodanige verlies of skade.

## 3. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR – AFDELING I

Ten opsigte van elke en iedere gebeurtenis waaruit 'n eis voortspruit sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder uiteengesit of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word. Indien die uitgawes aangegaan deur die Maatskappy die bedrag waarvoor die Versekerde verantwoordelik is insluit, sal sodanige bedrag onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word

**ONDERAFDELING A - VAARTUIG**

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) | Straalspuitski's (Jetski's) | R1 000 | (eenduisend rand) |
| (ii) | Alle ander vaartuie soos omskryf | R250 | (tweehonderd en vyftig rand) |

**ONDERAFDELING B - ANDER EIENDOM**

R250 (tweehonderd en vyftig rand)

**ONDERAFDELING C - SLEEPWA**

R250 (tweehonderd en vyftig rand)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) indien meer as een item van 'n Onderafdeling betrokke is in dieselfde gebeurtenis waaruit 'n eis voortvloei die Versekerde slegs aanspreeklik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar ten opsigte van die gesamentlike eis onder alle sodanige items;

(b) indien meer as een Onderafdeling betrokke is in dieselfde gebeurtenis waaruit 'n eis voortvloei die Versekerde slegs aanspreeklik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van of Onderafdeling A of Onderafdeling B of Onderafdeling C wat ookal die hoogste is in die gesamentlike eis van alle sodanige Onderafdelings.

Die uitdrukking "gebeurtenis" sal beteken 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit een oorsaak in verband met die vaartuig, sleepwa of ander eiendom wat onder hierdie Afdeling verseker is.

## AFDELING II – AANSPREEKLIKHEID

**ONDERAFDELING A - AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDEPARTYE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van:

(a) die toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon;

(b) die toevallige verlies van of skade aan eiendom, met inbegrip van verlies van of skade aan seehoofde, dokke, kaaie, en hawehoofde en die koste verbonde aan enige gepoogde of werklike uitligting, verwydering of vernietiging van die wrak van die vaartuig of versuim of mislukking om dit uit te lig, te verwyder of te vernietig;

wat voortspruit uit die gebruik van of veroorsaak word deur die vaartuig, sleepwa of ander eiendom in die Bylae beskryf.

**ONDERAFDELING B - AANSPREEKLIKHEID TEENOOR NIE-BETALENDE PASSASIERS - SLEGS TEN OPSIGTE VAN MOTORBOTE, SEILJAGTE EN KLEINVAARTUIE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van:

(a) die toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon;

(b) die toevallige verlies van of skade aan die eiendom van enige persoon;

terwyl hy/sy op die vaartuig wat in die Bylae beskryf is reis of terwyl hy/sy daarop aan boord gaan of daarvandaan aan wal gaan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige passasier(s) nie teen vergoeding vervoer word nie.

**ONDERAFDELING C - AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN WATER- OF VALSKERMSKIËRS - SLEGS TEN OPSIGTE VAN MOTORBOTE, SEILJAGTE EN KLEINVAARTUIE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van:

(a) die toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon;

(b) die toevallige verlies van of skade aan die eiendom van enige persoon;

wat besig is om te water- of valskermski terwyl op sleeptou geneem deur die vaartuig wat in die Bylae beskryf is, of terwyl sodanige persone gereed maak om op sleeptou geneem te word of nadat hulle op sleeptou was en totdat hulle veilig aan boord van sodanige vaartuig is insluitende aanspreeklikheid soos omskryf ten opsigte van:

(a) die toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon;

(b) die toevallige verlies van of skade aan eiendom van enige persoon;

opgedoen deur water- of valskermskiërs wat optree saam met die vaartuig in die Bylae beskryf

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) sodanige water- of valskermskiërs nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis nie;

(b) sodanige water- of valskermskiër asof hy/sy die Versekerde was die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie Afdeling vir sover as wat dit van toepassing kan wees nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees.

**ONDERAFDELING D - NAVIGASIE DEUR ANDER PERSONE - SLEGS TEN OPSIGTE VAN MOTORBOTE, SEILJAGTE EN KLEINVAARTUIE**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die bepalings van Afdelings II - Onderafdelings A, B en C van hierdie Afdeling word uitgebrei om van krag te wees ten opsigte van enige persoon behalwe:

(a) 'n persoon wat 'n skeepswerf, herstelwerf of sleephelling bestuur of beheer of by sodanige skeepswerf, herstelwerf, of sleephelling in diens is;

(b) 'n persoon wat 'n seiljag- of motorbootklub, verkoopsagentskap of soortgelyke organisasie beheer of bestuur of by sodanige seiljag-, motorbootklub of soortgelyke organisasie in diens is;

terwyl hy/sy die vaartuig in die Bylae vermeld navigeer of in bevel van sodanige vaartuig is op die bevel van of met die toestemming van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) sodanige persoon nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis nie;

(b) sodanige persoon asof hy/sy die Versekerde was die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie Afdeling vir sover dit van toepassing kan wees nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees;

(c) aan sodanige persoon nie seiljag- of motorbootversekering of die voortsetting daarvan geweier was deur enige ander versekeringsmaatskappy of- onderskrywer nie.

**ONDERAFDELING E - KOSTE EN UITGAWE**

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die bepalings van Afdeling II Onderafdelings A, B, C en D word uitgebrei om die volgende te dek:

(a) die uitgawes aangegaan deur die Versekerde ingevolge sy/haar belang in die vaartuig in die Bylae vermeld ten opsigte van amptelike navrae en doodsondersoek;

(b) regskoste aangegaan in verdediging van enige regsgeding of deur aanspreeklikheid te bestry;

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige koste en uitgawes aangegaan word met die skriftelike toestemming van die Maatskappy;

(c) alle bedrae waarvoor die Versekerde aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal in verband met ongelukke toe te skryf aan of wat beweer word om toe te skryf te wees aan eerstehulpbehandeling toegedien deur of beskikbaar gestel deur die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige aanspreeklikheid ten opsigte van verkeerde diagnose uitdruklik uitgesonder is;

(d) indien meer as een party genoem word in die Bylae van hierdie Afdeling as die Versekerde dan sal elkeen van sodanige partye geag wees om skadeloos gestel te wees ingevolge die skadeloosstelling verleen onder hierdie Onderafdelings asof 'n afsonderlike versekering uitgereik was aan elkeen van sodanige partye en die Maatskappy stem toe om afstand te doen van alle subrogasieregte wat die Maatskappy mag besit of benodig teen enigeen van sodanige partye.

## BESONDER UITSONDERINGS TEN OPSIGTE VAN AFDELING II ONDERAFDELINGS A, B, C, D EN E

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. die dood van of liggaamlike besering aan of siekte van:

   (a) enige persoon wat 'n lid van die Versekerde se huishouding of 'n lid van die Versekerde se gesin is;

   (b) werknemers of enige persoon in diens van die Versekerde in enige hoedanigheid wat ookal, wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens;

   (c) enige persoon wat vervoer word in of op die sleepwa vermeld in die Bylae;

2. verlies van of skade aan eiendom:

   (a) wat aan die Versekerde behoort of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of die beheer is van of wat in bewaring is deur of namens die Versekerde;

   (b) wat vervoer word of te vervoer is in of op die vaartuig en/of sleepwa behalwe ten opsigte van eiendom behorende aan passasiers en waterskiërs op voorwaarde dat aanspreeklikheid van waterskiërs ingesluit is in die Bylae van hierdie Afdeling;

3. eise vir skadevergoeding ten opsigte van betalende passasiers;

4. aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige ooreenkoms;

5. enige raad of behandeling, behalwe eerstehulpbehandeling gegee of toegedien deur die Versekerde of deur enige ander persoon namens die Versekerde;

6. ongelukke wat plaasvind terwyl die vaartuig en/of sleepwa in transito per pad is of geheg is aan 'n motorvoertuig of weggebreek het van of per ongeluk losgeraak het van 'n motorvoertuig insluitende enige aanspreeklikheid wat die onderwerp van skadeloosstelling is ingevolge enige vorm van motorvoertuigversekering (hetsy sodanige versekering deur enige wet verplig word, aldan nie) ondanks die feit of sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie;

7. aanspreeklikheid van of teenoor water- of valskermskiërs tensy spesifiek verseker ingevolge Afdeling II - Onderafdeling C.

## BESONDERE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN AFDELING II ONDERAFDELINGS A, B, C, D EN E

**Perke van aanspreeklikheid**

**1. Ten opsigte van Motorbote, Seiljagte en Kleinvaartuie alleenlik**

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van:

(a) die toevallige dood en/of liggaamlike besering en/of siekte en/of

(b) die toevallige verlies van of skade aan eiendom en/of

(c) koste en/of uitgawes

sal beperk wees tot die bedrae hieronder uiteengesit ten opsigte van enige een ongeluk of reeks van ongelukke veroorsaak deur of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of voorval:

| ONDERAFDELING | AANSPREEKLIKHEID | PERK VAN AANSPREEKLIKHEID |
|---|---|---|
| A | Teenoor Derdepartye | R1 000 000 |
| B | Teenoor Passasiers | R1 000 000 |
| C | Teenoor en/of van Water- of Valskermskiërs indien spesifiek verseker | R1 000 000 |
| E | In die totaal van Omskrewe Gebeurtenisse (a), (b) en (c) hierbo | R 10 000 |

MET DIEN VERSTANDE DAT:

ingeval die Versekerde aanspreeklik word ten opsigte van 'n eis of eise wat voortspruit uit enige een ongeluk of reeks van ongelukke as gevolg van of voortspruitend uit enige een voorval of gebeurtenis wat skadevergoeding meebring ingevolge meer as een Onderafdeling van hierdie Afdeling, die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot R1 000 000 (eenmiljoen rand) gesamentlik.

**2. Ten opsigte van Straalspuitski's alleenlik**

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van:

(a) die toevallige dood en/of liggaamlike beserings en/of siekte en/of

(b) die toevallige verlies van of skade aan eiendom en/of

(c) koste en/of uitgawes

sal beperk wees tot die bedrag hieronder uiteengesit ten opsigte van enige een ongeluk of reeks van ongelukke veroorsaak deur of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of voorval:

| ONDERAFDELING | AANSPREEKLIKHEID | PERK VAN AANSPREEKLIKHEID |
|---|---|---|
| A | Teenoor Derdepartye | R250 000 of die perk in die Bylae vermeld watter ookal die meeste is |
| E | In die totaal van (a), (b) en (c) hierbo | R 10 000 |

MET DIEN VERSTANDE ALTYD DAT:

Ingeval die Versekerde aanspreeklik word ten opsigte van 'n eis of eise wat voortspruit uit enige een ongeluk of reeks van ongelukke as gevolg van of voortspruitend uit enige een voorval of gebeurtenis wat skadevergoeding meebring ingevolge meer as een Onderafdeling van hierdie Afdeling, die Maatskappy se aanspreeklikheid gesamentlik beperk sal wees tot R250 000 (tweehonderd en vyftigduisend rand) of die aanspreeklikheidsperk in die Bylae vermeld watter ookal die meeste is.

## AFDELING III – MEDIESE UITGAWES

### OMSKREWE GEBEURTENISSE

Dokters- en chirurgiese fooie tot en met R5 000 (vyfduisend rand) gesamentlik ten opsigte van noodbehandeling van die Versekerde of die Versekerde se eggenote of kinders wat in die Versekerde se sorg is wat veroorsaak word deurdat die vaartuig sink of in botsing met 'n ander vaartuig kom of in aanraking kom met enige uitwendige voorwerp (insluitende ys maar water uitgesluit).

## BESONDERE UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP AFDELINGS I, II EN III ALLE ONDERAFDELINGS

1. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies, skade, uitgawe of aanspreeklikheid van watter aard ookal regstreeks en/of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra is deur of voortspruit uit:

   (a) gevangeneming, beslaglegging, arrestasie, dwang of aanhouding of die gevolge daarvan of enige poging daartoe; ook van die gevolge van vyandelikhede of krygsverrigtinge, hetsy oorlog verklaar word al dan nie, maar hierdie uitsondering sal nie botsing met enige vaste of drywende voorwerp (anders as 'n myn of torpedo) stranding, onstuimige weer of brand uitsluit nie tensy regstreeks veroorsaak (en onafhanklik van die aard van die reis of diens wat die betrokke vaartuig, of in die geval van botsing, die ander vaartuig daarin betrokke, besig is om te verrig) deur 'n vyandige daad van of teen 'n oorlogvoerende moondheid; en vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit "moondheid" enige owerheid in wat vloot-, militêre of lugmagte in stand hou in samewerking met 'n moondheid;

   (b) seerowery;

   (c) die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met 'n gebeurtenis in klousules 1(a) en 1(b) hierbo bedoel.

   Indien die Maatskappy beweer dat uit hoofde van klousules 1(a) tot 1(c) hierbo verlies of skade nie deur hierdie Afdeling gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## BESONDERE VOORWAARDES, KLOUSULES EN UITBREIDINGS VAN TOEPASSING OP AFDELINGS I, II EN III ALLE ONDERAFDELINGS

### 1. PLIG TOT VERSIGTIGHEID

Die Versekerde moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref om die vaartuig, sleepwa en ander eiendom deur hierdie Afdeling verseker in 'n behoorlike staat van herstel en in 'n see- en padwaardige toestand te hou en sal voortdurend alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die veiligheid van sodanige eiendom en om verlies, skade en ongelukke te voorkom.

### 2. SPOEDBEPERKING

Die maksimum spoed waarvoor die versekerde vaartuig of in die geval van 'n vaartuig met 'n boot/bote, die moedervaartuig, ontwerp is, mag nie 53.75 knope (100 kilometer) per uur oorskry nie.

### 3. GEOGRAFIESE- EN KRUISVAARTGRENSE

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van enige ongeluk, besering, verlies, skade en/of aanspreeklikheid veroorsaak, opgedoen of aangegaan:

(a) buite die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Botswana, Swaziland, Namibië, Mosambiek, Zimbabwe en Malawi;

(b) buite 'n kruisvaartgrens van 12 (twaalf) seemyl vanaf die kuste van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië of Mosambiek

tensy sodanige geografiese en kruisvaartgrense ten opsigte van motorbote, seiljagte en klein vaartuie spesifiek by wyse van Endossement uitgebrei word.

## 4. BESKRYWING VAN GEBRUIK

Gebruik vir sosiale-, huishoudelike-, plesier- en private doeleindes uitgesonderd

(a) gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep of terwyl die versekerde eiendom uitverhuur word op huur- of bevragtingskontrak;

(b) gebruik vir resiesja of snelheidstoetse of enige proewe in verband daarmee;

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die Versekerde die bykomende premie betaal het vir hierdie Uitbreiding die Maatskappy die Versekerde skadeloos sal stel of vergoed ingevolge hierdie Afdeling terwyl die vaartuig gebruik word vir resiesja of snelheidstoetse of enige proewe in verband daarmee.

## 5. EISE

### (a) Kennisgewing van eise

Indien die geografiese- en kruisvaartgrense by wyse van Endossement verleng is en indien 'n gebeurtenis binne sodanige uitgebreide grense plaasvind moet onmiddellik kennis daarvan aan die naaste Lloyds Agent gegee word.

### (b) Reparasies en tenders

Die Maatskappy sal geregtig wees om te besluit oor die hawe of plek waarheen die vaartuig geneem sal word vir dokdienste of herstelwerk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bykomende uitgawe ten opsigte van die reis wat voortspruit uit nakoming van die Maatskappy se vereistes aan die Versekerde terugbetaal sal word. Die Maatskappy sal 'n vetoreg hê aangaande die plek van herstel of die herstelfirma en mag ook tenders aanvra of voorskryf dat tenders aangevra word vir die herstelwerk aan die vaartuig of ander eiendom wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word.

### (c) Herstelling

Die Maatskappy is geregtig om na eie keuse enige deel van die verlore of beskadigde eiendom te herstel of te vervang in plaas daarvan om die bedrag van die verlies of skade in geld te betaal. Herstelling so redelik as wat prakties moontlik is sal as genoegsaam geag word nieteenstaande dat die vorige voorkoms en toestand van die eiendom nie presies bereik word nie. Indien die Maatskappy verkies om te herstel of te vervang sal die Versekerde, indien dit van hom verlang word die Maatskappy voorsien van alle sodanige planne, spesifikasies en inligting as wat nodig of dienstig vir die doel beskou mag word.

### (d) Berekende algehele verlies

Wanneer vasgestel word of die vaartuig 'n berekende algehele verlies is sal die versekerde waarde geneem word as synde die herstellingswaarde en sal die beskadigde- of sloopwaarde van die vaartuig of wrak geheel en al buite rekening gelaat word. Geen eis vir 'n berekende algehele verlies gebaseer op herwinnings- en/of herstelkoste van die vaartuig sal hieronder verhaalbaar wees tensy sodanige koste die versekerde waarde sou oorskry het nie.

### (e) Susterskepe

Indien die versekerde vaartuig in botsing sou kom met of bergingsdienste ontvang van 'n ander vaartuig wat in geheel of gedeeltelik aan die Versekerde behoort of onder dieselfde bestuur is, sal die Versekerde dieselfde regte onder hierdie Afdeling hê as wat hy sou gehad het indien die ander vaartuig geheel en al die eiendom was van eienaars wat geen belang in die versekerde vaartuig het nie; maar in sodanige gevalle sal die aanspreeklikheid vir die botsing verwys word na 'n enkele arbiter oor wie ooreengekom te word tussen die Maatskappy en die Versekerde.

## 6. OORDRAG

Geen oordrag van belange in hierdie Afdeling of in enige gelde wat betaalbaar is of mag word ingevolge hierdie Afdeling sal erkenbaar wees deur of bindend wees op die Maatskappy nie tensy 'n gedateerde kennisgewing van sodanige oordrag of belange geteken word deur die Versekerde en (in geval van daaropvolgende oordrag) deur die oordraggewer op die Afdeling geëndosseer word en die Afdeling met die endossement voorgelê word voordat betaling van enige eis of terugbetaling van premie daaronder gemaak sal word, maar niks in hierdie klousule sal die strekking hê van 'n ooreenkoms deur die Maatskappy met betrekking tot 'n verkoop of oordrag aan 'n nuwe bestuur nie.

## 7. HUURKOOP

Indien die vaartuig, sleepwa of ander eiendom ingevolge hierdie Afdeling verseker na die Maatskappy se wete die onderwerp is van 'n huurkoop- of dergelike ooreenkoms sal betaling gemaak word aan die eienaar daarin vermeld wie se kwitansie as volledige en finale kwytskelding van die Maatskappy beskou sal word vir sover dit sodanige skade of verlies betref.

## 8. UIT DIE VAART TYDPERKE

Geen terugbetaling van premie word toegelaat ten opsigte van tydperke waartydens die vaartuig uit die vaart mag wees nie.

## 9. GEEN REGTE AAN ENIGE PERSOON BEHALWE DIE VERSEKERDE

Niks wat in hierdie Afdeling vervat is verleen enige regte teen die Maatskappy aan enige persoon behalwe die Versekerde nie. Enige uitbreiding van die Maatskappy se aanspreeklikheid, ingevolge enige Onderafdeling van hierdie Afdeling, ten opsigte van enige persoon behalwe die Versekerde verleen aan sodanige persoon geen reg om 'n eis ingevolge hierdie Afdeling in te stel nie, die bedoeling synde dat die Versekerde in alle gevalle vir en namens sodanige persoon moet eis en die kwitansie van die Versekerde sal die Maatskappy in enige geval geheel en al van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Afdeling onthef.

## 10. VERSTEEKTE VOORWERPE ONDER DIE WATER – UITGESONDERD RUBBERVAARTUIE EN BUITEBOORDMOTORS (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in Besondere Uitsondering 11 ten opsigte van Afdeling I - Onderafdelings A, B en C hierbo word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende in te sluit:

(a) verlies van of skade aan die romp/rompe (uitgesonderd rubbervaartuie en buiteboordmotor(s)) wat regstreeks toe te skryf is aan versteekte voorwerpe onder die water.

## 11. VERSTEEKTE VOORWERPE ONDER DIE WATER – INSLUITENDE BUITEBOORDMOTORS (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in Besondere Uitsondering 11 ten opsigte van Afdeling I - Onderafdelings A, B en C hierbo word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende in te sluit:

(a) verlies van of skade aan die vaartuig/vaartuie (uitgesonderd rompe van rubbervaartuie) wat regstreeks toe te skryf is aan versteekte voorwerpe onder die water.

## 12. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# ELEKTRONIESE TOERUSTING

## ONDERAFDELING A: MATERIËLE SKADE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die Bylae beskryf word weens enige oorsaak wat nie hierin uitgesluit word nie terwyl

(a) in werking of nie in gebruik nie enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur die Versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die Bylae;

(b) in transito met inbegrip van laai en aflaai of terwyl dit tydelik op enige perseel onderweg gestoor word;

(c) tydelik verwyder van daardie gedeelte van die gebou wat deur die Versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die Bylae na enige ander gebou.

## UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING A

Die Maatskappy stel die Versekerde nie skadeloos nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van:

1. die Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in Besondere Voorwaardes van toepassing op Onderafdeling A van hierdie Afdeling van elke gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee. Indien meer as een item van die versekerde eiendom fisieke verlies of skade tydens enige enkele gebeurtenis opdoen, is die Eerste Bedrag Betaalbaar die hoogste enkele bedrag van toepassing op sodanige versekerde eiendom;

2. ontwrigting tensy dit gepaard gaan met fisieke skade wat anders deur die Afdeling gedek word;

3. verlies of skade verhaalbaar ingevolge 'n onderhoud- en/of huurooreenkoms wat deur of namens die Versekerde aangegaan is en wat die versekerde eiendom dek;

4. foute of defekte wat ten tye van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die Versekerde (of sy verantwoordelike werknemers) bekend is en wat nie aan die Maatskappy openbaar is nie of enige gevolge daarvan;

5. vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie of uitslyt van enige deel van die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte of skraping van geverfde of gepoleerde oppervlakte van kosmetiese aard;

6. onderdele met ‘n kort lewensduur soos (maar nie daartoe beperk nie) gloeilampe, kleppe, x-straal buise, katodestraalbuise, termioniese emissielbuise, sekerings en offerstroombane. Indien sodanige dele beskadig word as gevolg van fisieke verlies van of skade aan ander dele van die versekerde eiendom waarvoor in hierdie Onderafdeling voor voorsiening gemaak word, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos vir die reswaarde voor die verlies van sodanige uitruilbare dele;

7. die koste van die reproduksie van data hetsy dit op kaarte, bande, diskette of anders opgeneem is tensy Onderafdeling B spesifiek daarvoor voorsiening maak;

8. verlies van gebruik van die eiendom of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van welke aard ookal behalwe verlies waarvoor hierin spesifiek voorsiening gemaak word;

9. (a) verlies weens diefstal of weens die wegraak van versekerde eiendom tensy dit gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating (of enige poging daartoe) vanuit daardie gedeelte van die gebou wat deur die Versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die Bylae of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe volgende op geweld of dreigement tot geweld;

(b) verlies van die versekerde eiendom deur diefstal terwyl in transito of terwyl tydelik van die versekerde perseel verwyder tensy dit deur die Versekerde geïdentifiseer kan word met 'n spesifieke voorval wat onmiddellik aan die polisie en die Maatskappy gerapporteer is.

Die Maatskappy stel die Versekerde nie skadeloos nie teen diefstal van die versekerde eiendom uit enige motorvoertuig waar die versekerde eiendom

(a) oornag in die motorvoertuig gelaat tensy die voertuig in 'n behoorlik gesluite gebou gehou word en toegang tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan;

(b) gehou word in 'n kompartement van die motorvoertuig en aan verbygangers sigbaar is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) en (b) nie van toepassing is nie op diefstal van die versekerde eiendom waar die vervoermiddel

(i) gekaap is of

(ii) in 'n padongeluk betrokke is of onklaarraak en die versekerde eiendom weens omstandighede buite die beheer van die voertuigbemanning/-bestuurder, noodsaaklikerwys onbewaak gelaat word.

## SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling, altyd onderhewig aan die versekerde bedrae vermeld in die Bylae of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk wat in hierdie Onderafdeling vermeld word, is soos hierna vermeld word en soos van toepassing met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom (maar min die waarde van die oorblywende eiendom) en, waar van toepassing, invoerbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

### (1) GEDEELTELIKE VERLIES

Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die hersteluitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die waarde van beskadigde dele wat gebruik kan word, afgetrek word;

(b) die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tye van die herstelwerk uitgevoer word nie kragtens hierdie Onderafdeling A verhaalbaar is nie;

(c) indien tydelike herstelwerk sonder die Maatskappy se toestemming deur die Versekerde uitgevoer is in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die Maatskappy gedra word. In geval die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so opgeloop word of die gevolge daarvan deur die Versekerde betaal word;

(d) indien die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag voorsiening gemaak is.

### (2) TOTALE VERLIES

In geval van die algehele verlies of vernietiging van die nuwe versekerde eiendom is die skadeloosstellingsgrondslag soos volg:

die koste van die vervanging of herstel daarvan op dieselfde terrein met nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en/of kapasiteit, of indien dit nie moontlik is nie, vervanging daarvan met nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en/of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die vervang- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen benewens die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die skade;

(ii) totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie Afdeling betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

(iii) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:

    (a) die Versekerde versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van die verlies of skade, of sodanige verdere tydperk wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat die Maatskappy skriftelik in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde eiendom te vervang of te herstel;

    (b) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel;

(iv) na kommersiële en tegniese waardering deur 'n verteenwoordiger van die Maatskappy en na die Maatskappy se uitsluitlike goeddunke, mag die tydperk waarna in die omskrywing van nuwe eiendom verwys word, verleng word (op 'n jaarlikse basis vanaf die hernuwingsdatum) altyd onderworpe daaraan dat sodanige verlenging van tydperk deur die memorandum tot hierdie Polis toegelaat word

**ONDERVERSEKERING**

Ten opsigte van (1) en (2) hierbo, indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom, word die Versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan dié bepaling onderworpe.

**AANSPREEKLIKHEIDSPERKE**

Die aanspreeklikheidsbedrag ten opsigte van elk van die items wat in die Bylae gespesifiseer word, mag hoogstens die versekerde bedrag beloop wat daarteenoor aangegee word en daarbenewens die volgende:

**(A) ARGITEK- EN ANDER PROFESSIONELE GELDE**

Professionele gelde wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan word vir die herstel of vervanging van eiendom na skadeloosstelbare verlies of skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die totale betaalbare bedrag ten opsigte van sodanige gelde hoogstens 15% (vyftien persent) van die totale bedrag van die eis beloop, maar sluit nie koste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

**(B) OPRUIMINGSKOSTE**

Koste wat noodsaakliker- en redelikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping of demontering van eiendom en/of puinverwydering en by die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word gedurende sloping, demontering, puinverwydering en herbouing na skadeloosstelbare verlies van of skade aan sodanige eiendom

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die totale verhaalbare bedrag hoogstens 15% (vyftien persent) van die totale bedrag van die eis mag beloop.

**(C) SPOEDAFLEWERING EN OORTYD**

Bykomende heffings vir spoedaflewering, lugvrag, oortyd Sondag- en vakansieloonkoerse is betaalbaar ten opsigte van die noodsaaklike en redelike bykomende koste wat deur die Versekerde aangegaan word vir die herstel of vervanging wat deur die Maatskappy goedgekeur is, beperk tot 50% (vyftig persent) van die bedrag wat die herstel of vervanging sou kos indien hierdie bykomende koste nie aangegaan was nie.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING A

**1. KRAGSTUWING OF WEERLIGSLAG**

Alle verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens kragstuwing of weerligslag is onderworpe aan 'n bykomende Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van die netto bedrag betaalbaar vir die item(s) sodanig beskadig onderworpe aan ‘n minimum van R1 000 (eeduisend rand), maar hoogstens R2 000 (tweeduisend rand) per gebeurtenis. Indien die versekerde eiendom egter toepaslik en voldoende beskerm is deur middel van veiligheidsmaatreëls teen variasies in die kragtoevoer, word daar van hierdie bykomende Eerste Bedrag Betaalbaar afstand gedoen.

**2. BRANDBLUSKOSTE**

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

**3. HUURDERS**

Hierdie versekering word nie ongeldig gemaak nie deur enige handeling of versuim aan die kant van ‘n huurder van die Versekerde (indien die Versekerde die gebou besit) of ‘n ander huurder of die eienaar van die gebou (indien die Versekerde ‘n huurder is)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde die Maatskappy in kennis stel sodra sodanige optrede of versuim tot sy wete kom en op aanvraag die toepaslike bykomende premie betaal.

**4. HUURKOOP-/FINANSIERINGSOOREENKOMSTE**

Indien die Maatskappy kennis dra dat die versekerde eiendom of enige individuele item daarvan die onderwerp is van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms, word betaling hieronder gedoen aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die Maatskappy ten opsigte van verlies of skade wat ingevolge hierdie Onderafdeling A van die Afdeling skadeloos gestel word.

**5. SKOOTREKENAARS – UITGEBREIDE DEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Fisieke verlies van of skade aan skootrekenaars wat in die Bylae beskryf word weens diefstal of weens die wegraak van die versekerde eiendom, terwyl enige plek in die wêreld

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Maatskappy stel die Versekerde nie skadeloos nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van

(a) verlies van die versekerde eiendom deur diefstal terwyl in transito of terwyl tydelik van die versekerde perseel verwyder tensy dit deur die Versekerde geidentifiseer kan word met ‘n spesifieke voorval wat onmiddelik aan die polisie en die Maatskappy gerapporteer is

(b) diefstal van die versekerde eiendom uit enige motorvoertuig waar die eiendom

(i) oornag in die motorvoertuig gelaat word tensy die voertuig in ‘n behoorlike gesluite gebou gehou word en toegang tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en geweldadige betreding of verlating gepaard gaan;

(ii) gehou word in ‘n kompartement van die motorvoertuig en aan verbygangers sigbaar is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) en (ii) nie van toepassing is nie op diefstal van die versekerde eiendom waar die vervoermiddel

(a) gekaap is of

(b) in ‘n padongeluk betrokke is of onklaarraak en die versekerde eiendom weens omstandighede buite die beheer van die voertuigbemanning/-bestuurder, noodsaaklikerwys onbewaak gelaat word.

## ONDERAFDELING B: GEVOLGLIKE VERLIES

### OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die versekering wat deur hierdie Onderafdeling van hierdie Afdeling verleen word (indien in die Bylae vermeld), is onderworpe aan die skadeloosstellingsperke vermeld in die Bylae en sluit in:

### (I) VERHOOGDE BEDRYFSKOSTE

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot alle bykomende koste en uitgawes wat noodsaakliker- en redelikerwys gedurende die skadeloosstellingstydperk deur die Versekerde aangegaan word met die uitsluitlike doel om die onderbreking of belemmering van die normale werksaamhede van die Versekerde te voorkom of tot die minimum te beperk

minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige heffings en uitgawes van die besigheid wat mag staak of verminder word as gevolg van die ongeval.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie item is nie regstreeks of onregstreeks van toepassing nie op:

(a) die dekking waarvoor ingevolge item (ii) van hierdie Onderafdeling van hierdie Afdeling voorsiening gemaak word;

(b) die intrinsieke waarde (met inbegrip van herstelwaarde) van die eiendom verseker ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

ten opsigte van elke gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of oorsprong wat ingevolge hierdie item skadeloos gestel word, die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van R250 (Tweehonderd en Vyftig Rand).

### (II) HERSTEL VAN DATA/PROGRAMMATUUR

Koste en uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys deur die Versekerde aangegaan vir die heropstel of hersamestelling van data en/of programmatuur opgeneem of gestoor op datadraende media wat verlore raak as gevolg van toevallige uitwissing (wat die gebeure insluit omskryf in die skadeloosstellingsklousule tot Onderafdeling A van hierdie Afdeling) of deur diefstal of deur die opsetlike kwaadwillige of moedswillige bedoeling om die kansellasie of ontwrigting van data of programmatuur te veroorsaak soos voor voorsien in Onderafdeling A van hierdie Afdeling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die skadeloosstelling nie uitgebrei word om sodanige koste opgeloop vanweë programmatuurfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of ontwrigting van data en/of programmatuur in te sluit nie;

(b) ten opsigte van elke gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of oorsprong wat ingevolge hierdie item skadeloos gestel word, die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van R250 (tweehonderd en vyftig rand);

(c) indien die Versekerde kies om programmatuur (sagteware) te verseker, 'n bylae van sodanige programmatuur by die aanvang van elke versekeringstydperk by die Maatskappy ingedien word;

(d) die skadeloosstelling kragtens hierdie item beperk is tot R5 000 (vyfduisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld watter ookal die meeste is.

## WOORDOMSKRYWING

**SKADELOOSSTELLINGSTYDPERK**

Die tydperk waartydens die resultate van die besigheid geraak word as gevolg van die ongeval wat begin met die getal ure/dae vermeld in die Bylae as die tyduitsluiting na die plaasvind van die ongeval en wat eindig nie later nie as die verstryking van die tydperk vermeld in die Bylae as die skadeloosstellingstydperk na sodanige gebeurtenis.

Die tyduitsluiting is nie van toepassing nie op verlies of skade regstreeks veroorsaak deur brand, storm (met uitsluiting van weerlig), insakking, wind of die ineenstorting van die geboue.

**ONGEVAL**

1. (Slegs van toepassing op verhoogde bedryfskoste). Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom omskryf in die Bylae weens enige oorsaak soos verleen ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling, welke aanspreeklikheid ingevolge die Onderafdeling, behalwe vir bepalings met betrekking tot die Eerste Bedrag Betaalbaar of die onderhoud/huurooreenkomste, 'n voorwaarde vir aanspreeklikheid hierkragtens is.

2. Versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit by die eindpunte van die voorsieningsowerhede in die perseel weens enige toevallige oorsaak behalwe:

   (a) die opsetlike daad van die Versekerde of enige voorsieningsowerheid;

   (b) droogte of brandstoftekort by enige elektrisiteitvoorsieningsowerheid;

   Spesiale voorwaardes van toepassing op onderbreking van die openbare voorsiening van elektrisiteit:

   (a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie Onderafdeling;

   (b) die skadeloosstellingstydperk begin 12 (twaalf) ure na die onderbreking en eindig nie later nie as 30 (dertig) dae na sodanige onderbreking.

**DIE AANSPREEKLIKHEIDSPERK**

Die aanspreeklikheidsperk van die Maatskappy beloop hoogstens die bedrae gespesifiseer in die Bylae (in verband met Onderafdeling B) ten opsigte van enige enkele ongeval of reeks ongevalle wat voortspruit uit of ontstaan in verband met enige enkele gebeurtenis.

In die geval van die betaling van enige bedrag of bedrae deur die Maatskappy ter kwytskelding van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Onderafdeling word die Versekerde bedrae outomaties herstel vir die oorblywende deel van die versekeringstydperk.

Die Versekerde betaal aan die Maatskappy die bykomende premie vereis deur die Maatskappy pro rata bereken vanaf die datum van die ongeval tot die einde van die versekeringstydperk.

## BESONDERE UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING B

### 1. BOETES EN STRAFTOEKENNINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk, vir laat uitvoering van bestellings of vir enige bestraffing van welke aard ookal.

### 2. VERLIES AAN WINS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van verlies aan wins of gevolglike verlies van welke aard ookal tensy hierin spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING B

### 1. HERSTEL

Ondanks enigiets teenstrydigs wat in hierdie Onderafdeling vervat word, word hiermee verklaar en ooreengekom dat in geval van enige onderbreking wat volg op verlies of skade en wat vererger word deur:

(a) die Versekerde se onvermoë of onwilligheid om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel, of sy versuim om sodanige vervanging of herstel binne redelike tyd uit te voer, of

(b) verbouings, toevoegings of verbeterings aan die versekerde eiendom wat tydens die herstel aangebring word

hou die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Afdeling slegs verband met sakeonderbreking wat in die afwesigheid van (a) en (b) sou ontstaan het.

### 2. TELKOM-VERBINDINGSLYNE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die perke wat in die Bylae gespesifiseer word, word gevolglike verlies soos voorsien in Omskrewe Gebeurtenisse (I) en (II) van Onderafdeling B wat ontstaan uit die toevallige onderbreking van die Telkom-verbindingslyne ingesluit

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding onderworpe is aan die spesiale voorwaardes hieronder.

**SPESIALE VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP TELKOM-VERBINDINGSLYNE**

(a) Die Maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie Onderafdeling.

(b) Die skadeloosstellingstydperk begin 12 (twaalf) ure na die onderbreking en eindig nie later nie as 30 (dertig) dae na sodanige onderbreking.

(c) Die versekering verskaf dek nie verlies veroorsaak deur die opsetlike optrede van enige Telkomowerheid of deur die uitoefening van sy reg om toegang tot sy verbindingslyne te beperk of te weerhou nie.

## ALGEMENE MEMORANDUMS

### MEMORANDUM 1 - KAPITAALTOEVOEGINGS EN GELDEENHEIDSKOMMELINGS

Die skadeloosstellings ingevolge hierdie Afdeling sluit in:

(a) bykomende toerusting of programmatuur van 'n soortgelyke aard as dié in die Bylae gespesifiseer wat deur die Versekerde aangekoop word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

ten opsigte van verlies of skade weens elektriese, meganiese of elektroniese onklaarraking of ontploffing, die versekering slegs in werking tree na bevredigende voltooiing of installering of opdraggewing/toetsing en inwerkingstelling by die Versekerde se persele;

(b) voorsiening vir die waardevermindering of herwaardasie van die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika teen dié van die land van oorsprong van die versekerde eiendom en ander inflasie-tendense wat mag lei tot 'n verhoging in die versekerde bedrag (wat die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde verteenwoordig) van die versekerde eiendom

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die verhoging nie 25% (vyf en twintig persent) van die totale versekerde bedrag in die Bylae gespesifiseer vir Onderafdeling A oorskry nie en dit word ooreengekom dat die Versekerde die Maatskappy sal verwittig van sodanige veranderinge na die verstryking van elke versekeringstydperk en die toepaslike premie daarop betaal, tot hoogstens 50% (vyftig persent) van die verskil.

### MEMORANDUM 2 - VERHINDERING VAN TOEGANG

Indien die besigheid by die perseel gedurende die skadeloosstellingstydperk onderbreek of belemmer word as gevolg daarvan dat die Versekerde toegang tot die versekerde eiendom op die perseel verhoed word weens skade aan eiendom binne 'n radius van 10 (tien) km vanaf die versekerde perseel vermeld in die Bylae, deur brand, weerlig, ontploffing, storm, stormwind, oorstroming, vloed, aardbewing of botsing deur voertuie, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos teen verlies voortspruitend uit sodanige onderbreking of belemmering in ooreenstemming met die voorbehoude wat hierin vervat word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Versekerde nie ingevolge enige ander Polis of ander Afdeling van hierdie Polis geregtig is op skadeloosstelling soos in hierdie Uitbreiding voorsiening voor gemaak word nie;

(ii) hierdie Afdeling nie bydra saam met enige ander Polis of Afdeling van hierdie Polis wat 'n soortgelyke Uitbreiding bevat nie.

## SPESIALE UITSONDERING (ONDERAFDELING A & B)

### VIRUSSE, TROJANE EN WURMS

Die Maatskappy stel nie die Versekerde skadeloos teen verlies of skade van watter aard ookal wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan of wurm(s) of soortgelyke skadelike media nie.

## ALGEMENE UITBREIDING

### ONVERSOENBAARHEIDSDEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in die Polis vervat, stel die skadeloosstelling verleen ingevolge Onderafdelings A en B van hierdie Afdeling die Versekerde skadeloos teen onkoste aangegaan ten opsigte van:

(a) modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom wat regstreeks volg op skadeloosstelbare verlies of skade om die bedryfsintegriteit van die elektroniese stelsel te verseker;

(b) vervanging of opgradering van wettige programmatuur om versoenbaarheid met die gemodifiseerde of veranderde elektroniese stelsel te bereik;

(c) die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasie van of veranderings aan die elektroniese stelsel of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programmatuur

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

(1) die koste waarvoor in (a), (b) en (c) hierbo voorsiening gemaak word noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word ten einde normale werkomstandighede in stand te hou;

(2) sodanige bykomende koste aangegaan word as regstreekse gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade ingevolge Onderafdelings A of B (item II) van hierdie Afdeling;

(3) die dekking hieronder verskaf word beperk tot:

 (i) onderdele of komponente van die elektroniese stelsel wat nie ingevolge Onderafdeling A hiervan skadeloosstelbaar is nie;

 (ii) programmatuur of data herskep wat nie ingevolge item (II) van Onderafdeling B hiervan skadeloosstelbaar is nie;

(4) die skadeloosstelling ingevolge hierdie Uitbreiding word ten opsigte van enige enkele voorval in totaal beperk tot 20% (twintig persent) van die toepaslike versekerde bedrag ingevolge Onderafdeling A – (Die skadeloosstellingsperk) en Onderafdeling B item (II) hiervan of R25 000 (vyf en twintigduisend rand), wat ookal die minste is.

## BESONDERE VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING A

### 1. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

(a) **Basiese Eerste Bedrag Betaalbaar – Onderafdeling A**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste R250 (Tweehonderd en Vyftig Rand) van iedere en elke eis.

(b) **Diefstal of wegraak (Uitgesonderd Uitbreiding 5 van Onderafdeling A)**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) ten opsigte van iedere en elke eis.

(c) **Skootrekenaars – Uitgebreide dekking (Uitbreiding 5)**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R1 500 (eenduisend vyfhonderd rand) ten opsigte van iedere en elke eis.

.

# MOTOR

## ONDERAFDELING A – VERLIES OF SKADE

### OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan enige voertuig wat in die Bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is. Indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige verlies of skade wat hierkragtens verseker is, betaal die Maatskappy die redelike koste vir die beskerming en verwydering daarvan na die naaste herstellers en die Versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) bo en behalwe die bedrag van die Eerste Bedrag Betaalbaar waarvoor die Versekerde kragtens hierdie Onderafdeling aanspreeklik is, uitgevoer word sonder dat die Maatskappy se toestemming vooraf verkry word met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die Maatskappy gestuur word. Die Maatskappy betaal ook die redelike koste vir aflewering aan die Versekerde ná die herstel van sodanige verlies of skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die Versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste van terugplasing van enige vensterglas, hoofligglas en agterligglas, hoofligeenheid en agterligeenheid wat deel vorm van die voertuig as gevolg van voorvalle wat nie ander skade tot gevolg het nie met aftrekking van daardie deel van die Eerste Bedrag Betaalbaar waarvoor die Versekerde verantwoordelik is soos bepaal in hierdie Afdeling, ten opsigte van vensterglas, hoofligglas, agterligglas, hoofligeenhede en agterligeenhede

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die skadeloosstellingsperk vir elke soort voertuig is soos wat dit in die Bylae vermeld word en dat dit die maksimum bedrag is wat deur die Maatskappy betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar dit mag hoogstens die redelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade beloop. Verder, indien enige onderdeel, toebehore, of toerusting wat nodig is om skade aan die voertuig te herstel, nie as 'n standaard klaarvervaardigde artikel in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië en Botswana beskikbaar is nie, word die aanspreeklikheid van die Maatskappy nagekom deur betaling van 'n bedrag gelyk aan die waarde van sodanige onderdeel, toebehore of toerusting ten tyde van die ongeluk maar hoogstens die fabrikaat se jongste aangegewe prys in enige geval asook invoerkoste vir sodanige onderdeel, toebehore of toerusting

2. die Maatskappy na sy eie keuse sodanige voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan kan herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van sodanige voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade

3. indien die voertuig na die wete van die Maatskappy die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die Maatskappy ten opsigte van sodanige verlies of skade

4. ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis (behalwe 'n eis weens brand, weerlig, of ontploffing of volgende op diefstal of gepoogde diefstal van motorradio's soos omskryf in 5(ii) en 5 (iii) hieronder) ingevolge hierdie Onderafdeling aanleiding gee, die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar wat in die Bylae vermeld word (na gelang van die soort voertuig) van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge hierdie Onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van enige uitgawe deur die Maatskappy aangegaan in die uitoefening van enige diskresie wat hy/sy ingevolge hierdie versekering mag hê

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   indien die Versekerde of sy gade die Eienaar is van enige privaattipe voertuig, ligte afleweringswa (LAW) of paneelwa soos omskryf in Omskrywing (a) en (b) van hierdie Afdeling van die Polis, verseker en as sulks in die Bylae as ingesluit vermeld ten tye van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis, en sodanige voertuig onder beheer is van die Versekerde of sy gade en die Versekerde of sy gade ouer as 55 (vyf en vyftig) jaar maar jonger as 75 (vyf en sewentig) jaar is, word punte 1 (a), 7 (a) en 7 (b) (i) van die Eerste Bedrag Betaalbaar in die Bylae vermeld, gewysig om nul te lees.

   Indien die onkoste wat deur die Maatskappy aangegaan word, enige Eerste Bedrag Betaalbaar insluit waarvoor die Versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word

5. ingevolge ieder en elke voorval wat aanleiding gee tot ‘n eis wat volg op diefstal of gepoogde diefstal van motorradio’s, bandspelers, twee rigting radio’s en soortgelyke toerusting of telefone:

(i) wat deur die vervaardigers van die voertuig verskaf is toe dit nuut was onderhewig aan die vervangingswaarde van die item

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar wat in die Bylae vermeld word - Verlies of Skade (na gelang van die soort voertuig) ten opsigte van 5.(i) hierbo

(ii) wat nie deur die vervaardigers van die voertuig verskaf is toe dit nuut was nie en nie as ‘n aparte item in die Bylae gespesifiseer is nie beperk sal wees tot hoogstens R2 000 (tweeduisend rand) en nie onderhewig sal wees aan enige Eerste Bedrag Betaalbaar nie

(iii) wat nie deur die vervaardigers van die voertuig verskaf is toe dit nuut was nie en as ‘n aparte item in die Bylae gespesifiseer is sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel tot hoogstens die versekerde bedrag in die Bylae vermeld

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van elke en iedere eis met ‘n minimum van R350 (driehonderd en vyftig rand) ten opsigte van 5.(iii) hierbo.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING A

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vir die volgende te betaal nie;

(a) gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd, waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná ‘n Omskrewe Gebeurtenis of andersins, slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie

(b) skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur lekkasies, snye of barste

(c) skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede

(d) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beamptes of owerhede.

## ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Enige ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die Bylae beskryf word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan die Versekerde en/of enige passasier regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitende die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van;

(i) dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die Versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde is

(ii) skade aan ander eiendom as die eiendom wat aan die Versekerde behoort of deur hom/haar in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is of wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop of daarvan afgelaai word.

Die Maatskappy sal ook, ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie Onderafdeling;

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na sy eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die Maatskappy se algehele aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie Uitbreiding as Onderafdeling B, hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in Onderafdeling B as van toepassing vermeld word

2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die Versekerde of met die Versekerde se toestemming bestuur of gebruik

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   (a) sodanige persoon, asof hy/sy die Versekerde is, die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees

   (b) sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie

   (c) die skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie

   (d) sodanige persoon nie ingevolge enige ander Polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie

3. die Versekerde of enige lid van die Versekerde se huishouding wie normaalweg by die Versekerde woonagtig is en wie afhanklik is van die Versekerde skadeloos stel terwyl hy/sy persoonlik enige privaattipe motorvoertuig, ligte afleweringsvoertuig (LAW) of paneelwa bestuur of gebruik wat nie aan hom/haar behoort nie en nie ingevolge 'n huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan hom/haar gebruikhuur of verhuur word nie met dien verstande dat die Versekerde 'n individu is en dat hy/sy 'n voertuig hierkragtens verseker het wat voldoen aan die beskrywing onder Omskrywing (a) of (b) en met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir skade aan die voertuig terwyl dit bestuur of gebruik word

4. die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa) deur 'n voertuig (behalwe teen vergoeding) met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa of vir die eiendom daarin of daarop nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING B

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie Onderafdeling aanspreeklik ten opsigte van die volgende nie;

(a) soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige Verpligte Motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie

(b) dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op 'n voertuig beskryf in Omskrywing (b), (c), (d), (e), (f) of (g) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan (behalwe enige persoon wat in of op 'n permanent omslote passasierdraende kompartement van (b) en (g) (soos omskryf) vervoer word of wat daarin, daaruit, of daarvan afklim)

(c) aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van 'n voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanige gereedskap of toerusting. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op vurkhysers nie.

**Skadeloosstellingsperk**

Tensy anders vermeld, beloop die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die Bylae vermeld word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die skadeloosstellingsperke in terme van hierdie Onderafdeling soos vermeld in die Bylae soos volg gewysig is alleenlik van toepassing op die bestuurder van ‘n voertuig met ‘n geldige rybewys waarvan die geldigheidsduur 5 (vyf) jaar of minder is:

(a) R2 500 000

(b) R2 500 000

(c) R2 500 000

## ONDERAFDELING C – MEDIESE ONKOSTE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Indien enige insittende in die gespesifiseerde deel van ‘n voertuig hieronder beskryf regstreeks in verband met sodanige voertuig op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse liggaamlike besering opdoen, betaal die Maatskappy die mediese onkoste in verband met sodanige besering tot hoogstens ‘n bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) per beseerde insittende maar tot hoogstens R20 000 (twintigduisend rand) in totaal vir alle beseerde insittendes as gevolg van ‘n voorval of ‘n reeks voorvalle voortspruitende uit een gebeurtenis.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Onderafdeling word verminder met enige bedrag wat ingevolge enige Ongevalle- of soortgelyke Wetgewing verhaalbaar is.

Die uitdrukking Mediese Onkoste sluit enige koste in wat aangegaan word in verband met sodanige insittende se bevryding uit sodanige voertuig of sy/haar vervoer na ‘n plek waar mediese behandeling toegedien kan word.

| **Omskrewe voertuig maar slegs indien dit ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling verseker is** | **Gespesifiseerde gedeelte van voertuig waarin besering opgedoen moet word** |
|---|---|
| 1. Enige privaattipe motorvoertuig of gemotoriseerde karavaan ingesluit voertuie spesifiek aangepas of ontwerp vir die doel van natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of akkommodasie van kommersiële jag en/of wildbesigtigingsaktiwiteite en dienooreenkomstig (waar van toepassing) geregistreer is in terme van die vereistes van die lisensie owerheid. | Enige plek binne en/of op die voertuig. |
| 2. Enige ander tipe versekerde voertuig behalwe ‘n bus of huurmotor | Die permanent omslote passasierdraende kompartement. |

## OMSKRYWINGS

### 1. Voorval

Die woord voorval beteken enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

### 2. Voertuig

Die woord voertuig beteken;

(a) privaattipe motorvoertuie (insluitende stasiewaens, safarivoertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om nie meer nie as 9 mense, insluitende die bestuurder, te dra)

(b) handelsvoertuie of ligte afleweringsvoertuie (LAW's) of paneelwaens met 'n dravermoë van hoogstens 2 000 kilogram, voertuie spesifiek aangepas of ontwerp vir die doel van natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakproses, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite, of akkommodasie van kommersiële jag en/of wildbesigtigings aktiwiteite, selfaangedrewe woonwaens insluitende alle permanente aanhegtings, toebehore, toerusting, gereedskap, matrasse (hoogstens die aantal wat die vervaardigers as standaard spesifikasies voorskryf) en sytente en motorfietse soos omskryf kragtens (c) hieronder

(c) motorfietse, selfaangedrewe driewielvoertuie, bromponies en vierwielmotorfietse

(d) busse wat ontwerp is om meer as 9 (nege) mense, insluitende die bestuurder, te dra

(e) sleepwaens, dit wil sê enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, selfaangedrewe grassnyers en selfaangedrewe gholfkarretjies maar uitgesonderd enige onderdele of toebehore wat nie permanent daarop gemonteer is nie, woonwaens en abbawoonwaens sonder selfaandrywing insluitende alle permanente aanhegtings, toebehore, toerusting, gereedskap, matrasse (hoogstens die aantal wat die vervaardigers as standaard spesifikasies voorskryf) en sytente van sodanige woonwaens en abbawoonwaens sonder selfaandrywing

(f) spesiale tipe voertuie soos beskryf in die Bylae uitgesonderd besproeiingsstelle op wiele en spilpunte

(g) landboukundige werktuie uitgesonderd besproeiingsstelle op wiele en spilpunte

synde enige sodanige voertuig wat deur die Versekerde besit, gehuur of gebruikhuur word, insluitende enige sodanige voertuig wat tydelik deur die Versekerde gebruik word ter vervanging van enige voertuig wat in onbruik is vir die doeleindes van versiening, instandhouding en/of herstelwerk met dien verstande dat die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid hoogstens die markwaarde van die vervangingsvoertuig of die skadeloosstellingsperk van die vervangde voertuig soos in die Bylae vermeld, welke ookal die laagste is, beloop.

### 3. Bepalings ten opsigte van Eisvryegroepe en Geeneiskortings op gespesifiseerde voertuig grondslag (Nie van toepassing indien Opsionele Beperkings 1, 2 en 3 van toepassing is nie)

(a) Eisvryegroepe 1 tot 9 van toepassing op privaattipe voertuie en ligte afleweringswaens (LAW's) of paneelwaens soos omskryf in Omskrywings (a) en (b). Laasgenoemde slegs ten opsigte van afleweringswaens (LAW's) of paneelwaens

(b) Eisvryegroepe 1 tot 6 van toepassing op motorfietse en vierwielmotorfietse soos omskryf in Omskrywing (c)

(c) Geeneiskortings 1 tot 4 van toepassing op handelsvoertuie (uitgesonderd afleweringsvoertuie (LAW's) of paneelwaens, motorfietse en vierwielmotorfietse), busse, sleepwaens en spesiale tipe voertuie soos omskryf onder Omskrywing (b) (uitgesonderd afleweringsvoertuie (LAW's) of paneelwaens), (c), (d), (e) en (f).

Indien geen eis ingevolge hierdie Afdeling ontstaan nie gedurende 'n Versekeringstydperk (of versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) hieronder gespesifiseer wat die hernuwing van die Polis onmiddellik voorafgaan sal die hernuwingspremie (of hernuwingspremies vir die versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) vir daardie motorvoertuig bereken word ooreenkomstig die Eisvryegroep/Geeneiskortingskaal hieronder vermeld.

(i) Versekeringstydperk — Eisvryegroep

| Versekeringstydperk | Omskrywing (a) en (b) | Omskrywing (c) |
|---|---|---|
| minder as een jaar | 0 | 0 |
| die voorafgaande jaar | 1 | 1 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 2 | 2 |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 3 | 3 |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 4 | 4 |
| die voorafgaande vyf opeenvolgende jare | 5 | 5 |
| die voorafgaande ses opeenvolgende jare | 6 | 6 |
| die voorafgaande sewe opeenvolgende jare | 7 | - |
| die voorafgaande agt opeenvolgende jare | 8 | - |
| die voorafgaande nege of meer opeenvolgende jare | 9 | - |

Indien 'n eis egter ten opsigte van 'n privaattipe voertuig, ligte afleweringsvoertuig (LAW's) of paneelwaens soos hierbo vermeld gedurende enige Versekeringstydperk (of versekeringstermyn in die geval van 'n Maandeliks Polis) ontstaan terwyl Eisvryegroep 3, 4, 5, 6, 7, 8 of 9 van toepassing is, sal die hernuwingspremie vir die daaropvolgende Versekeringstydperk (of hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) volgens Eisvryegroep 1, 2, 3, 4, 5, 6 of 7 onderskeidelik bereken word.

Indien 'n eis egter ten opsigte van motorfietse of vierwielmotorfietse soos hierbo vermeld gedurende enige Versekeringstydperk (of Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) ontstaan terwyl Eisvryegroep 3, 4, 5 of 6 van toepassing is, sal die hernuwingspremie vir die daaropvolgende Versekeringstydperk (of Versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) volgens Eisvryegroep 1, 2, 3 of 4 onderskeidelik bereken word.

(ii)

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| minder as een jaar | 0% |
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 40% |

Indien 'n eis egter ten opsigte van 'n voertuig soos hierbo vermeld gedurende enige versekeringstydperk (of versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) ontstaan terwyl Geeneiskortings van 30% (dertig persent) of 40% (veertig persent) van toepassing is, sal die hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstydperk (of hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) volgens Geeneiskortings van 15% (vyftien persent) of 20% (twintig persent) onderskeidelik bereken word.

Indien meer as een voertuig in die Bylae beskryf word geld die eisvryekorting/geeneiskorting asof 'n afsonderlike Polis ten opsigte van elke voertuig uitgereik was.

Die Eisvryegroep/Geeneiskorting sal nie deur enige eis ten opsigte van die volgende beïnvloed word nie:

(a) enige vensterglas, hoofligglas, agterligglas, hoofligeenheid en agterligeenheid;

(b) (i) Uitbreiding 6 Verlies van Sleutels,
(ii) Uitbreiding 11 Insleep en beskermingskoste na meganiese onklaarraking,
(iii) Uitbreiding 12 Noodakkommodasie,
(iv) Uitbreiding 13 Traumabehandeling
(v) Uitbreiding 14 Skade aan buitebande tot R15 000
(vi) Uitbreiding 23 Begrafnisvoordeel.

Tensy die Maatskappy instem tot 'n oordrag van belang in hierdie Polis is die Eisvryegroep/ Geeneiskorting nie oordraagbaar nie.

## UITBREIDINGS

### 1. GEBEURLIKHEIDSAANSPREEKLIKHEID

Die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B sluit eise in wat ingestel word teen;

(a) die Versekerde in die geval van ‘n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg die eiendom van die Versekerde is nóg deur hom/haar voorsien is, terwyl dit gebruik word deur enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie Uitbreiding sodanige persoon genoem)

(b) enige sodanige persoon in die geval van ‘n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg aan hom/haar of die Versekerde behoort nóg deur enige van hulle gebruikhuur of gehuur word, maar slegs tot die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) al die woorde in (b) van die Uitsonderings op Onderafdeling B geskrap word

(ii) die Maatskappy nie aanspreeklik is vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in (a) en (b) hierbo beskryf word nie

(iii) die betaling deur die Versekerde van subsidies of reistoelaes aan sodanige persoon vir die gebruik van sy/haar eie voertuig vir amptelike doeleindes van die Versekerde, insluitende die vervoer van persone vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding daardeur benadeel word

(iv) indien die Versekerde of sodanige persoon ten tyde van die plaasvind van enige ongeluk wat tot ‘n eis ingevolge hierdie Uitbreiding lei, ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis geregtig is, die Maatskappy nie aanspreeklik is om enige betaling hierkragtens te maak nie, behalwe ten opsigte van enige oorskryding bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander Polis betaalbaar is

(v) die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes van die Polis andersins van toepassing is.

### 2. PASSASIERSAANSPREEKLIKHEID (UITGESONDERD NATUURBESIGTIGING OF GEORGANISEERDE TOERE WAT VERBAND HOU MET ENIGE WYNMAAKPROSES, WYNPROE EN/OF SOORTGELYKE AKTIWITEITE OF AKKOMMODASIE VAN KOMMERSIËLE JAG EN/OF WILDBESIGTIGINGSAKTIWITEITE)

Uitsondering (b) op Onderafdeling B is nie van toepassing op voertuie wat in Omskrywings (b) (c), (e), (f) of (g) beskryf word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) dekking onder hierdie Uitbreiding beperk is tot dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op ‘n permanente omslote passasiersdraende kompartement van (b), (f) of (g) (soos omskryf) vervoer word of daarin, daarop , daarvan afklim of daaruit klim

en/of

(ii) vervoer word in of op enige voertuig wat ingevolge hierdie Afdeling verseker is en soos omskryf in Omskrywing 2.(b) en 2.(e) maar uitgesonderd woonwaens en abbawoonwaens sonder selfaandrywing soos omskryf in 2.(e) of terwyl hulle daarin, daarop, daarvan afklim of daaruit klim

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

die voertuie waarna verwys in terme van 2.(ii) hierbo aan alle kante van die laai-area van reëlings voorsien is.

Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die Bylae vermeld word.

**3. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR ONGEMAGTIGDE PASSASSIERS**

Ongeag Uitsondering (b) daarop word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone terwyl hulle vervoer word in of op enige voertuig of terwyl hulle daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, strydig met die Versekerde se opdrag aan hulle bestuurders om nie passasiers te vervoer nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die Bylae vermeld word.

**4. PARKEERFASILITEITE EN VERSKUIWING VAN DERDE PARTYE SE VOERTUIE**

Hierdie Afdeling word uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie aan die Versekerde behoort of aan hulle geleen, gehuur of gebruikhuur word nie), deur enige persoon in diens van die Versekerde of wat namens die Versekerde optree, altyd met dien verstande dat sodanige voertuig verskuif is

(a) met die magtiging van enige huurder, klant of besoeker van die Versekerde, of

(b) in verband met die Versekerde se parkeerreëlings, of

(c) om die uitvoering van die Versekerde se besigheid te bewerkstellig

en verder met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie van toepassing is op skade aan voertuie wat teen vergoeding parkeer is nie.

Sodanige voertuig (en die inhoud daarvan) word vir die doeleindes van hierdie Uitbreiding nie geag deur die Versekerde in trust gehou te word of in sy bewaring of onder sy beheer te wees nie.

**5. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde

owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 6. VERLIES VAN SLOTTE EN SLEUTELS

Die Maatskappy stel die Versekerde skadeloos ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig nà verlies van of skade aan die slot of sleutel of alarmbeheerder van sodanige voertuig of, nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) beloop of die bedrag in die Bylae vermeld, welke ookal die grootste is

(ii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die eerste R200 (tweehonderd rand) ten opsigte van iedere en elke eis.

Die bepalings van hierdie Afdeling wat verband hou met die Eerste Bedrag Betaalbaar en Geeneiskorting is nie van toepassing op hierdie Uitbreiding nie.

## 7. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste (tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand)) wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 8. WRAKVERWYDERING

Die dekking verskaf ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig nà skade aan sodanige voertuig deur 'n Omskrewe Gebeurtenis met dien verstande dat benewens die skadeloosstellingsperk ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling, die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding, hoogstens die bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) beloop of die perk in die Bylae vermeld welke ookal die grootste is.

## 9. KREDIETTEKORT

Indien enige algehele verliesskikking ingevolge Onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die Maatskappy aan die Versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

(a) enige agterstallige paaiement of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae

(b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word

(d) die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Onderafdeling A

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die bedrae betaalbaar hoogstens maksimum skadeloosstelling minus die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Onderafdeling A beloop

(ii) die Uitbreiding nie van toepassing is nie op ‘n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaardebedrag nà die aanvanklike paaiement, met meer as 10% (tien persent) van enige ander paaiement verskil nie

(iii) indien sodanige tekort die resultaat is van ‘n hervoorskot ingevolge ‘n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge ‘n bruikhuurooreenkoms, die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding nietig verklaar word.

## 10. VERVANGING VAN VERSEKERDE MOTORVOERTUIE (Privaattipe motors en ligte afleweringswaens (LAW’s) alleen)

In geval van privaattipe motors en ligte afleweringswaens (LAW’s) sal die Maatskappy in plaas van 'n geldelike betaling en onderworpe aan die toestemming van die Versekerde en van enige ander belanghebbende party wat aan die Maatskappy bekend is, die motorvoertuig met 'n nuwe motorvoertuig van dieselfde fabrikaat en model vervang (onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan) indien dit binne 'n tydperk van 12 (twaalf) maande na die eerste registrasiedatum van die voertuig en onderworpe daaraan dat dit nie meer as 30 000 (dertigduisend) kilometers afgelê het nie;

(a) deur diefstal verloor is en nie opgespoor word binne 'n redelike tydperk nadat die diefstal by die Maatskappy aangemeld is nie

of

(b) skade tot die mate dat die koste van herstel 70% (sewentig persent) van die gelysde prys plus belasting wanneer nuut

sal die basis van skadeloosstelling die huidige koste van 'n nuwe motor of bakkie van dieselfde of soortgelyke model wees onderworpe aan 'n perk van 120% (eenhonderd en twintig persent) van die maksimum aanspreeklikheid (min die Eerste Bedrag Betaalbaar)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) indien 'n motorvoertuig soos hierbo uiteengesit vervang word die Maatskappy geregtig sal wees op die besit en eienaarskap van die verlore of beskadigde motorvoertuig

(ii) die bedrag betaalbaar beperk is tot die bedrag vermeld in die Bylae.

## 11. INSLEEP- EN BESKERMINGSKOSTE NA MEGANIESE ONKLAARRAKING (Slegs van toepassing op privaat motors en ligte afleweringswaens)

In die geval van meganiese of elektriese onklaarraking van die voertuig sal die Maatskappy tot 'n bedrag van R2 000 (tweeduisend rand) betaal synde koste vir insleep en beskerming.

Hierdie dekking is beperk tot een voorval in 12 (twaalf) opeenvolgende maande.

## 12. NOODAKKOMMODASIE (Slegs van toepassing op privaat motors en ligte afleweringswaens)

Akkommodasie vir die Versekerde, sy/haar gade sowel as enige passasier wat saam met die Versekerde reis, sal betaal word deur die Maatskappy in geval van 'n noodsituasie as gevolg van verlies of skade aan die voertuig tot 'n bedrag van R750 (sewehonderd en vyftig rand) per persoon maar beperk tot R3 000 (drieduisend rand) per gebeurtenis.

Hierdie dekking is slegs van krag vir een nag weg van die Versekerde se private woning indien die reis nie voltooi kan word nie weens verlies of skade aan die Versekerde voertuig. Die verlies of skade moet gedek wees in terme van die Afdeling.

Hierdie dekking is nie van toepassing in geval van meganiese of elektriese onklaarraking van die voertuig nie.

**13. TRAUMABEHANDELING**

In die geval van mediese uitgawes wat nie andersins gedek is nie sal die Maatskappy tot 'n bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) per gebeurtenis betaal vir traumabehandeling by 'n sielkundige indien die Versekerde en/of gade behandeling benodig weens kaping of poging daartoe van 'n omvattende versekerde privaat motor of ligte afleweringswa.

**14. SKADE AAN BUITEBANDE (Trekkers, Stropers en Landboukundige Implemente**)

Die dekking onder hierdie Afdeling is uitgebrei om totale en onherstelbare verlies van die buitebande terwyl aan die items in die Bylae van hierdie Afdeling gemeld maar slegs indien omvattend verseker in te sluit as gevolg van skade veroorsaak deur onsigbare of versteekte voorwerpe terwyl op die pad of enige ander oppervlak

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid sal beperk word tot 'n maksimum van R15 000 (vyftienduisend rand) per buiteband tensy die waarde per buiteband bo R15 000 (vyftienduisend rand) in die Bylae vermeld word

(b) die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R200 (tweehonderd rand) van iedere en elke eis

(c) die Versekerde na skade, op eie koste, inspeksie sal laat uitvoer deur een of meer erkende versolers om vas te stel of 'n band herstel kan word en wat die persentasie slytasie is.

Die bepalings van hierdie Afdeling wat verband hou met die Eerste Bedrag Betaalbaar en Eisvryegroep/Geeneiskorting is nie van toepassing op hierdie Uitbreiding nie.

**15. WOONWAENS UITVERHUUR (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die woord "verhuur" word geskrap in die paragraaf onder die opskrif "Beskrywing van Gebruik" in hierdie Afdeling, indien 'n woonwa deur hierdie Afdeling verseker, uitverhuur word.

Sub-paragraaf 1(c) van die Besondere Uitsonderings op alle Onderafdelings van hierdie Afdeling van toepassing word met die volgende vervang:

" 1(c) aangegaan of opgedoen terwyl die Motorvoertuig waarmee die woonwa gesleep word;

(i) bestuur word deur die huurder terwyl hy/sy onder die invloed is van bedwelmende drank, verdowingsmiddels, dwelmmiddels of narkotiese middels (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien die huurder se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl hy/sy nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie

(ii) bestuur word deur enige ander persoon met die algemene toestemming van die Huurder wat na wete van die Huurder onder die invloed van bedwelmende drank, verdowingsmiddels, dwelmmiddels of narkotiese middels is ( tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie maar dit is nie van toepassing nie indien die Huurder onbewus was dat die bestuurder ongelisensieerd is en indien die Huurder tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

Met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieerd te wees om die voertuig te bestuur, indien hy/sy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in 1(b) van Besondere Uitsonderings op alle Onderafdelings van hierdie Afdeling van toepassing verwys word, of indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing, of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders".

**16. STROPERGRAANTAFELS EN SNYTAFELS**

Die Maatskappy stel die Versekerde skadeloos kragtens Onderafdelings A en B van hierdie Afdeling ten opsigte van die stropergraantafel(s) en/of stropersnytafel(s) in die Bylae omskryf terwyl dit aan die stroper(s) in die Bylae omskryf geheg is of terwyl dit los is daarvan met dien verstande dat terwyl dit los is van sodanige stroper(s) dit nie aan enige ander stroper(s) geheg is nie

**17. NOODWIEL EN GEREEDSKAP EERSTE BEDRAG BETAALBAAR GEKANSELLEER (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie sal die Versekerde nie aanspreeklik wees nie vir die "Eerste Bedrag Betaalbaar" in die Bylae van hierdie Afdeling vermeld in geval van verlies of skade aan:

(a) 'n noodwiel van 'n privaattipe motor (insluitende stasiewaens, safarimotors en mikrobusse)

(b) gereedskap van 'n privaattipe motor (insluitende stasiewaens, safarimotors en mikrobusse) wat as standaardtoerusting uitgereik word deur die vervaardiger van die voertuig

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding nie van toepassing sal wees in die geval van verlies van of verdwyning van die genoemde eiendom vanuit 'n onbewaakte voertuig nie, tensy sodanige eiendom gehou word in die passasierskajuit of bagasiebak wat deeglik gesluit is, en toegang tot die kajuit of bagasiebak van die voertuig verkry word deur wesenlike, sigbare en gewelddadige wyse.

**18. HUUR VAN MOTORVOERTUIG (Privaat tipe motors en/of ligte afleweringswaens (LAW's) alleen) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie onderneem die Maatskappy om in die geval van

(a) diefstal van die omvattende versekerde motorvoertuig in die Bylae vermeld

of

(b) beskadiging van die omvattende versekerde motorvoertuig in die Bylae vermeld waarvoor skadeloosstelling deur Onderafdeling A voorsien word

die motorvoertuighuurkoste vir die huur van 'n mediumgrootte klas motorvoertuig (synde 'n enjinkapasiteit van hoogstens 2 000 kub cm) te betaal op 'n onbeperkte afstandbasis maar met uitsluiting van die koste van brandstof en smeermiddels

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die bestelling van 'n motorvoertuig om te huur eers deur die Maatskappy geplaas en gemagtig moet word

(b) die huurtydperk

  (i) nie later nie as 30 (dertig) dae na die datum van diefstal of as die motorvoertuig nie gesteel is nie vanaf die datum van beskadiging, 'n aanvang moet neem

  (ii) beëindig moet word op die dag wat volg

    (a) op die dag waarop die gesteelde motorvoertuig onbeskadig teruggevind word

    of

    (b) die terugneming van die motorvoertuig deur die Versekerde nadat herstelwerk goedgekeur deur die Maatskappy, afgehandel is

    of

    (c) die aankoop van 'n vervangende motorvoertuig

(iii) nie 30 (dertig) dae sal oorskry nie

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige verlies en/of skade aan enige privaat tipe motor en/of ligte afleweringswa (bakkie) wat ingevolge hierdie Uitbreiding deur die Versekerde gehuur word na die verlies of skade nie

(d) die Maatskappy geregtig is op enige verhaling van derdepartye of hulle versekeraars ten opsigte van verlies van gebruik van die versekerde privaat tipe motor of ligte afleweringswa (LAW).

**19. AANSPREEKLIKHEID TEENOOR PASSASIERS (Slegs van toepassing op busse) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Onderworpe aan Besondere Uitsondering (a) van Onderafdeling B en as teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is die verwysing na "Woordomskrywing (d)" onder Besondere Uitsondering (b) van Onderafdeling B gekanselleer en die Maatskappy sal nieteenstaande enigiets andersluidend hierin vervat die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid teenoor passasiers

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid uit hoofde van hierdie Uitbreiding beperk is tot die bedrag vermeld in die Bylae ten opsigte van 'n enkele sodanige passasier en ten opsigte van 'n enkele eis of reeks eise wat uit 'n enkele gebeurtenis voortspruit

(b) die dekking deur hierdie Uitbreiding verleen nie van toepassing is op persone wat op 'n sleepwa vervoer word nie.

**20. VERLIES VAN GEBRUIK VAN VOERTUIG (Trekkers en/of Stropers) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie onderneem die Maatskappy om die Versekerde te betaal vir die huur van 'n trekker en/of stroper (met bestuurder indien nodig) teen indiening van 'n bewysstuk of rekening van die verskaffer of verhuurder, maar wat nie die aantal dae of bedrag per dag in die Bylae vermeld gedurende die gangbaarheid van hierdie Afdeling sal oorskry nie, as gevolg van die verlies van gebruik van die trekker en/of stroper in die Bylae vermeld, die gevolg van of veroorsaak deur die gevare waarteen hierdie Afdeling verseker en wat normaalweg 'n eis onder hierdie Afdeling sou uitmaak.

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat in die geval van 'n ongeluk wat sal lei tot 'n eis onder hierdie Afdeling, skriftelik kennis binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van die ongeluk aan die Maatskappy gegee word.

Die Maatskappy is geregtig op enige verhaling van derdepartye of hulle versekeraars ten opsigte van verlies van gebruik van die versekerde trekker en/of stroper

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) verlies of skade as gevolg van bevriesing of meganiese breekskade

(b) vergoeding vir verlies van gebruik vir die eerste 72 (twee en sewentig) uur onmiddellik na die voorval of gebeurtenis

(c) vir die voorsiening van 'n trekker en/of stroper

(d) enige verlies en/of skade aan enige trekker en/of stroper wat ingevolge hierdie Uitbreiding deur die Versekerde gehuur word na die verlies of skade.

**21. VERLIES VAN GEBRUIK VAN VOERTUIG (Vragmotors en/of Voorhakers) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie onderneem die Maatskappy om die Versekerde te betaal vir die huur van 'n vragmotor en/of voorhaker soortgelyk aan die Versekerde vragmotor en/of voorhaker teen indiening van 'n bewysstuk of rekening van die verskaffer of verhuurder, maar wat nie 30 (dertig) dae of die bedrag (hoogstens R500 (vyf honderd rand) per dag) in die Bylae vermeld gedurende die gangbaarheid van hierdie Afdeling te bowe sal gaan nie, as

gevolg van die verlies van gebruik van die vragmotor en/of voorhaker in die Bylae vermeld, die gevolg van of veroorsaak deur die gevare waarteen hierdie Afdeling verseker en wat normaalweg 'n eis onder hierdie Afdeling sou uitmaak.

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat:

(a) in die geval van 'n ongeluk wat sal lei tot 'n eis onder hierdie Afdeling, skriftelik kennis binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van die ongeluk aan die Maatskappy gegee word

(b) in die geval van diefstal van 'n versekerde voertuig sal die dekking vir verlies van gebruik slegs in werking tree indien die voertuig teruggevind word en dan alleenlik vir die hersteltydperk wat nodig is

(c) huurgeld nie vir langer as 30 (dertig) dae betaalbaar sal wees nie.

Die Maatskappy is geregtig op enige verhaling van derdepartye of hulle versekeraars ten opsigte van verlies van gebruik van die versekerde vragmotor en/of voorhaker:

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) verlies of skade as gevolg van bevriesing of meganiese breekskade

(b) vergoeding vir verlies van gebruik vir die eerste 5 (vyf) dae vanaf die datum wat 'n skriftelike kwotasie vir die huur van die vragmotor en/of voorhaker deur die Maatskappy ontvang is

(c) die voorsiening van 'n vragmotor en/of voorhaker

(d) enige verlies en/of skade aan enige vragmotor en/of voorhaker wat ingevolge hierdie Uitbreiding deur die Versekerde gehuur word na die verlies of skade

(e) die eerste 25% (vyf en twintig persent) van die werklike huurgeld betaalbaar tot hoogstens R500 (vyf honderd rand) per dag.

## 22. PASSASIERSAANSPREEKLIKHEID – WERKNEMERS (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy stel die Versekerde ingevolge Onderafdeling B skadeloos teen die dood van of liggaamlike besering aan ‘n werknemer wat vervoer word in of op, of wat in- of uit- of afklim van enige voertuig wat ingevolge hierdie Afdeling verseker is soos omskryf in Omskrywing van Voertuig 2.(b) en 2.(e) maar uitgesonderd woonwaens en abbawoonwaens sonder selfaandrywing soos omskryf in 2.(e)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die voorval buite werkskonteks plaasgevind het

(b) die voertuig aan alle kante van die laaiarea van reëlings voorsien is

(c) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag in die Bylae vermeld ten opsigte enige enkele gebeurtenis.

## 23. BEGRAFNISVOORDEEL

In geval van ‘n ongeluk ten opsigte van privaattipe motors (soos omskryf) en ligte afleweringsvoertuie (LAW’s) met ‘n dravermoë van hoogstens 2 000 (tweeduisend) kg wat binne 3 (drie) maande tot die dood van die Versekerde en/of die Versekerde se gade lei, sal die Maatskappy R5 000 (vyfduisend rand) aan die Versekerde se boedel betaal as ‘n bydrae tot begrafniskoste.

## 24. DEEL VAN VOERTUIG

Die aanvaarding van betaling vir saamrygeleenthede aan passasiers in privaat tipe motors (soos omskryf) en in die passasiersdraende kompartement van ligte afleweringsvoertuie (LAW's) met 'n dravermoë van hoogstens 2 000 (twee duisend) kg wanneer dit deel uitmaak van 'n voertuigdeelooreenkoms vir sosiale doeleindes of pendel, sal nie as uitgesluit kragtens die beskrywing van gebruikvoorwaardes beskou word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die passasiers nie in die loop van 'n passasiervervoerbesigheid vervoer word nie

(b) die totale betalings wat vir sodanige ritte ontvang word nie enige winsdeling insluit nie.

## 25. AFKOOP VAN VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (PRIVAATTIPE MOTORVOERTUIE EN LIGTE AFLEWERINGSVOERTUIE (LAW'S) ALLEEN) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word die basiese verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in terme van punte 1 (a), 7(a), 7(b)(i) en 7 (b) (ii) (a) en (b) van die Bylae van toepassing op Onderafdeling A – Verlies of Skade, ingesluit vensterglas soos omskryf, hiermee gekanselleer

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) hierdie Uitbreiding slegs van toepassing is ten opsigte van die Versekerde of sy/haar gade

(ii) hierdie Uitbreiding slegs van toepassing is op motorvoertuie soos omskryf in terme van 2.(a) Privaattipe Motorvoertuie en Ligte Afleweringsvoertuie (LAW's) of Paneelwaens met 'n dravermoë van hoogstens 2 000 kg soos omskryf in 2.(b) onder die opskrif Omskrywings van hierdie Afdeling.

## 26. PASSASIERSAANSPREEKLIKHEID – KLIËNTE TEN OPSIGTE VAN NATUURBESIGTIGING OF GEORGANISEERDE TOERE WAT VERBAND HOU MET ENIGE WYNMAAKPROSESSE, WYNPROE EN/OF ENIGE SOORTGELYKE AKTIWITEITE OF KOMMERSIËLE JAG EN/OF WILDBESIGTIGINGS AKTIWITEITE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan Besondere Uitsondering (a) van Onderafdeling B en as teenprestasie vir die betaling van 'n bykomede premie is die verwysing na "Woordomskrywings" onder Besondere Uitsondering (b), (c), (e), (f) en (g) van Onderafdeling B gekanselleer en die Maatskappy sal nieteenstaande enigiets andersluidend hierin vervat die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid teenoor passasiers

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid uit hoofde van hierdie Uitbreiding sal nie die bedrag in die Bylae vermeld oorskry nie ten opsigte van enige enkele passasier en ten opsigte van enige enkele eis of reeks eise wat uit 'n enkele gebeurtenis voortspruit wat vervoer word in of op 'n permanente omslote kompartement van Omskrywing 2.(b) of daarin, daarop, daarvan of daaruit klim

en/of

(ii) vervoer word in of op of daarin, daarop, daarvan of daaruit klim van enige voertuig wat ingevolge hierdie Afdeling verseker is en beskryf is in Omskrywing 2.(b) en 2.(e). Laasgenoemde ten opsigte van Sleepwaens alleen

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT

(a) Die voertuie waarna verwys in terme van 26.(ii) hierbo (uitgesonderd voertuie spesifiek aangepas of ontwerp vir die doeleindes van natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of akkommodasie van kommersiële jag en/of wildbesigtigings aktiwiteite soos omskryf in Omskrywing 2.(b)) aan alle kante van die laai-area van reëlings voorsien is.

(b) Die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die Bylae vermeld word.

## 27. OPSPORINGSTOESTEL

Die Maatskappy stel die Versekerde skadeloos ten opsigte van die opsporingstoestel geinstalleer in die voertuig ten tye waarvan die voertuig onherstelbaar beskadig is of nie opgespoor kan word nie as gevolg van diefstal of kaping op enige poging daartoe

MET DIEN VERSTANE DAT:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van die opsporingsstelsel sal nie die werklike koste of R2 000 (tweeduisend rand), wat ookal die minste is, oorskry nie

(b) die Voertuigopsporingsmaatskappy moet deur die Maatskappy goedgekeur wees.

## MEMORANDA

## 1. PREMIEAANPASSING

(a) Ongespesifiseerde Voertuie

Indien hierdie Afdeling op ‘n ongespesifiseerde voertuiggrondslag uitgereik word, moet die Versekerde aan die einde van elke versekeringstydperk ‘n verklaring van die totale aantal voertuie wat op sodanige verstrykingsdatum deur hom/haar besit, gehuur of gebruikhuur is, by die Maatskappy indien. By ontvangs van hierdie verklaring doen die Maatskappy ‘n premieaanpassing van 50% (vyftig persent) van die jaarlikse tarief per voertuig toegepas op die verskil in die aantal voertuie by die aanvang of die hernuwing en die aantal wat verklaar is.

(b) Gespesifiseerde Voertuie

Indien ‘n privaattipe motor of ligte afleweringswa (bakkie) of paneelwa met ‘n dravermoë onder 2 000 (tweeduisend) kg wat hierdeur verseker is van die hand gesit word en ‘n ander motorvoertuig in die plek daarvan in die Afdeling opgeneem word, sal geen aanpassing van premie gemaak word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die versekerde waardes en uitbreidings van toepassing op die betrokke voertuie nie verskil nie. Indien versekerde waardes met die vervanging sou verhoog of verlaag en uitbreidings bygevoeg of weggelaat word, sal die premie dienooreenkomstig aangepas word.

## 2. OORLOG

Slegs ten opsigte van Onderafdelings B en C word Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang:

“Hierdie Afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie”.

## 3. BESKRYWING VAN GEBRUIK

### KLAS 0

Motorvoertuie gebruik deur boere uitsluitlik vir

(a) boerderydoeleindes en/of

(b) sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleindes en/of

(c) vir georganiseerde gebiedsbeskerming ter voorkoming van misdaad.

**KLAS 1**

(i) Privaatmotors, ligte afleweringswaens (LAW's), karavane, motorfietse, vierwielmotorfietse en tweewielbagasiesleepwaens gebruik deur boere, kommersiële wynkelders en/of landgoedwynkelders betrokke

(a) in ander beroepe vir sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleindes en/of

(b) vir reis na en van die werk van die Versekerde en gebruik in verband met die Versekerde se besigheid of beroep soos vermeld in die Bylae en/of

(c) natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of kommersiële jag en/of wildbesigtigingsaktiwiteite en/of

(d) vir georganiseerde gebiedsbeskerming ter voorkoming van misdaad.

(ii) Privaatmotors, ligte afleweringsvoertuie (LAW's), karavane, motorfietse, vierwielmotorfietse en tweewielbagasiesleepwaens gebruik deur individue woonagtig op 'n plaas betrokke in ander beroepe vir sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleindes en/of vir reis na en van die werk van die Versekerde.

Die skadeloosstelling van die Versekerde ten opsigte van enige voertuig is van toepassing terwyl sodanige versekerde voertuig onder die beheer of toesig van 'n lid van die motorhandel vir doeleindes van opknapping, versiening of herstelwerk is

Met uitsluiting van:

verhuring, vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers (uitgesonderd ten opsigte van natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of jag en wildbesigtigingsaktiwiteite), renne, spoed of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse, vervoer van plofstowwe of vervoer van enige vrag of passasiers wat die dravermoë oorskry waarvoor dit gebou of gelisensieerd is of gebruik vir enige doeleindes in verband met die motorhandel.

## 4. OORTREDINGS

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die Versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word of indien hy/sy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, of bestuur onder die invloed van bedwelmende drank, dwelmmiddels, verdowingsmiddels, narkotiese middels of oortreding van die statutêre persentasie bloedalkoholperk moet skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy gestuur word sodra die Versekerde van sodanige feit bewus word.

## 5. ONDERHOUD VAN VOERTUIG

Die Versekerde en/of enigeen wat namens die Versekerde optree en/of enige ander persoon wat die voertuig met die algemene wete en toestemming van die Versekerde bestuur moet alle redelike stappe doen om enige Motorvoertuig wat in die Bylae omskryf word, te beveilig teen verlies of skade en dit in 'n doeltreffende toestand te hou

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy te alle tye vrye en volkome toegang het om sodanige Motorvoertuig te ondersoek. In die geval van enige ongeval of onklaarraking moet sodanige Motorvoertuig nie sonder toesig gelaat word sonder dat behoorlike voorsorgmaatreëls getref word om verdere skade of verlies te voorkom nie en indien sodanige Motorvoertuig bestuur word voordat die nodige herstelwerk gedoen is, is enige toename van die skade of verdere skade aan sodanige Motorvoertuig geheel en al die Versekerde se eie risiko.

## 6. AFSTANDDOENING VAN SUBROGASIEREGTE

Die Maatskappy doen vir die doel van hierdie Afdeling afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle mag hê of wat hulle mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke sodanige persoon moet die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes (Algemeen sowel as Besondere) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 7. PRINSIPALE

Nieteenstaande Besondere Uitsondering 2 van hierdie Afdeling, word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou-Industrieë-Federasie van Suid-Afrika vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat deur die Versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat in die Bylae vermeld word, beloop.

## 8. KRUISAANSPREEKLIKHEDE

Waar meer as een Versekerde in die Bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike Polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word, beloop.

## OPSIONELE BEPERKINGS

### 1. SLEGS DERDEPARTY (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)

Onderafdelings A en C en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

### 2. DERDEPARTY EN BRANDVERSEKERING ALLEENLIK (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy kragtens Onderafdeling A is uitsluitlik beperk tot verlies of skade voortvloeiend uit brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing. Verder word Onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting gekanselleer.

### 3. SLEGS DERDEPARTY, BRAND EN DIEFSTAL (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge Onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe. Verder word Onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting gekanselleer.

## BESONDERE UITSONDERINGS OP ALLE ONDERAFDELINGS VAN TOEPASSING

1. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie:

   (a) terwyl die voertuig met die medewete en toestemming van die Versekerde op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die klousule “Beskrywing van Gebruik”, gebruik word

   (b) opgedoen buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek. Die Maatskappy stel ook die Versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitende die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan

   (c) opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

      (i) die Versekerde terwyl die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien die Versekerde se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl die Versekerde nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie;

(ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie maar dit is nie van toepassing nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

Met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in Besondere Uitsonderings 1(b) verwys word, of indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing, of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Besondere Uitsondering 1.(c)(ii) hierbo insluitend die voorbehoudsbepaling van toepassing daarop die bestuurder van enige voertuig wat aangewend mag word vir die doeleindes van enige natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite or jag en/of wildbesigtigingsaktiwiteite te alle tye ten volle gelisensieerd moet wees om sodanige voertuig te bestuur of te beheer.

2. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

3. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige ongeval, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid ten opsigte van 'n karavaan terwyl in gebruik as 'n permanente woonplek.

**Spesifieke Voorwaarde**

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die Versekerde of sy/haar/hulle gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien hy/sy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy gestuur word sodra die Versekerde van sodanige feit bewus word.

# BRAND

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Indien die eiendom in die Bylae beskryf of enige gedeelte daarvan, die eiendom van die Versekerde of deur hom in trust of teen kommissie gehou en waarvoor hy verantwoordelik is beskadig of vernietig word deur enige van die volgende gevare:

1. Brand

2. Weerlig of donderslag

3. Ontploffing

sal die Maatskappy aan die Versekerde die waarde van die eiendom ten tye van die plaasvind van die vernietiging daarvan of die bedrag van sodanige skade betaal of na die Maatskappy se keuse sodanige eiendom of enige deel daarvan herstel of vervang

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy in geen geval ten opsigte van elke item die bedrag in die Bylae gemeld sal oorskry nie.

**UITBREIDINGS**
**(Nie van toepassing op kamp- en lyn/grensdrade, wild en/of volstruise, miedens en wingerdstokies in die ope nie)**

**A. SPESIALE GEVARE**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om verlies of beskadiging van die eiendom hierin beskryf regstreeks deur die volgende veroorsaak, in te sluit:

1. storm, wind, water, hael of sneeu uitsluitend vernietiging of beskadiging van eiendom:

   (a) voortspruitend uit die ondergaan van enige proses wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels

   (b) veroorsaak deur vloedgolf wat uit aardbewing of vulkaniese uitbarsting ontstaan

   (c) in die ondergrondse werke van enige myn

   (d) in die opelug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die opelug te wees of te werk)

   (e) in enige struktuur wat nie heeltemal onder dak is nie

   } Tensy so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker

   (f) wat stutmure of keermure is

2. lugvaartuie of ander lugontwerpe of voorwerpe daaruit laat val

3. botsing teen enige van die geboue deur diere, bome (behalwe vallende bome terwyl kontrakteurs besig is met die fel daarvan), antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of die vrag op sodanige voertuie.

**HIERDIE UITBREIDING A DEK NIE DIE VOLGENDE NIE:**

(a) plastiek- en/of alle ander tonnels, opleistellasies, hael- en skadunette, rosyne en droograkke en/of droogstellasies en/of swawelhokke in die ope

(b) slytasie of geleidelike agteruitgang

} Tensy so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker onderhewig aan die spesiale bepalings van toepassing daarop

(c) vernietiging of skade veroorsaak of vererger deur:

(i) lekkasie of afvloeiing uit enige sprinkelaartoestel of storttoestel in die geboue hierkragtens verseker of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker is;

(ii) insakking of grondverskuiwing;

(iii) die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige skade tot 'n minimum te beperk.

**B. AARDBEWING**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om verlies of skade veroorsaak deur aardbewing in te sluit maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigting van enige myn.

**C. SPONTANE ONTBRANDING**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om in te sluit skade alleenlik deur brand aan die geheel of 'n gedeelte van die versekerde eiendom (ten opsigte waarvan hierdie Uitbreiding van toepassing is) veroorsaak deur die spontane gisting, natuurlike verhitting of selfontbranding daarvan.

**D. KWAADWILLIGE BESKADIGING**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak, behalwe verlies of skade aan:

1. roerende eiendom wat

   (a) gesteel word

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig

ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van ongebruik, word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar.

**E. SKADE AAN WATERTENKE, WATERTOERUSTING OF WATERPYPE**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om verlies van of skade aan watertenke, watertoerusting of waterpype die eiendom van die Versekerde en wat in die geboue soos omskryf in die Bylae geïnstalleer is te dek.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie:

1. enige verlies of skade as gevolg van strukturele defekte, foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap en onderhoud, slytasie en geleidelike agteruitgang en verwering

2. enige verlies of skade veroorsaak deur of deur middel van of regstreeks of onregstreeks as gevolg van enige van die volgende nie:

   (a) deurdat dit aan 'n verhittings- of drogingsproses onderworpe is (tensy spesifiek ingesluit)

   (b) die daad van 'n wettig ingestelde owerheid

3. enige verlies of skade aan

   (a) sekuriteite, obligasies of tjeks

   (b) rekenaarstelselrekords

   (c) plofstowwe

   tensy andersins uitdruklik vermeld in die Bylae van hierdie Afdeling.

## SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT RU-VOER GEWASSE, HOOI, STROOI, KAF EN SOORTGELYKE GEWASSE IN GEBOUE, ASOOK TABAK IN LUGDROOGSKURE

In geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur brand of weerlig soos in die Afdeling beskryf, sal die Maatskappy in geen geval aanspreeklik wees om kragtens hierdie Afdeling meer te betaal as 75% (vyf en sewentig persent), of in die geval van enige ander bestaande versekering sy eweredige deel van 75% (vyf en sewentig persent) van die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die brand of die versekerde bedrag watter ookal die minste is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde beskou sal word as sy eie versekeraar vir 25% (vyf en twintig persent) van die markwaarde van die versekerde eiendom of die versekerde bedrag watter ookal die minste is en ten minste 25% (vyf en twintig persent) van enige verlies self moet dra;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ru-voer gewasse in geboue wat geheel en al toegebou is nie R100 000 (eenhonderd duisend rand) per gebou sal oorskry nie, tensy anders in die Bylae vermeld;

(c) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ru-voer gewasse in ander dan geheel en al toegeboude geboue nie R50 000 (vyftigduisend rand) per gebou sal oorskry nie, tensy anders in die Bylae vermeld.

## SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING WILD EN/OF VOLSTRUISE

### 1. VREKTES OF VERNIETIGING DEUR WEERLIG ALLEEN OF BRAND EN WEERLIG ALLEEN

In die geval van vrekte of vernietiging van die wild en/of volstruise in die Bylae vermeld wat direk ontstaan as gevolg van Weerlig Alleen of Brand en Weerlig Alleen, sal die Maatskappy aanspreeklik wees om kragtens hierdie Afdeling, of in die geval van enige ander bestaande versekering sy eweredige deel van die markwaarde of die versekerde bedrag in die Bylae vermeld watter ookal die minste is die Versekerde te vergoed tot die omvang van die verlies of skade of na die Maatskappy se keuse sodanige eiendom te vervang

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) beskadiging of vernietiging van wild en/of volstruise wat nie behoort aan of in trust gehou word deur of wat in bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer of agent van die Versekerde is

(b) verbeurdverklaring, opeising, vernietiging of aanhouding van enige wild en/of volstruise kragtens enige statuut, regering of openbare owerheid

(c) slag van wild en/of volstruise sonder die toestemming van die Maatskappy behalwe in die geval waar ‘n versekerde dier ‘n besering opgedoen het veroorsaak deur ‘n versekerde gevaar wat vereis dat die dier om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Maatskappy die geleentheid gebied word om na sy keuse ‘n nadoodse ondersoek deur ‘n veearts van sy keuse te laat doen

(d) gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd.

### 2. GOEIE KONDISIE

Wild en/of volstruise in die Bylae beskryf moet almal in goeie kondisie en volmaak gesond en vry van besering wees by die aanvang van hierdie versekering.

### 3. VREKTES VAN WILD EN/OF VOLSTRUISE

By die vrekte van enige dier beskryf in die Bylae sal die Versekerde die Maatskappy onmiddellik daarvan verwittig en die Maatskappy ‘n geleentheid gee om die karkas te ondersoek deur nie daaraan te sny of daarmee weg te doen voor die verstryking van minstens 24 (vier en twintig) uur nadat sodanige kennisgewing deur die Maatskappy ontvang is nie. Die Versekerde sal op sy eie koste binne 14 (veertien) dae nadat hy versoek is om dit te doen, aan die Maatskappy sodanige inligting verstrek, gepaard met sodanige veeartssertifikate en bevredigende bewyslewering ten opsigte van vrekte, identiteit en waarde van die dier as wat die Maatskappy mag vereis. Die las om te bewys dat ‘n versekerde dier nie gebrek het aan ‘n oorsaak wat in hierdie Afdeling uitgesonder word nie sal op die Versekerde rus.

Indien die eis erken word, sal die Versekerde op die voordeligste manier van die karkas ontslae raak en die bedrag wat daardeur ingewin word, sal aan die Maatskappy behoort

MET DIEN VERSTANDE DAT:

in gevalle van eise vir wild en/of volstruise gedood deur weerlig:

(a) met die indien van 'n eis die Versekerde die Maatskappy van 'n beëdigde verklaring voorsien'

(i) om te bevetsig dat die dier(e) inderdaad deur weerlig gedood is

(ii) waarin die volle aantal wild en/of volstruise wat in die Versekerde se besit is, asook die volle aantal wild en/of volstruise wat nie behoort aan of in trust gehou word deur of wat in bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer of agent van die Versekerde is ten tye van die verlies, verklaar word.

**4. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN DIREKTE WEERLIGSKADE**

Ingeval van wild en/of volstruise verseker kragtens hierdie Afdeling vernietig word as gevolg van direkte weerlig sal die Versekerde aanspreeklik wees vir die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis met 'n minimum van R500 (vyfhonderd rand) in die geval van grootwild en volstruise en R250 (tweehonderd en vyftig rand) in die geval van kleinwild.

**5. ALLE SPESIES**

Alle wild en/of volstruise van 'n spesifieke spesie moet verseker word.

**SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT HERVESTIGINGSKOSTE – WINGERDSTOKKE EN OPLEISTELLASIES**

**1. OPLEISTELLASIES SOOS OMSKRYF**

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom deur

1. Brand

2. Weerlig of donderslag

3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse of enige gevaar (are) soos omskryf in Uitbreidings A. tot D. van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy nie verantwoordelik wees in terme van hierdie Afdeling om meer te betaal dan die persentasie in terme van die ouderdom van die opleistellasies soos hieronder omskryf in terme van hervestiging van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) **WAARDEVERMINDERING**

| Ouderdom van opleistellasie | Omvang van Dekking |
|---|---|
| 0 tot 36 maande | 100% |
| meer dan 36 maande maar nie meer dan 60 maande | 80% |
| meer dan 60 maande maar nie meer dan 84 maande | 60% |
| meer dan 84 maande maar nie meer dan 108 maande | 40% |
| meer dan 108 maande | 0% |

(b) **NORMALE SLYTASIE EN VERWERING**

Die woorde “slytasie en verwering” soos vervat in Spesifieke Uitsondering 1 van hierdie Afdeling sal nie van toepassing wees nie op die opleistellasies hierdeur verseker.

(c) **EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Dekking in terme van hierdie item van die Afdeling is onderhewig aan ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van iedere en elke eis met ‘n minimum van R1 000 (eenduisend rand) maar beperk tot ‘n maksimum van R25 000 (vyf en twintig duisend rand)

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

die Eerste Bedrag Betaalbaar in terme van Voorbehoudsbepaling(c) sal betaalbaar wees nieteenstaande die afname van dekking soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo.

(d) **VERVANGINGSWAARDE**

Nieteenstaande die ouderdom van die opleistallasies en gevolglike afneembare dekking soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo moet die eiendom te alle tye verseker word teen vervangingswaarde ooreenkomstig Besondere Voorwaarde 17 van hierdie Afdeling.

(e) **OMSKRYWING**

Opleistellasies in terme van hierdie Spesiale Bepalings sluit in:

(i) opleistellasies insluitende ankerpale en verwante draadwerk,

(ii) bogrondse besproeiingspype en sproeiers,

(iii) verwydering van puin en opruimingskostes

(iv) verwante arbeids- en vervoerkoste.

**2. WINGERDSTOKKE SOOS OMSKRYF**

In die geval van verlies of skade van die versekerde eiendom alleenlik deur

1. Brand
2. Weerlig of donderslag
3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy aan die Versekerde die koste van hervestiging van sodange eiendom betaal

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) **HERVESTIGINGSKOSTE**

Dekking in terme van hierdie Item sal beperk wees tot hervestigingskoste alleen soos omskryf onder die opskrif “Omskrywings” hieronder.

(b) **OMSKRYWING**

Wingerdstokke in terme van hierdie Spesiale Bepalings sluit in:

(i) aankoop van die spesifieke wingerdstokke (kultivar),

(ii) arbeid, vervoer en verwante koste relevant tot die hervestigings van sodanige wingerdstokke

(iii) verwydering van puin en opruimingskostes

(iv) koste van swamdoders, kunsmis en insekdoders inlsluitende die toediening daarvan.

**SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT HAEL- EN SKADUNETTE**
**(Strukture en Bedekking alleenlik)**

**HAEL- en SKADUNETTE SOOS OMSKRYF**

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom in die Bylae omskryf deur

1. Brand

2. Weerlig of donderslag

3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse of enige gevaar (are) soos omskryf in Uitbreidings A. tot D. van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy nie verantwoordelik wees in terme van hierdie Afdeling om meer te betaal dan die persentasie in terme van die ouderdom van die bedekkings alleen soos hieronder omskryf in terme van vervanging van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) **WAARDEVERMINDERING**

| **Ouderdom van bedekkings** | **Omvang van Dekking** |
|---|---|
| 0 tot 24 maande | 100% |
| meer dan 24 maande maar nie meer dan 36 maande | 85% |
| meer dan 36 maande maar nie meer dan 48 maande | 70% |
| meer dan 48 maande maar nie meer dan 60 maande | 55% |
| meer dan 60 maande | 0% |

(b) **NORMALE SLYTASIE EN VERWERING**

Die woorde “slytasie en verwering” soos vervat in Spesifieke Uitsondering 1 van hierdie Afdeling sal nie van toepassing wees nie op bedekkings alleen hierdeur verseker.

(c) **EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Dekking in terme van hierdie item van die Afdeling is onderhewig aan ‘n Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van iedere en elke eis met ‘n minimum van R1 000 (eenduisend rand) maar beperk tot ‘n maksimum van R25 000 (vyf en twintig duisend rand)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Eerste Bedrag Betaalbaar in terme van Voorbehoudsbepaling (c) sal betaalbaar wees nieteenstaande die afname van dekking van toepassing op die bedekkings alleen soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo.

(d) **VERVANGINGSWAARDE**

Nieteenstaande die ouderdom en gevolglike afneembare dekking soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo moet die eiendom te alle tye verseker word teen vervangingswaarde ooreenkomstig Besondere Voorwaarde 17 van hierdie Afdeling.

(e) **OMSKRYWING**

Bedekkings en strukture in terme van hierdie Spesiale Bepalings sluit in:

(i) strukture insluitende ankerpale en verwante draadwerk,

(ii) bedekking van 'n soortgelyke kwaliteit en maak hierdeur verseker;

(iii) verwydering van puin en opruimingskostes

(iv) verwante arbeids- en vervoerkoste.

(f) **INSTALLASIE EN OPRIGTING**

Installasie en oprigting van strukture en bedekking hierdeur verseker moet te alle tye geskied ooreenkomstig die standaarde, instruksies en spesifikasies van die vervaardiger(s).

## SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT ROSYNE EN DROOGRAKKE IN DIE OPE

### 1. ROSYNE IN DIE OPE

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom in die Bylae omskryf deur

1. Brand
2. Weerlig of donderslag en
3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse insluitende wind soos omskryf in Uitbreiding A.1. van hierdie Afdeling en direkte waterskade wat gepaard gaan met water erosie, oorloop en/of vloed alleen soos vervat in terme van Uitbreiding A.1. van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy nie verantwoordelik wees om meer te betaal as 75% (vyf en sewentig persent), of in die geval van enige ander bestaande versekering sy eweredige deel van 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag genomineer deur die Versekerde ooreenkomstig die Basis van Waardebepaling vervat in hierdie Spesiale Bepalings van toepassing op rosyne in die ope

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde beskou sal word as sy eie versekeraar vir 25% (vyf en twintig persent) van die genomineerde versekerde bedrag en ten minste 25% (vyf en twintig persent) van enige verlies self moet dra;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van rosyne in die ope op droogstellasie en/of in swawelhokke en/of in die ope op droogbane nie R2 000 000 (twee miljoen rand) in die geheel per enige enkele risikoblootstelling/ligging sal oorskry nie, tensy andersins ooreengekom met die Maatskappy en as sulks in die Bylae vermeld is;

(c) dekkings ten opsigte van rosyne op droogstellasies op mekaar gestapel te alle tye onderhewig sal wees daaraan dat sodanige droogstellasies stewig en behoorlik met toue en/of draadkabels aan die grond geanker is;

(d) dekking ten opsigte van rosyne op droogbane onderhewig is daaraan dat alle redelike voorsorg getref word om rosyne te beskerm teen verlies of skade wat volg op direkte waterskade wat gepaard gaan met water erosie, oorloop en/of vloed

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

(i) plasing en aanvaarding van nuwe besigheid in terme van hierdie item onderhewig sal wees aan 'n tydsuitsondering van 72 (twee en sewentig) uur voordat sodanige dekkings 'n aanvang sal neem

(ii) die volgende oorsake van verlies of skade spesifiek uitgesonder is in terme van hierdie Spesiale Bepalings:

(a) vrot of verrotting van rosyne as gevolg van oormatige vog en/of klamheid

(b) afwaartse graadaanpassing weens die effek van abnormale klimaatstoestande

**WAARDEBEPALING**

Die basis van waardebepaling in terme van rosyntjies sal soos volg toegepas word:

| | |
|---|---|
| **A. Geswawelde Druiwe** | |
| Keurgraad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Standaard Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Industriële Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| **B. Songedroogde Druiwe** | |
| Keurgraad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Standaard Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Industriële Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| **C. Geloogde Druiwe (gewas in alkaliese oplossing)** | |
| Keurgraad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Standaard Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |
| Industriële Graad | Per kilogram soos deur die Versekerde genomineer |

**EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van iedere en elke eis met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) ten opsigte van windskade alleen terwyl in die ope op droogstellasies

MET DIEN VERTANDE DAT:

genoemde Eerste Bedrag Betaalbaar sal betaalbaar wees nieteenstaande die voorwaardes soos vervat in terme van Voorbehoudsbepaling 1.(a) hierbo.

**2. DROOGRAKKE EN/OF DROOGSTELLASIES EN/OF SWAWELHOKKE IN DIE OPE**

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom in die Bylae omskryf deur

1. Brand

2. Weerlig of donderslag en

3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse of enige gevaar(are) soos omskryf in Uitbreidings A. tot D. van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy aan die Versekerde die waarde van die eiendom ten tye van die plaasvind van die vernietiging daarvan of die bedrag van sodanige skade betaal of na die Maatskappy se keuse sodanige eiendom of enige deel daarvan herstel of vervang

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy in geen geval ten opsigte van elke item die bedrag in die Bylae gemeld sal oorkry nie

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

(a) dekking ten opsigte van droogstellasies op mekaar gestapel te alle tye daaraan onderhewig sal wees dat sodanige droogstallasies stewig en behoorlik met toue en/of draadkabels aan die grond geanker is

(b) skade aan eiendom in terme van hierdie item weens vrot of verrotting van rosyne as gevolg van oormatige vog en/of klamheid spesifiek uitgesonder is.

## SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT PLASTIESE TONNELS (STRUKTURE EN BEDEKKINGS ALLEENLIK)

**PLASTIESE TONNELS SOOS OMSKRYF** (strukture en bedekking alleenlik)

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom in die Bylae omskryf deur

1. Brand

2. Weerlig of donderslag

3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse of enige gevaar(are) soos omskryf in Uitbreidings A. tot D. van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy nie verantwoordelik wees om meer te betaal dan die waarde van die eiendom van toepassing op die strukture en/of die persentasie in terme van die ouderdom van die plastiese bedekkings alleen soos hieronder omskryf ten tye van die plaasvind van die vernietiging daarvan of die bedrag van sodanige skade of na die Maatskappy se keuse sondanige eiendom of enige deel daarvan te vervang of te herstel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) **WAARDEVERMINDERING**

| **Ouderdom van bedekkings** | **Omvang van Dekking** |
|---|---|
| 0 tot 12 maande | 100% |
| meer dan 12 maande maar nie meer dan 24 maande | 85% |
| meer dan 24 maande maar nie meer dan 36 maande | 70% |
| meer dan 36 maande maar nie meer dan 48 maande | 55% |
| meer dan 48 maande | 0% |

(b) **NORMALE SLYTASIE EN VERWERING**

Die woord "normale slytasie en verwering" soos vervat in Spesifieke Uitsondering 1 van hierdie Afdeling sal nie van toepassing wees op plastieke bedekkings alleen verseker in terme van hierdie item nie.

(c) **EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Dekking in terme van hierdie item van die Afdeling is onderhewig aan 'n Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van ierder en elke eis met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) maar beperk tot 'n maksimum van R25 000 (vyf en twintig duisend rand)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Eerste Bedrag Betaalbaar in terme van Voorbehoudsbepaling (c) sal betaalbaar wees nieteenstaande die afname van dekking van toepassing op die bedekkings alleen soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo

(d) **VERVANGINGSWAARDE**

Nieteenstaande die ouderdom en gevolglike afneembare dekking soos omskryf in Voorbehoudsbepaling (a) hierbo moet die eiendom te alle tye verseker word teen vervaningswaarde ooreenkomstig Besonder Voorwaarde 17 van hierdie Afdeling.

(e) **OMSKRYWING**

Bedekkings en strukture in terme van hierdie Spesiale Bepalings sluit in:

(i) strukture insluitende anker material

(ii) plastiese bedekkings van 'n soortgelyke kwaliteit en maak hierdeur verseker waarvan die dikte van die plastiek onder geen omstandighede minder as 200 (tweehonderd) mikron mag wees nie

(iii) verwydering van puin en opruimingskoste

(iv) verwante arbeids- en vervoerkoste

(f) **INSTALLASIE EN OPRIGTINGS**

Installasie en oprigting van strukture en plastiese bedekkings hierdeur verseker moet te alle tye geskied ooreenkomstig die standaarde, instruksies en spesifiekasies van die verwaardiger(s) wat insluit

(i) die dikte van alle pype wat deel vorm van die struktuur mag nie afwyk van die vervaardiger(s) se spesifikasies of soos voorgeskryf deur enige ingenieur nie

(ii) pype wat deel vorm van die struktuur moet geanker wees in beton ooreenkomstig die spesifikasies

(iii) draad kabels en/of kettings wat hang oor die dwarslatte/balke van die konstruksie waaraan opgeleide produkte geheg word moet korrek gespan wees, en mag onder geen omstandighede fisies geheg word aan sodanige dwarslatte/balke behalwe by die eindpunte van die tonnels nie.

(g) **INSTANDHOUDING**

Indien enige van die tonnels hierdeur verseker elektronies en/of elektries funksioneer of beheer word moet die werkverrigtinge van sondanige beheertoerusting periodiek getoets asook instand gehou word ooreenkomstig die voorgeskrewe instruksies deur die verskaffers/vervaardigers.

**MEMORANDUM**

Ten opsigte van die versekering kragtens hierdie Afdeling is dit 'n voorwaarde wat enige aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan dat alle brandbare materiaal en plantegroei binne 'n terrein van minstens 5 (vyf) meter wyd onmiddellik rondom die betrokke versekerde gebou of struktuur in terme van hierdie Spesiale Bepalings skoon geskoffel en/of geskraap en van die terrein verwyder moet wees. Hierdie voorwaarde is slegs van toepassing op die strukture en bedekkings wat die onderwerp van 'n eis is.

**SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT RUVOER GEWASSE, HOOI, STROOI, KAF EN SOORTGELYKE GEWASSE IN DIE OPE IN MIEDENS / STAPELS GEPAK**

**MIEDENS IN DIE OPE**

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom gedurende die tydperk van versekering in die Bylae vermeld alleenlik deur

1. Brand

2. Weerlig of donderslag

3. Ontploffing

soos omskryf onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling, sal die Maatskappy in geen geval aanspreeklik wees om kragtens hierdie Afdeling meer te betaal as 75% (vyf en sewentig persent) van die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade of die versekerde bedrag watter ookal die minste is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde beskou sal word as sy eie Versekeraar vir 25% (vyf en twintig persent) van die markwaarde van die versekerde eiendom of die versekerde bedrag watter ookal die minste is en ten minste 25% (vyf en twintig persent) van enige verlies self moet dra;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ru-voer gewasse in die ope in 'n mied/stapel gepak of wat in 'n groep miedens/stapels gepak is wat een brand Risiko vorm beperk is tot 'n maksimum gesamentlike waarde van R250 000 (tweehonderd en vyftig duisend rand) tensy andersins in die Bylae vermeld;

(c) een of meer miedens/stapels of groepe miedens/stapels wat gesamentlik nie R250 000 (tweehonderd en vyftig duisend rand) in waarde oorskry nie en ten minste 100 (eenhonderd) meter van 'n ander geleë is beskou sal word as een brandrisiko te vorm

**MEMORANDUM**

Ten opsigte van die versekering kragtens hierdie Afdeling is dit ‘n voorwaarde wat enige aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan dat alle brandbare materiaal en plantegroei binne ‘n terrein van minstens 5 (vyf) meter wyd onmiddellik rondom die betrokke versekerde mied/stapel en groep miedens/stapels wat ‘n enkele brandrisiko vorm in terme van hierdie Spesiale Bepalings skoon geskoffel en/of geskraap en van die terrein verwyder moet wees.

**MIED WAARBORG**

Gewaarborg dat enige miedens bestaande uit oulandsgras (Eragrostis) en/of veldgras hierkragtens verseker, sal bestaan uit gras wat gedurende die huidige seisoen gesny is.

Origens onderhewig aan die terme, voorwaardes en uitsonderings van hierdie Afdeling en Polis.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. HUUR

Die Maatskappy sal die bedrag van huur ontvangbaar, huur betaalbaar of huurwaarde (na gelang van die geval) hieronder omskryf, betaal ingeval die geboue vermeld in die Bylae onverhuurbaar raak gedurende die daarin neergelegde tydperk as gevolg van skade deur ‘n Omskrewe Gebeurtenis.

(i) Huur ontvangbaar: die werklike huur ontvangbaar deur die Versekerde ten tye van die gebeurtenis vir die voornoemde geboue of vir sodanige gedeelte daarvan as wat dan verhuur mag wees.

(ii) Huur betaalbaar: die werklike huur betaalbaar deur die Versekerde aan die eienaar of verhuurder van die genoemde geboue.

(iii) Huurwaarde: die werklike huurwaarde van die genoemde geboue.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde sal in dieselfde verhouding wees as die tussen die versekerde bedrag en die werklike huur ontvangbaar of huur betaalbaar of huurwaarde van die perseel, na gelang van die geval en indien die perseel nie vir die hele tydperk voornoemd onverhuurbaar is nie, is die Maatskappy slegs aanspreeklik om die gedeelte van die bedrag betaalbaar te betaal as wat in dieselfde verhouding is as die tussen die tydperk waartydens die perseel onverhuurbaar is, en die hele tydperk hierbo neergelê, maar die tydperk sal nie die tyd benodig om die perseel tot ‘n verhuurbare toestand te herstel, oorskry nie.

### 2. VERANDERINGS EN WANBESKRYWING

Die versekering kragtens hierdie Afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie hetsy weens die oordrag van prosesse of masjinerie of uit hoofde van strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of installasies nie, mits die Maatskappy so gou as moontlik na so 'n gebeurtenis daarvan in kennis gestel word en die Versekerde, indien nodig, 'n bykomende premie betaal.

### 3. HERBOUKOSTE

Koste noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan om die geboue of masjinerie te herstel of te vervang ten opsigte van die volgende as gevolg van verlies of skade deur enige van die versekerde gebeurtenisse veroorsaak:

(a) gelde van Argitekte, Bourekenaars, Raadgewende Ingenieurs en ander gelde deur die Maatskappy goedgekeur

(b) sloping, verwydering van puin (insluitende voorraadpuin) of die oprigting van sypadskuttings gedurende herboubedrywighede

(c) koste aangegaan ter voldoening aan Bouregulasies uitgevaardig kragtens enige parlementswet of deur ordonnansie van enige munisipale of ander plaaslike owerheid

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie koste hoogstens 20% (twintig persent) van die Versekerde Bedrag is.

## 4. VERBREKING VAN VOORWAARDES

Die voorwaardes en klousules van hierdie Afdeling is afsonderlik op elk van die versekerde risiko's van toepassing en nie gesamentlik op almal nie. 'n Verbreking van enige voorwaarde of klousule maak dus slegs die Afdeling nietig ten opsigte van al die risiko's waarop daardie verbreking betrekking het en raak nie die Afdeling ten opsigte van die ander risiko's nie

## 5. KAPITALE TOEVOEGING

Die versekering kragtens hierdie Afdeling dek veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrae nie) aan of tot die geboue en inhoud, behalwe bedryfsvoorraad en- materiaal, vir 'n bedrag van hoogstens 20% (twintig persent) van die bedrae op sodanige geboue en inhoud verseker. Met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarvoor te betaal.

## 6. AANWYSING VAN EIENDOM

Om die item, waar nodig, vas te stel waarkragtens enige eiendom verseker is, aanvaar die Maatskappy die aanwysing waaronder sodanige eiendom in die Versekerde se boeke verskyn.

## 7. AFSETTING VAN HERWINNE GOEDERE

Sonder om die regte van die Maatskappy te verminder om hom in geval van ‘n verlies op die bepalings van Algemene Voorwaarde 9(a)(i) te beroep, stem die Maatskappy in om nie enige eiendom wat die onderwerp van ‘n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die Versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word in welke geval die Maatskappy instem om die Versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die grootste is.

Die Versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie voorwaarde daarop geregtig om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie, hetsy die Maatskappy daarvan besit geneem het of nie.

## 8. VERBANDNEMERSKLOUSULE

Die belang van enige verbandnemer in die versekering ingevolge Kolom 1 van die Bylae van hierdie Afdeling word nie benadeel nie deur enige daad of versuim van die verbandgewer sonder die kennis van die verbandnemer. Die verbandnemer moet egter die Maatskappy in kennis stel van sodanige daad of versuim wat hierdie versekering mag benadeel sodra hy daarvan te wete kom en hy is aanspreeklik vir enige bykomende premie betaalbaar vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko (ingevolge hierdie Voorwaarde), deur die Maatskappy aanvaar word.

## 9. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 10. ALLE ANDER INHOUD

Die uitdrukking "Alle ander inhoud" in hierdie Afdeling gebruik is uitgebrei om in te sluit:

(a) geld en seëls vir 'n bedrag van hoogstens R5 000 (vyfduisend rand)

(b) dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne en ontwerpe, maar alleen vir die waarde van materiale en bedrae wat aan arbeid op die vermelde artikels bestee is en nie vir die waarde van die inligting wat vir die Versekerde daarin bevat is nie

(c) patrone, modelle en gietvorms maar alleen vir die waarde van materiale en bedrae wat aan arbeid op die vermelde artikels bestee is

(d) persoonlike besittings (insluitende trapfietse) die eiendom van die Versekerde of prinsipale, vennote, direkteure of werknemers van die Versekerde in soverre dit nie andersins verseker is nie, vir 'n bedrag van hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) ten opsigte van enige individu.

## 11. VEREISTES VAN OPENBARE OWERHEDE (Slegs van toepassing op geboue)

Die versekering kragtens hierdie Afdeling sluit in sodanige bykomende koste vir die herstel- of herboukoste van die beskadigde versekerde eiendom as wat aangegaan mag word alleenlik vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bouregulasies of ander regulasies kragtens enige parlementswet of verordening van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die bedrag ingevolge hierdie Voorwaarde verhaalbaar nie die volgende insluit nie:

   (a) die koste aangegaan om te voldoen aan enige van die voormelde regulasies

      (i) ten opsigte van skade wat plaasgevind het voordat hierdie Voorwaarde in werking tree

      (ii) ten opsigte van skade wat nie kragtens hierdie Afdeling verseker is nie

      (iii) ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee was voordat die skade plaasgevind het

      (iv) ten opsigte van onbeskadigde versekerde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van die versekerde eiendom behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit is van hierdie versekering) van die beskadigde gedeelte

   (b) die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde versekerde eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan die toestand daarvan toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die voormelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie

   (c) die bedrag van enige munisipale of ander belasting, regte, ontwikkelingskoste of ander heffings of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die versekerde eiendom of deur die eienaar daarvan weens die voldoening aan enige van die voormelde regulasies;

2. die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op ‘n ander terrein uitgevoer word (indien bogemelde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Voorwaarde nie daardeur verhoog word nie;

3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie Afdeling, afgesien van hierdie Voorwaarde, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie Afdeling, die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Voorwaarde ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie Afdeling hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

**12. SPOORWEG, EN ANDER SUBROGASIE KLOUSULE**

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se Besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-Administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

**13. TYDELIKE VERWYDERING**

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die versekerde eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word op die perseel wat in die Bylae vermeld word of na enige ander perseel insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens 15% (vyftien persent) is van die versekerde bedrag tensy die doel van sodanige tydelike verwydering die skoonmaak, hernuwings, herstel of 'n soortgelyke proses is;

2. die bedrag wat ingevolge hierdie Voorwaarde betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die skade op die deel van die perseel plaasgevind het waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

**14. HUURDERS**

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie Afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

**15. VOERTUIGVRAG**

Ingeval enige van die Versekerde se voertuie oornag met 'n vrag daarop gelaat word terwyl dit in of op die persele is in die Bylae hiervan beskryf, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van sodanige vrag in die geval van verlies of beskadiging as gevolg van enige van die gevare waarteen daar kragtens hierdie Afdeling verseker word.

**16. WERKLUI**

Kontrakteurs mag in of op enige van die geboue hierin beskryf werk sonder benadeling van hierdie versekering.

**17. VERVANGINGSWAARDE**

Ingeval die eiendom (behalwe voorraad, wild en/of volstruise en motorvoertuie soos omskryf in die Motorafdeling van die Polis) beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, en moet in elk geval binne 12 (twaalf) maande na die vernietiging of beskadiging voltooi word of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy (tydens die gemelde 12 (twaalf) maande skriftelik mag toelaat, anders word geen betaling gedoen bo en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(b) totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie Voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(c) indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n Omskrewe Gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

(d) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien:

(i) die Versekerde versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

(ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

**18. ALTERNATIEWE VERVANGINGSWAARDE VOORWAARDE (ONTWERP EN KAPASITEIT)**

In die geval van eiendom verseker waarvan die funksie, kapasiteit en vermoë meetbaar is en beskadig word deur enige Omskrewe Gebeurtenis en dit is nie moontlik om hierdie produk te herstel of te vervang in terme van die vervangingswaarde klousule nie, dan sal die Maatskappy die koste betaal ten opsigte die vervanging van sulke eiendom van dieselfde gehalte, kapasiteit, funksie en vermoë of so na daaraan as moontlik maar nie ondergeskik aan die oorspronklike eiendom nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) Voorbehoudsbepaling (a), (b), (c) en (d) van die Vervangingswaarde Voorwaarde soos vervat in 17 hierbo van toepassing is op hierdie voorwaarde

(ii) in die toepassing van die voorwaardes van die bepalings van Voorbehoudsbepaling (c) van die vervangingswaarde voorwaarde word die koste (soos waarvoor voorsien in Voorbehoudsbepaling (c) "wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom beskadig was" verhoog met sodanige bedrag betaalbaar in terme van die alternatiewe vervangingswaarde voorwaarde wat betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou wees ingevolge die vervangingswaarde voorwaarde klousule indien dit moontlik sou gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel.

**19. REKENAARSTELSELREKORDS**

Die versekering van enige item van rekenaarstelselrekords sal beperk wees tot die koste van materiaal en klerklike arbeid en rekenaartyd bestee aan die heropstelling van sulke rekords (uitsluitend die koste ten opsigte van die daarstelling van enige inligting wat daarin bevat word) en nie die waarde vir die Versekerde van die inligting daarin vervat nie.

**20. SEKURITEITSKOSTE**

Die Maatskappy onderneem om die Versekerde te vergoed vir die redelike uitgawe van sekuriteitsdienste noodsaaklikerwys aangegaan tot tyd en wyl die vervanging of herstelwerk volgende op verlies of skade aan eiendom onder hierdie Afdeling verseker, voltooi is.

**21. ONDERVERSEKERING**

(a) NIE VAN TOEPASSING OP WINDPOMPE, WILD EN/OF VOLSTRUISE

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag dan word die Versekerde beskou om sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie Voorwaarde onderworpe;

(b) VAN TOEPASSING OP WINDPOMPE, WILD EN/OF VOLSTRUISE

Indien ten tye van verlies van die wild en/of volstruise en windpompe soos verseker onder hierdie Afdeling deur enige van die gevare hierdeur verseker, die getal van die betrokke soort wild en/of volstruise asook windpompe meer is as die getal wat verseker is, word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en dra hy dienooreenkomstig na verhouding ‘n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, is afsonderlik aan hierdie Besondere Voorwaarde onderworpe.

**22. POMPE EN ELEKTRIESE MOTORS**

Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste 10% (tien persent) van elke eis of R500 (vyfhonderd rand) watter bedrag ookal die meeste is vir enige skade wat aan pompe of elektriese of elektroniese motore en elektriese skakeltuig daarvan veroorsaak word direk of indirek deur weerlig.

**23. BERGING VAN RU-VOER GEWASSE**

Ten opsigte van die versekering kragtens hierdie Afdeling is dit 'n voorwaarde wat enige aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan dat alle brandbare materiaal en plantegroei binne 'n terrein van minstens 5 (vyf) meter wyd onmiddellik rondom die betrokke versekerde gebou of struktuur waarin ru-voer gewasse van enige aard geberg of gehou word skoon geskoffel en/of geskraap en van die terrein verwyder moet wees. Hierdie voorwaarde is slegs van toepassing op die gebou en inhoud van die gebou wat die onderwerp van 'n eis is.

**24. BESPROEIINGSPYPE EN POMPTOERUSTING ONDER DIE NORMALE VLOEDLYN**

Hierdie Afdeling dek nie verlies van of beskadiging aan besproeiingspype en pomptoerusting wat onderkant die normale vloedlyn van 'n rivier of spruit geïnstalleer is regstreeks veroorsaak deur enige gevaar soos omskryf onder Uitbreiding A – Spesiale Gevare nie.

**25. HAMERMEULE**

Ten opsigte van die versekering kragtens hierdie Afdeling is dit 'n voorwaarde wat enige aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan dat geen maalproses binne enige versekerde gebou of struktuur of binne 'n terrein van ten minste 5 (vyf) meter vanaf sodanige gebou of struktuur plaasvind nie.

**26. EIENDOM IN DIE OPE – EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Tensy spesifiek andersins vermeld in hierdie Afdeling van die Polis is die Versekerde verantwoordelik vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van iedere en elke eis ten opsigte van verlies of skade aan eiendom in die ope.

**27. TELEVISIEHERLEISTASIES EN RADIOMASTE**

Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R500 (vyfhonderd rand) van iedere en elke eis vir enige skade wat aan televisieherleistasies en radiomaste veroorsaak word direk of indirek deur weerlig.

**28. WEERLIGAFLEIERS**

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie Afdeling voorafgaan dat alle geboue met gras- of strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou(e) af te lei.

**29. GEBOU IN AANBOU**

Terwyl die gebou beskryf in die Bylae van hierdie Afdeling in aanbou is of onderhewig is aan bouveranderings en totdat dit finaal voltooi is, word Uitbreiding A Spesiale Gevare gekanselleer en deur die volgende vervang:

**‘’A. SPESIALE GEVARE**

Hierdie Afdeling dek verlies of skade aan eiendom hierin omskryf direk veroorsaak deur

1. storm

2. lugvaartuie, ander lugontwerpe of voorwerpe wat daarvan val

3. botsing deur diere, bome (behalwe vallende bome terwyl kontrakteurs besig is met die fel daarvan) of voertuie

**Hierdie Uitbreiding A dek nie verlies of skade:**

(a) veroorsaak deur vloedgolf wat uit aardbewing of vulkaniese uitbarsting ontstaan

(b) in die ondergrondse werke van enige myn

(c) in die ope (anders as geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die opelug te wees of te werk)

(d) enige struktuur wat nie heeltemal onder dak is nie

(e) aan stutmure of keermure

(f) die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) van iedere en elke eis bo en behalwe enige verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar wat van toepassing mag wees

(g) as gevolg van slytasie of geleidelike agteruitgang

(h) veroorsaak of vererger deur:

  (i) lekkasie of afvloeiing van enige sprinkelaartoestel of storttoestel in die geboue hierkragtens verseker of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker is

  (ii) insakking en grondverskuiwing

(i) aan diere, bome, antennes, satellietskottels of eiendom in of op voertuie

(j) as gevolg van botsing met enige versekerde eiendom deur enige dier of voertuig wat behoort aan, onder die toesig en/of onder die beheer is van enige kontrakteur of subkontrakteur of enige van hulle werknemers terwyl hulle besig is met:

  (a) die bou of voltooiing van die versekerde eiendom

  (b) argitektoniese veranderings en/of aanbouings en/of restourasie aan die versekerde eiendom of die voltooiing van sodanige veranderings, aanbouings of restourasies.”

**30. KAMP- EN LYN/GRENSDRADE (DEKKING BEPERK TOT BRAND EN WEERLIGSKADE ALLEEN)**

Ten opsigte van kamp- en lyn/grensdrade sal die volgende voorwaardes van toepassing wees;

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van lyn/grensdrade alleen is beperk tot 50% (vyftig persent) van die totale vervangingswaarde daarvan en sal die bepalings soos vervat in Besondere Voorwaarde 21(a) “Onderversekering” van die Afdeling dienooreenkomstig toegepas word

(ii) alle kamp- en lyn/grensdrade van die Versekerde moet verseker word

(iii) die Maatskappy is nie aanspreeklik vir verlies of skade aan kamp- en lyn/grensdrade indien gevind word dat sodanige drade nie in 'n versekerbare toestand was met aanvang van die dekking nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) van elke en iedere eis.

**31. HOOFTOEVOERVERBINDINGS**

Hierdie Afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte te dek.

**32. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING – BEPERKTE DEKKING (Van toepassing op kantore en kantoorblokke alleen)**

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in Uitbreiding A. (c) (ii) word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die eiendom in die Bylae omskryf waarop hierdie Uitbreiding van toepassing is, nie drie verdiepings hoog sal oorskry nie.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, watervore, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare, pale of heinings, inritte, plaveisels, swembadomrandings of tennisbane

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

  (i) inkrimping of uitsetting van grond te wyte aan of veroorsaak deur die vogtigheid of waterinhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander grond van ‘n soortgelyke aard of van dieselfde tipe;

  (ii) skade wat bestaan het ten tye van die aanvang van hierdie Uitbreiding;

  (iii) foutiewe ontwerp of swak konstruksie, gebrekkige kompaktering van opvulwerk of die verwyderings of verswakking van stutte van enige gebou(e) in die Bylae omskryf;

  (iv) werk wat uitgevoer word om enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele te doen;

  (v) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van Huurgeld indien dit spesifiek onder hierdie Afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**33. SONPANELE**

Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste 10% (tien persent) met ‘n minimum van R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) vir enige verlies of skade aan Sonpanele en alle verwante toerusting ten opsigte van iedere en elke eis.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

### 1. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste gedeelte van elke eis bereken teen 1% (een persent) van die versekerde bedrag op die eiendom soos vermeld in die Bylae of R500 (vyfhonderd rand) watter ook al die meeste is. Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding dek nie:

(1) skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word

(2) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

- (a) foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele;
- (b) werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele;
- (c) uitgrawings bogronds of ondergronds behalwe in die loop van mynbedrywighede

(3) gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huur indien spesifiek onder hierdie Afdeling verseker.

SPESIALE VOORWAARDE:

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie voorbehoud nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

### 2. LEKKASIE

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word die versekering onder hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

skade wat veroorsaak is deur lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar, drenkstelsel of brandblusinstallasies/toestelle.

Indien 'n eersteverliesperk in die Bylae teenoor hierdie bykomende gevaar aangetoon word, is die bedrag van sodanige perk die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van enige enkele gebeurtenis en, slegs vir die doeleindes van hierdie Uitbreiding, sal die volgende die onderversekeringsvoorwaarde wat vooraf hierin uiteengesit is, vervang:

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die lekkasie of ontlading, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, sal die Maatskappy ingevolge hierdie Uitbreiding slegs aanspreeklik wees vir die verhouding van die eersteverliesperk as die waarin die versekerde bedrag teen brand staan tot die totale waarde van sodanige eiendom en die Versekerde sal sy eie versekeraar geag word vir die verskil en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie Uitbreiding van toepassing is, sal afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe wees.

### 3. OPROER EN STAKING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

### 4. VOORRAADVERKLARINGSVOORWAARDES

Ten opsigte van bedryfsvoorraad en- materiaal wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word en wat onderworpe is aan die voorraadverklaringsvoorwaardes word die premie op 75% (vyf en sewentig persent) van die bedrag of bedrae waarteen dit verseker is, bereken, onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes:

1. (a) die Versekerde moet skriftelik aan die Maatskappy die markwaarde van sy bedryfsvoorraad en- materiaal op die laaste dag van elke maand/kwartaal (soos vermeld in die Bylae) verklaar en sodanige verklaring moet binne 30 (dertig) dae vanaf daardie datum gedoen word anders word dit geag dat hy die versekerde bedrag ten opsigte van sodanige eiendom as die markwaarde daarvan verklaar het

   (b) na elke versekeringstydperk word die premie bereken op die gemiddelde versekerde bedrag, naamlik die totaal van die waardes wat verklaar is of geag word verklaar te wees, gedeel deur die getal verklarings wat afgelê moes word. Indien die premie so bereken verskil van die voorlopige premie, word die verskil aan of deur die Versekerde betaal na gelang van die geval, maar die bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is, is hoogstens 50% (vyftig persent) van die voorlopige premie

2. enige eis hierkragtens word op die grondslag van die markwaarde onmiddellik voor die skade geskik

3. indien daar na die plaasvind van skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die Versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as die wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is. Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie Voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die Spesifieke Voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid

4. as teenprestasie daarvoor dat die versekering nie deur die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die Versekerde vanaf die datum van die verlies tot die verstryking van die versekeringstydperk bykomende premie op die bedrag van die verlies betaal en sodanige bykomende premie word nie by die finale aanpassingspremie in ag geneem nie en word daarvan onderskei

5. die Maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie

6. bogemelde Spesifieke Voorwaarde geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaarde van toepassing is.

## 5. PRYSAANPASSINGSKLOUSULE (UITGESLUIT VOORRAAD)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e) ingevolge kolomme 1 en/of 3 van hierdie Afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die Bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die Versekerde die Maatskappy in kennis stel van die be drag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie Uitbreiding is 50% (vyftig persent) van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie Uitbreiding van toepassing is.

## 6. TEMPERATUURS ALLE RISIKO

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verslegting of bederf van handelsvoorraad terwyl geberg in enige verkoelingseenheid in enige gebou op die versekerde persele as gevolg van die verandering van temperatuur weens:

(i) die toevallige, onvoorsiene en skielike fisiese skade aan die verkoelingsmasjinerie;

(ii) onderbrekings van die elektrisiteitstoevoer (inbegrepe gas en parafien) tensy dit weens die doelbewuste optrede van die verskaffingsowerheid afgesny is of ‘n tekort aan brandstof of water of droogte by enige kragstasie;

(iii) besmetting deur verkoelingsdampe as ‘n regstreekse gevolg van onvoorsiene en skielike fisiese skade aan die verkoelingsmasjinerie

MET DIE VERSTANDE DAT:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van hierdie Endossement nie die bedrag in die Bylae vermeld, sal oorskry nie;

(b) die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% van die eis met ‘n minimum van R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van ieder en elke eis.

Dekking hierkragtens voorsien is slegs van krag terwyl die verkoelingseenheid onderworpe is aan ‘n vervaardiger se waarborg (indien van toepassing) of ‘n bestaande dienskontrak waarvan bewys op aanvraag aan die Maatskappy gelewer moet word
MET DIEN VERSTANDE ALTYD DAT:

Hierdie Endossement nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van die bederwing van handelsvoorraad weens:

(a) slytasie of geleidelike agteruitgang van die verkoelingsmasjinerie;

(b) staking van die registreertoestelle vir die temperatuurbeheerkontroles;

(c) verbruikbare en vervangbare komponente van die verkoelingsmasjinerie.

# GEBOUE OMVATTEND

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Verlies van of skade aan die geboue, insluitende alle buitegeboue daarby (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak tensy anders vermeld in die Bylae) en sport- en ontspanningstrukture, die verhuurder se vaste toebehore daarin of daarop, elektriese lugversorgers, sonverhittingstelsels, mure (behalwe damwalle) hekke, pale, omheinings (anders as aangeplante heinings), geteerde of geplaveide paaie, opritte, paadjies of parkeerareas geleë soos in die Bylae vermeld deur enige van die gevare soos omskryf in Onderafdeling A en openbare toevoer of hoofaansluitings deur die gevare soos omskryf in Onderafdeling B en huurgeld soos omskryf in Onderafdeling C en regsaanspreeklikheid soos omskryf in Onderafdeling D.

## ONDERAFDELING A: VERLIES OF SKADE VEROORSAAK DEUR ENIGE VAN DIE ONDERVERMELDE GEVARE AAN DIE GEBOUE IN DIE BYLAE VERMELD

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing
2. Aardbewing
3. Storm, wind, water, hael of sneeu maar met uitsluiting van verlies of skade
   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels
   (b) as gevolg van slytasie en geleidelike agteruitgang
   (c) deur insakking of grondverskuiwing
   (d) aan hekke, pale, omheinings wat nie van klip, beton of baksteen gebou is nie
   (e) aan stutmure en keermure
4. Lugvaartuie en ander lugontwerpe of voorwerpe daaruit laat val
5. Botsing deur diere, bome (uitgesluit vallende bome terwyl kontrakteurs besig is met die fel daarvan), antennes, satellietskottels of voertuie uitgesluit skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie
6. Diefstal (of enige poging daartoe) na kragdadige en geweldddadige ingang of verlating van enige gebou
7. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf in Onderafdeling E)
8. Toevallige skade aan sanitêre ware, maar die bedrag betaalbaar word met R250 (tweehonderd en vyftig rand) verminder vir elke sodanige skade.

## ONDERAFDELING B: SKADE AAN OPENBARE TOEVOER OF HOOFAANSLUITINGS

Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings en ander ondergrondse pype wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

## ONDERAFDELING C: VERLIES VAN HUURGELD

Verlies van huurgeld as gevolg daarvan dat die versekerde eiendom sodanig beskadig is deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is, (insluitende gedeeltelik onverhuurbaar) maar slegs vir die tydperk wat vir inbesitstelling nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25% (vyf en twintig persent) van die bedrag waarteen die beskadigde eiendom verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld wat betaalbaar is onmiddellik voor die skade of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

## ONDERAFDELING D: REGSAANSPREEKLIKHEID

Skadevergoeding wat die Versekerde regtens aanspreeklik is om te betaal, voortspruitend uit:

1. die toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna besering genoem)

   of

2. die toevallige fisieke verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem)

wat voorkom gedurende die versekeringstydperk in, op of in die omgewing van die versekerde eiendom en wat voortspruit uit die Versekerde se eienaarskap daarvan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar, insluitende enige regskoste wat verhaalbaar is van die Versekerde deur 'n eiser of enige aantal eisers, en alle ander koste en uitgawe wat aangegaan is met die Maatskappy se toestemming vir enige gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron sal hoogstens R1 000 000 (een miljoen rand) beloop.

## BESONDERE UITSONDERINGS (VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELING D – REGSAANSPREEKLIKHEID)

Die Maatskappy sal nie die Versekerde ingevolge hierdie Onderafdeling skadeloos stel ten opsigte van die volgende nie:

1. besering of skade wat opgedoen is deur
   - (a) enige lid van dieselfde huishouding as die Versekerde;
   - (b) enige persoon wat by die Versekerde ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in diens is, en wat regstreeks ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die Versekerde;
   - (c) enige ander persoon as gevolg van die eienaarskap van, of die gebruik, deur of namens die Versekerde van meganiesaangedrewevoertuie (behalwe trapfietse en grassnyers)
2. skade aan eiendom
   - (a) (i) wat aan die Versekerde behoort;
     - (ii) wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is;
   - (b) wat veroorsaak is deur vibrasie of deur die verwydering of verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur
3. aanspreeklikheid wat ingevolge 'n ooreenkoms aanvaar is, tensy aanspreeklikheid nieteenstaande sodanige ooreenkoms by die Versekerde sou berus het

4. (a) aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies aan die gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word

(b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie Uitsondering brei nie die Afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie Uitsondering, nie ingevolge hierdie Afdeling verseker sou wees nie

5. boetes, bestraffings of bestraffende skadevergoeding.

## SPESIALE BEPALINGS TOT ONDERAFDELING D – REGSAANSPREEKLIKHEID

1. Indien meer as een Versekerde gesamentlik in die Bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike Polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word nie.

2. Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk wat vermeld word nie, stel die Maatskappy ook, asof 'n afsonderlike Polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:

   (a) in geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is;

   (b) enige vennoot in of van of 'n direkteur of lid of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.

3. Slegs ten opsigte van hierdie Onderafdeling word Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang:

   "Hierdie Onderafdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of verband hou met of die gevolg is van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie".

4. Indien skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering voorsien word ten tye van enige voorval wat lei tot 'n eis ingevolge die Onderafdeling, sal hierdie Onderafdeling nie bydra saam met enige ander versekering nie, behalwe met betrekking tot enige oormaat bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

## ONDERAFDELING E – KWAADWILLIGE BESKADIGING

Hierdie Afdeling is uitgebrei om in te sluit verlies of skade wat regstreeks veroorsaak word deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak, behalwe verlies of skade aan:

1. roerende eiendom wat:

   (a) gesteel word

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, ommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbeiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning, word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar.

## ONDERAFDELING F – SKADE AAN WATERTENKE, WATERTOERUSTING OF WATERPYPE

Verlies van of skade aan watertenke, watertoerusting, warmwatertoestelle of waterpype die eiendom van die Versekerde en wat in die geboue soos omskryf in die Bylae geïnstalleer is.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. HERBOUKOSTE

Koste noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan om die geboue te herstel of te vervang ten opsigte van die volgende as gevolg van verlies of skade deur enige van die versekerde gebeurtenisse veroorsaak

(a) gelde van Argitekte, Bourekenaars, Raadgewende Ingenieurs en ander gelde deur die Maatskappy goedgekeur

(b) sloping, verwydering van puin of die oprigting van sypadskuttings gedurende herboubedrywighede

(c) koste aangegaan ter voldoening aan Bouregulasies uitgevaardig kragtens enige parlementswet of deur ordonnansie van enige munisipale of ander plaasllike owerheid

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie koste, betaalbaar bo en behalwe enige ander betaling, hoogstens 20% (twintig persent) van die versekerde bedrag is.

## 2. KAPITAALTOEVOEGINGS

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag/bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 20% (twintig persent) van die bedrag waarteen dit verseker is met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal in kennis te stel van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## 3. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 4. VERBANDHOUER

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie Afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

## 5. VEREISTES VAN OPENBARE OWERHEDE

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sluit sodanige bykomende koste vir die herstel- of herboukoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan is, uitsluitlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie

   (a) die koste wat aangegaan is ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies

      (i) ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie Besondere Voorwaarde toegestaan is

      (ii) ten opsigte van skade wat nie deur hierdie Afdeling verseker is nie

      (iii) ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het

      (iv) ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde gedeeltes van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van die gedeelte wat beskadig is

   (b) die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie

(c) die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit kapitaalappresiasie voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies

2. die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed 'n aanvang neem en uitgevoer word en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien die bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde nie daardeur verhoog word nie

3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie Afdeling, afgesien van hierdie Besondere Voorwaarde, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie Besondere Voorwaarde ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder

4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie Afdeling, hoogstens die bedrag wat daarvolgens verseker is, sal beloop.

## 6. SPOORWEG EN ANDER SUBROGASIE KLOUSULE

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transet se Besteldiensvrywaring insake Gevaarlike Persele of ander ooreenkomste met die Transnet-Administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## 7. VERVANGINGSWAARDE

Ingeval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ‘n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, en moet in elk geval binne 12 (twaalf) maande na die vernietiging of beskadiging voltooi word of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy (tydens die gemelde 12 (twaalf maande) skriftelik mag toelaat, anders word geen betaling gedoen bo en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(b) totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(c) indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur ‘n Omskrewe Gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie Afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

(d) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien:

(i) die Versekerde versuim om binne 6 (ses) maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

(ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of ‘n ander terrein te vervang of te herstel.

**8. TYDELIKE VERWYDERING**

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die verhuurder se los- en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verwyder word, insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag wat ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies of skade plaasgevind het op die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

**9. HUURDERS**

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde sal nie geraak word deur enige optrede of versuim aan die kant van enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie Afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar is.

**10. ONDERVERSEKERING (Nie van toepassing op Gevaar 8 (Toevallige Skade) van Onderafdeling A nie)**

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, sal die Versekerde sy eie versekeraar geag word vir die verskil en dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade dra. Indien daar meer as een is, sal elke item afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees.

**11. SEKURITEITSFIRMAS (Van toepassing op Onderafdeling D – Aanspreeklikheid)**

Nieteenstaande Spesifieke Uitsondering 3, indien die Versekerde (as die eienaar van die persele wat in die Bylae gespesifiseer word) ingevolge ‘n kontrak met ‘n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die Bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie Onderafdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge ‘n dienskontrak by die Versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die Bylae vir hierdie Onderafdeling.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van ‘n gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge sodanige ander Polis betaalbaar is.

**12. WEERLIGAFLEIERS**

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie Afdeling voorafgaan dat alle geboue met gras- of strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou(e) af te lei.

**13. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING – BEPERKTE DEKKING (Van toepassing op kantore en kantoorblokke alleen)**

Nieteenstaande enigiets strydig vervat in Onderafdeling A: 3.(c) word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die eiendom in die Bylae omskryf waarop hierdie Uitbreiding van toepassing is, nie drie verdiepings hoog sal oorskry nie. Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, watervore, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare, pale of heinings, inritte, plaveisels, swembadomrandings of tennisbane

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

(i) inkrimping of uitsetting van grond te wyte aan of veroorsaak deur die vogtigheid of waterinhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander grond van ‘n soortgelyke aard of van dieselfde tipe;

(ii) skade wat bestaan het ten tye van die aanvang van hierdie Uitbreiding;

(iii) foutiewe ontwerp of swak konstruksie, gebrekkige kompaktering van opvulwerk of die verwyderings of verswakking van stutte van enige gebou(e) in die Bylae omskryf;

(iv) werk wat uitgevoer word om strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele te doen;

(v) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van Huurgeld indien dit spesifiek onder hierdie Afdeling verseker is.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**14. SKADE AAN TUIN**

Koste redelikerwys en noodsaaklikerwys deur die Versekerde in die Versekerde se hoedanigheid as eienaar van die Geboue aangegaan vir die vervanging van bome struike en plante op die Perseel geleë wat volg op beskadiging weens enige versekerde gevaar soos omskryf onder Onderafdeling A van hierdie Afdeling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie R5 000 (vyfduisend rand) oorskry nie

(b) die Versekerde vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) ten opsigte van enige enkele gebeurtenis verantwoordelik sal wees.

**ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE**

**1. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word hierdie Afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Verlies of skade veroorsaak deur Insakking en Grondverskuiwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die eerste gedeelte van elke eis bereken teen 1% (een persent) van die versekerde bedrag soos vermeld in die Bylae of R500 (vyfhonderd rand) watter ookal die meeste is. Hierdie bedrag is betaalbaar bo en behalwe enige ander bedrag wat betaalbaar mag wees.

Vir die doeleindes hiervan word enige skade geag skade deur brand veroorsaak te gewees het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding dek nie:

(a) skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, stutmure, hekke, pilare of heinings tensy dit spesifiek verseker word

(b) skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan

  (i) foutiewe ontwerp of konstruksie van of verwydering of verswakking van ondersteuning van enige gebou op die versekerde persele;

  (ii) werksmense in die uitvoering van enige strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou op die versekerde persele;

  (iii) uitgrawings bogronds of ondergronds, behalwe in die loop van mynbedrywighede

(c) gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies van huurgeld.

In enige geregtelike aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie Uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. OPROER EN STAKING

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word Onderafdelings A, B, en C van hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**3. PRYSAANPASSINGSKLOUSULE**

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(e) ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die Bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag(e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die Versekerde die Maatskappy in kennis stel van die bedrag(e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie Uitbreiding is 50% (vyftig persent) van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie Uitbreiding van toepassing is.

**4. VERHINDERING VAN TOEGANG – UITBREIDING TOT ONDERAFDELING C – VERLIES VAN HUURGELD**

Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne 'n radius van 10 (tien) km vanaf die persele vermeld in die Bylae verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar in Onderafdeling A omskryf en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die persele wat kragtens hierdie Afdeling verseker word, betaal die Maatskappy vir enige verlies aan huurgeld wat die Versekerde as gevolg daarvan ly tot hoogstens 'n bedrag van 25% (vyf en twintig persent) van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte eiendom. Die berekening van die verlies aan huurgeld word gegrond op die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurgeldwaarde daarvan.

**5. GASTEHUISE (AKKOMMODASIE EN VERBLYF)**

5.1 As teenprestasie vir die betaling van 'n addisionele premie en nieteenstaande enigiets strydigs vervat in hierdie Afdeling word die volgende gevare bygevoeg/gewysig met betrekking tot Onderafdeling A van die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling:

9. Die ontsnap van water vanuit wasmasjiene of skottelgoedwassers en die bars of oorloop van watertenke, watertoerusting of waterpype insluitende skade aan die watertenke, watertoerusting of waterpype en die toevallige lekkasie van olie vanuit vaste olieverwarmingsinstallasies;

10. Ineenstorting of brekasie van antennes satellietskottels asook skade aan hierdie items, indien hulle 'n vaste deel vorm van die versekerde gebou(e) en skade veroorsaak is deur gevare 1 tot 7 van Onderafdeling A van hierdie Afdeling;

11. Toevallige breekskade van:

    vaste glas en spieëls teen mure en in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonverhittingstelsels, vaste eksterne tekens en verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke en spoelbakke (maar met uitsondering van afsplintering, afskilfering, skraping of ander ontsiering) wat vaste dele uitmaak van die gebou(e);

12. Toevallige verlies van of skade (uitgesluit slytasie) aan vaste swembad- en jacuzzimasjinerie en boorgatpompe (uitgesluit windpompe) vir huishoudelike gebruik alleen, elektriese hekke en motorhuisdeure geïnstalleer by die versekerde gebou(e) in gebruik as gastehuis(e)

    MET DIEN VERSTANDE DAT:

    die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk is tot hoogstens R3 000 (drieduisend rand) ten opsigte van enige enkel gebeurtenis;

13. Toevallige ontlading of lekkasie uit brandblusinstallasies of- toestelle;

14. Algehele of gedeeltelike versuim van die openbare verskaffing van elektrisiteit aan die perseel van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding nie verlies of skade dek nie wat direk of indirek veroorsaak word deur:

(i) brandstof- of watertekort;

(ii) 'n fout in enige deel van die installasie wat tot die perseel behoort;

(iii) die uitoefening deur 'n owerheid, wat regtens by magte is om elektrisiteit te verskaf, van sy mag om verskaffing te weerhou of te beperk, tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks te wyte is aan skade aan eiendom van sodanige owerheid.

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie Uitbreiding 14 aanspreeklik nie tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 (vier en twintig) uur duur;

15. Verlies of skade aan die inhoud van enige verkoelings- en/of vrieseenhede by die perseel deur verslegting of verrotting weens:

    (i) 'n verandering in temperatuur te wyte aan:

        (a) versuim deur die verkoelingseenheid wat nie werk nie (as gevolg van enige inherente oorsaak) van enige termostatiese toestel wat die aanleg beheer of versuim van die bedrading van die hoofskakelaar na aanvullende skakelaars of kragpunte en tussen aanvullende skakelaars of kragpunte en die aandrywingsmotor, met inbegrip van die versuim van kragpunte en skakelaars;

        (b) versuim van die openbare toevoer van elektrisiteit en/of gas by die terminaaleindes van die verskaffingsowerheid se toestelvoorpunte tot die perseel;

        (c) die foutiewe instelling van enige termostatiese toestel, met inbegrip van die toevallige afskakeling van die toevoer wat die aanleg beheer;

    (ii) die werking van verkoelingsdampe wat uit die eenheid ontsnap

    MET DIEN VERSTANDE DAT:

    hierdie Uitbreiding nie die onderstaande dek nie:

    (a) verlies of skade veroorsaak deur die doelbewuste optrede van die verskaffingsowerheid van sy mag om die verskaffing van elektrisiteit en/of gas te weerhou of te beperk;

    (b) meer dan R15 000 (vyftienduisend rand) ten opsigte van enige enkel gebeurtenis of voorval.

Die Versekerde is verantwoordelik vir 'n Eerste Bedrag Betaalbaar van R1 000 (eenduisend rand) ten opsigte van enige enkel eis weens die gevare soos omskryf in 15(i) en (ii) hierbo;

16. Versekerde gevaar 6 met betrekking tot Diefstal is gewysig om as volg te lees:

    "6. Diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou(e) of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe volgende op geweld of dreigement van geweld. Indien enige versekerde gebou(e) of gebou(e) wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 (dertig) opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie item opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige sodanige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy/sy 'n eweredige deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar. Die Maatskappy se aanspreeklikheid is beperk tot 25% (vyf en twintig persent) van die Versekerde Bedrag en die

Versekerde is verantwoordelik vir die eerste 10% (tien persent) van die eis met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) vir iedere en elke eis wat hieringevolge erken word".

5.2 Onderafdeling C: Verlies van Huurgeld

Die bewoording met betrekking tot hierdie Onderafdeling is soos volg gewysig:

"Verlies van huurgeld as gevolg daarvan dat die versekerde eiendom sodanig beskadig is deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is (insluitende gedeeltelik onverhuurbaar), maar slegs vir die tydperk wat vir inbesitstelling nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25% (vyf en twintig persent) van die bedrag waarteen die gebou(e) insluitende vaste toebehore daarin of daarop verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld betaalbaar deur die Versekerde as huurder van die gebou(e) insluitende vaste toebehore daarin of daarop onmiddellik voor die skade of, indien die Versekerde nie die huurder van die gebou(e) insluitende vaste toebehore daarin of daarop is nie, die ekwivalente huurwaarde daarvan wat ontvang sou word as verhuurder vir die verhuring van die gebou(e) insluitende vaste toebehore daarin of daarop aan 'n enkel regsgeldige entiteit."

# KANTOORINHOUD

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Indien enige van die inhoud (met uitsluiting van dokumente soos omskryf in Onderafdeling C hiervan en Elektroniese Dataverwerkingstoerusting) van die Versekerde se kantoorpersele (hierna die Kantore genoem) geleë is soos in die Bylae vermeld insluitende die eienaar se los- en vaste toebehore die eiendom van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of waarvoor die Versekerde verantwoordelik is (maar uitsluitende eiendom wat meer spesifiek verseker is, sellulêre telefone, handelsvoorraad, handelsmateriale en monsters) verloor of beskadig word deur enige van die gevare soos in Onderafdeling A gespesifiseer, betaal die Maatskappy aan die Versekerde die waarde van sodanige inhoud ten tye van die plaasvind van sodanige verlies of skade of herstel of vervang die Maatskappy na sy keuse sodanige inhoud of enige gedeelte daarvan.

Die Maatskappy sal betaal vir verlies van of skade aan die geheel of 'n deel van die eiendom verseker ingevolge Onderafdeling C en omskryf in terme van Woordomskrywing 1. – "Dokumente" van hierdie Afdeling.

Die Maatskappy sal betaal vir verlies en/of uitgawe wat ingevolge Onderafdelings B en D beskryf word.

## ONDERAFDELING A - INHOUD

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.

2. Aardbewing maar met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

3. Die bars of oorloop van watertenks, watertoerusting of waterpype.

4. Lugvaartuie of ander lugontwerpe of voorwerpe daaruit laat val.

5. Storm, wind, water, hael of sneeu.

6. Botsing deur diere, bome (uitgesluit vallende bome terwyl kontrakteurs besig is met die fel daarvan) antennes, satellietskottels of voertuie, uitgesluit skade aan sodanige diere bome, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

7. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf in Besondere Voorwaarde en Uitbreiding 8).

8. Toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie op meubels of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van elke item beperk is tot hoogstens die bedrag is in die Bylae vermeld;

(b) die Maatskappy is nie kragtens hierdie Afdeling aanspreeklik nie vir verlies of beskadiging van enige motorvoertuig of toebehore in of op sodanige motorvoertuig, lewende hawe, waarborge insluitende toonderobligasies, wisselbriewe, promesses, sekuriteite vir geld, seëls, verhandelbare dokumente, kontant, skatkisorders of banknote, juweliersware, edelgesteentes en soortgelyke artikels.

## ONDERAFDELING B – HUURGELD

Redelike bykomende uitgawes noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan ingeval enige deel van die Kantoorpersele sodanig beskadig of vernietig word deur enige van die gevare hierbo gespesifiseer sodat dit onverhuurbaar is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die tydperk waarvoor die Kantoorpersele geag word om onverhuurbaar te wees, hoogstens die tyd is wat deur 'n bekwame bouer benodig sou word om die Kantoorpersele tot 'n verhuurbare toestand te herstel en in geen geval 12 (twaalf) maande oorskry nie

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid kragtens hierdie Onderafdeling beperk is tot 20% (twintig persent) van die totale versekerde bedrag in die Bylae gemeld.

Vir die doeleindes van hierdie Onderafdeling word die woord "Kantoorperseel" geag enige persele of deel daarvan in die nabyheid van die Kantoorperseel in te sluit indien skade aan sodanige kantoorpersele toegang tot die Kantoorperseel verhinder of beperk.

**ONDERAFDELING C – DOKUMENTE**

Die Maatskappy sal tot die bedrag van R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae, watter ookal die meeste, alle koste, heffings en uitgawes betaal wat deur die Versekerde aangegaan is om enige Dokumente (soos hierna omskryf), die eiendom van die Versekerde of in sy bewaring of onder sy beheer, te vervang of te vernuwe nadat sodanige dokumente venietig, beskadig of verloor is of soek geraak het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde 'n deeglike soektog na die Dokument moet instel

(b) die Maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is vir enige verlies of aanspreeklikheid teweeggebring of waartoe bygedra is deur die oneerlikheid van enige van die Versekerde se prinsipale, vennote, direkteure of werknemers nie

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik is vir eise wat uit elektriese of magnetiese beskadiging, belemmering of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames voortspruit nie, behalwe deur weerlig in welke geval die weerligverlies of skadeloosstelbare bedrag met die grootste van 10% (tien persent) of R1 000 (eenduisend rand) verminder word

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir verlies of skade veroorsaak deur ongediertes, inherente defek of deur verwerking, kopiëring of ander werk aan die dokumente

(e) die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang of slytasie

(f) die aanspreeklikheid van die Maatskappy kragtens hierdie Onderafdeling ten opsigte van dokumente is beperk tot die waarde van die skryfbehoefte-materiaal tesame met die kostes bestee aan klerikale arbeid om dit te boek te stel en nie vir die waarde vir die Versekerde van die inligting wat daarin vervat is nie.

**ONDERAFDELING D – VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE**

Enige bykomende uitgawes waarvoor daar nie andersins in hierdie Afdeling voorsiening gemaak word nie en wat redelikerwys deur die Versekerde aangegaan word met die doel om die gewone werksaamhede van die besigheid in stand te hou as gevolg van verlies of skade ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die Maatskappy ingevolge Onderafdelings A of C erken is.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling beloop hoogstens 25% (vyf en twintig persent) van die versekerde bedrag ten opsigte van alle inhoud van die Kantoorperseel wat geraak word.

## BESONDERE VOORWAARDES EN UITBREIDINGS

### 1. INHOUD WEG VAN KANTORE

Hierdie Afdeling is uitgebrei om die volgende in te sluit:

verlies of beskadiging van die Kantoorinhoud soos hierbo gespesifiseer maar uitsluitende eiendom wat aan die Versekerde se prinsipaal, vennote, direkteure of werknemers behoort te wyte aan

(a) enige van die versekerde gevare terwyl

(i) die Kantoorinhoud tydelik in enige private woning, hotel, herberg, losieshuis of klub is waarin die Versekerde of sy prinsipaal, vennote, direkteure of werknemers mag woon

of

(ii) terwyl die Kantoorinhoud vir veilige bewaring in enige bank of veilige bewaarplek gedeponeer is.

### 2. HUURDERSAANSPREEKLIKHEID

Alle bedrae waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal aan die eienaar van die Kantoorperseel voortspruitende uit verlies of beskadiging deur enige van die gevare hierbo gespesifiseer van sodanige gedeelte of gedeeltes van die gemelde Kantoorpersele (insluitende los- en vaste toebehore, die eiendom van die eienaar, daarin) as wat deur die Versekerde as huurder geokkupeer mag wees, insluitende alle regskoste en regsuitgawes voortspruitende daaruit wat met die skriftelike toestemming van die Maatskappy deur die Versekerde aangegaan is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding tot R1 000 000 (eenmiljoen rand) ten opsigte van enige versekeringstermyn beperk is.

### 3. ONDERVERSEKERING

Nie van toepassing op:

(a) Gevaar 8 van Onderafdeling A – Inhoud

(b) Opsionele Uitbreiding 16 – Diefstal (indien verseker op ‘n eerste verlies basis)

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag dan word die Versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie Voorwaarde onderworpe.

### 4. WERKLUI

Kontrakteurs mag in of op enige van die persele en geboue soos omskryf in die Bylae van hierdie Afdeling werk sonder benadeling van hierdie Afdeling.

### 5. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 6. SEKURITEITSKOSTE

Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed vir die redelike uitgawe van sekuriteitsdienste noodsaaklikerwys aangegaan tot tyd en wyl die vervanging of herstelwerk volgende op verlies of skade aan eiendom onder hierdie Afdeling verseker, voltooi is.

## 7. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis wat ontstaan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir 'n bedrag van minstens

(a) R250 (tweehonderd en vyftig rand) van iedere en elke eis (uitgesluit eise vir verlies of skade as gevolg van weerligslag of diefstal wat gepaard gaan met kragdadige betreding of verlating)

(b) R1 000 (een duisend rand) van iedere en elke eis as gevolg van weerligslag of diefstal wat gepaard gaan met kragdadige betreding of verlating

(c) 10% (tien persent) van verlies met ‘n minimum van R1 000 (een duisend rand) ten opsigte van ieder en elke eis as gevolg van diefstal sonder enige kragdadige betreding of verlating van die persele of die bedrag vermeld in die Bylae, watter ookal die meeste.

## 8. KWAADWILLIGE BESKADIGING

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, word Onderafdelings A, B en C van hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat

   (a) gesteel word

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae in onbruik gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van onbruik, word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar.

**9. WEERLIGAFLEIERS**

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid onder hierdie Afdeling voorafgaan dat alle geboue met gras- of strooi- of rietdakbedekking met 'n voldoende en behoorlik geïnstalleerde SABS-goedgekeurde weerligafleier of weerligafleier van 'n soortgelyke standaard of beter toegerus is wat spesifiek daargestel is om weerlig van die betrokke gebou(e) af te lei.

**10. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word Onderafdelings A, B en C van hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word:

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 11. VERLIES VAN SLOTTE EN SLEUTELS

Hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandbeheerder en/of alarmbeheerder en indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel na die verdwyning van enige sleutel, afstandbeheerder of alarmbeheerder of nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel, afstandbeheerder of alarmbeheerder.

Hierdie Afdeling dek ook die redelike koste wat in noodgevalle aangegaan word om 'n sleutelmaker in te roep as gevolg van die verlies van sodanige sleutels, afstandbeheerder of alarmbeheerder

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis nie die bedrag van R2 000 (tweeduisend rand) sal oorskry nie

(ii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir die eerste R200 (tweehonderd rand) ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis nie.

## 12. KAPITAALTOEVOEGINGS

Die versekering ingevolge hierdie Afdleing dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waarvermeerdering bo die versekerde bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 20% (twintig persent) van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en om die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## 13. NUWE EN BYKOMENDE PERSELE

Indien die Versekerde ander kantore of spreekkamers okkupeer behalwe dié wat geleë is soos in die Bylae vermeld in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, geld die versekering ingevolge hierdie Afdeling asof sodanige kantore of spreekkamers Kantoorpersele binne die bestek van hierdie Afdeling is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Versekerde die Maatskappy binne 'n redelike tyd na okkupasie daarvan in kennis stel en die bykomende premie betaal wat pro rata bereken word vanaf die tydstip van okkupasie tot aan die einde van die versekeringstydperk wat op daardie tydstip van krag was;

(ii) hierdie Besondere Voorwaarde nie geld vir enige verlies, indien en in soverre dit andersins verseker is nie.

## 14. VERWYDERING VAN PUIN

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling word uitgebrei om sodanige redelike koste en uitgawes in te sluit wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin na verlies of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal die bedrag beloop wat in die Bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak word.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie Polis/ Afdeling verseker is nie.

**15. DIEFSTAL AS GEVOLG VAN KRAGDADIGE BETREDING OF VERLATING**

Die volgende Gevaar 9 word gevoeg by die gevare van toepassing op Onderafdeling A – Inhoud:

9. Diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die kantore gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy nie ingevolge hierdie Uitbreiding aanspreeklik is nie vir diefstal of poging tot diefstal deur enige prinsipaal, vennoot in of van, of direkteur of werknemer van die Versekerde;

(ii) die bedrag betaalbaar verminder word met die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar vermeld in Besondere Voorwaarde 7(b) van hierdie Afdeling;

(iii) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie ten opsigte van persoonlike besittings, die eiendom van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde wat R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) ten opsigte van enige persoon oorskry nie.

**16. DIEFSTAL (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die volgende Gevaar 10 word gevoeg by die gevare van toepassing op Onderafdeling A – Inhoud:

10. Diefstal of enige poging daartoe behalwe deur 'n prinsipaal, vennoot in of van, of direkteur of werknemer van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die bedrag betaalbaar verminder word met die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar vermeld in Besondere Voorwaarde 7(c) van hierdie Afdeling;

(ii) die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding, min die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar;

(iii) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie ten opsigte van persoonlike besittings, die eiendom van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde wat R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) ten opsigte van enige persoon oorskry nie.

## WOORDOMSKRYWING

**1. DOKUMENTE**

Dokumente beteken films, bande, adressograafplate, tekeninge, uittreksels, verbandbriewe, manuskripte, aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords, geskrewe of gedrukte boeke, briewe, sertifikate, geskrewe of gedrukte dokumente of vorms van enige aard (uitsluitende enige toonderobligasies of toonderkoepons, seëls van enige aard, effekte, tjeks, enige skriftelike bewys van skuld of verpligtings, rekenaarprogrammatuur en rekenaardatadraende media, banknote of skatkisorders of ander verhandelbare dokumente) die eiendom van of toevertrou aan die Versekerde wat werklik of volgens wat hy glo in sy besit of in die besit van enige ander party is aan wie sodanige Dokumente in die gewone loop van besigheid deur die Versekerde toevertrou is.

**2. ELEKTRONIESE DATAVERWERKINGSTOERUSTING**

Elektroniese dataverwerkingstoerusting soos vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling is beperk tot rekenaar- en alle verwante hardeware, bykomstighede en rekenaarsagteware asook die inligting of data daarin of daarop gestoor.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

### 1. DIEFALARM

Dit is ‘n voorwaarde wat alle aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan en aldus gewaarborg deur die Versekerde dat daar in die gebou waarna verwys word in die Bylae van hierdie Afdeling ‘n diefalarmstelsel geïnstalleer is en dat:

(a) sodanige diefalarmstelsel wat op die perseel aangebring is ten volle in werking gestel word wanneer die perseel nie vir sakedoeleindes oop is nie, tensy ‘n vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde op die perseel is;

(b) sodanige diefalarmstelsel in ‘n behoorlike werkende toestand in stand gehou sal word, maar dit sal gedoen geag word indien die Versekerde sy verpligtinge ingevolge ‘n kontrak met die verskaffers of versieningsingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek geen verlies van of skade aan die eiendom as gevolg van die gebruik van die sleutels van die diefalarmstelsels of enige duplikaat daarvan wat aan die Versekerde behoort nie, tensy sodanige sleutels met geweld of weens ‘n dreigement van geweld verkry is.

### 2. DIEFWERING

Die Versekerde moet voortgaan om diefwering te gebruik en in ‘n doeltreffende toestand hou wat volgens voorstelling of ooreenkoms by die Persele gebruik word ten einde toegang of verlating deur diewe te voorkom, belemmer of op te spoor.

Tot die omvang waartoe enige diefwering ten tye van enige verlies gebrekkig is, is die Maatskappy nie ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik nie, tensy die Versekerde bewys dat sodanige gebrek:

(a) nie redelikerwys deur die Versekerde opgespoor kon word nie of opgespoor is maar nie redelikerwys voor die plaasvind van die verlies reggestel kon word nie en dat voldoende alternatiewe beskermings ingestel en die Maatskappy so gou as moontlik in kennis gestel is;

(b) geensins bygedra het tot die diewe se vermoë om die persele of enige deel daarvan binne te gaan, daarin te bly of daaruit te vlug nie en geensins die moontlikheid dat hulle opgespoor kon word, verhinder het nie.

### 3. WAGTE

Dit is ‘n voorwaarde wat alle aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan en aldus gewaarborg deur die Versekerde dat ‘n wag in diens geneem sal word by die aanvang van hierdie versekering vir die beskerming van die persele te alle tye terwyl dit vir sake gesluit is.

# SAKE ONDERBREKING

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Indien enige gebou of ander eiendom of enige gedeelte daarvan , deur die Versekerde op die Persele vir die doeleindes van die Besigheid gebruik word, deur enige van die gevare verseker onder die Brand-, Geboue Omvattend- en Kantoorinhoud Afdelings of enige ander Materiële Skade versekering (uitgesonderd Oesversekering) wat die belange van die Versekerde dek maar slegs ten opsigte van gevare wat verseker is ingevolge die Brand Afdeling van hierdie Polis vernietig of beskadig word (vernietiging of skade aldus veroorsaak word hierna "Skade" genoem) en die besigheid deur die Versekerde op die Persele bedryf as gevolg daarvan onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy aan die Versekerde ten opsigte van elke Item in die Bylae hierby die bedrag van die verlies voortspruitende uit sodanige onderbreking of belemmering betaal ooreenkomstig die bepalings hierin vervat

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) daar ten tye van die plaasvind van die Skade 'n versekering bestaan, uitgesluit wyn en verwante produkte (of die produk in die Bylae gespesifiseer) asook gebruik verpakking en ander materiaal wat deel vorm daarvan, slegs van toepassing indien verseker in terme van Item 3 as Inkomste soos omskryf onder die opskrif Woordomskrywing, wat die belang van die Versekerde in die eiendom op die Persele teen sodanige Skade dek en dat betaling daarvoor geskied het of aanspreeklikheid kragtens sodanige versekering daarvoor erken is

(b) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van elke Item in geen geval die bedrag te oorskry wat as daarop verseker in die Bylae gemeld is nie.

**ITEM 1 - BRUTO WINS (Verskil grondslag)**

Die versekering kragtens hierdie item is beperk tot verlies van bruto wins weens:

(a) vermindering in omset en

(b) verhoging in bedryfskoste

en die bedrag daarkragtens betaalbaar as skadeloosstelling is

(a) ten opsigte van vermindering in omset die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers op die bedrag toe te pas waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade minder is as die standaardomset

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade plaas sou gevind het, maar hoogstens die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die vermindering daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die koste en uitgawes van die onderneming betaalbaar uit bruto wins as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die Skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word ten opsigte van bruto wins indien die versekerde bedrag minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset, waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**ITEM 1 - BRUTO WINS (Bytelgrondslag)**

Die versekering kragtens hierdie item is beperk tot verlies van bruto wins weens

(a) vermindering in omset en

(b) verhoging in bedryfskoste

en die bedrag daarkragtens betaalbaar as skadeloosstelling is

(a) ten opsigte van vermindering in omset die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers op die bedrag toe te pas waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade minder is as die standaardomset

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade plaas sou gevind het, maar hoogstens die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die Skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag verkry deur die bruto winskoers op die jaarlikse omset toe te pas waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset, waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

MEMO

Indien enige vaste koste van die onderneming nie kragtens hierdie Afdeling verseker is nie, dan word daar by berekening van die bedrag hierkragtens verhaalbaar as verhoging in bedryfskoste, slegs daardie verhouding van die bykomende uitgawe in aanmerking geneem waarin die bedrag van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die bedrag van die netto wins en al die vaste koste.

**ITEM 2 - BRUTO HUURGELD**

Die versekering kragtens hierdie item is beperk tot:

(a) verlies van bruto huurgeld en

(b) verhoging in bedryfskoste

en die bedrag daarkragtens betaalbaar as skadeloosstelling is

(a) ten opsigte van verlies van bruto huurgeld die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade minder is as die standaard bruto huurgeld

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van bruto huurgeld te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade plaas sou gevind het, maar hoogstens die bedrag van die vermindering in bruto huurgeld daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste van die onderneming betaalbaar uit bruto huurgeld as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die Skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld, waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**ITEM 3 - INKOMSTE**

Die versekering kragtens hierdie item is beperk tot:

(a) verlies van inkomste en

(b) vehoging in bedryfskoste

en die bedrag daarkragtens betaalbaar as skadeloosstelling is

(a) ten opsigte van verlies van inkomste die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade minder is as die standaardinkomste

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van inkomste te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade plaas sou gevind het, maar hoogstens die bedrag van die verlies van inkomste daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste van die onderneming betaalbaar uit inkomste as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die Skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste, waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry.

**ITEM 4 - BYKOMENDE VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE**

Die versekering kragtens hierdie item word beperk tot die redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar kragtens ander items nie) wat met die toestemming van die Maatskappy aangegaan is gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou.

**ITEM 5 – LONE (Grondslag van aantal weke)**

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die Versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die Skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie.

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die Versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die Skade hoegenaamd nie deur die Versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die Skade nie ten volle deur die Versekerde benut kan word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik na die Skade aan lone betaal sou gewees het indien die Skade nie voorgekom het nie.

**ITEM 6 (i) – BOETES EN STRAFTOEKENNINGS VIR KONTRAKBREUK (WYN- OF DRUIWE PRODUSEERDERS OF WYNKELDERS)**

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag aan skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van Skade vir nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

**ITEM 6 (ii) – KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE AAN VERBOUERS (WYNKELDERS ALLEENLIK)**

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die kontraktuele verpligtinge van die Versekerde en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling hieronder sal insluit die bedrae betaalbaar waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is in terme van kontrakte vir die aankoop van druiwe deur enige herwinningsinstansies of herverkope alleenlik in verband met die skade aangerig gedurende die tydperk wat ooreenstem met die datum waarop die skade plaasvind en wat nie langer as 12 (twaalf) maande daarna sal duur nie

MET DIEN VERTANDE DAT:

(a) indien die versekerde bedrag in terme van hierdie item minder is as die totaal van die kontrakruele verpligtinge wat gedurende die daaropvolgende 12 (twaalf) maande betaalbaar sou wees indien sodanige skade nie plaasgevind het nie, sal die bedrag betaalbaar in verhouding daartoe verminder

(b) geskrewe bewys van sodanige kontraktuele verpligtinge moet aan die Maatskappy voorgelê word op versoek.

**WOORDOMSKRYWING**

**Skadeloosstellingstydperk**

Die tydperk wat begin met die aanvang van die Skade en wat eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die Bylae waartydens die resultate van die onderneming as gevolg van die Skade geraak word.

**Omset**

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van die sakebedrywighede by die persele.

**Inkomste**

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en vir dienste gelewer in die loop van die sakebedrywighede by die persele insluitende die geldwaarde van die eindvoorraad (onverkoopte voorraad).

MET DIEN VERSTANDE DAT:

ten opsigte van wyn en verwante produkte aangekoop vir die doel

1. om te meng en/of versnit of

2. tekorte van wyn aan te vul ten einde bestaande kontrakte na te kom en daaraan te voldoen

beskou en geag sal word as synde deel te vorm van produksiekoste.

**Bruto Huurgeld**

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van die huur van die persele en vir dienste gelewer.

**Bruto wins (Verskilgrondslag)**

Die bedrag waarmee

1. die totaal van die omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as

2. die totaal van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die bedrag van die beginvoorraad en eindvoorraad vasgestel sal word volgens die Versekerde se gewone rekenkundige metodes met behoorlike voorsiening vir waardevermindering.

**Onversekerde Koste**

Dit word in die Bylae omskryf en die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, sal die betekenis hê wat hulle gewoonlik in die boeke en rekeninge van die Versekerde het.

**Bruto Wins (Bytelgrondslag)**

Die bedrag verkry deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te tel of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste min sodanige verhouding van enige netto bedryfsverlies waarin die bedrag van die versekerde vaste koste staan tot al die vaste koste van die onderneming.

**Netto Wins**

Die netto bedryfswins (met uitsluiting van alle kapitaalontvangste en kapitaalaanwas en alle uitgawes regmatig teen kapitaal vorderbaar) voortspruitend uit die onderneming van die Versekerde by die persele nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste met inbegrip van waardevermindering maar voor aftrekking van enige belasting wat teen winste vorderbaar is.

**Versekerde Vaste Koste**

Soos in die Bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die Versekerde)

**Standaardomset**

**Standaardinkomste**

**Standaard Bruto Huurgeld**

Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende daardie tydperk in die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die aanvang van die Skade wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem.

**Jaarlikse Omset**

**Jaarlikse Inkomste**

**Jaarlikse Bruto Huurgeld**

Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die Skade.

**Bruto Winskoers**

Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die Skade.

Waaraan sodanige aanpassing gemaak sal word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid of voor of na die Skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk na die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie.

**Let wel:** Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade.

**Memo**

Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk tot voordeel van die onderneming of deur die Versekerde of deur ander namens die Versekerde elders as by die persele verkoop word of dienste gelewer word, sal die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in aanmerking geneem word by die vasstelling van die omset, inkomste of bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sal tot 'n einde kom indien:

   (a) die Besigheid in likwidasie gaan of as dit voortgesit word deur 'n likwidateur, kurator, trustee of geregtelike bestuurder of as dit permanent gesluit word

   (b) die Versekerde se belange ophou bestaan op 'n ander wyse as deur die dood.

2. By die plaasvind van enige Skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie Afdeling mag ontstaan moet die Versekerde benewens om te voldoen aan Algemene Voorwaardes 7 en 9 van hierdie Polis alles doen en instem en toelaat dat alles wat redelikerwyse uitvoerbaar mag wees gedoen word om die onderbreking of belemmering van die Besigheid te minimaliseer of te keer of om die verlies te vermy of te verminder en indien 'n eis ingevolge hierdie Afdeling ingestel word, moet die Versekerde binne 30 (dertig) dae na die verstryking van die Skadeloosstellingstydperk (of binne enige tydsverlenging wat die Maatskappy skriftelik mag toestaan) op eie koste aan die Maatskappy 'n skriftelike opgaaf lewer waarin besonderhede van die eis verstrek word tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of enige gevolglike verlies van enige aard, wat ookal, wat daaruit voortspruit, dek.

3. Geen eis ingevolge hierdie Afdeling sal betaalbaar wees nie na die verstryking van:

   (a) 'n tydperk van 1 (een) jaar bereken vanaf die datum waarop die skadeloosstellingstydperk eindig,

   of

   (b) 'n tydperk van 3 (drie) maande bereken vanaf die datum waarop betaling gemaak of aanspreeklikheid erken is ingevolge die versekering wat die belange van die Versekerde in die eiendom by die Perseel teen die Skade, waaruit die voormelde eis ontstaan, dek

   tensy die eis die onderwerp van 'n hangende regsgeding is of die onderwerp van arbitrasie ingevolge die bepalings van Algemene Voorwaarde 14 van hierdie Polis is.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

### A. OUDITEURE

Enige gegewens of besonderhede vervat in die Versekerde se rekeningboeke of ander sakeboeke of dokumente wat die Maatskappy kragtens hierdie Afdeling mag vereis met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te kontroleer, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters daargestel en gesertifiseer word en hul sertifikaat sal prima facie bewys wees van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### B. OPHOPING VAN VOORRAAD

Met die skikking van enige verlies sal dit in ag geneem word en 'n regverdige toelating gemaak word indien enige tekort in omset as gevolg van die Skade uitgestel word omdat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad gehandhaaf word.

### C. DEPARTEMENTE

Indien die onderneming in departemente/takke gevoer word waarvan die onafhanklike bedryfsresultate bepaalbaar is, sal die bepalings kragtens Items 1, 2 of 3 wat verband hou met vermindering in omset/ bruto huurgeld/inkomste en verhoging in bedryfskoste afsonderlik van toepassing wees op elke departement/tak wat deur die Skade geraak word, behalwe dat indien die versekerde bedrag kragtens die toepaslike item minder is as die totaal van die (jaarlikse bruto huurgeld) (jaarlikse inkomste) (bedrae verkry deur toepassing van die bruto winskoers) vir elke departement/tak, afgesien daarvan of dit deur die Skade geraak is of nie, (op die betrokke jaarlikse omset daarvan) (na verhouding vermeerder indien die aantal maande waarna daar in die omskrywing van skadeloosstellingstydperk verwys word, 12 (twaalf) oorskry), sal die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word.

## D. DEPOSITOPREMIE

Aangesien die premies kragtens Items 1, 2, 3 of 6 (ii) voorlopig is omdat hulle bereken word op 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag, is die premies soos volg aan aanpassing onderworpe by die verstryking van elke versekeringstermyn:

Ingeval die bruto wins/bruto huurgeld/inkomste verdien na verhouding vermeerder indien die aantal maande waarna daar in die omskrywing van skadeloosstellingstydperk verwys word, (12) twaalf oorskry gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstermyn minder of meer is as 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag daarop, sal 'n pro rata premieterugbetaling van hoogstens een derde (1/3) of 'n bykomende premie van hoogstens een derde (1/3) van die voorlopige premie betaal vir sodanige versekeringstydperk ten opsigte van die verskil gemaak word.

Indien 'n eis kragtens hierdie Afdeling ingestel word, sal die bedrag betaal of betaalbaar daarop beskou word as werklik verdien.

## E. PRODUKSIE (Alternatiewe grondslag)

Die woord "produksie" mag na die keuse van die Versekerde die woord "omset" vervang en vir die doeleindes van hierdie Afdeling sal "produksie" die verkoopwaarde of oordragwaarde beteken soos in die Versekerde se boeke aangedui van goedere vervaardig of verwerk deur die Versekerde by die persele

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) slegs die betekenis van "produksie" of die betekenis van "omset" van krag is in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het

(b) indien die betekenis van "produksie" gebruik word

    (i) die klousule ten opsigte van ophoping van voorraad nie van krag sal wees nie

    (ii) die memo aan die einde van die Woordomskrywings soos volg sal lees:

“Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk tot voordeel van die onderneming of deur die Versekerde of deur ander namens die Versekerde elders as by die persele vervaardig of verwerk word, sal die verkoopwaarde of oordragswaarde van sodanige goedere in aanmerking geneem word by die vasstelling van die produksie gedurende die skadeloosstellingstydperk”.

## F. BETALINGS OP REKENING

In die geval van 'n eis, sal die Maatskappy periodieke betalings op rekening aan die Versekerde maak, indien verlang.

## G. VERKOPING VAN GEBERGDE GOEDERE

Indien die Versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk ‘n bergingsuitverkoping hou, lees Klousule (a) van Item 1 (Bruto Wins) vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

"(a) ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die verkoping van gebergde goedere) as gevolg van die Skade by die standaardomset tekort skiet van welke totaal die werklik Bruto Wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van gebergde goedere verdien is, afgetrek word."

## H. VERHINDERING VAN TOEGANG

Verlies soos verseker kragtens hierdie Afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die Besigheid veroorsaak deur verhindering van toegang tot die Persele ten gevolge van Skade (soos waarna in hierdie Afdeling verwys word) aan eiendom by ander persele in die nabyheid van die Persele beskou sal word as verlies wat voortspruit uit Skade (soos waarna in hierdie Afdeling verwys word) aan eiendom wat deur die Versekerde op die persele gebruik word.

## I. BERGING EN TRANSITO

Verlies soos kragtens hierdie Afdeling verseker wat voortspruit uit onderbreking of ontwrigting van die besigheid as gevolg van Skade aan eiendom te wyte aan gevare kragtens hierdie Afdeling verseker:

(a) op persele waar die Versekerde eiendom gebêre of tydelik gedeponeer het (hetsy vir verwerkingsdoeleindes of bergingsdoeleindes) of besig is om 'n kontrak na te kom

(b) terwyl in transito per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg

(c) synde motorvoertuie van die Versekerde op ander plekke as op die Versekerde se persele

(d) op die persele van die Versekerde se verwante en filiaalmaatskappye

sal geag word verlies te wees wat voortspruit uit Skade aan die eiendom deur die Versekerde gebruik op die Persele.

## J. NUWE BESIGHEID (Slegs van toepassing indien Bruto Wins verseker word)

Vir die doel van enige eis voortspruitende uit Skade wat voor die voltooiing van die eerste jaar se bedryf van die besigheid by die persele voorkom, het die uitdrukkings "Bruto Winskoers", "Jaarlikse Omset" en "Standaardomset" die volgende betekenisse en nie soos hierin gemeld nie:

**BRUTO WINSKOERS**

Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die tydperk tussen die datum van die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade

**JAARLIKSE OMSET**

Die proporsionele ekwivalent, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande, van die omset gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade opgelewer

**STANDAARDOMSET**

Die proporsionele ekwivalent, vir 'n tydperk gelyk aan die skadeloosstellingstydperk, van die omset gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade opgelewer

waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid of voor of na die Skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk na die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie.

**Let wel:** Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade.

## K. NUWE BESIGHEID (Slegs van toepassing indien Huurgeld verseker word)

Vir die doel van enige eis wat ontstaan weens Skade wat voorkom voor voltooiing van die eerste jaar se handel op die persele deur die besigheid, sal die uitdrukkings "Jaarlikse Bruto Huurgeld" en "Standaard Bruto Huurgeld" die volgende betekenisse dra en nie soos hierin genoem nie:

**JAARLIKSE BRUTO HUURGELD**

Die proporsionele ekwivalent vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande, van die huurgeld opgelewer gedurende die tydperk tussen die aanvangsdatum van die besigheid en die datum van die Skade

**STANDAARD BRUTO HUURGELD**

Die proporsionele ekwivalent vir 'n tydperk gelykstaande aan die skadeloosstellingstydperk, van die huurgeld opgelewer gedurende die tydperk tussen die aanvangsdatum van die Besigheid en die datum van die Skade

waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid of voor of na die Skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk na die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie.

**Let wel:** Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade.

## L. NUWE BESIGHEID (Slegs van toepassing indien Inkomste verseker word)

Vir die doel van enige eis wat ontstaan weens Skade wat voorkom voor voltooiing van die eerste jaar se handel op die persele deur die besigheid, sal die uitdrukkings "Jaarlikse Inkomste" en "Standaard Inkomste" die volgende betekenisse dra en nie soos hierin genoem nie:

**JAARLIKSE INKOMSTE**

Die proporsionele ekwivalent vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande, van die inkomste opgelewer gedurende die tydperk tussen die aanvangsdatum van die besigheid en die datum van die Skade

**STANDAARDINKOMSTE**

Die proporsionele ekwivalent vir 'n tydperk gelykstaande aan die skadeloosstellingstydperk, van die inkomste opgelewer gedurende die tydperk tussen die aanvangsdatum van die besigheid en die datum van die Skade

waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid of voor of na die Skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk na die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie.

**Let wel:** Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die Skade.

## M. BYKOMENDE EN NUWE PERSELE

Verlies soos deur hierdie Afdeling gedek, voortspruitende uit onderbreking of belemmering van die besigheid ten gevolge van Skade (soos hierin omskryf) aan eiendom by enige persele ten opsigte waarvan die Versekerde 'n kontrak aangegaan het om dit te laat bou of om dit te koop, huur of verhuur, word geag om verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom deur die Versekerde by die Persele gebruik

MET DIEN VERSTANDE DAT:

kennisgewing daarvan aan die Maatskappy so gou as redelikerwys moontlik gegee word en ‘n aanpassing van premie, indien nodig, gemaak word.

## N. GEBIEDSGRENSE

Die gebiedsgrense in terme van Klousule H – Verhindering van Toegang, I – Berging en Transito insluitende Endossement 1 (nie van toepassing op gespesifiseerde verskaffers nie), 2, 3, 4, 5 en 6 (ii) is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

Bykomende en nuwe persele omskryf in terme van Klousule M van hierdie Afdeling is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

## 1. VERSKAFFERS EN KLANTE

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie sal enige verlies voortspruitend uit onderbreking of versteuring van die Besigheid as gevolg van gevare waarteen hierkragtens verseker is, aan persele of ander eiendom van verskaffers en klante in die Bylae gespesifiseer, beskou word om 'n verlies te wees voortspruitend uit Skade aan eiendom gebruik deur die Versekerde op die perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van ongenoemde verskaffers en klante beperk sal wees tot 10% (tien persent) van Bruto Wins/Inkomste/Bruto Huurgeld verseker;

(b) verskaffers, indien ongespesifiseerd, sluit die persele uit van enige openbare verskaffingsonderneming waarvandaan die Versekerde elektrisiteit, gas of water verkry;

(c) die verwysing na “Gevare wat verseker is ingevolge die Brand Afdeling van hierdie Polis” soos vermeld onder die opskrif Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling wat verband hou met enige aangeplante (groeiende) wingerde beperk is tot die gevare van brand en weerlig alleen.

## 2. WATER- EN ELEKTRISITEITSVOORSIENERSPERSEEL

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is verlies soos kragtens hierdie Afdeling verseker wat mag ontstaan uit onderbreking of ontwrigting van die Besigheid as gevolg van skade deur enige van die gebeurlikhede kragtens hierdie Afdeling verseker aan eiendom wat behoort aan enige openbare onderneming vir die verskaffing van elektrisiteit, gas of water by hierdie versekering ingesluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die onderbreking minstens 24 (vier en twintig) uur ononderbroke voortduur.

## 3. OPENBARE TELEKOMMUNIKASIE – SLEGS VERSEKERDE GEVARE

Verlies soos verseker deur hierdie Afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade (soos hierin omskryf):

(i) aan eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om ‘n telekommunikasiefasiliteit aan die Versekerde te verskaf;

(ii) aan die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (i) hierbo vermeld, sal beskou word om verlies voortspruitend uit die skade aan die eiendom deur die Versekerde by die persele gebruik, te wees.

## 4. OPENBARE TELEKOMMUNIKASIE – UITGEBREIDE DEKKING

Verlies soos verseker voortspruitend uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die Versekerde se persele word geag om voort te spruit uit Skade (soos hierin omskryf), met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit Skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) 'n fout by enige deel van die persele wat aan die Versekerde behoort;

(iii) 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die Versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(iv) enige gebeurtenis in Algemene Uitsonderings 1 en 2 omskryf maar sluit nie dekking uit soos verskaf deur die Kwaadwillige Beskadiging Uitbreiding in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie Polis nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding nie, tensy die onderbreking of belemmering van die Versekerde se besigheid langer as 24 uur duur.

## 5. OPENBARE DIENSTE – UITGEBREIDE DEKKING

Verlies soos verseker wat voortspruit uit die onderbeking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die Versekerde se perseel word geag om voort te spruit uit Skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie Afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit Skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) waterbesoedeling;

(iii) 'n brandstof- of watertekort;

(iv) 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort;

(v) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan Skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(vi) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 beskryf, maar sluit nie dekking uit soos wat verskaf is deur die Kwaadwillige Beskadiging Uitbreiding in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie Polis nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

## 6. TOEVALLIGE SKADE ANDER DAN WYN

Die volgende Omskrewe Gebeurtenis word bygevoeg:

"Verlies na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge Omskrewe Gebeurtenis (i) van die Afdeling Toevallige Skade Ander Dan Wyn van hierdie Polis (hierna Skade genoem)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die bepaling, ingevolge enige item van hierdie Afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie Omskrewe Gebeurtenis;

(b) die Maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die Bylae van die Afdeling Toevallige Skade Ander Dan Wyn vir beide hierdie Afdeling en die Afdeling Toevallige Skade Ander Dan Wyn tesame nie".

## 7. TOEVALLINGE SKADE - WYN

Die volgende Omskrewe Gebeurtenisse word bygevoeg:.

"Verlies na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van Skade wat gedurende die verskeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge Omskrewe Gebeurtenis 4.1, 4.2 en 4.3 soos vervat in Spesiale Voorwaardes wat verwys na wyn en verwante produkte van toepassing op Item 1. Wyn en Verwante Produkte van die Afdeling Toevallinge Skade – Wyn van hierdie Polis (hierna Skade genoem)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die bepaling ingevolge enige item van hierdie Afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie Omskrewe Gebeurtenis;

(b) die Maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die Bylae van die Afdeling Toevallige Skade - Wyn vir beide hierdie Afdeling en die Afdeling Toevallige Skade – Wyn tesame nie".

## 8. GASTEHUISE (AKKOMMODASIE EN VERBLYF)

As teenprestasie vir die betaling van 'n addisionle premie word die onderstaande Omskrewe Gebeurtenisse bygevoeg:

(i) Afdeling 15 – Diefstal

(ii) Afdeling 19 – Transito

(iii) Afdeling 27 – Enkelrit Transito

(iv) Die uitbreek van 'n aanmeldbare aansteeklike of andersins gevaarlike menslike siekte, ongesteldheid of krankheid wat by die versekerde perseel plaasvind, of die ontstaan van 'n situasie wat aanleiding kan gee tot die uitbreek van sodanige siekte, ongesteldheid of krankheid, wat lei tot die sluiting of gedeeltelike sluiting of enige ander onderbreking van die besigheid op las van die Staat of Regering, plaaslike owerheid of enige ander bevoegde owerheid;

(v) Moord, selfmoord en/of voedselvergiftiging wat op die versekerde perseel plaasvind;

(vi) Die besoedeling van enige see, strand of waterweg binne 15 (vyftien) kilometer van die versekerde perseel;

(vii) Die verhindering of belemmering van die gebruik van of toegang tot die versekerde perseel as gevolg van 'n bomdreigement in oorskryding van die eerste 6 (ses) uur na sodanige bomdreigement;

(viii) Aanval deur wilde diere, haai aanval of bedreiging van haai aanval

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

die versekering hieringevolge aan die onderstaande Spesifieke Voorwaardes onderworpe is

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding sal nie die versekerde bedrag vermeld in die Bylae oorskry nie;

(b) die bepaling wat vereis dat materiële skade plaasvind, is nie op Omskrewe Gebeurtenisse (iv) tot (vii) van hierdie Uitbreiding van toepassing nie;

(ix) As gevolg daarvan dat 'n lisensie wat ten opsigte van die versekerde perseel vir die kleinhandelverkoop van belasbare drank toegestaan is, (hierna Lisensie genoem), opgeskort of verbeur word ingevolge die bepalings van die toepaslike wetgewing wat sodanige Lisensies beheer, of hernuwing geweier word na behoorlike aansoek om sodanige hernuwing aan die toepaslike owerheid, te eniger tyd gedurende die versekeringstydperk, welke opskorting, verbeuring of hernuwingsweiering veroorsaak word deur redes buite die beheer van die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) geen eis ingevolge hierdie Uitbreiding betaalbaar sal wees nie indien die Versekerde geregtig is op betaling van vergoeding ingevolge die bepalings van enige parlementswet wat verband hou met die weiering om die Lisensie te hernu;

(b) in die geval van sterfte, bankrotskap, ongeskiktheid, verlating van die versekerde perseel of skuldigbevinding aan enige oortreding waar sodanige skuldigbevinding die karakter of reputasie van die skuldigbevinde persoon ten opsigte van sy eerlikheid, morele posisie of soberheid van die huurder, bestuurder, bewoner of lisensiehouer aantas, die Versekerde, waar doenlik en op versoek van die Maatskappy, 'n geskikte persoon sal vind om hom/haar te vervang en aan wie die gereg die Lisensie sal oordra of toestaan deur middel van hernuwing;

(c) indien die verbeuring of weiering om die Lisensie te hernu in geheel of gedeeltelik veroorsaak is deur die wangedrag of verskaffing of oogluikende toelating of nalatigheid of versuim van die Versekerde of deur die versuim van die Versekerde om enige stappe te doen om die Lisensie van krag te hou, geen eise ingevolge hierdie Uitbreiding betaalbaar sal wees nie tensy die Versekerde of enige ander eiser hieringevolge tot die redelike bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat sodanige aangeleentheid buite sy/haar of hulle beheer was;

(d) geen eis ingevolge hierdie Uitbreiding betaalbaar sal wees nie indien die weiering van hernuwing, opskorting of verbeuring van die Lisensie direk of indirek spruit uit enige stads- of streeksbeplanning-, verbetering of-herontwikkeling, verpligte aankoop of enige wetswysiging wat die toestaan, oorgawe, weiering om te hernu, opskorting of verbeuring van Lisensies raak;

(e) die Versekerde, sodra hy bewus word van enige:

  (i) klagte teen die versekerde perseel of die beheer daarvan;

  (ii) verrigtinge teen of skuldigbevinding van die lisensiehouer, bestuurder, huurder of okkupeerder van die versekerde perseel vir enige skending van die Lisensiewet of enige aangeleentheid hoegenaamd waardeur die karakter of reputasie van die betrokke persoon aangetas of in twyfel getrek word ten opsigte van sy/haar eerlikheid, morele posisie of soberheid;

  (iii) oordrag of voorgestelde oordrag van die Lisensie;

  (iv) wysiging aan die doel waarvoor die perseel gebruik word;

  (v) teenkanting teen die hernuwing of enige omstandighede wat die Lisensie of die hernuwing van die Lisensie in gevaar stel

  die Maatskappy onmiddellik skriftelik daarvan in kennis sal stel en sodanige bykomende inligting sal verstrek en sodanige bystand verleen as wat die Maatskappy rederlikerwys mag vereis.

# REKENINGE ONTVANGBAAR

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Verlies of skade weens 'n ongeval of teëspoed (hierna Skade genoem) aan die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- rekords by die perseel of by die woning van enige direkteur, vennoot of werknemer of by die perseel van enige rekenmeester van die Versekerde as gevolg waarvan die Versekerde nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat ten volle of gedeeltelik aan hulle verskuldig is, na te spoor of vas te stel nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die versekerde bedrae beloop wat in die Bylae vermeld word, en dat die skadeloosstellingsgrondslag is soos uiteengesit in die spesifikasie wat deel uitmaak van hierdie Afdeling.

Indien sodanige rekeningboeke of ander besigheidsboek of- rekords na 'n plek van veiligheid verwyder word weens 'n dreigende gevaar van hulle vernietiging, geld die versekering hierkragtens indien sodanige goedere vernietig, beskadig of verlore raak, soos voorheen vermeld, gedurende sodanige verwydering of terwyl dit aldus geleë is of terwyl dit na die perseel teruggebring word, met dien verstande dat die Versekerde die Maatskappy binne 30 (dertig) dae daarna skriftelik van sodanige verwydering in kennis stel.

Die Maatskappy betaal ook alle redelike invorderingskoste en- uitgawes wat deur die Versekerde aangegaan word en wat die gewone invorderingskoste en- uitgawes oorskry wat deur sodanige Skade genoodsaak word.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy betaal nie vir die volgende nie:

(a) verlies wat voortspruit uit verlies van of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords wat veroorsaak word deur:

   (i) slytasie of geleidelike agteruitgang of motte of ongedierte;

   (ii) terughouding, beslaglegging of konfiskering deur enige wettig ingestelde owerheid;

   (iii) elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, steuring van of uitwissing, tensy die Versekerde duplikaatrekords in stand hou waarna in die Duplikaatrekordsklousule in hierdie Afdeling verwys word, in welke geval die Versekerde vir die eerste R500 (vyfhonderd rand) van elke verlies verantwoordelik is;

(b) verlies veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, vennoot of werknemer van die Versekerde.

## SPESIFIKASIE

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling word beperk tot die verlies wat deur die Versekerde gely word ten opsigte van uitstaande debietsaldo's wat regstreeks te wyte is aan die skade, en die bedrag wat betaalbaar is, beloop hoogstens:

(i) die verskil tussen

   (a) die uitstaande debietsaldo's

   en

(b) die totaal van die bedrae ontvang of nagespoor ten opsigte daarvan

plus

(ii) die bykomende uitgawe aangegaan om kliënte se debietsaldo's na te spoor en vas te stel na die Skade

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie item minder is as die uitstaande debietsaldo's, die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

## OMSKRYWING

**Uitstaande debietsaldo's**

Die totaal wat verklaar word in die laaste verklaring wat ingevolge die bepalings van die volgende memorandum gegee en aangepas is vir:

(a) slegte skulde

(b) bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitende kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die Skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die datum van die vermelde laaste verklaring en die datum van die Skade

en

(c) enige abnormale handelstoestand wat 'n wesenlike invloed op die besigheid gehad het of kon gehad het

sodat die aangepaste bedrag aldus verkry so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die bedrag verteenwoordig wat, as dit nie vir die Skade was nie, verkry sou gewees het op die datum van die Skade.

## KLOUSULES, UITBREIDINGS EN MEMORANDA

### 1. Verklarings

Die Versekerde moet binne 60 (sestig) dae na die einde van elke maand, of 'n ander tydperk waarop ooreengekom word, by die Maatskappy 'n ondertekende verklaring indien wat die totale bedrag aantoon wat uitstaande is in kliënte se rekeninge soos uiteengesit in die Versekerde se rekeninge aan die einde van die betrokke maand.

### 2. Aanpassing

As teenprestasie daarvoor dat die premie ingevolge hierdie Afdeling voorlopig is omdat dit op 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag bereken word, word die premie soos volg aangepas:

by die verstryking van elke versekeringstydperk word die werklike premie bereken teen die persentasietarief per jaar op die gemiddelde versekerde bedrag, dit wil sê, die totaal van die bedrae wat verklaar is, gedeel deur die getal verklarings. Indien die werklike premie meer is as die voorlopige premie moet die Versekerde die verskil betaal. Indien dit minder is, word die verskil aan die Versekerde terugbetaal, maar sodanige terugbetaling beloop hoogstens 33-1/3% (drie en dertig en 'n derde persent) van die voorlopige premie wat betaal is.

Indien die bedrag van 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry wat op die datum van sodanige verklaring van toepassing is, word dit slegs vir die doel van hierdie memorandum geag dat die Versekerde sodanige versekerde bedrag verklaar het.

**3. Oproer en Staking (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

**4. Klousule: Rekenmeesters**

Enige gegewens of besonderhede wat in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- rekords vervat word en wat deur die Maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie Afdeling om enige eise hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is primie facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

**5. Duplikaatrekords (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die Versekerde moet duplikate in stand hou van sy rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- rekords waarin besonderhede van uitstaande saldo's vervat word en sodanige duplikate moet by ander persele as die oorspronklikes daarvan geberg word.

**6. Beskermings (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- rekords wat besonderhede van uitstaande saldo's bevat, moet buite sakeure in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word, tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word.

**7. Transito**

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sluit in verlies, soos omskryf, aan die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- rekords terwyl dit vervoer word na of van die perseel of woning van enige direkteur, vennoot, werknemer of rekenmeester van die Versekerde.

# DIEFSTAL

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is) van enige gebou en /of wyntenke op die versekerde perseel wat in die Bylae beskryf is as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige ingang tot of verlating van sodanige gebou en/of wyntenke of as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of 'n dreigement van geweld.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of beskadiging deur enige sodanige diefstal of enige poging daartoe deur enige prinsipaal, vennoot, direkteur of enige van die Versekerde se gesinslede, personeel, huishoudelike personeel of enige persoon wat regmatiglik op die perseel is tensy sodanige diefstal of enige poging daartoe gepaard gaan met geweld of poging tot geweld;

2. verlies of skade waarteen daar ingevolge 'n Brandversekeringspolis (behalwe na ontploffing veroorsaak deur diewe in 'n poging om toegang te verkry of om 'n brandkas of brandkluis oop te breek) verseker kan word of wat ingevolge 'n Marineversekeringspolis verseker is;

3. verlies of beskadiging van tjeks, geld, muntstukke, medaljes, sekuriteite, seëls van enige aard, wissels, dokumente van enige aard, manuskripte, sakeboeke, patrone, gietvorms, planne of ontwerpe, tensy dit spesifiek hierkragtens verseker is;

4. verlies of skade gedurende of wat volg op brand of ontploffing;

5. verlies of beskadiging van eiendom vervat in of op enige tuin of veranda of agterplaas of in die opelug;

6. gevolglike verlies of skade van enige aard hoegenaamd.

## UITBREIDINGS

**1. ALLE INHOUD**

Indien hierdie Afdeling "alle inhoud" van die persele verseker, sal dit ook die volgende insluit:

(a) dokumente, manuskripte, sakeboeke, rekenaarstelselrekords, media planne en ontwerpe, maar slegs vir die waarde van materiale en bedrae bestee aan arbeid aan die gemelde artikels en nie die waarde vir die Versekerde van die inligting daarin vervat nie

(b) patrone, modelle en gietvorms, maar slegs vir die waarde van materiale en bedrae bestee aan arbeid aan die gemelde artikels

(c) persoonlike besittings, gereedskap, klerasie en trapfietse die eiendom van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, werknemer, of direkteur van die Versekerde vir sover dit nie andersins verseker is nie, beperk tot R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) vir enige enkele persoon.

**2. SLEUTELS EN SLOTTE**

Benewens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige

sleutel vir sodanige perseel of nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel mag wees

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens die grootste is van R2 000 (tweeduisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

(ii) die Maatskappy nie vir die eerste R200 (tweehonderd rand) ten opsigte van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

## 3. SKADE AAN GEBOUE EN/OF WYNTENKE

Benewens die skadeloosstellingsperk in die Bylae vermeld:

(a) sluit die versekering ingevolge hierdie Afdeling die volgende in:

(i) skade aan geboue (insluitende die verhuurder se los- en vaste toebehore) en wyntenke op die versekerde perseel in die loop van diefstal of enige poging daartoe;

(ii) verlies van geboue en verhuurder se los- en vaste toebehore en wyntenke by die versekerde persele weens diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou of wyntenke gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of dreigement daartoe;

(b) vergoed die Maatskappy die Versekerde vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig mag wees na verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie Afdeling;

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die grootste is van R10 000 (tienduisend rand) of die bedrag vermeld in die Bylae.

## 4. DIEWE WAT OP DIE VERSEKERDE PERSEEL SKUILHOU / GEBRUIK VAN LOPER SLEUTELS/ BYKOMENDE PERSELE

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom te dek:

(a) wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met:

(i) ‘n dief of diewe wat voor sluitingstyd op die versekerde perseel skuilhou;

(ii) betreding en/of verlating van die perseel deur gebruik te maak van ‘n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van ‘n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat ‘n loper of soortgelyke toestel gebruik is;

(b) terwyl in ‘n gebou op enige bykomende perseel wat deur die Versekerde gebruik word, met dien verstande dat:

(i) die Maatskappy binne 30 (dertig) dae vanaf datum waarop die risiko vir die Maatskappy bestaan van sodanige bykomende perseel in kennis gestel word;

(ii) ‘n bykomende premie, indien enige, betaal word;

(iii) die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie Uitbreiding hoogstens 50% (vyftig persent) beloop van die hoogste bedrag wat in die Bylae vermeld word ten opsigte van enige enkele perseel.

**5. GASTEHUISE (AKKOMMODASIE EN VERBLYF) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word dit hiermee verklaar en ooreengekom dat die bewoording met betrekking tot "Omskrewe Gebeurtenisse" in terme van hierdie Afdeling gewysig is om soos volg te lees:

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

"Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy/sy verantwoordelik is) van enige gebou op die versekerde perseel wat in die Bylae beskryf is as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

waar enige kroegvoorraad of inhoud van enige buiteverkope verseker word, diefstal van sodanige kroegvoorraad of inhoud van enige buiteverkope gepaard moet gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige ingang tot of verlating van sodanige gebou(e), behalwe vir diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of 'n dreigement van geweld".

**6. EIENDOM IN DIE OPE (WYN EN VERWANTE PRODUKTE IN TENKE ALLEEN)**

Nieteenstaande enigiets strydigs hierin vervat word eiendom in die ope gedek

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die perseel omhein word met 'n draad heining van ten minste 2,0 meter hoog,

(b) die toegangshek(ke) sal te alle tye behoorlik gesluit wees,

(c) alle krane van wyntenke in die ope moet behoorlik gesluit wees en/of beskerm word deur middel van 'n geslote hulsel en/of 'n soortgelyke beveiligings toestel en

(d) die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste 5% (vyf persent) met 'n minimum van R500 (vyfhonderd rand) ten opsigte van ieder en elke eis.

## BESONDERE VOORWAARDES

**1. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Tensy spesifiek andersins vermeld in terme van hierdie Afdeling is die Maatskappy nie aanspreeklik nie vir:

die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir 'n bedrag van ten minste R250 (tweehonderd en vyftig rand) van iedere en elke eis

(b) hierdie Besondere Voorwaarde nie van toepassing is nie op verliese wat ontstaan ingevolge Uitbreiding 1 paragraaf (c) met betrekking tot die persoonlike besittings, gereedskap, klerasie en trapfietse wat behoort aan die Versekerde, enige prinsipaal, vennoot, werknemer of direkteur van die Versekerde asook verliese wat ontstaan in terme van Uitbreiding 2 van hierdie Afdeling ten opsigte van sleutels en slotte.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

### 1. DIEFALARM

Dit is 'n voorwaarde wat alle aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan en aldus gewaarborg deur die Versekerde dat daar in die gebou waarna verwys word in die Bylae van hierdie Afdeling 'n diefalarmstelsel geïnstalleer is en dat:

(a) sodanige diefalarmstelsel wat op die perseel aangebring is ten volle in werking gestel word wanneer die perseel nie vir sakedoeleindes oop is nie, tensy 'n vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde op die perseel is;

(b) sodanige diefalarmstelsel in 'n behoorlike werkende toestand in stand gehou sal word, maar dit sal gedoen geag word indien die Versekerde sy verpligtinge ingevolge 'n kontrak met die verskaffers of versieningsingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek geen verlies van of skade aan die eiendom as gevolg van die gebruik van die sleutels van die diefalarmstelsels of enige duplikaat daarvan wat aan die Versekerde behoort nie, tensy sodanige sleutels met geweld of weens 'n dreigement van geweld verkry is.

### 2. DIEFWERING

Die Versekerde moet voortgaan om diefwering te gebruik en in 'n doeltreffende toestand hou wat volgens voorstelling of ooreenkoms by die Persele gebruik word ten einde toegang of verlating deur diewe te voorkom, belemmer of op te spoor.

Tot die omvang waartoe enige diefwering ten tye van enige verlies gebrekkig is, is die Maatskappy nie ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik nie, tensy die Versekerde bewys dat sodanige gebrek:

(a) nie redelikerwys deur die Versekerde opgespoor kon word nie of opgespoor is maar nie redelikerwys voor die plaasvind van die verlies reggestel kon word nie en dat voldoende alternatiewe beskermings ingestel en die Maatskappy so gou as moontlik in kennis gestel is;

(b) geensins bygedra het tot die diewe se vermoë om die persele of enige deel daarvan binne te gaan, daarin te bly of daaruit te vlug nie en geensins die moontlikheid dat hulle opgespoor word, verhinder het nie.

### 3. WAGTE

Dit is 'n voorwaarde wat alle aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan en aldus gewaarborg deur die Versekerde dat 'n wag in diens geneem sal word by die aanvang van hierdie versekering vir die beskerming van die persele te alle tye terwyl dit vir sake gesluit is.

# GELD

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies of skade aan geld, bewaarplekke en klere (soos hierna omskryf) onderworpe aan die perke soos hieronder genoem wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe en Malawi

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak hoogstens die spesifieke perke vermeld in die Bylae beloop.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. enige verlies wat voortspruit uit bedrog of oneerlikheid van die Versekerde se prinsipale, vennote, direkteure en werknemers en wat nie ontdek word binne 14 (veertien) werksdae nadat die oortreding gepleeg is nie;
2. onverklaarbare tekorte te wyte aan foute of weglatings;
3. enige verlies wat ontstaan na die gebruik van sleutels van die brandkas(te) of brandkluis(e) indien sodanige sleutels na sakeure op die persele gelaat word;
4. gevolglike verlies of gevolglike skade van enige aard hoegenaamd;
5. verlies van geld vanuit enige onbewaakte voertuig.

## WOORDOMSKRYWING

**1. GELD**

Geld beteken kontant, bank en valutanote, tjeks, posorders, geldwissels, geldige verhandelbare seëls, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies, dokumente of sertifikate van 'n verhandelbare aard en telefoonkaarte die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy/sy verantwoordelik is, al die voormelde welke in besit is vir die doeleindes van die Versekerde se besigheid soos in die Bylae vermeld en nie vir persoonlike doeleindes nie.

**2. HOUER**

Houer beteken enige kluis, brandkas, brandkamer, brandtrommel, geldlaai, kasregister, geldkas of ander houer van geld of enige frankeermasjien.

**3. KLERASIE**

Klerasie beteken klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie en wat behoort aan die Versekerde of aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde.

## UITBREIDINGS

**1. PERSOONLIKE ONGEVALLE (AANRANDING)**

Die Maatskappy sal aan die Versekerde namens sodanige persoon of sy/haar boedel die bedrag betaal wat hieronder gespesifiseer word of die bedrag(e) in die Bylae vermeld ten opsigte van (a),(b),(c) en/of (d) hieronder welke bedrae ookal die grootste is ten opsigte van enige prinsipaal, vennoot, direkteur en/of werknemer (insluitend die Versekerde) wat liggaamlike besering opdoen, veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middele as gevolg van diefstal of poging daartoe in die loop van hulle pligte in die Versekerde se diens.

(a) **Dood** wat plaasvind binne 24 (vier en twintig) kalendermaande na die liggaamlike besering soos hierbo gemeld — R10 000 (tienduisend rand)

(b) **Permanente ongeskiktheid** soos hieronder beskryf wat plaasvind binne 24 (vier en twintig) kalendermaande na die gemelde liggaamlike besering soos hierbo gemeld en wat nie binne 24 (vier en twintig) kalendermaande na die gemelde liggaamlike besering deur die dood van sodanige persoon gevolg word nie. — Die volgende persentasie van die bostaande bedrag.

| **Beskrywing van ongeskiktheid:** | | |
|---|---|---|
| Verlies deur fisieke amputasie by of bokant die pols of enkelgewrig van een of meer ledemate of die algehele en onherstelbare verlies van alle sig in een of albei oë. | | 100 % |
| Verlies van vier vingers | | 70 % |
| Verlies van duim | - albei litte<br>- een lit | 25 %<br>10 % |
| Verlies van wysvinger | - drie litte<br>- twee litte<br>- een lit | 10 %<br>8 %<br>4 % |
| Verlies van middelvinger | - drie litte<br>- twee litte<br>- een lit | 6 %<br>4 %<br>2 % |
| Verlies van ringvinger | - drie litte<br>- twee litte<br>- een lit | 5 %<br>4 %<br>2 % |
| Verlies van pinkie | - drie litte<br>- twee litte<br>- een lit | 4 %<br>3 %<br>2 % |
| Verlies van middelhandbene | - eerste of tweede (bykomend)<br>- derde, vierde of vyfde (bykomend) | 3 %<br>2 % |
| Verlies van tone | - almal aan een voet<br>- grootoon - albei litte<br>- - een lit<br>- ander tone as grootoon, indien meer as een toon verloor, elk | 30 %<br>5 %<br>2 %<br>2 % |
| Verlies van gehoor | - albei ore<br>- een oor | 100 %<br>25 % |
| Spraakverlies | | 100% |
| Besering wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | | 100% |

Permanente verlies van gebruik van 'n ledemaat of sintuig sal beskou word as verlies daarvan.

Waar die besering nie gespesifiseer is nie, sal die Maatskappy 'n persentasie van ongeskiktheid bepaal wat na sy mening nie teenstrydig met die bostaande is nie

| | | |
|---|---|---|
| (c) | **Algehele en absolute onbevoegdheid** om enige deel van gewone beroep of besigheid uit te oefen, beperk tot 104 weke ten opsigte van enige enkele besering | R100 (eenhonderd rand) vir elke week van algehele onbevoegdheid |

(d) **Medies:** Die redelike koste aangegaan, is betaalbaar ten opsigte van mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en- ledemate en die koste en uitgawe wat aangegaan word vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy/sy vasgekeer is of om sodanige persoon na ‘n veilige plek te bring) wat binne 24 (vier en twintig) maande na die Omskrewe Gebeurtenis plaasvind tot hoogstens ‘n bedrag van R2 000 (twee duisend rand)

Die uitdrukking "liggaamlike besering" word geag om uithongering, dors en/of blootstelling aan natuurkragte na onwettige aanhouding wat volg op diefstal of poging daartoe, in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) hierdie Afdeling nie die volgende dek nie:

(i) dood of ongeskiktheid veroorsaak of opgedoen deur enige sodanige persoon onder die invloed of as gevolg (tydelik of andersins) van bedwelmende drank, dwelmmiddels, verdowingsmiddels of narkotiese middels;

(ii) enige sondanige persoon wat onder die ouderdom van 15 (vyftien) jaar of oor die ouderdom van 75 (vyf en sewentig) jaar is;

(b) die totale betaling ingevolge hierdie Afdeling ten opsigte van sodanige persoon hoogstens die bedrag is wat in die geval van dood betaalbaar is, plus algehele en absolute onbevoegdheid en mediese koste soos hierbo;

(c) die bedrag gespesifiseer ingevolge Uitbreiding 1(c) slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van sodanige persoon en nie vir langer as 104 (honderd en vier) weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik geheel het nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur;

(d) vergoeding betaalbaar ingevolge Uitbreiding 1(d) word verminder met ‘n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige Ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge Uitbreiding 1(d) betaalbaar is;

(e) sodanige persoon nadat hy ‘n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie Uitbreiding betaalbaar mag wees, ‘n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Die Maatskappy is nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie tensy hierdie voorbehoudsbepaling na sy bevrediging nagekom is;

(f) Algemene Uitsondering 2 en Algemene Voorwaardes 5 en 10 nie op hierdie Uitbreiding van toepassing is nie;

(g) slegs ten opsigte van hierdie Uitbreiding Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

“Hierdie Uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie”.

## 2. SLOTTE EN SLEUTELS

Buiten enige betaling ten opsigte van 'n Omskrewe Gebeurtenis, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste van vervanging van die slotte en sleutels van enige houer by die versekerde persele wat volg op die verdwyning van enige sleutel of sodanige houer of wat volg op die feit dat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat daarvan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid in geval van verlies of skade beperk sal wees tot hoogstens R2 000 (twee duisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld welke ookal die meeste ten opsigte van enige enkel gebeurtenis;

(ii) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die eerste R200 (tweehonderd rand) van iedere en elke eis.

## 3. GELDHOUERS EN KLERASIE

Benewens enige betaling ten opsigte van ‘n Omskrewe Gebeurtenis stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van houers en klerasie (soos omskryf) wat verloor of beskadig word weens diefstal, of poging daartoe, van geld met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie Uitbreiding hoogstens R2 000 (tweeduisend rand) beloop ten opsigte van klerasie, en die bedrag vermeld in die Bylae ten opsigte van houers of R2 000 (tweeduisend rand) wat ookal die meeste is.

## 4. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word:

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 5. LOPERS

Die versekering kragtens hierdie Afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom in te sluit wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met toegang tot houers deur middel van die gebruik van ‘n loper of ander soortgelyke

toestel (met uitsluiting van ‘n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy bewys dat ‘n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

## MEMORANDUMS

1. Verlies van of skade aan geld voortspruitende uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon in diens van die Versekerde (sodanige persoon), soos verseker ingevolge hierdie Afdeling, is onderworpe aan die volgende verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar Klousules:

   Die bedrag hierkragtens betaalbaar ten opsigte van 'n gebeurtenis waarby enige een of enige aantal sodanige persone wat saamspan, betrokke is, word verlaag met;

   (a) 2% (twee persent) van die toepaslike perk ingevolge Omskrewe Gebeurtenisse, plus

   (b) 'n verdere bedrag van 10% (tien persent) van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die 2% (twee persent) wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

2. Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik nie ten opsigte van verlies of skade voortspruitend uit enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was nie vir die Eerste Bedrag Betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Eerlikheidswaarborg Afdeling of enige ander getrouheidsversekering.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke enkele eis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir 'n bedrag van ten minste R250 (tweehonderd en vyftig rand) of die bedrag in die Bylae vermeld welke ookal die meeste is;

(b) die Eerste Bedrag Betaalbaar vermeld in 1.(a) hierbo sal nie van toepassing wees op verliese in terme van Uitbreidings 1, 2 en 3 van hierdie Afdeling nie. Laasgenoemde is slegs van toepassing op klerasie (soos omskryf).

### 2. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR VAN TOEPASSING OP DIEFSTAL VAN TJEKS

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike voorval wat ingevolge hierdie Afdeling betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word verminder met 'n Eerste Bedrag Betaalbaar van 25% (vyf en twintig persent) van die verlies tensy:

## PROSEDURE VIR TREKKING EN KRUISING VAN TJEKS

### 1. Tjeks getrek deur die Versekerde

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die "Voorgestelde SAVV- prosedure vir Trekking en Kruising van Tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk

of

(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.

**2. Tjeks getrek deur enige persoon behalwe die Versekerde wat deur die Versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word**

(a) sodanige tjek onmiddellik na ontvangs daarvan deur die Versekerde gekruis en "nie verhandelbaar" en "nie oordraagbaar" gemerk is en

(b) die Versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek vanaf hul rekords te identifiseer.

**3. Tjeks waarvan die Versekerde die ware eienaar is wat getrek is deur enige persoon behalwe die Versekerde en wat aan die Versekerde gepos is, maar nie deur die Versekerde ontvang is nie**

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die "Voorgestelde SAVV- prosedure vir Trekking en Kruising van Tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAVV)

of

(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos

of

(c) die faktuur van die Versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die Versekeraar of die SAVV) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die "aanbevole SAVV-prosedure vir die trekking en kruising van tjeks"

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die Eerste Bedrag Betaalbaar waarna verwys word in Besondere Voorwaarde 2 sal nie kumulatief betaalbaar wees tot enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar nie.

## AANBEVOLE SAVV-PROSEDURE VIR TREKKING EN KRUISING VAN TJEKS EN DRUK VAN BLANKO TJEKS

**A. Trekking en kruising van tjeks**

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit. Hierdie metode word deur die SAVV aanbeveel

1. Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.

2. Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is moet hierdie woorde ook geskrap word.

3. Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek.

4. Kruis die tjek deur twee parallellyne deur die tjek te trek.

5. Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallellyne waarna in 4 hierbo verwys word.

6. Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is byvoorbeeld wanneer die begunstigde 'n versekeraar is moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: RH Jones (Edms) Bpk.

Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld "RH Jones (Edms) Bpk, Mpy Nr: 69/123456" of "RH Jones (Edms) Bpk ABC bankrekeningnommer: 123456789".

Alhoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

7. Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

8. 'n Voorbeeld van hierdie metode om 'n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.

9. Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie Afdeling). Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

10. Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde "nie verhandel" en 'n kruising deur middel van 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallellyne is nutteloos.

11. Die metode waarop tjeks voltooi word, moet 'n inkafdruk op die papier laat soos handskrif 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

    (i) ou linte

    (ii) laserdrukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie

    (iii) die "omgekeerde druktegniek"

    (iv) wysigbare tiklinte.

**B. Druk van blanko tjeks**

Blanko tjeks moet net deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is, gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruik maak van goedgekeurde:


(i) sekuriteitspapier (CBS1 of beter)

(ii) sekuriteitsontwerpe

(iii) spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp

(iv) metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieër.

## AANHANGSEL A - VOORGESTELDE SAVV-TJEK




### AANHANGSEL B - SAVV - AANBEVOLE TJEK

**Waarskuwing wat op die linkervoorkant van die tjek gedruk moet word**

**WAARSKUWING**

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang.

Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang. (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964).

**LW!** Hierdie tjek is gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk.

# GLAS

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Indien enige interne en/of eksterne glas (insluitende spieëls) in die Bylae beskryf, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is by die versekerde persele, toevallig gebreek word, sal die Maatskappy vir die vervanging van sodanige glas betaal.

Volgende op verlies van of skade aan glas sal die Maatskappy ook die redelike koste betaal van:

1. beplanking van vensters wat na brekasie en voor vervanging van versekerde glas nodig is;

2. herstel van rame wat terselfdertyd beskadig word as gevolg van brekasie van versekerde glas daarin vervat;

3. herstelling van los- en vaste toebehore en vensteruitstallings wat beskadig word as gevolg van brekasie van versekerde glas;

4. verwydering en vervanging van los en vaste toebehore noodwendig aangegaan ter vervanging van versekerde glas na sodanige brekasie;

5. die koste van die aanstel van ‘n wagdiens voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die Versekerde gereël is, betaalbaar is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag van R5 000 (vyfduisend rand) in totaal sal oorskry nie.

## WOORDOMSKRYWINGS

**1. GLAS**

Tensy spesifiek ooreengekom, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie Afdeling verseker is, vaste of los glas is wat nie dikker as 6,0mm is nie, hetsy bedek deur 'n laag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas van 6,5mm.

**2. BREKASIE**

Brekasie beteken slegs "breuk wat deur die hele dikte van die glas strek" en nie blote "ontsiering" nie.

## UITBREIDINGS

**1. VERSIERING, LETTERVERFWERK EN DIEFALARMSTROKE**

Die versekering kragtens hierdie Afdeling is uitgebrei om die koste van versiering, letterverfwerk en diefalarmstroke in te sluit.

**2. SPESIALE HERSTEL (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die Versekerde na verlies of skade wat hierkragtens verseker is, ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas te vervang met glas van ‘n beter gehalte, is die Maatskappy verantwoordelik vir die verhoogde koste van sodanige vervanging insluitende (maar nie daartoe beperk nie) rame daarvoor

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die koste om die hele versekerde eiendom (insluitende ander versekerde items) so te vervang groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies of skade dra.

**3. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie Uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

## BESONDERE VOORWAARDES

**1. ONDERVERSEKERING**

Indien die hierkragtens versekerde eiendom ten tye van enige verlies gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag dan word die Versekerde beskou as sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie Voorwaarde onderworpe.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie:

1. verlies of skade aan glas ten opsigte van gevare waarteen verseker word in die Brand-, Huiseienaars- of Huisbewonersafdelings hiervan of 'n Brandpolis, Huiseienaarspolis of Huisbewonerspolis van 'n ander versekeraar;
2. verlies of skade aan glas wat minder as R100 (een honderd rand) is;
3. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd;
4. glas wat gekraak of beskadig is voor die aanvang van die versekering onder hierdie Afdeling;
5. gekraakte glas of brekasie veroorsaak deur of voortspruitende uit veranderings aan of byvoegings tot die persele;
6. enige handelsvoorraad.

# EERLIKHEIDSWAARBORG

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

1. Verlies van geld en/of ander eiendom, wat aan die Versekerde behoort of waarvoor hulle verantwoordelik is, wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling gesteel word.

2. Regstreekse finansiële verlies wat die Versekerde ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling plaasvind wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   1. (a) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir alle verliese wat langer as 24 (vier en twintig) maande voor ontdekking plaasgevind het;

      (b) alle verliese ontdek word nie langer as 12 (twaalf) maande nie na die beëindiging van:

      (i) hierdie Afdeling, of

      (ii) hierdie Afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by 'n verlies, of

      (iii) die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n verlies

      na gelang van wat eerste plaasvind;

   2. (a) **Oordekkende grondslag** - die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die Bylae beloop hetsy dit enige enkele werknemer is of enige aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree;

      (b) **Naam of posgrondslag** - die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese waarby enige werknemer betrokke is hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor sy naam in die Bylae vermeld word, of as hy/sy nie vermeld word nie, die versekerde bedrag teenoor die pos wat hy/sy in die besigheid beklee, soos in die Bylae vermeld.

3. Hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige verlenging van enige versekeringstydperk nie die uitwerking het dat dit die Maatskappy se aanspreeklikheid ophoop of verhoog bo die versekerde bedrag vermeld in die Bylae nie. Indien die versekeringstydperk korter as 12 (twaalf) maande is, word die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag in die Bylae vermeld gedurende enige versekeringstydperk van 12 (twaalf) maande bereken vanaf aanvang of hernuwing.

4. Die uitdrukking “oneerlike persoonlike finansiële voordeel” nie voordeel deur 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, gelde, kommissie, bonusse, bevorderings of ander vergoeding sal insluit nie.

## WOORDOMSKRYWING

### 1. WERKNEMER

Werknemer beteken:

(a) enige persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die Versekerde in diens is;

(b) enige persoon wat van enige ander party aan die diens van die Versekerde gehuur of geleen word;

wat die Versekerde te alle tye in die loop van hulle besigheid geregtig is om te beheer en te beveel in die uitvoering van sy/haar werk en, indien hierdie Afdeling op 'n naam- en/of posgrondslag is, wat by wyse van hierdie naam en/of pos in die Bylae beskryf word.

## BESONDERE UITSONDERINGS

1. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

   (a) verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige Omskrewe Gebeurtenis deur

      (i) enige vennoot van die Versekerde tot die mate waartoe sodanige vennoot baat sou vind by die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie Afdeling verleen word;

      (ii) enige prinsipaal, direkteur of lid van die Versekerde tensy sodanige prinsipaal, direkteur of lid ook 'n werknemer is;

      (iii) enige werknemer vanaf die tyd dat die Versekerde bewus word dat sodanige werknemer enige daad van bedrog of oneerlikheid gepleeg het;

   (b) enige gevolglike verliese van enige aard wat plaasvind na verliese waarna in die Omskrewe Gebeurtenisse verwys word.

2. Hierdie Afdeling dek nie enige maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk verkry word nie.

3. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige Omskrewe Gebeurtenis indien dit spruit uit oneerlike

   (i) manipulasie van
   (ii) invoering in
   (iii) onderdrukking van invoering in
   (iv) vernietiging van
   (v) verandering aan

   enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wat by die Versekerde se elektroniese dataverwerkingsafdeling of- gebied in diens is.

   Hierdie Besondere Uitsondering geld nie vir versekerde werknemers wat in diens is by die elektroniese dataverwerkingsafdeling/gebied van enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaar nie.

4. Die Maatskappy is slegs tot die mate van die deelname/aandeelhouding van enige onbetrokke vennoot/prinsipaal/direkteur of lid aanspreeklik vir 'n versekerde gebeurtenis waarby enige vennoot/prinsipaal/direkteur of lid van die Versekerde regstreeks betrokke is of was.

   Hierdie Besondere Uitsondering geld slegs vir Vennootskappe, Privaatmaatskappye of Beslote Maatskappye.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Die Versekerde moet al sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerikale prosedures en metodes vir die bedryf van die besigheid instel en/of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat deur hom aan die Maatskappy voorgehou word, maar die Versekerde mag:

(a) die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander;

(b) ten opsigte van enige werknemer wat by sy/haar naam in die Bylae beskryf word, sy/haar pligte en pos verander;

(c) ten opsigte van enige werknemer wat slegs by sy/haar pos in die Bylae beskryf word, sodanige werknemer verwyder en enige ander persoon wat binne die woordomskrywing van werknemer val, in sy/haar plek aanstel;

(d) sodanige ander veranderings maak as wat vooraf skriftelik deur die Versekerde se ouditeure goedgekeur word.

2. Onderhewig aan die bepalings van Algemene Voorwaarde 20, indien die Versekerde enige verlies ly waarop hierdie Afdeling van toepassing is wat die bedrag betaalbaar hierkragtens oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is die Versekerde geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling geneem of aangegaan deur die Maatskappy of vir die bedrag van enige Eerste Bedrag Betaalbaar) deur wie ookal gemaak as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, min die werklike koste om dit aan te gaan, en enige oorblywende deel word aangewend tot vergoeding van die Maatskappy en die Versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge Item (b) van die Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

### 1. REKENMEESTERS

Enige besonderhede of gegewens wat in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of- dokumente vervat word wat deur die Maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie Afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

### 2. UITGEBREIDE DEKKING VIR VOORMALIGE WERKNEMERS

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie word vir die doeleindes van hierdie Afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 (dertig) dae nadat hy/sy opgehou het om ‘n werknemer te wees.

### 3. TERUGWERKENDE DEKKING - GEEN VORIGE VERSEKERING VAN KRAG NIE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie Afdeling is ook van toepassing op Omskrewe Gebeurtenisse soos hierkragtens verseker wat tot 12 (twaalf) maande voor aanvang van hierdie Afdeling plaasvind, maar nie langer as 24 (vier en twintig) maande voordat dit ontdek is nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die gebeurtenis ontdek word binne 12 (twaalf) maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 (twaalf) maande na die verstryking van hierdie Afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.

### 4. VERVANGDE VERSEKERING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie Afdeling is ook van toepassing op Omskrewe Gebeurtenisse wat hierkragtens verseker is wat plaasgevind het gedurende die geldigheidsduur van enige versekering wat deur hierdie Afdeling vervang word en in die Bylae gespesifiseer word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) hierdie Uitbreiding beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie weens die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat word vir die ontdekking van die Omskrewe Gebeurtenisse;

(b) die Omskrewe Gebeurtenisse ontdek word binne 12 (twaalf) maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 (twaalf) maande na die verstryking van hierdie Afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind;

(c) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Uitbreiding hoogstens die bedrag kragtens hierdie Afdeling verseker of die bedrag kragtens die vervangde versekering verseker, wat ookal die minste is, beloop;

(d) indien die Omskrewe Gebeurtenisse waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling sowel as die geldigheidsduur van die vervangde polis plaasvind, die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag beloop verseker deur hierdie Afdeling ten tyde van ontdekking van die Omskrewe Gebeurtenisse;

(e) hierdie Uitbreiding nie van toepassing is op Omskrewe Gebeurtenisse wat langer as die getal jare in die Bylae vermeld, voor die aanvang van hierdie Afdeling, plaasgevind het nie;

(f) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige verlies wat langer as 24 (vier en twintig) maande voor ontdekking plaasgevind het.

## 5. ANDER VERSEKERING

Dit is 'n voorwaarde van hierdie Afdeling dat behalwe

(a) 'n geldpolis;

(b) dit wat by die aanvangs- of hernuwingsdatum of ten tyde van die instel van 'n eis aan die Maatskappy verklaar is;

(c) 'n pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie Afdeling in waarde oorskry nie;

(d) hierdie Afdeling;

daar geen ander versekering gedurende die geldigheidsduur van hierdie Afdeling van krag is om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker word nie.

## 6. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Afdeling ten opsigte van 'n Omskrewe Gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met:

(a) 2% (twee persent) van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie Afdeling en die verklaarde versekering of R60 000 (sestigduisend rand), wat ookal die minste is, plus

(b) 'n verdere bedrag van 10% (tien persent) van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

Beide bedrae word ten volle deur die Versekerde gedra en bly onverseker.

## 7. REKENAARVERLIESE - EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Die persentasie aangetoon in (b) van die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule word vanaf 10% (tien persent) na 20% (twintig persent) verhoog indien die Omskrewe Gebeurtenis voortspruit uit oneerlike

(i) manipulasie van

(ii) invoering in

(iii) weglating van invoering in

(iv) vernietiging van

(v) verandering aan

enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of- programme behels.

## 8. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR VIR VERLIESE ONTDEK MEER AS 12 (TWAALF) MAANDE NADAT DIT GEPLEEG IS

Indien enige Omskrewe Gebeurtenis ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat:

(a) dit gepleeg is

(b) die eerste gebeurtenis binne 'n reeks gebeurtenisse gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan, word die persentasies vervat in die Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule soos volg verhoog:

| Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule | Eerste Bedrag Betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui | |
|---|---|---|
| | Indien verliese ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, maar nie langer as 24 (vier en twintig) maande daarna nie | Indien die Afdeling verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 (vier en twintig) maande nadat dit gepleeg is, maar nie langer as 36 (ses en dertig) maande daarna nie |
| **Verpligtend** | | |
| Paragraaf (a) | Vanaf 2% tot 4% | Vanaf 2% tot 5% |
| Paragraaf (b) | Vanaf 10% tot 15% | Vanaf 10% tot 20% |
| **Rekenaarverliese** | Vanaf 20% tot 30% | Vanaf 20% tot 35% |

Nieteenstaande bogemelde mag die Versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 (twaalf) maande ontdek is, in welke geval die Eerste Bedrag Betaalbaar toepaslik vir daardie korter tydperk van toepassing is.

## 9. VRYWILLIGE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Benewens die bedrag wat deur die Versekerde betaalbaar is ingevolge die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule, is die Versekerde verantwoordelik vir die verskil tussen sodanige bedrag en die bedrag vermeld in die Bylae as die vrywillige Eerste Bedrag Betaalbaar

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige vrywillige bedrag die verpligte bedrag oorskry.

## 10. VERMINDERING/HERSTEL VAN VERSEKERDE BEDRAG (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Betaling deur die Maatskappy van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is, verminder nie die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die maksimum bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is vir alle versekerde werknemers hoogstens dubbel die versekerde bedrag in die Bylae beloop;

(b) die Versekerde ‘n bykomende premie betaal op die bedrag van die versekerde verlies, bereken volgens die volgende formule

$$\text{Jaarlikse premie van krag ten tyde van ontdekking van verlies} \times \frac{\text{Bedrag van eiseskikking}}{\text{Versekerde bedrag ten tyde van die ontdekking van verlies}}$$

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as 12 (twaalf) maande is nie.

**11. VERHALINGSKOSTE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die Versekerde enige verlies ly waarop hierdie Afdeling van toepassing is wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry, betaal die Maatskappy benewens die versekerde bedrag hoogstens die bedrag vermeld in die Bylae aan die Versekerde vir koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys met die toestemming van die Maatskappy (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie) aangegaan word vir die verhaling of poging tot verhaling vanaf die werknemer met betrekking tot wie die eis ingestel is, van daardie gedeelte van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry. Alle bedrae bo die gemelde deel van die verlies wat deur die Versekerde verhaal word, is tot die voordeel van die Maatskappy en die Versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die Klousule "Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar".

**12. REKENAARVERLIESE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie daarvoor dat die Versekerde 'n bevredigende vraelys voltooi het, word Besondere Uitsondering 3 en die Eerste Bedrag Betaalbaar-Klousule vir rekenaarverliese geskrap.

**13. VERLENGING VIR VERLIESE WAT ONTDEK WORD LANGER AS 24 (VIER EN TWINTIG) MAANDE NADAT DIT GEPLEEG IS MAAR NIE LANGER AS 36 (SES EN DERTIG) MAANDE DAARNA NIE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

1. As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word Voorbehoudsbepaling 1(a) van die Omskrewe Gebeurtenisse vervang met:

   “1 (a) die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir alle verliese wat plaasgevind het langer as 36 (ses en dertig) maande voor ontdekking”.

2. Indien hierdie Afdeling die Vervangde Versekering-Uitbreiding insluit, word die tydperk waarna in Voorbehoudsbepaling (f) daarvan verwys word, vanaf 24 (vier en twintig) maande tot 36 (ses en dertig) maande verleng.

**14. VERLENGING TOEGESTAAN BY ONTVANGS VAN 'N BEVREDIGENDE STELSELOUDIT TEN OPSIGTE VAN VERLIESE WAT ONTDEK WORD LANGER AS 24 (VIER EN TWINTIG) MAANDE NADAT DIT GEPLEEG IS (indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie daarvoor dat die ouditeursfirma vermeld in die Bylae 'n bevredigende oudit gedoen het van die Versekerde se stelsels van

- beheer
- ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal

en onderworpe daaraan dat die Versekerde al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou:

1. word Voorbehoudsbepaling 1(a) van die Omskrewe Gebeurtenisse (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 (vier en twintig) maande ontdek word) en Voorbehoudsbepaling (f) van die Vervangde Versekering-Uitbreiding (indien van toepassing) geskrap;

2. indien enige Omskrewe Voorval ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, word die persentasies vervat in ondergemelde Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule soos volg verhoog:

| | |
|---|---|
| Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule | Eerste Bedrag Betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui indien verliese langer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, ontdek word |
| **Verpligtend** | |
| Paragraaf (a) | Vanaf 2% tot 3% |
| Paragraaf (b) | Vanaf 10% tot 12,5% |
| **Rekenaarverliese** | Vanaf 20% tot 25% |

Nieteenstaande bogemelde mag die Versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 (twaalf) maande ontdek is, in welke geval die Eerste Bedrag Betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is;

3. Die Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule vir verliese wat ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, word geskrap.

## SPESIALE BEPALINGS

1. In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n Omskrewe Gebeurtenis voortspruit mag die Versekerde, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in paragraaf (b) van Algemene Voorwaarde 7 vervat, nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar sal dit onmiddellik doen indien die Maatskappy dit verlang.

2. Verswyging van sy/haar eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy/sy saamspan, deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee, benadeel nie enige eis ingevolge hierdie Afdeling nie.

3. Algemene Voorwaarde 10 en Algemene Uitsonderings 1 en 2 geld nie vir hierdie Afdeling nie.

4. Indien die versekerde bedrag te eniger tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op Omskrewe Gebeurtenisse wat na die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

# TRANSITO

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

### 1. Eiendom uitgesonderd lewendehawe, stamboekdiere, wild en volstruise

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan die geheel of ‘n gedeelte van die versekerde eiendom wat insluit houers en/of bedekkings waarin die vrag verpak word, die eiendom van die Versekerde terwyl in die loop van transito in of op enige vervoermiddel veroorsaak deur enige van die versekerde gevare.

### 2. Lewendehawe, stamboekdiere, wild en volstruise

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade wat voortspruit uit die vrekte van die versekerde eiendom in die Bylae beskryf die eiendom van die Versekerde terwyl dit in transito is in of op enige vervoermiddel te pad veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed nie andersins uitgesluit nie.

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir alle verlies of skade ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toeskryfbaar is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak sal nie die bedrag verseker vermeld teenoor sodanige item in die Bylae van hierdie Afdeling oorskry nie.

## VERSEKERDE GEVARE

### 1. Eiendom uitgesonderd lewendehawe, stamboekdiere, wild en volstruise

Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed tot die aanspreeklikheidsperk in die Bylae vermeld in die geval van verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom wat aan die Versekerde behoort direk veroorsaak deur brand, weerlig, vloed, botsing en omslaan van die vervoermiddel, oplaai en/of aflaai van die vrag en diefstal volgende op gemelde gebeurtenisse terwyl vervoer word in of op enige vervoermiddel.

### 2. Lewendehawe, stamboekdiere, wild en volstruise

Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed tot die aanspreeklikheidsperk in die Bylae vermeld teenoor die stamboekdiere, alle lewendehawe, wild en volstruise gespesifiseer in die geval van die vrekte van sodanige stamboekdier, alle lewendehawe, wild en volstruise wat aan die Versekerde behoort direk veroorsaak deur brand, weerlig, vloed, botsing of omslaan van die vervoermiddel insluitende oplaai en aflaai van die vrag.

## BESONDERE VOORWAARDES

**1. Eerste Bedrag Betaalbaar (Omskrewe Gebeurtenisse 1 en 2)**

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis of R500 (vyfhonderd), watter bedrag ookal die meeste is

of

(b) die eerste bedrag persentasie en/of die Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in die Bylae watter bedrag ookal die meeste is.

**2. Tydperk van Transito**

Transito word geag 'n aanvang te neem met die laai van enige vervoermiddel (insluitende die dra van goedere daarheen) en voort te duur met die vervoer na die ontvanger en tydelike berging gedurende die reis en te eindig met die aflewering insluitende die aflaai van die eiendom by die finale bestemming wat sal insluit

(a) tydelike opberging terwyl op hawens en/of kaaie en

(b) pakhuise en/of store by sodanige eindbestemming in afwagting van verskeping vir ‘n periode wat nie 7 (sewe) dae sal oorskry nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

dekking in terme van hierdie Afdeling staak sodra sodanige goedere die

(i) boot se reëlings oorgaan (Vry aan Boord) of

(ii) vliegtuig pakruimte binnegaan (Vry aan Boord).

**3. Weiering van ontvangs**

Indien enige ontvanger weier om eiendom deur die Versekerde versend, te ontvang, word transito geag voort te duur en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom afgelewer is by die Versekerde se perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde alle redelike stappe doen om te verseker dat die eiendom so gou redelikerwys moontlik terugbesorg word.

**4. Ander vervoermiddels**

Indien die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig of voertuie is, is die versekering kragtens hierdie Afdeling van toepassing ten opsigte van eiendom in of op enige voertuig wat tydelik gebruik word in plek daarvan terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige vervangende voertuig nie die eiendom van die Versekerde is nie nog deur hom ingevolge 'n huurkontrak of huurkoopkontrak gehuur is tensy slegs gehuur vir sodanige tydperk as wat nodig is vir herstelling of versiening van die vervoermiddel.

**5. Onklaarraking van vervoermiddel**

In geval van onklaarraking van die vervoermiddel gedurende transito of indien vir enige rede buite die Versekerde se beheer die eiendom aan gevaar blootgestel is, verhoed niks hierin vervat die gebruik van enige ander wyse van vervoer ten einde die transito uit te voer nie, en die versekering hierkragtens word nie daardeur benadeel nie.

**6. Lewendehawe, Stamboekdiere, Wild en/of Volstruise**

By die aanvang van die transito ten opsigte van enige lewendehawe, stamboekdiere, wild en/of volstruise moet alle sodanige lewendehawe, stamboekdiere, wild en/of volstruise in goeie kondisie en volmaak gesond en vry van enige beserings wees.

**7. Puinverwydering**

Die versekering ingevolge hierdie Adeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan is ten opsigte van die opruim en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n perk van R10 000 (tienduisend rand) of die perk wat in die Bylae vermeld word, wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige een Omskrewe Gebeurtenis.

**8. Brandbluskoste**

Indien die eiendom omskryf in die Bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word, betaal die Maatskappy benewens skadeloosstelling aan die Versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde nie R10 000 (tienduisend rand) of die perk in die Bylae vermeld wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie die volgende nie:

(a) waardevermindering of verlies of skade wat voortspruit uit slytasie, duike, skrape of veroorsaak deur motte, knaagdiere, insekte, klamheid, muf, roes of enige verhittings-, drogings-, skoonmaak-, kleur-, veranderings- of herstelproses waaraan die eiendom onderhewig was;

(b) verlies of skade deur diefstal of poging daartoe of oneerlikheid aan die kant van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon in die diens van die Versekerde hetsy hy/sy alleen optree of saamspan;

(c) aardbewing, vulkaniese uitbarstings of ander natuurskuddings;

(d) brekasie van artikels van 'n bros aard, tensy sodanige brekasie deur inbrekers, diewe of brand veroorsaak word;

(e) verlies deur lekkasie van enige vloeistof uit die houer waarin dit is, tensy veroorsaak deur die gevare waarteen verseker word in hierdie Afdeling;

(f) aktes, verbande, muntstukke, geld, sekuriteite, seëls, seëlversamelings, planne, patrone, ontwerpe, titeldokumente, kontrakte of ander dokumente, sakeboeke of manuskripte, tensy spesifiek in die Bylae vermeld;

(g) beskadiging van enige werkende masjien of enige deel daarvan deur elektroniese, meganiese of elektriese onklaarraking daarvan;

(h) gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd;

(i) inherente fout of gebrek betreffende die versekerde eiendom;

(j) verlies van of skade aan eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

(k) verlies of skade wat aan swak verpakking toegeskryf kan word;

(l) verlies of skade opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

   (i) die Versekerde terwyl die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/ haarself) of indien die Versekerde se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie;

   (ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieerd is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy/sy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in die gebiedsgrense van hierdie Afdeling verwys word, of, indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders;

(m) verlies of skade as gevolg van kaping/skaking of enige poging daartoe van die versekerde eiendom;

(n) vertrapping of versmoring wat tot gevolg het die vrekte of vernietiging van lewendehawe, stamboekdiere, wild en/of volstruise terwyl in transito in of op enige vervoermiddel;

(o) onklaarraking van verkoelingstoerusting;

(p) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede;

(q) diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde is, tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en betreding of verlating van sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan.

## ENDOSSEMENTE EN UITBREIDINGS VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

**1. ALLE RISIKO DEKKING** (Nie van toepassing op Lewendehawe, Stamboekdiere, Wild of Volstruise nie)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word die bewoording onder die opskrif "Versekerde Gevare" vervang met die ondergemelde bewoording:

"Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed tot die aanspreeklikheidsperk in die Bylae vermeld in die geval van verlies of vernietiging van of skade (maar met uitsluiting van enige verlies of skade wat voortspruit uit kaping/skaking) aan die versekerde eiendom asook die houers en/of bedekkings waarin die vrag verpak word insluitend die skade voortspruitend uit die oplaai en/of aflaai van die vrag veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed nie andersins uitgesluit nie"

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir die eerste 10% (tien persent) of R500 (vyfhonderd rand) watter ookal die meeste is van ieder en elke eis of die eerste bedrag persentasie en/of die Eerste Bedrag Betaalbaar soos in die Bylae vermeld.

**2. KAPING/SKAKINGDEKKING**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is Besondere Uitsondering (m) van hierdie Afdeling gekanselleer en word dekking uitgebrei om verlies of skade aan eiendom soos vermeld in die Bylae as gevolg van kaping/skaking in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste 20% (twintig persent) van elke en iedere eis.

**3. OPROER EN STAKING**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# SAKE ALLE RISIKO

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir:

(i) verlies van of skade aan die eiendom gemeld in die Bylae wat aan die Versekerde behoort veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed wat ontstaan uit enige toevallige omstandigheid wat nie uitgesonder is nie in terme van enige uitsondering wat op hierdie Polis in die geheel van toepassing is wat ontstaan binne die gebiedsgrense

(ii) verlies van of skade aan gaste en/of kliënte se eiendom nie andersins verseker nie, betrokke in enige aktiwiteite wat verband hou met besigtigingstoere of georganiseerde toere wat verband hou met die wynmaakprosesse, wynproe of enige aktiwiteite van ‘n soortgelyke aard of akkommodasie van kommersiële jag of wildbesigtigings aktiwiteite op of in die onmiddellike omgewing van die versekerde persele, veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed wat voortspruit uit enige toevallige voorval of gebeurtenis wat nie andersins uitgesonder is nie in terme van enige uitsonderings wat op hierdie Polis in die geheel van toepassing is

(iii) redelike en noodsaaklike koste en uitgawes wat met die toestemming van die Maatskappy deur die Versekerde aangegaan is vir die doeleindes van vernietiging, wegdoen en/of terugsendingskoste van wyn en verwante produkte (of enige gedeelte daarvan) die eiendom van die Versekerde omskryf in terme van Item 1 van die Toevallige Skade – Wyn Afdeling van hierdie Polis, vanaf enige plek in die wêreld na die Versekerde se persele volgende op skade deur enige gevaar nie andersins spesifiek uitgesonder van toepassing op Item 1 – Wyn en Verwante Produkte (Basis 3 alleen) van Omskrewe Gebeurtenis 4.3 van die Toevallige Skade – Wyn Afdeling van die Polis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid in terme van Omskrewe Gebeurtenisse (i) en (iii) hierbo ten opsigte van elke item in geen geval meer is as die bedrag versekerde vermeld teenoor sodanige item in die Bylae nie

(b) die waarde van eiendom met betrekking tot Omskrewe Gebeurtenis (ii) hierbo beperk sal wees tot ‘n maksimum bedrag van R3 000 (drieduisend rand) per enige enkele gas of kliënt en R25 000 (vyf en twintigduisend rand) in geheel ten opsigte van enige enkele gebeurtenis

(c) die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar vermeld in Besondere Voorwaarde 2 van hierdie Afdeling.

**GEBIEDSGRENSE**

Die Gebiedsgrense van hierdie Afdeling sal wees Enige plek in die Wêreld.

**BESONDERE UITSONDERINGS**

Hierdie Afdeling dek nie die volgende nie:

(a) waardevermindering of verlies of skade wat voortspruit uit slytasie, duike, skrape of veroorsaak deur motte, knaagdiere, insekte, klamheid, muf, roes of enige verhittings-, drogings-, skoonmaak-, kleur-, veranderings- of herstelproses waaraan die eiendom onderhewig is;

(b) verlies of skade deur diefstal of poging daartoe of bedrog van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of enige persoon in diens van die Versekerde, hetsy hy/sy alleen optree of saamspan;

(c) brekasie van artikels van 'n bros aard, tensy sodanige brekasie deur inbrekers, diewe of brand veroorsaak word;

(d) verlies deur lekkasie van enige vloeistof uit die houer waarin dit is;

(e) aktes, verbande, muntstukke, geld, sekuriteite, seëls, seëlversamelings, planne, patrone, ontwerpe, titeldokumente, kontrakte of ander dokumente, sakeboeke of manuskripte, tensy spesifiek in die Bylae vermeld;

(f) beskadiging van enige werkende masjien of enige deel daarvan deur elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

(g) verlies of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder beheer is van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of sodanige voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

betreding of verlating tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard moet gaan;

(h) gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd;

(i) inherente fout of gebrek betreffende die versekerde eiendom;

(j) verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koopkontrak of huurkontrak of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van welke aard ookal betreffende die versekerde eiendom;

(k) verlies van of skade aan besproeiingspype, elektriese motors en ander pomptoerusting wat onder die normale vloedlyn van 'n rivier of spruit geïnstalleer is;

(l) verlies of skade aan wyn en verwante produkte;

(m) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede;

(n) verlies van of skade aan goedere wat kragtens 'n vragbrief versend word.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. ONDERVERSEKERING (Van toepassing op ongespesifiseerde items alleenlik)

Indien die hierkragtens versekerde eiendom wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie, by die aanvang van enige verlies of skade aan sodanige eiendom gesamentlik van groter waarde is as die daarop versekerde bedrag dan word die Versekerde beskou om sy eie versekeraar vir die verskil te wees en dra hy dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien meer as een, van hierdie Afdeling is afsonderlik aan hierdie Voorwaarde onderworpe.

### 2. (i) VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR – VOLGENDE OP DIEFSTAL VAN UIT VOERTUIE

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld van iedere en elke gebeurtenis wat voortspruit uit diefstal wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang vanuit

(a) die bagasiebak of kompartement (paneelkissie) van enige voertuig wat behoorlik gesluit en beveilig is of vanuit enige beveiligde en gesluite gebou wat sodanige voertuig huisves-
10% (tien persent) van die eis of R200 (tweehonderd rand) watter ookal die meeste is;

(b) in die kajuit of onder die kappie van enige voertuig uitgesluit soos omskryf in (a) hierbo-
20% (twintig persent) van die eis of R500 (vyfhonderd rand) watter ookal die meeste is;

**(ii) VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR – ANDER DAN DIEFSTAL VAN UIT VOERTUIE SOOS PER 2 (i)(a) EN (b) HIERBO**

Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld in geval van iedere en elke gebeurtenis behalwe 'n eis voortspruitend uit brand, weerlig, ontploffing of diefstal (soos omskryf in terme van 2.(i)(a) en (b) hierbo)

(a) glasbottels van melkmasjiene-
10% (tien persent) van die eis of R250 (tweehonderd en vyftig rand)

(b) besproeiingspype en- pompe uitgesonderd kabels, pype, pompe of toerusting wat deel vorm van besproeiingstelsels op wiele en spilpunte-
10% (tien persent) van die eis of R500 (vyfhonderd rand)

(c) stikstofinseminasieflesse en inhoud -
10% (tien persent) van die eis of R500 (vyfhonderd rand)

(d) alle ander gespesifiseerde eiendom-
5% (vyf persent) van die eis of R250 (tweehonderd en vyftig rand)

(e) die eiendom van gaste of kliënte -
10% (tien persent) van die eis minimum R 250 (twee honderd en vyftig rand) per gas of kliënt per gebeurtenis

(f) vernietiging,wegdoen en/of terugsendingskoste van beskadigde eiendom –
10% (tien persent) van die eis minimum R1 000 (eenduisend rand)

(g) pypleidings, kabeltuig, rekenaar dryfstelsels en pompe wat deel vorm van besproeiingstelsels op wiele en spilpunte hetsy bo of onder die grond.
    (i) 10% (tien persent) van die eis minimum R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand)
    (ii) Enige daarop volgende verlies of skade ten opsigte van dieselfde eenheid/stelsel gedurende enige 12 maande periode weens diefstal of enige poging daartoe
    R10 000 (tienduisend rand) betaalbaar bo en behalwe enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar

of die bedrag vermeld in die Bylae ten opsigte van 2.(ii)(a), (b), (c), (d), (e),(f),(g)(i) en (ii) watter ookal die meeste is.

**3. STIKSTOF INSEMINASIEFLESSE**

In die geval van 'n stikstof inseminasiefles en inhoud onder hierdie Afdeling verseker sal die Maatskappy aanspreeklik wees vir verlies van of skade aan flesse en inhoud wat ontstaan as gevolg van onklaarraking van flesse deur die vakuum wat verlore gaan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde 'n waarborg voorsien dat die stikstof inseminasieflesse jaarliks deur die verskaffers hersien word.

**4. VERVANGINGSWAARDE**

In geval die eiendom verseker kragtens hierdie Afdeling verloor, vernietig of beskadig word, sal die grondslag waarop die bedrae betaalbaar kragtens hierdie Afdeling bereken word, wees die koste om eiendom van dieselfde aard of soort maar nie meerderwaardig of meer omvangryk as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, te vervang of te herstel onderworpe aan alle ander bepalings van die Polis behalwe in soverre dit hierdeur gewysig mag wees.

**UITBREIDINGS**

**1. VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot uitgawe wat nie andersins ingevolge hierdie Afdeling verhaalbaar is nie wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word weens verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid ingevolge hierdie Afdeling erken word met die doel om die gewone werkverrigtinge van die besigheid in stand te hou.

**2. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# TOEVALLIGE SKADE – ANDER DAN WYN

**OMSKREWE GEBEURTENISSE (i)**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie Polis ingelyf aldan nie) ingevolge enige ander Afdeling (behalwe Sake Alle Risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie Polis uiteengesit is.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld in die Bylae en nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5 van hierdie Polis dra hierdie Afdeling nie by tot enige Omskrewe Gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie

(a) enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is by enige ander beskikbare versekering by die Maatskappy ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die Versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van onderversekering nie;

(b) meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as 'n deel van sodanige paar, stel of versameling;

(c) terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;

(d) onverklaarde verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of na 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting;

(e) verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak is deur:

  (i) enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die Versekerde (of enige persoon onder wie se toesig die versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die Versekerde;

  (ii) oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;

  (iii) onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring;

  (iv) verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;

  (v) foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;

  (vi) induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie;

  (vii) termiete, motte, insekte, ongediertes, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig;

(f) versakking, vasstamp, gronddeining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom;

(g) (i) verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

(ii) verlies of skade voortspruitend uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

(h) onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;

(i) ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk en stoorplatforms).

## WOORDOMSKRYWINGS

**1. Versekerde Eiendom**

Versekerde eiendom beteken enige tasbare eiendom wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust of in kommissie gehou word of waarvoor hy verantwoordelik is, behalwe:

(a) gangbare munte (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke) bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en posorders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansieseëls, kredietkaartstrokies, ongebruikte MVA kentekens en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

(b) pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en- stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;

(c) eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;

(d) spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies of elektriesaangedrewevoertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;

(e) staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikslote) opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, brûe, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;

(f) elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;

(g) eiendom in die loop van konstruksie, oprigting en aftakeling insluitende die materiaal of voorrade wat daarmee verband hou;

(h) eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopooreenkomste;

(i) glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels;

(j) wyn en verwante produkte insluitend wyntenke

tensy in die Bylae as ingesluit vermeld.

**OMSKREWE GEBEURTENISSE (ii)**

**Ontlading of lekkasie (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Toevallige fisieke verlies van of fisieke skade aan die versekerde eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe) uit tenks, pype of apparaat behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelik werkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

### 1. BEPERKTE DEKKING

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiaal en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die Versekerde.

### 2. BYKOMENDE KOSTE

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

(a) enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid na die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige koste nie die volgende insluit nie;

(i) enigiets waarvan kennis reeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde gebeurtenis;

(ii) enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;

(iii) eiendoms- en ander belasting, ontwikkelings- en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

(b) ondersoekgelde van munisipale of ander planne;

(c) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

(d) die professionele gelde van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante;

en die versekerde bedrag vir alle versekerde eiendom sluit in;

(e) gelde gehef deur enige gemagtigde brandweer vir hulle dienste

maar die Maatskappy is nie ingevolge (a), (b), of (d) aanspreeklik nie tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

Verder is die Maatskappy ook nie ingevolge (c) aanspreeklik vir enige koste of uitgawe nie;

(i) wat aangegaan is vir die verwydering van puin, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

(ii) voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie Polis/ Afdeling verseker word nie.

### 3. VERBANDHOUERS

Vanaf die datum van kennisgewing aanvaar die Maatskappy die belang van enige verbandhouer of ander met ‘n versekerbare belang in die eiendom en sal die versekering ingevolge hierdie Afdeling nie benadeel word deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan in kennis stel sodra hy/sy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy/sy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

**4. SPOORWEG EN ANDER SUBROGASIE KLOUSULE**

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se Besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander ooreenkomste met die Transnet-Administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

**5. HUURDERS**

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die perseel wat hy/sy besit of waarvan hy/sy 'n medehuurder is of van die eienaar van enige perseel waarvan hy/sy 'n huurder is nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy in kennis gestel word sodra hy/sy van sodanige handeling te wete kom en hy/sy enige bykomende premie betaal voortspruitend uit die Maatskappy se aanvaarding van enige bykomende risiko.

## MEMORANDUMS

**1. ONDERVERSEKERING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie Memorandum onderworpe.

**2. VERVANGINGSWAARDE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde gebeurtenis ten opsigte van geboue, toerusting en masjinerie is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ‘n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word anders word geen betaling gedoen bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie Memorandum nie by hierdie Afdeling ingelyf was nie;

(b) totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie Memorandum nie by hierdie Afdeling ingelyf was nie;

(c) indien die bedrag wat die koste verteenwoordig, wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die plaasvind van ‘n versekerde gebeurtenis, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy ‘n eweredige deel van die verlies. Elke item waarop hierdie Memorandum van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe;

(d) hierdie Memorandum is nie van toepassing nie indien:

(i) die Versekerde versuim om die Maatskappy binne 6 (ses) maande vanaf die versekerde gebeurtenis (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

(ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

**3. EERSTEVERLIES-ONDERVERSEKERING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien, op die tydstip wat enige verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word, nie die bedrae oorskry wat in die Bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan onderversekering onderworpe nie, maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as die voormelde bedrae, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die Maatskappy is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eersteverlies versekerde bedrag as die verhouding waarin die voormelde bedrae staan tot die totale waarde en dit beloop hoogstens die totale bedrag waarteen elke item verseker is.

**4. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR**

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir 'n bedrag van ten minste R500 (vyfhonderd rand) of die bedrag in die Bylae vermeld welke ookal die meeste is.

**ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE**

**1. UITGESLOTE EIENDOM**

Dit word hiermee verklaar en ooreengekom dat die eiendom wat in die Bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die Omskrywing van Versekerde Eiendom.

## TOEVALLIGE SKADE - WYN

**OMSKREWE GEBEURTENISSE (i)**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie Polis ingelyf aldan nie) ingevolge enige ander Afdeling (behalwe Sake Alle Risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie Polis uiteengesit is.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld in die Bylae en nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5 van hierdie Polis dra hierdie Afdeling nie by tot enige Omskrewe Gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

(a) enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is by enige ander beskikbare versekering by die Maatskappy ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die Versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van onderversekering nie;

(b) meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as 'n deel van sodanige paar, stel of versameling;

(c) terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;

(d) onverklaarde verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of na 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting;

(e) verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak is deur:

    (i) enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die Versekerde (of enige persoon onder wie se toesig die versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die Versekerde;

    (ii) oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;

    (iii) onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring;

    (iv) verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;

    (v) foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;

    (vi) induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie;

    (vii) termiete, motte, insekte, ongediertes, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig;

(f) versakking, vasstamp, gronddeining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom;

(g) (i) verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

(ii) verlies of skade voortspruitend uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

(h) onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;

(i) ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk en stoorplatforms).

## WOORDOMSKRYWINGS

**1. Versekerde Eiendom**

Versekerde eiendom beteken enige tasbare eiendom wat aan die Versekerde behoort of deur hom/haar in trust of in kommissie gehou word of waarvoor hy/sy verantwoordelik is, behalwe:

(a) gangbare munte (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke) bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en posorders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansieseëls, kredietkaartstrokies, ongebruikte MVA kentekens en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

(b) pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en- stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;

(c) eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;

(d) spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies of elektriesaangedrewevoertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;

(e) staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikslote) opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, brûe, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;

(f) elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;

(g) eiendom in die loop van konstruksie, oprigting en aftakeling insluitende die materiaal of voorrade wat daarmee verband hou;

(h) eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopooreenkomste;

(i) glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels;

tensy in die Bylae as ingesluit vermeld.

**OMSKREWE GEBEURTENISSE (ii)**

**Ontlading of lekkasie (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Toevallige fisieke verlies van of fisieke skade aan die versekerde eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe) uit tenks, pype of apparaat behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelik werkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

## SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT WYN EN VERWANTE PRODUKTE INSLUITEND WYNTENKE

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Omskrewe Gebeurtenis (i) van hierdie Afdeling is dekking soos volg gewysig slegs van toepassing op:

### 1. VERSEKERDE EIENDOM

**Item 1** Op voorraad wyn en verwante produkte, gebottelde wyn en wyn in tapvaatjies in kartonne, die eiendom van die Versekerde en/of in trust en/of in kommissie gehou en/of waarvoor die Versekerde verantwoordelik is.

**Item 2** Verlies van of skade aan metaal en/of glasvesel wyntenke en/of houtvate en/of tenkpoorte.

**Item 3** Addisionele eisevoorbereidingskoste.

Die bedrag betaalbaar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorsponklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag van toepassing op elke item vermeld in die Bylae en nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5 van hierdie Polis dra hierdie Afdeling nie by tot enige Omskrewe Gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

### 2. LIGGING VAN PERSELE

Alle persele, die eiendom van die Versekerde, geokkupeer of gebruik vir doeleindes van die besigheid geleë enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

### 3. BASIS VAN DEKKING – ITEM 1

| | |
|---|---|
| BASIS 1 of<br>BASIS 2 (Ingesluit BASIS 1) of<br>BASIS 3 (Ingesluit BASIS 1 en 2) | Soos in die Bylae as van toepassing vermeld |

### 4. OMSKREWE GEBEURTENISSE

#### 4.1 ITEM 1. WYN EN VERWANTE PRODUKTE – BASIS 1

4.1.1 Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die versekerde persele slegs as gevolg van:

(i) toevallige lekkasie en/of

(ii) kontaminasie van wyn en verwante produkte alleenlik weens

(a) toevallige brekasie van en/of skade aan tenkpoorte en toebehore van wynvate en/of tenke,

(b) toevallige bars, brekasie van en/of skade aan of van skeiers en toebehore, wynvate en/of tenke en/of pypverbindings en pype van sodanige wynvate en/of tenke

(iii) op- en aflaai op die versekerde persele alleenlik.

4.1.2 **SPESIFIEKE UITSONDERINGS - BASIS 1**

Verlies en/of skade as gevolg van die ondergenoemde is nie kragtens hierdie versekering gedek nie:

(i) verlies deur verdamping

(ii) gevolglike verlies wat op enige manier hoegenaamd ontstaan, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of enige ander gebeurlikheid wat versekerbaar is onder 'n

Masjinerie Breekskade Polis of 'n Verslegting van Voorraad volgende op 'n Masjinere Breekskade Polis of 'n Verlies van Winste volgende op 'n Masjinerie Breekskade Polis

(iii) wyn in transito behalwe in transito met vurkhysers op of in die omgewing van die Versekerde se persele

(iv) diefstal

(v) op- en aflaai weg van die Versekerde se persele

(vi) verslegting of verliese weens onhigiëniese en/of onaanvaarbare bereidingsmetodes teenstrydig met en nie in ooreenstemming met standaard wynmaak praktyke nie.

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige Besondere Uitsonderings van toepassing op hierdie Afdeling van die Polis wat nie (direk of indirek) betrekking het op die Spesiale Bepalings met betrekking tot Wyn en Verwante Produkte insluitende Wyntenke, steeds van krag sal wees.

## 4.2 ITEM 1. WYN EN VERWANTE PODUKTE – BASIS 2

4.2.1 Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die versekerde persele slegs as gevolg van:

(i) toevallige lekkasie en/of

(ii) kontaminasie van wyn en verwante produkte alleenlik weens

(a) toevallige brekasie van en/of skade aan tenkpoorte en toebehore van wynvate en/of tenke,

(b) toevallige bars, brekasie van en/of skade aan of van skeiers en toebehore, wynvate en/of tenke en/of pypverbindings en pype van sodanige wynvate en/of tenke,

(c) toevallige bymekaarpomp van wyn en verwante produkte

(iii) op- en aflaai op die versekerde persele alleenlik.

### 4.2.2 **SPESIFIEKE UITSONDERINGS – BASIS 2**

Verlies en/of skade as gevolg van die ondergenoemde is nie kragtens hierdie versekering gedek nie:

(i) verlies deur verdamping

(ii) gevolglike verlies wat op enige manier hoegenaamd ontstaan, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of enige ander gebeurlikheid wat versekerbaar is onder 'n Masjinerie Breekskade Polis of Verslegting van Voorraad volgende op 'n Masjinerie Breekskade Polis of 'n Verlies van Winste volgende op 'n Masjinerie Breekskade Polis

(iii) wyn in transito behalwe in transito met vurkhysers op of in die omgewing van die Versekerde se persele

(iv) diefstal

(v) op- en aflaai weg van die Versekerde se persele

(vi) ageruitgang of verlies as gevolg van onhigiëniese en/of onaanvaarbare bereidingsmetodes teenstrydig met en nie in ooreenstemming met standaard wynmaak praktyke nie

(vii) kontaminasie ander dan toevallige bymekaar pomp van wyn of verwante produkte of lekkasie as gevolg van toevallige brekasie van toerusting soos omskryf in terme van Basis 1 onder die opskrif "Omskrewe Gebeurtenisse" van hierdie Afdeling

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige Besondere Uitsonderings van toepassing op hierdie Afdeling van die polis wat nie (direk of indirek) betrekking het op die Spesiale Bepalings met betrekking tot Wyn en Verwante Produkte insluitende Wyntenke, steeds van krag sal wees.

## 4.3 ITEM 1 – WYN EN VERWANTE PRODUKTE - BASIS 3

4.3.1 Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die versekerde persele slegs as gevolg van en insluitende:

(i) toevallige lekkasie en/of

(ii) kontaminasie van wyn en verwante produkte alleenlik weens

(a) toevallige brekasie en/of skade aan tenkpoorte en toebehore van wynvate en/of tenke,

(b) toevallige bars, brekasie en/of skade aan of van skeiers en toebehore, wynvate en/of tenke en/of pypverbindings en pype van sodanige wynvate en/of tenke,

(c) toevallige bymekaarpomp van wyn en verwante produkte,

(d) oksidasie, verandering van kleur en/of smaak, gisting maar uitgesluit gisting van Opgeswaelde Soetmos

(iii) op- en aflaai op die versekerde persele alleenlik

(iv) brekasie van bottels

(v) brekasie van tenkpoorte en tenke

(vi) toevallige brekasie van gebottelde wyn

(vii) verlies wat ontstaan weens die gisting van Opgeswaelde Soetmos

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die SO2 mag nie minder as 1200mg/l wees nie,

(b) opberging van soetmos mag slegs in vlekvrye staaltenke met 316 vlekvrye staalkoepels, glasvesel en/of betontenke en/of beklede sagte staaltenke geskied,

(c) sodanige opbergtenke moet te alle tye geheel en al gevul wees

(viii) vernietiging op grond van ‘n gesondheidsgevaar of in opdrag van die Staat of Publieke of Plaaslike owerheid of instansie onderhewig aan die Maatskappy se voorafgaande goedkeuring.

### 4.3.2 SPESIFIEKE UITSONDERINGS - BASIS 3

Verlies en/of skade as gevolg van die ondergenoemde is nie kragtens hierdie versekering gedek nie:

(i) verlies deur verdamping

(ii) gevolglike verlies wat op enige manier hoegenaamd ontstaan, slytasie, meganiese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of enige ander gebeurlikheid wat versekerbaar is onder ‘n Masjinerie Breekskade Polis of ‘n Verslegting van Voorraad volgende op ‘n Masjinere Breekskade Polis of ‘n Verlies van Winste volgende op ‘n Masjinerie Breekskade Polis

(iii) wyn in transito behalwe in transito met vurkhysers op of in die omgewing van die versekerde persele

(iv) diefstal

(v) op- en aflaai weg van die Versekerde se persele

(vi) verslegting of verlies as gevolg van

(a) onhigiëniese en/of onaanvaarbare bereidingsmetodes teenstrydig met en nie in ooreenstemming met standaard wynmaak praktyke nie,

(b) sleepgisting

(vii) kontaminasie in tapvaatjies in kartonne

(viii) klaar voorbereide druiwesap en soetreserwes sal nie gedek wees nie indien gisting daarna intree nie maar uitgesonderd gisting van Opgeswaelde Soetmos

(ix) verlies of skade aan wyn en verwante produkte toeskryfbaar aan middel(s) toegedien op druiwe voor die oes daarvan teenstrydig met en nie in ooreenstemming met die gebruiksaanwysings van sodanige middel(s) nie

(x) wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande

(xi) verandering in temperatuur

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige Besondere Uitsonderings van toepassing op hierdie Afdeling van die polis wat nie (direk of indirek) betrekking het op die Spesiale Bepalings met betrekking tot Wyn en Verwante Produkte insluitende Wyntenke, steeds van krag sal wees.

### 4.4 ITEM 2 – WYNTENKE

Toevallige fisieke verlies van of skade aan metaal en/of glasvesel wyntenke en/of houtvate en/of tenkpoorte.

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige Besondere Uitsonderings van toepassing op hierdie Afdeling van die polis wat nie (direk of indirek) betrekking het op die Spesiale Bepalings met betrekking tot Wyn en Verwante Produkte insluitende Wyntenke, steeds van kras sal wees.

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Omskrewe Gebeurtenis (ii) van hierdie Afdeling is dekking soos volg gewysig:

## 5. OMSKREWE GEBEURTENIS

### 5.1 ITEM 4 – ONTLADING OF LEKKASIE

5.1.1 Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom (omliggende eiendom ingesluit) by of in die omgewing van die persele wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie Polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander Afdeling (behalwe Sake Alle Risiko – Wyn) wat in die Inhoudsopgawe van hierdie Polis uiteengesit is, as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, wyn en verwante produkte, gas of dampe uit tenke, pype of apparaat (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe maar uitgesluit wyn en verwante produkte) behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelike werkende oorsake van die tenke, pype of apparaat

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige Besondere Uitsonderings van toepassing op hierdie Afdeling van die polis wat nie (direk of indirek) betrekking het op die Spesiale Bepalings met betrekking tot Wyn en Verwante Produkte insluitende Wyntenke, steeds van krag sal wees.

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerse Bedrag Betaalbaar soos vermeld in terme van punt 7.3 (a) en 7.3 (b) van die Spesiale Bepalings van toepassing op hierdie Afdeling.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag(e) van toepassing op die Omskrewe Gebeurtenis soos hieronder vermeld en nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5 van die Polis dra hierdie Afdeling nie by tot enige Omskrewe Gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie:

1. Verlies van of skade aan eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van wyn en verwante produkte alleen sal beperk wees tot ‘n maksimum van R1 000 000 (eenmiljoen rand) of die bedrag in die Bylae vermeld, watter ookal die meeste is.

2. Verlies van of skade aan eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van enige ander vloeistowwe soos omskryf (met inbegrip van verlies daarvan) indien in die Bylae as ingesluit vermeld, sal beperk wees tot die bedrag in die Bylae vermeld.

## 6. WAARDEBEPALING

Die omvang van verlies of skade ten opsigte van wyn en verwante produkte eise word soos volg bepaal:

**ITEM 1: WYN EN VERWANTE PRODUKTE**

(a) vasgestelde waarde(s) per spesifieke tipe/variëteit wyne soos deur die Versekerde bepaal en vervat in bestaande geskrewe en ooreengekome verkoopskontrakte waarvan bewys op aanvraag aan die Maatskappy gelewer moet word

MET DIEN VERSTANDE DAT

gebottelde wyn die koste van bottelering en, waar van toepassing, die koste van etikettering en alle verwante koste insluit

(b) indien geen bestaande geskrewe en ooreengekome verkoopskontrak in plek is nie sal pryse soos deurlopend beskikbaar gestel deur SAWIS, van krag wees. Genoemde pryse is gegrond op inligting soos voorsien deur die wynbedryf met betrekking tot werklike grootmaat verkope vervat binne in raamwerk van pryse gegrond op die kwaliteit van toepassing op spesifieke tipe/variëteite wyne

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) (waar van toepassing) die koste van bottelering, etikettering, verpakking en verwante kostes ingereken sal word by bogemelde pryse

(ii) met betrekking tot witwyne alleen, bogemelde pryse slegs van krag sal wees vir die huidige sowel as die eerste daaropvolgende seisoen

(c) plaaslike prys vir stookwyn van toepassing op alle tipe/variëteit witwyne sal van krag wees volgende op die termyn soos vermeld in (b)(ii) hierbo indien geen bestaande geskrewe en ooreengekome verkoopskontrak op sodanige witwyne in plek is nie

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

kostes met betrekking tot Doeane en Aksynsbelasting (waar van toepassing) in berekening gebring sal word met die bepaling van ‘n eis onderhewig daaraan dat sodanige kostes ingesluit is in terme van die versekerde bedrag van toepassing op wyn en verwante produkte soos vermeld in die Polisbylae.

## 7. EERSTE BEDRAG BETAALBAAR

Die Versekerde is aanspreeklik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld ten opsigte van iedere en elke eis:

| 7.1 | Item 1 | Wyn en verwante produkte | Eerste Bedrag Betaalbaar |
|---|---|---|---|
| | (a) | Lekkasie en/of kontaminasie van wyn en verwante produkte alleenlik as gevolg van die toevallige brekasie van en/of skade aan tenkpoorte en toebehore van wynvate en/of tenke, toevallige bars, brekasie en/of skade aan of van skeiers en toebehore, wynvate en/of tenke en/of pypverbindings en pype van sodanige wynvate en/of tenke | 10% van eis minimum R2 500 |
| | (b) | Toevallige lekkasie (uitgesonder oorsake vermeld in 7.1 (a) hierbo en/of bymekaarpomp van wyn en verwante produkte | 10% van eis minimum R2 500 |
| | (c) | Gisting van Opgeswaelde Soetmos | 15% van eis minimum R5 000 |
| | (d) | Enige ander verlies of skade uitgesonder oorsake vermeld in 7.1 (a) en/of 7.1 (b) hierbo | 20% van eis minimum R5 000 |
| | (e) | Toevallige brekasie van bottels en/of gebottelde wyn en verwante produkte | R500 |
| **7.2** | **Item 2** | **Tenke, houtvate en tenkpoorte** | 10% van eis minimum R1 000 |
| **7.3** | **Item 4** | **Ontlading of lekkasie van:** | |
| | (a) | Wyn en verwante produkte (skade aan omliggende eiendom alleen) | 5% van eis minimum R1 000 |
| | (b) | Alle ander vloeistowwe soos omskryf (skade aan eiendom met inbegrip van verlies van sodanige vloeistowwe maar uitgesluit wyn en verwante produkte) | 10% van eis minimum R1 000 |

## 8. SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Beperking van dekking:
   Dekking op wyn en verwante produkte soos verseker in terme van Item 1 van hierdie Afdeling sal beperk wees tot 'n maksimum van die presentasie van die eis in die Bylae vermeld of die versekerde bedrag watter ookal die minste is en sal die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir verlies of skade in oormaat van sodanige bedrag.

   Nieteenstaande bogenoemde beperking van dekking sal die Eerste Bedrag Betaalbaar soos omskryf in terme van 7.1 (a) tot (e) hierbo steeds van krag wees.

2. Inspeksie moet gereeld uitgevoer word op alle wyntenke ten einde te verseker dat die inhoud van sodanige wyntenke te alle tye tot volle kapasiteit gevul is.

3. Dekking in terme van hierdie Afdeling van die Polis sal te alle tye onderhewig wees aan die nakoming en toepassing van normale wynmaak standaarde, instandhoudings- en versorgings praktyke en volledige rekord en bewyse van die nakoming van sodanige instandhoudings en versorgingspraktyke moet gehou en op aanvraag aan die Maatskappy gelewer kan word.

4. Dit word gewaarborg dat wyn en verwante produkte bestem vir die uitvoermark in alle opsigte sal voldoen aan die statutêre en/of wetlike regulasies van die land waarheen dit uitgevoer word.

## 9. GEENEISKORTINGSTRUKTUUR (BASIS 1, 2 OF 3)

Kortings op wynvoorraad asook tenke soos omskryf in terme van Items 1 en 2 van hierdie Afdeling word soos volg toegestaan gegrond op die aantal voorafgaande eisvrye jare op bestaande besigheid of die aantal voorafgaande eisvrye jare op nuwe besigheid waarvan bewys van toepassing op die betrokke item(s) op aanvraag gelewer kan word naamlik:

| **VERSEKERINGSTERMYN** | **GEENEISKORTING** | |
|---|---|---|
| | **WYN** | **TENKE** |
| Minder as een jaar | 0% | 0% |
| Die voorafgaande jaar | 10% | 10% |
| Die voorafgaande twee agtereenvolgende jare | 20% | 20% |
| Die voorafgaande drie agtereenvolgende jare | 30% | 30% |

Indien 'n eis gedurende enige versekeringstermyn ontstaan terwyl 'n geeneis korting van krag is, sal die bestaande korting op die betrokke item vir die daaropvolgende versekeringstermyn afgeskaal word met 'n minimum van 10 persentasiepunte.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

### 1. BEPERKTE DEKKING

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiaal en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die Versekerde.

### 2. BYKOMENDE KOSTE

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

(a) enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid na die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige koste nie die volgende insluit nie;

(i) enigiets waarvan kennis reeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde gebeurtenis;

(ii) enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;

(iii) eiendoms- en ander belasting, ontwikkelings- en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

(b) ondersoekgelde van munisipale of ander planne;

(c) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

(d) die professionele gelde van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante;

en die versekerde bedrag vir alle versekerde eiendom sluit in;

(e) gelde gehef deur enige gemagtigde brandweer vir hulle dienste

maar die Maatskappy is nie ingevolge (a), (b), of (d) aanspreeklik nie tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

Verder is die Maatskappy ook nie ingevolge (c) aanspreeklik vir enige koste of uitgawe nie;

(i) wat aangegaan is vir die verwydering van puin, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

(ii) voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie Polis/ Afdeling verseker word nie.

**3. VERBANDHOUERS**

Vanaf die datum van kennisgewing aanvaar die Maatskappy die belang van enige verbandhouer of ander met ‘n versekerbare belang in die eiendom en sal die versekering ingevolge hierdie Afdeling nie benadeel word deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan in kennis stel sodra hy/sy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy/sy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

**4. SPOORWEG EN ANDER SUBROGASIE**

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se Besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander ooreenkomste met die Transnet-Administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

**5. HUURDERS**

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die perseel wat hy/sy besit of waarvan hy/sy 'n medehuurder is of van die eienaar van enige perseel waarvan hy/sy 'n huurder is nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy in kennis gestel word sodra hy/sy van sodanige handeling te wete kom en hy/sy enige bykomende premie betaal voortspruitend uit die Maatskappy se aanvaarding van enige bykomende risiko.

## MEMORANDUMS

**1. ONDERVERSEKERING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie Memorandum onderworpe.

**2. VERVANGINGSWAARDE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde gebeurtenis ten opsigte van geboue, toerusting en masjinerie is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ‘n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word anders word geen betaling gedoen bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie Memorandum nie by hierdie Afdeling ingelyf was nie;

(b) totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bo die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie Memorandum nie by hierdie Afdeling ingelyf was nie;

(c) indien die bedrag wat die koste verteenwoordig, wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die plaasvind van ‘n versekerde gebeurtenis, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy ‘n eweredige deel van die verlies. Elke item waarop hierdie Memorandum van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe;

(d) hierdie Memorandum is nie van toepassing nie indien:

    (i) die Versekerde versuim om die Maatskappy binne 6 (ses) maande vanaf die versekerde gebeurtenis (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

    (ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op ‘n ander terrein te vervang of te herstel.

**3. EERSTEVERLIES-ONDERVERSEKERING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Indien, op die tydstip wat enige verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word, nie die bedrae oorskry wat in die Bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan onderversekering onderworpe nie, maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as die voormelde bedrae, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die Maatskappy is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eersteverlies versekerde bedrag as die verhouding waarin die voormelde bedrae staan tot die totale waarde en dit beloop hoogstens die totale bedrag waarteen elke item verseker is.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

**1. UITGESLOTE EIENDOM**

Dit word hiermee verklaar en ooreengekom dat die eiendom wat in die Bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die Omskrywing van versekerde eiendom.

## GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

**EISE INGESTEL GRONDSLAG**

Skadevergoeding wat die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die toevallige dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna besering genoem) of die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat op of na die terugwerkende datum wat in die Bylae vermeld word in die loop van of in verband met die besigheid plaasvind binne die gebiedsperke en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die Versekerde ingestel word.

**DIE SKADELOOSSTELLINGSPERK**

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word.

**GEBIEDSPERKE**

Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

(i) enige besigheid wat die Versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

(ii) enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy stel die Versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

1. aanspreeklikheid as gevolg van die besering van enige persoon wat kragtens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die Versekerde se diens is en wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens by die Versekerde

2. skade aan:

   (a) (i) eiendom wat aan die Versekerde behoort

   (ii) eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is

   (b) die deel van enige eiendom waaraan die Versekerde werk of gewerk het, indien sodanige skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan

3. aanspreeklikheid wat volg op besering of skade:

   (a) wat veroorsaak word deur of in verband met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die Versekerde gegee of toegedien word

(b) wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige meganiese aangedrewe voertuig (behalwe ‘n trapfiets of grassnyer of enige voetgangersbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig, lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie Besondere Uitsondering nie die Maatskappy onthef van die verpligting om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op ‘n besering of skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig insluitende goedere wat daarmee vervoer word en daarvan afval, in die mate wat sodanige besering of skade nie deur enige ander Polis of Afdeling verseker is nie

(c) wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

(i) die brandstofinname van lugvaartuie

(ii) die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of ‘n lugredery

(iii) die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek

(d) wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat verkoop of verskaf word en wat plaasvind elders as op die perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word, behalwe voedsel en drank wat toevallig verskaf word vir verbruik op die perseel

(e) wat ontstaan na die voltooiing en oorhandiging van enige werk en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige gebrek, fout of weglating in sodanige werk

4. skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur

5. aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word (behalwe die Versekerde se eie standaard kontrakvoorwaardes), tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het

6. (a) aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade aan of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie Besondere Uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur ‘n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word

(b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur ‘n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie Besondere Uitsondering brei nie hierdie Afdeling uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie Besondere Uitsondering, nie ingevolge hierdie Afdeling verseker sou gewees het nie

7. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding

8. (a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer is deur of verkry is in ‘n ander hof as ‘n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland

(b) regsonkoste en- uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 8(a) hierbo beskryf word nie

9. enige eis wat voortspruit uit ‘n gebeurtenis wat aan die Versekerde bekend is

(a) wat nie ingevolge Algemene Voorwaarde 7 by die Maatskappy aangemeld is nie

(b) voor die aanvang van hierdie Afdeling

10. enige eis (in die geval van die kansellasie of nie-hernuwing van hierdie Afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 (agt en veertig) maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die Versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in Besondere Voorwaarde 2

11. die basiese Eerste Bedrag Betaalbaar (Nie van toepassing op Uitbreidings 12, 15, 16 en 22 tot 31)

die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste R1 000 (eenduisend rand) of die Eerste Bedrag Betaalbaar in die Bylae vermeld welke ookal die meeste van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van ‘n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit skade en is van toepassing op koste en uitgawe wat deur die Versekerde aangegaan word

12. aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade direk of indirek veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit of toeskryfbaar aan:

(a) plofstowwe of die ontploffing van ‘n stoomketel

(b) vloed insluitende die bars of oorloop van ’n damwal

(c) brand en ontploffing

13. die beslaglegging op of die verlegging van water deur die Versekerde of enige persoon wat namens die Versekerde optree

14. skade aan suikerriet, plantasies en woude veroorsaak deur verspreiding van brand.

15. verlies of skade en/of verslegting veroorsaak deur of wat ontstaan gedurende transito per land, lug of see

16. onregmatige hantering, inmenging, vervalsing of verandering van produkte

17. alle eise vir, en wat ontstaan weens verandering in die kenmerke van wyn en verwante produkte

MET DIEN VERSTANDE DAT:

Die term “verandering in die kenmerke van wyn en verwante produkte” sal insluit (maar nie daartoe beperk wees nie) verandering in kleur, tekstuur, afwerking of smaak voortspruitende uit die wisseling van temperatuur weens klimaatsverandering gedurende stoor, hantering, verskeping of vervoer van sodanige produkte.

## MEMORANDUM

1. Algemene Uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie Afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

“Hierdie Afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie”.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word as gevolg van ‘n Omskrewe Gebeurtenis wat ingevolge Algemene Voorwaarde 7 aangemeld word (hierna ‘n aangemelde gebeurtenis genoem) word hanteer asof dit aanvanklik teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die Versekerde die gebeurtenis by die Maatskappy aangemeld het.

2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die Polis:

(a) word enige eis as gevolg van ‘n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word gedurende die 48 (agt en veertig) maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing hanteer asook dit teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die Versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 (agt en veertig) maande verleng tot nà die verstryking van 12 (twaalf) maande nadat die eiser meerderjarig word

(b) mag die Versekerde ‘n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 by die Maatskappy aanmeld tot 15 (vyftien) dae na kansellasie of nie-hernuwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het

(ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 (agt en veertig) maande wat in 2(a) hierbo gespesifiseer word.

3. Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die Versekerde ingestel word as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof almal aanvanklik teen die Versekerde ingestel is

(a) op die datum waarop die Versekerde die gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 aangemeld het

of

(b) op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word indien die Versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding kon gee.

4. Kommersiële Jag- en/of Wildbesigtigingsaktiwiteite

Dit is ‘n voorwaarde dat skadeloosstelling in terme van hierdie Afdeling van die Polis met betrekking tot enige vorm van kommersiële jag en/of wildbesigtiging onderhewig sal wees aan die volgende, dat:

(i) geen gebruik van alkohol toegelaat word tydens enige jagaktiwiteite nie

(ii) kliënte wat deelneem aan enige wildbesigtigingsaktiwiteite te alle tye vergesel moet wees van of die Versekerde, gids of werknemer van die Versekerde of enige gedelegeerde persoon van die Versekerde

(iii) duidelike afbakening van skietsone(s) met betrekking tot onderskeie jaggroepe/jagters/ kliënte moet voor die aanvang van enige jagaktiwiteite op ‘n kaart vasgelê en aan alle betrokkenes verduidelik en voorsien word

(iv) indien die inskiet en instel van enige vuurwapen(s) deur ‘n kliënt versoek sou word moet sodanige aktiwiteite plaasvind onder beheer van of die Versekerde, gids of werknemer van die Versekerde of enige gedelegeerde persoon van die Versekerde

(v) daar te alle tye aan alle vereistes voldoen word soos vervat in enige Wet, Ordonnansie of Regulasie wat verband hou met jag- en/of wildbesigtigingsaktiwiteite.

**SPESIALE BEPALING:**

Dit is ‘n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat die Versekerde ten tyde van die gebeurtenis wat aanleiding gee tot ‘n eis in terme van hierdie Besondere Voorwaardes daar voldoen word aan alle vereistes soos vervat in voorwaarde 4(i), (ii), (iii), (iv) en (v) hierbo.

5. Vrywaring/Afstanddoening

Skadeloosstelling in terme van hierdie Afdeling met betrekking tot enige vorm van kommersiële jag en/of wildbesigtiging sal onderhewig wees aan die volgende voorwaardes:

(i) alle korrespondensie, kennisgewings en vrywarings sal in ten minste twee amptelike landstale gevoer en vertoon word en ‘n tolk sal te alle tye beskikbaar wees op versoek van enige kliënt, jagter, gas of ander deelnemende party

(ii) die vrywaringbewoording moet deur die Maatskappy goedgekeur en in besit van die Maatskappy gestel word

(iii) die regsgeldende ooreenkoms (vrywaring) tussen die Versekerde en sy/haar/hulle kliënt(e) sal voor aanvang van enige kommersiële jag en/of wildbesigtigingsaktiwiteit behoorlik deur beide partye onderteken en op rekord geplaas word

(iv) vuurwapens mag onder geen omstandighede op medejagters, kliënte of enige ander persoon (persone) gerig word nie

(v) sodanige regsgeldende ooreenkoms (vrywaring) moet duidelik vertoon en sigbaar aangebring wees by die toegangspunt(e) van die Versekerde se persele en moet alle voorwaardes soos in Besondere Voorwaarde 4 hierbo uiteengesit, insluit.

## UITBREIDINGS

### 1. VERLENGDE AANMELDINGSOPSIE (Indien vermeld in die Bylae as ingesluit)

Na die keuse van die Versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes van hierdie Afdeling, stem die Maatskappy in om die tydperk waartydens die Versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 (ses en dertig) maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) hierdie opsie net uitgeoefen mag word indien die Maatskappy hierdie Afdeling kanselleer of weier om dit te hernu

(b) hierdie opsie skriftelik deur die Versekerde uitgeoefen moet word binne 30 (dertig) dae na kansellasie of nie-hernuwing

(c) hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die Versekerde of die Maatskappy gekanselleer kan word nie

(d) die Versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die Afdeling wat verstryk het nie

(e) die Maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n Omskrewe Gebeurtenis wat plaasgevind het nà die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing

(f) eise wat aanvanklik teen die Versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die Versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing

(g) die bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie

(h) enige eis wat nà 'n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 (agt en veertig) maande na die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die Versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie Uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 (agt en veertig) maande verleng tot nà die verstryking van 12 (twaalf) maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

### 2. BYKOMENDE VERSEKERDES

Die Maatskappy stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike Polis aan elk uitgereik is:

(a) in die geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is

(b) enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is

(c) in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word (en nieteenstaande Besondere Uitsondering 5) en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die Versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan

(d) ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die Versekerde behoort of deur hom/haar tot stand gebring is tot voordeel van sy/haar werknemers

    (i) enige beampte of lid daarvan

    (ii) enige besoekende sportspan of lid daarvan

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy se totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in die Bylae vermeld word

(ii) enige persoon of organisasie op wie die Uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis nie

(iii) die skadeloosstelling ingevolge (a), (b) en (c) slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was.

Die Maatskappy doen vir die doel van hierdie Uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy/sy mag hê of wat hy/sy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes (Algemeen sowel as Besondere) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

**3. SEKURITEITSFIRMAS**

Nieteenstaande Besondere Uitsondering 5, indien die Versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma, werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die Bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie Afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die Bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander Polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander Polis betaalbaar is.

**4. KRUISAANSPREEKLIKHEDE**

Indien meer as een Versekerde in die Bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike Polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die Bylae vermeld word.

**5. HANDELSWERKTUIG**

Besondere Uitsondering 3(b) is nie van toepassing op die werkverrigting, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die Maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die Maatskappy is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die Versekerde aangegaan is.

## 6. EIENDOM VAN WERKNEMERS EN BESOEKERS

Besondere Uitsondering 2(a)(ii) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of enige besoeker aan die Versekerde se perseel.

## 7. AANSPREEKLIKHEID INGEVOLGE OOREENKOMS

Nieteenstaande die bepalings van Besondere Uitsonderings 2(a)(ii), 3(b) en 5 word hierdie Afdeling uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel

(a) teen aanspreeklikheid wat deur die Versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semistaatsdepartmente, provinsiale adminstrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard

(b) teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is

(c) ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die Versekerde gebruik word.

## 8. LOS SLEEPWAENS

Sover dit sleepwaens aangaan, is Besondere Uitsondering 3(b) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die Maatskappy nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat

(i) deur enige ander polis of polisse wat deur die Versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie Afdeling, so verseker sou gewees het

(ii) binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

## 9. NOOD-MEDIESE ONKOSTE

Die Maatskappy stel die Versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die Versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie Afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die Versekerde mag wees.

## 10. PARKEERTERREINE

Nieteenstaande die bepalings van Besondere Uitsondering 2(a)(ii), stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eindom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die Versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die Versekerde voorsien word.

## 11. HUURDERSAANSPREEKLIKHEID

Besondere Uitsonderings 2(a)(ii) en 3(b) van hierdie Afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die Versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

## 12. PRODUKAANSPREEKLIKHEID

Nieteenstaande enigiets teenstydigs in Besondere Uitsondering 3(d) vervat, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede wat in die Bylae vermeld word elders as op ‘n perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat deur die Versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere).

Die bedrag wat ingevolge hierdie Uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur ‘n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie Uitbreiding in die Bylae vermeld word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir die eerste 10% (tien persent) met ‘n minimum van R1 000 (eenduisend rand) of die bedrag soos vermeld in die Bylae van elk en iedere eis in terme van hierdie Uitbreidings.

**BYKOMENDE BESONDERE UITSONDERINGS (Van toepassing op die Uitbreiding: Produkaanspreeklikheid)**

Hierdie Uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

(i) die herstel, verandering-, herroeping- of vervangingskostes van goedere of produkte (insluitende houers en etikette) wat besering of skade veroorsaak

(ii) die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die goedere of produkte (insluitende houers en etikette) en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die goedere of produkte beskadig is

(iii) (a) wat voortspruit uit foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die Versekerde ‘n kleinhandelaar is, is hierdie Besondere Uitsondering (iii) nie van toepassing nie indien die Versekerde se aktiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die Versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die Versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping, aanpassing of wysiging aan die produk nie

(b) wat voortspruit uit ondoeltreffendheid of die versuim om aan die spesifikasie te voldoen, tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie

(iv) wat voortspruit uit goedere of produkte wat bedoel is om in ‘n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van ‘n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak

(v) ten opsigte van besering of skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of in opdrag van die Versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die Versekerde se wete deur of namens die Versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

## 13. REGSVERDEDIGINGSKOSTE

Indien die Versekerde dit verlang, stel die Maatskappy enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat met die toestemming van die Maatskappy aangegaan word deur of namens sodanige persoon in die verdediging van enige strafregtelike geding wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die Versekerde en wat voortspruit uit ‘n beweerde oortreding van die Wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die Maatskappy in die geval van ‘n appél nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy ‘n senior advokaat wat deur die Maatskappy goedgekeur is, adviseer dat sodanige appél na sy/haar mening behoort te slaag

(ii) die Maatskappy nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestraffing wat deur enige landdros of regter opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie

(iii) sodanige persoon, asof hy/sy die Versekerde is, die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes van hierdie Polis en hierdie Afdeling daarvan nakom uitvoer en daaraan onderworpe is insoverre dit van toepassing mag wees

(iv) die perk van aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding sal nie R50 000 (vyftigduisend rand) enige enkele gebeurtenis of reeks van gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak en R50 000 (vyftigduisend rand) in enige een (jaarliks) tydperk van versekering oorskry nie.

**DIE WETTE**

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid Nr. 85 van 1993 (soos gewysig).

Die Myn, Gesondheid en Veiligheidswet Nr. 29 van 1996 (soos gewysig).

Die Elektrisiteitswet Nr. 41 van 1987 (soos gewysig)

en/of enige ander Wet of Ordonnansie wat met die verskaffing van Elektrisiteit verband hou almal saamgelees met die Strafproseswet Nr. 51 van 1977 (soos gewysig)

Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 14. ONREGMATIGE INHEGTENISNAME EN LASTER

Die Omskrewe Gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

(i) wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname)

(ii) ten opsigte van laster

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

die skadeloosstellingsperk soos vermeld hoogstens R50 000 (vyftigduisend rand) elk ingevolge (i) en (ii) beloop en R100 000 (eenhonderd duisend rand) in enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk.

## 15. E.G. AANSPREEKLIKHEID

Andersins onderworpe aan die Bepalings, Voorwaardes en Beperkings word die volgende veranderinge aan hierdie Afdeling van die Polis aangebring ten opsigte van "besering" of "skade" (soos verseker deur die Uitbreiding Produkaanspreeklikheid) wat ontstaan uit goedere of produkte wat na enige lidland van die Europese Gemeenskap (E.G.) of enige lidland van die Europese Vryehandelsvereniging (E.V.H.V.) uitgevoer word.

(a) Besondere Uitsonderings 8(a) en 8(b) is nie van toepassing nie op skadevergoeding of regskoste en- uitgawe wat deur enige eiser verhaal word ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word in howe in die gebied van die E.G. of E.V.H.V.

(b) Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (behalwe grondstowwe) moet die Versekerde

   (i) 'n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan die goedere of produkte duidelik geïdentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer, of datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse

   (ii) die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, aanteken en handhaaf.

   Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 (tien) jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.

(c) Die inligting in (b) genoem, tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd op aanvraag aan die Maatskappy of sy benoemde beskikbaar gestel word.

**16. AFDWAAL, WEGLOOP OF AANJAAG VAN DIERE**

Die skadeloosstelling soos omskryf in hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid wat voortspruit uit diere wat aangejaag word en/of diere wat afdwaal of wegloop in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde alle redelike voorsorg tref om skade te verhoed en dat alle Ordonnansies met betrekking tot die aandryf of aanjaag van diere op openbare paaie nagekom word

(b) dat alle hekke en heinings van veekampe direk langs openbare paaie, te alle tye in 'n goeie toestand gehou word en dat alle hekke wat direkte toegang tot openbare paaie verleen, te alle tye behoorlik toegemaak is

(c) die Versekerde aanspreeklik is vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) en 'n maksimum van R25 000 (vyf en twintig duisend rand) van elk en iedere eis in terme van hierdie Uitbreiding.

**17. DIERE/LEWENDEHAWE BY TENTOONSTELLINGS EN VEILINGS**

Die skadeloosstelling kragtens hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit die tentoonstel van lewendehawe of terwyl sodanige lewendehawe in bewaring van die Versekerde verkeer ten tye van 'n veiling.

**18. DIERE WAT NIE AAN DIE VERSEKERDE BEHOORT NIE**

Die skadeloosstelling kragtens hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit diere (wat nie aan die Versekerde behoort nie) wat op die Versekerde se veld met sy toestemming wei

MET DIEN VERSTANDE DAT:

verlies van of skade aan sodanige diere nie onder hierdie Uitbreiding verseker is nie.

**19. FIETSE OF VOERTUIE DEUR DIERE GETREK**

Die skadeloosstelling kragtens hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit enige fiets of voertuig deur diere getrek wat aan die Versekerde behoort of terwyl onder bewaring of beheer van die Versekerde insluitend die dood van of liggaamlike besering van enige persoon wat nie werknemers van die Versekerde is nie terwyl hulle die fiets of voertuig deur diere getrek, bestyg, daarop of daarvan afklim.

**20. OESBESPUITING**

Die skadeloosstelling kragtens hierdie Afdeling is uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit die spuit van oeste met insekdoders en onkruiddoders en ander sodanige middels op landerye of veld in besit van of bewoon deur die Versekerde

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy die Versekerde nie skadeloos stel nie ten opsigte van enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit lugbespuiting van oeste, plantasies, boorde, landerye of veld nie.

## 21. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom redelikerwys geag deur brand bedreig te wees.

## 22. VERSPREIDING VAN BRAND

Besondere Uitsondering 12(c) van hierdie Afdeling is gekanselleer

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) verlies van of skade aan plantasies, woude of suikerriet nie deur hierdie Uitbreiding gedek word nie

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

vir doeleiendes van hierdie voorbehoudsbepaling (a) die verwysing na "plantasies" nie geag word "wingerde" in te sluit nie

(b) die perk van aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding sal nie ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak R1 000 000 (eenmiljoen rand) of die perk in die Bylae vermeld watter ookal die hoogste is en enige enkele (jaarlikse) termyn van versekering, oorskry nie

(c) die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 12,5% (twaalf en 'n half persent) met 'n minimum van R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand) en 'n maksimum van R50 000 (vyftigduisend rand) of die bedrag soos gemeld in die Bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

**SPESIALE BEPALING:**

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat die Versekerde ten tyde van die gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis in terme van hierdie Uitbreiding ook aan alle vereistes voldoen soos vervat in die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 23. VERSPREIDING VAN BRAND - PLANTASIES, WOUDE EN SUIKERRIET (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie van toepassing op Voorbehoudsbepaling (ii) hieronder word Besondere Uitsonderings 12 (c) en 14 van hierdie Afdeling gekanselleer

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van

(i) Verspreiding van Brand (Besondere Uitsondering 12 (c)): 12.5% (twaalf en 'n half persent) met 'n minimum van R2 500 (tweeduisend vyf honderd rand) en 'n maksimum van R50 000 (vyftigduisend rand) of die bedrag soos gemeld in die Bylae van elk en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

(ii) Verspreiding van Brand – Plantasies Woude en Suikerriet (Besondere Uitsondering 14): 15% (vyftien persent) met 'n minimum van R5 000 (vyfduisend rand) en 'n maksimum van R100 000 (eenhonderd duisend rand) of die bedrag soos gemeld in die Bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

**SPESIALE BEPALING:**

Dit is 'n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van aanspreeklikheid dat die Versekerde ten tyde van die gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis in terme van hierdie Uitbreiding ook aan alle vereistes voldoen soos vervat in Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

MET DIEN VERSTANDE DAT:

vir doeleindes van voorbehoudsbepalings (i) en (ii) die verwysing na "plantasies" nie geag word "wingerde" in te sluit nie.

**24. AANSPREEKLIKHEID AS GEVOLG VAN DIE BARS OF OORLOOP VAN 'N DAMWAL (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is die woorde "insluitende die bars of oorloop van 'n damwal" in terme van Besondere Uitsondering 12(b) van hierdie Afdeling gekanselleer

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regskostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of enige aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie

(b) die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) met 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) of die bedrag soos gemeld in die Bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

**25. GASTEHUIS AANSPREEKLIKHEID (AKKOMMODASIE EN VERBLYF) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is die volgende wysigings van toepassing:

(a) EIENDOM VAN WERKNEMERS EN BESOEKERS

Uitbreiding 6 is gewysig om soos volg te lees:

"6. Besondere Uitsondering 2(a)(ii) is nie van toepassing op eiendom wat behoort aan enige vennoot in of van of enige direkteur, werknemer van die Versekerde of enige besoeker of gas aan die Versekerde se persele nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van eiendom van enige besoeker of gas beperk is tot R50 000 (vyftigduisend rand), met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

die Versekerde aanspreeklik is vir die eerste R250 (tweehonderd en vyftig rand) van elk en iedere eis in terme van hierdie Uitbreiding".

(b) REGSVERDEDIGINGSKOSTE

Uitbreiding 13 met betrekking tot regsverdedigingskoste is gewysig om die volgende wette in te sluit:

Die Drankwet Nr. 27 van 1989 (soos gewysig)

Die Wet op Toerisme Nr. 72 van 1993 (soos gewysig)

Die Wet op Gesondheid Nr. 63 van 1977 (soos gewysig).

**26. ONDOELTREFFENDHEID (Uitgesonderd wyn en verwante produkte) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in Bykomende Besondere Uitsonderings (iii) (b) van toepassing op Produkte Aanspreeklikheid, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos vir verlies of skade wat die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die ondoeltreffendheid van produkte deur die Versekerde verskaf.

Vir die doel van hierdie Uitbreiding sal Ondoeltreffendheid beteken eise teen die Versekerde ingestel vir ekonomiese verlies(e) deur die eiser(s) opgedoen wat beweer dat sy/haar/hulle produk(te) soos omskryf in die Bylae

(i) nie aan die verwagte opbrengswaarde voldoen nie

(ii) onbevoeg is om tot kommersiële voordeel benut te word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die perk van aanspreeklikheid kragtens hierdie Uitbreiding sal nie R250 000 (tweehonderd en vyftig duisend rand) enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak en R1 000 000 (eenmiljoen rand) enige enkele (jaarlikse) termyn van versekering oorskry nie

(b) die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) met 'n minimum van R2 500 (tweeduisend vyf honderd rand) of die bedrag vermeld in die Bylae watter ookal die meeste is ten opsigte van elk en iedere eis.

**27. OPBERGINGSAANSPREEKLIKHEID (Wyn en verwante produkte)**

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in Besondere Uitsondering 2(a)(ii), 2(b) en/of 5, sal die Maatskappy in terme van hierdie Afdeling die Versekerde skadeloos stel teen aanspreeklikheid waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal voortspruitend uit hulle aktiwiteite as wynkelder, wynlandgoedere, wynprodusente en/of bottelleerders insluitende opberging wat verband hou daarmee volgende of nalatigheid.

Dit word verder verklaar en ooreengekom dat hierdie Uitbreiding onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:

(i) dit word gewaarborg dat elke kliënt of organisasie van die Versekerde 'n Standaard Voorwaardes van Kontrak sal onderteken ten opsigte van elke lewering waar opberging betrokke is deur die hou van, berging, prosessering en/of instandhouding van derdeparty eiendom terwyl onder beheer en kontrole van die Versekerde

(ii) dekking sal nie insluit verlies of skade aan derdeparty eiendom deur enige versekerde gevaar verseker of versekerbaar in terme van enige ander Afdeling(s) van hierdie Polis nie of verseker of versekerbaar in terme van 'n aparte Masjinerie Breekskade Polis of 'n aparte Verslegting van Voorraad volgende 'n Masjinerie Breekskade Polis of 'n Verlies van Winste volgende 'n Masjinerie Breekskade Polis nie

(iii) die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir skadevergoeding voortspruitend uit enige vertraging, verlies van markte, gevolglike verlies van enige aard, waardevermindering, verslegting of verandering veroorsaak of bewerkstellig deur enige natuurlike oorsake

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) eiendom sal alleenlik aanvaar word vir berging of enige ander doel soos hierbo omskryf indien die kliënt of organisasie wat die hou van of berging en/of prossesering van goedere versoek instem tot die termes en voorwaardes soos vervat in die Standaard Voorwaardes van Kontrak deur die termes en voorwaardes behoorlik te onderteken en te dateer

(b) 'n voorbeeld van sodanige termes en voorwaardes moet vooraf in die besit van die Maatskappy gestel word en mag hoegenaamd nie gewysig word sonder vooraf goedkeuring deur die Maatskappy nie

(c) indien die eiendom deur kliënte of organisasies gelewer word vir doeleindes van prosessering en/of berging voor die aanvang van dekking in terme van hierdie Uitbreiding en volgende op enige verlies of skade aan sodanige eiendom sal die las op die Versekerde rus om te bewys dat die verlies of skade plaasgevind het na die inwerkingtreding van dekking

(d) die Versekerde sal te alle tye, in opmerklike posisies, 'n vrywaring van aanspreeklikheid vertoon

(e) die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) met 'n minimum van R5 000 (vyfduisend rand) of die bedrag soos vermeld in die Bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

Die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regkostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of enige aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die bedrag van R250 000 (tweehonderd en vyftig duisend rand) of die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae watter ookal die meeste is vir hierdie Uitbreiding oorskry nie.

**28. OPBERGINGSAANSPREEKLIKHEID (Uitgesonder wyn en verwante produkte) (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in Besondere Uitsondering 2(a)(ii), 2(b) en/of 5, sal die Maatskappy in terme van hierdie Afdeling die Versekerde skadeloos stel teen aanspreeklikheid waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal voortspruitend uit die aktiwiteite (moet spesifiek in die Bylae vermeld word) as

(a) verkoelingssamestellings en bedrywe

(b) vrugte verpakkers

(c) vrugte gradeerders

(d) opbergers

volgende op nalatigheid.

Dit word verder verklaar en ooreengekom dat hierdie Uitbreiding onderhewig sal wees aan die volgende voorwaardes:

(i) dit word gewaarborg dat elke kliënt of organisasie van die Versekerde 'n Standaard Voorwaardes van Kontrak sal onderteken ten opsigte van elke lewering waar opberging betrokke is deur die hou van, berging, prosessering en/of instandhouding van derdeparty eiendom terwyl onder beheer en kontrole van die Versekerde

(ii) dekking sal nie insluit verlies of skade aan derdeparty eiendom deur enige versekerde gevaar verseker of versekerbaar in terme van enige ander Afdeling(s) van hierdie Polis nie of verseker of versekerbaar in terme van 'n aparte Masjinerie Breekskade Polis of 'n aparte Verslegting van Voorraad volgende 'n Masjinerie Breekskade Polis of 'n Verlies van Winste volgende 'n Masjinerie Breekskade Polis nie

(iii) die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir skadevergoeding voortspruitend uit enige vertraging, verlies van markte, gevolglike verlies van enige aard, waardevermindering, verslegting of verandering veroorsaak of bewerkstellig deur enige natuurlike oorsake

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) eiendom sal alleenlik aanvaar word vir berging of enige ander doel soos hierbo omskryf indien die kliënt of organisasie wat die hou van of berging en/of prossesering van goedere versoek instem tot die termes en voorwaardes soos vervat in die Standaard Voorwaardes van Kontrak deur die termes en voorwaardes behoorlik te onderteken en te dateer

(b) 'n voorbeeld van sodanige termes en voorwaardes moet vooraf in die besit van die Maatskappy gestel word en mag hoegenaamd nie gewysig word sonder vooraf goedkeuring deur die Maatskappy nie

(c) indien die eiendom deur kliënte of organisasies gelewer word vir doeleindes van prosessering en/of berging voor die aanvang van dekking in terme van hierdie Uitbreiding en volgende op enige verlies of skade aan sodanige eiendom sal die las op die Versekerde rus om te bewys dat die verlies of skade plaasgevind het na die inwerkingtreding van dekking

(d) die Versekerde sal te alle tye, in opmerklike posisies, 'n vrywaring van aanspreeklikheid vertoon

(e) die Versekerde aanspreeklik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) met ‘n minimum van R5 000 (vyfduisend rand) of die bedrag soos vermeld in die Bylae van elke en iedere eis kragtens hierdie Uitbreiding.

Die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regkostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of enige aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie.

**29. PRODUK HERROEPING (indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Bykomende Besondere Uitsondering (i) van Uitbreiding 12 – Produkaanspreeklikheid van hierdie Afdeling sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel in terme van uitgawes aangegaan deur die Versekerde vir die herroep van produk(te) of enige deel daarvan (insluitende houers en etikette) wat deur die Versekerde verkoop of verskaf word in verband met die besigheid as gevolg van ‘n besluit geneem deur die Versekerde en kennis tot dien effek, gedurende die termyn van versekering, aan die Maatskappy gegee is dat dit noodsaaklik is dat sodanige produk(te) herroep moet word aangesien gebruik of inname (of voortgesette gebruik of inname) daarvan daartoe aanleiding kan gee dat die Versekerde regtens aanspreeklik gehou kan word soos vervat in terme van Uitbreiding -12 Produkaanspreeklikheid van hierdie Afdeling

MET DIEN VERTANDE DAT:

(1) die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige uitgawes voorspruitend uit

(a) (i) onregmatige hantering, inmenging, vervalsing of verandering of enige poging daartoe van die produkte Verkoop of verskaf

(ii) persoonlike besering van watter aard ookal

(iii) opsetlike, bedrieglike of kwaadwillige dade

(iv) benadeling van handelsnaam

(v) ondernemersrisiko’s

(vi) gevolglike verlies volgende op enige uitsonderings vermeld in (i) tot (v) hierbo.

(b) die Versekerde se besluit om enige produk(te) te herroep

(i) indien sodanige besluit geneem is as gevolg van druk uitgeoefen op die Versekerde deur enige Regering ofOpenbare Gesag en wat nie andersins deur die Versekerde aangegaan sou word sonder die inmenging van genoemde Regering of Openbare Gesag nie.

(ii) wat steeds in besit, onder beheer en bewarings van die Versekerde of sy/hulle moeder- of filiaal of verwante maatskappy is en nog nie aan kliënte gelewer is nie

(iii) alleenlik weens die foutiewe versending of foutiewe adressering deur of namens die Versekerde

(iv) indien herroeping teweeggebring word alleenlik weens blootstelling aan weersomstandighede of weens eksterne verlies of skade of as gevolg van geleidelike agteruitgang. Hierdie uitsondering sal nie van toepassing wees nie indien ‘n defek in die produk(te) verskaf vererger of toeneem bloot weens blootstelling aan weersomstandighede of weens die verloop van tyd

(c) deur aanspreeklikheid opgedoen weens die Versekerde se besluit om enige invoerbelasting of Doeane en Aksynskoste of Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) te betaal voordat sodanige produk(te) aan die Versekerde gelewer is

(2) die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regskostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een

(jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie

(3) die Versekerde sal aanspreeklik wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van die eis met 'n minimum van R15 000 (vyftien duisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld watter ookal die meeste is ten opsigte van ieder en elke gebeurtenis.

**OMSKRYWING:**

Uitgawe sal beteken:

(i) die redelike en noodsaaklike finansiële uitleg (insluitende die koste van korrespondensie, nuusblad en tydskrif advertensies, radio, televisie aankondigings, vervoerkoste, verpakking en/of tydelike stoorkoste) aangegaan deur die Versekerde ten opsigte van die reëlings vir die terugsending van die produk(te) of enige deel daarvan

(a) na die perseel van die Versekerde

(b) na die perseel van die vervaardiger of produsent (of die genomineerde agent van die vervaardiger of produsent)

(ii) die koste aan ondersoek, en waar nodig, vervanging of herverwerking van die produk(te), (of deel daarvan) opgedoen deur die Versekerde of sy genomineerde agent as gevolg van die herroeping soos hierbo omskryf

**30. PRODUK WAARBORG (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Bykomende Besondere Uitsonderings (i), (ii) en (iii) van Uitbreiding 12 – Produkteaanspreeklikheid van hierdie Afdeling sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel ooreenkomstig die Omskrewe Gebeurtenisse vir die koste van verwydering, herwinning, herstel, verstelling, behandeling of vervanging van enige produk of deel daarvan (insluitende houers en etikette) wat in gebreke bly om te voldoen aan die verwagte funksie of om te presteer soos gespesifiseer of gewaarborg

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 10% (tien persent) van die eis met 'n minimum van R15 000 (vyftien duisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld wat ookal die meeste is ten opsigte van ieder en elke eis

(b) die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regskostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie

**31. PRODUKTEAANSPREEKLIKHEID – NOORD AMERIKA EN KANADA UITBREIDING (indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die Bepalings, Voorwaardes en Beperkings is die volgende wysigings van krag met betrekking tot hierdie Afdeling van die Polis ten opsigte van "besering"of "skade"(soos verseker in terme van die Uitbreiding- Produkteaanspreeklikheid) as gevolg van goedere of produkte uitgevoer na lande wat onderhewig is aan die landswette van die Verenigde State van Amerika of Kanada of op magtiging van enige gesag enige plek in die wêreld om sodanige uitspraak, toekenning of vereffening (hetsy in geheel of gedeeltelik) af te dwing

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) Besondere Uitsonderings 8(a) en 8(b) van toepassing op hierdie Afdeling steeds van krag is.

(b) in terme van sulke goedere of produkte (ander dan rou grondstowwe), sal die Versekerde:

  (i) ‘n sisteem implimenteer en instand hou in terme waarvan hierdie goedere of produkte duidelik identifiseer kan word deur middel van ‘n versendings- of reeksnommer of datumstempel of enige ander soortgelyke wyse

  (ii) rekord byhou en onderhou van die datum waarop die werklike goedere of produkte aanvanklik in sirkulasie geplaas was.

  Hierdie inligting moet op rekord geplaas en behou word vir ‘n minimum periode van 10 (tien) jaar nadat sodanige goedere of produkte aanvanklik in sirkulasie geplaas was.

(c) Die inligting vermeld in (b), tesame met alle ondersteunende dokumentasie te enigertyd op aanvraag, aan die Maatskappy of hulle genomineerde(s) beskikbaar gestel word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

skadeloosstelling in terme van hierdie Uitbreiding nie van toepassing sal wees in terme van werklike of beweerde skending

(i) van enige verantwoordelikhede, verpligting of pligte voorgeskryf deur die “Employee Retirement Income Security Act of 1974” of enige wysigings daaraan

(ii) van enige van die bepalings in terme van die “Security Act of 1933”, die “Securities Exchange Act of 1934” of soortgelyke federale of staats wetgewing of enige gemenereg wat verband hou daarmee

(iii) van die “Racketeer influenced and Corrupt Organisations Act 18 USC Section 1961 et seq”en enige wysiging daaraan of enige regulasie daaronder gepromulgeer

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

(a) die Versekerde verantwoordelik sal wees vir die Eerste Bedrag Betaalbaar van 15% (vyftien persent) van die eis met ‘n minimum van R15 000 (vyftien duisend rand) of die bedrag in die Bylae vermeld watter ookal die meeste is ten opsigte van iedere en elke eis

(b) die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding ingeslote enige regskostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die perk van aanspreeklikheid vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie

(c) Uitsondering (v) van die Bykomende Spesifieke Uitsonderings van toepassing op Produkteaanspreeklikheid gekanselleer is.

**Bykomende Besondere Uitsonderings (Van toepassing op die Uitbreiding Produkteaanspreeklikheid - Noord Amerika en Kanada uitbreiding)**

**“1. NORTH AMERICAN OPERATIONS CLAUSE**

This Extension will not indemnify the Insured in respect of liability for damages, compensation, interest, costs, expenses or payments of whatsoever nature in connection with any demand, claim or proceeding made or brought within the legal jurisdiction of the United States of America (USA) or Canada.

However, subject otherwise to the terms and conditions of this Extension, this Exclusion shall not apply in respect of:

(a) Products liability of the Insured and any sales offices or distributors but only in respect of the Insured’s products manufactured outside the USA or Canada, provided that the activities of any such sales offices or distributors in the USA or Canada in respect of such products are wholly restricted to

  (i) marketing, selling and/or

  (ii) demonstrating, advising and/or

(iii) storing, distributing and/or

(iv) re-packaging, packaging, packing, labeling, pre-sale, cleaning or providing operating instructions

(b) Public liability and/or Products liability of the Insured solely in respect of work performed by the Insured's

(i) employees

(ii) directors

(iii) partners

who are normally resident outside the USA and Canada and who are temporarily working in the USA or Canada.

(c) Personal liability of **any person** who is normally resident outside the USA and Canada and who is temporarily visiting the USA or Canada; however this Extension will not provide an indemnity in respect of liability arising from or out of the ownership, possession or use by or on behalf of an **Insured**, or any other person entitled to indemnity, of any mechanically propelled vehicle or craft.

(d) Public liability and/or Products liability and/or Personal liability of the Insured in respect of losses which occur outside the USA and Canada

PROVIDED ALWAYS THAT:

in respect of (a) to (d) above, the Policy is issued outside the USA and Canada and in all respects other than as detailed in (a) to (d) above

(i) only indemnifies the Insured in respect of business conducted from premises wholly located outside the USA and Canada

and

(ii) does not indemnify any Insured incorporated or domiciled in the USA or Canada.

**2. USA AND CANADA COSTS INCLUSIVE CLAUSE**

To the extent that this Extension provides indemnity to the Insured in respect of any demand, claim or proceeding made or brought within the legal jurisdiction of the United States of America or Canada under the provisions of sections (a) to (d) of the North American Jurisdiction Clause and subject to all other terms and conditions of this Extension, such indemnity shall only be provided to the Insured on the basis that the limit of indemnity provided by an original policy comprises the Insured's maximum liability inclusive of all damages, compensation, interest, costs, expenses and payments of whatsoever nature, or so deemed.

**3. PUNITIVE DAMAGES CLAUSE**

Subject otherwise to the terms and conditions or this Extension additional damages resulting from the multiplication of compensatory damages and/or punitive damages and/or exemplary damages and/or aggravated damages determined against an Insured

(a) under this Section of the Policy specifying that indemnity is provided for such damages

or

(b) as part of any judgement award or settlement arising from any demand, claim or proceeding made or brought within the legal jurisdiction of the United States of America or Canada

shall be excluded from recovery hereon."

## 32. FINANSIËLE VERLIES

Onderhewig daaraan dat hierdie Afdeling uitgebrei is om in te sluit Uitbreiding 29. Produk Herroeping en/of Uitbreiding 30. Produk Waarborg in oorleg met Uitbreiding 12. Produkte Aanspreeklikheid:

sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir skade, regskoste en uitgawes voortspruitend uit enige Finansiële Verlies opgedoen deur kliënte en derde partye as gevolg van enige produk (of deel daarvan) wat in gebreke bly om te voldoen aan die verwagte funksie of om te presteer soos gespesifiseer of gewaarborg

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) hierdie Uitbreiding nie voorsiening maak nie vir eise voortspruitend uit aanspreeklikheid weens besering en/of skade soos gedefinieer

(b) die bedrag betaalbaar kragtens hierdie Uitbreiding en Uitbreidings 12, 29 of 30 ingeslote enige regskostes verhaalbaar vanaf die Versekerde deur enige eiser of aantal eisers en alle ander kostes en uitgawes aangegaan met die Maatskappy se toestemming vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige een (jaarlikse) tydperk van versekering sal nie in die geheel die betrokke perk van aanspreeklikheid van toepassing op Uitbreidings 12, 29 of 30 vermeld in die Bylae vir hierdie Uitbreiding oorskry nie.

# WERKGEWERSAANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van:

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die Versekerde se diens is en wat op of na die terugwerkende datum wat in die Bylae vermeld word in die loop van en in verband met sodanige persoon se diens by die Versekerde plaasvind binne die gebiedsperke en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die Versekerde ingestel is.

## SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die bedrag wat betaalbaar is met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawe wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron beperk is tot hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word.

## GEBIEDSPERKE

Enige plek ter wêreld maar nie in verband met die volgende nie:

(i) enige besigheid wat die Versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite;

of

(ii) enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie die volgende nie:

(a) aanspreeklikheid wat deur die Versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak, onderneming of ooreenkoms waar die Versekerde in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie sodanig aanspreeklik sou wees nie;

(b) aanspreeklikheid vir siekte of aantasting wat toe te skryf is aan 'n geleidelikinwerkende oorsaak wat nie weens 'n skielike en identifiseerbare ongeval of gebeurtenis ontstaan nie;

(c) boetes, bestraffings en bestraffende skadevergoeding;

(d) enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die Versekerde bekend was:

 (i) wat nie ingevolge Algemene Voorwaarde 7 by die Maatskappy aangemeld is nie;

 (ii) voor die aanvang van hierdie Afdeling;

(e) enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie Afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 (agt en veertig) maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die Versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in Besondere Voorwaarde 2.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word as gevolg van 'n Omskrewe Gebeurtenis wat ingevolge Algemene Voorwaarde 7 aangemeld word (hierna 'n aangemelde gebeurtenis genoem) word hanteer asof dit aanvanklik teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die Versekerde die gebeurtenis by die Maatskappy aangemeld het.

2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die Polis:

   (a) word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel is gedurende die 48 (agt en veertig) maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing hanteer asof dit teen die Versekerde ingestel is, op dieselfde dag wat die Versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 (agt en veertig) maande verleng tot na die verstryking van 12 (twaalf) maande nadat die eiser meerderjarig word;

   (b) mag die Versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 by die Maatskappy aanmeld tot 15 (vyftien) dae na kansellasie of nie-hernuwing

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   (i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

   (ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel is as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 (agt en veertig) maande soos in 2(a) hierbo gespesifiseer word.

3. Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die Versekerde ingestel word as gevolg van ‘n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof dit aanvanklik teen die Versekerde ingestel is

   (a) op die datum waarop die Versekerde die gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 aangemeld het;

   of

   (b) op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word, indien die Versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding kon gee.

## UITBREIDINGS

### 1. PRINSIPALE

Indien 'n prinsipaal en die Versekerde aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en indien enige kontrak of ooreenkoms tussen 'n prinsipaal en die Versekerde dit vereis, stel die Maatskappy, ongeag die voormelde Besondere Uitsondering (a) hierbo, die prinsipaal op 'n soortgelyke wyse as die Versekerde skadeloos, maar slegs in soverre die prinsipaal teenoor 'n werknemer soos vermeld, aanspreeklik is vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat spruit uit die nalatigheid van die Versekerde of die Versekerde se werknemers

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Versekerde in die geval van 'n eis ingevolge hierdie Uitbreiding poog om met die prinsipaal te reël dat die hantering en kontrolering van alle eise by die Maatskappy berus ;

(b) die prinsipaal asof hy die Versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (Algemeen sowel as Besondere) van hierdie Polis nakom en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees ;

(c) die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie hierdeur verhoog word nie.

## 2. VERLENGDE AANMELDINGSOPSIE (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

Na die keuse van die Versekerde en onderworpe aan die betaling van ‘n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie Afdeling, stem die Maatskappy in om die tydperk waartydens die Versekerde ‘n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 7 mag aanmeld, te verleng vir ‘n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande (ses en dertig) maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem)

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) hierdie opsie slegs uitgeoefen mag word indien die Maatskappy hierdie Afdeling kanselleer of weier om dit te hernu;

(b) hierdie opsie skriftelik deur die Versekerde uitgeoefen moet word binne 30 (dertig) dae na kansellasie of nie-hernuwing;

(c) hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die Versekerde of die Maatskappy gekanselleer kan word nie;

(d) die Versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is as die Afdeling wat verstryk het nie;

(e) die Maatskappy slegs aanspreeklik is vir ‘n Omskrewe Gebeurtenis wat plaasgevind het na die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing;

(f) eise wat aanvanklik teen die Versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die Versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing;

(g) die totale bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is vir eise wat ingestel is of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie;

(h) enige eis wat na ‘n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 (agt en veertig) maande na die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftlik teen die Versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie Uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 (agt en veertig) maande verleng tot na die verstryking van 12 (twaalf) maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

## SPESIALE BEPALING

1. Net ten opsigte van hierdie Afdeling word Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie Afdeling dek nie dood, besering, siekte of aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

# AANGEGEWE VOORDELE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Indien enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie Afdeling sodanige persoon genoem) wat in die Bylae gespesifiseer word enige liggaamlike besering sou opdoen veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse wat voortspruit uit en in die loop van sy/haar diens in die besigheid sal die Maatskappy ten behoewe van sodanige persoon of sy/haar boedel aan die Versekerde die vergoeding wat in die Bylae vermeld word betaal in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 (vier en twintig) kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die Bylae onder die opskrif omstandighede.

**VERGOEDING**

| | | |
|---|---|---|
| **A** | **Dood** | Die bedrag gelykstaande aan die aantal kere die gemiddelde weeklikse verdienste vermeld in die Bylae |
| **B** | **Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende: | Persentasie van vergoeding |
| (a) | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate………… | 100 |
| (b) | permanente en algehele verlies van | |
| | hele een of beide oë………… | 100 |
| | sig in een of beide oë………… | 100 |
| | sig in oog behalwe waarneming van lig………… | 75 |
| (c) | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | albei ore………… | 100 |
| | een oor………… | 25 |
| (d) | permanente en algehele spraakverlies………… | 100 |
| (e) | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen of permanent bedlêend te wees………… | 100 |
| (f) | verlies van vier vingers………… | 70 |
| (g) | verlies van duim | |
| | albei falankse………… | 25 |
| | een falanks………… | 10 |
| (h) | verlies van wysvinger | |
| | drie falankse………… | 10 |
| | twee falankse………… | 8 |
| | een falanks………… | 4 |
| (i) | verlies van middelvinger | |
| | drie falankse………… | 6 |
| | twee falankse………… | 4 |
| | een falanks………… | 2 |
| (j) | verlies van ringvinger | |
| | drie falankse………… | 5 |
| | twee falankse………… | 4 |
| | een falanks………… | 2 |
| | | Persentasie van vergoeding |

| | | |
|---|---|---|
| (k) | verlies van pinkie | |
| | drie falankse…… | 4 |
| | twee falankse…… | 3 |
| | een falanks…… | 2 |
| (l) | verlies van middelhandbeen | |
| | eerste of tweede (bykomend)…… | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (bykomend)…… | 2 |
| (m) | verlies van tone | |
| | almal aan een voet…… | 30 |
| | groottoon, albei falankse…… | 5 |
| | groottoon, een falanks…… | 2 |
| | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen…… | 2 |
| (n) | skending weens brandwonde | |
| | permanente skending weens brandwonde | |
| | (i) 100% van die oppervlak van die kop en/of nek…… | 50 |
| | (ii) 100% van die oppervlak van die oorblywende dele van die liggaam…… | 25 |

**MEMORANDA**

(i) Waar die persentasie skending kragtens (n)(i) of (n)(ii) minder as 100% (eenhonderd persent) van die oppervlakte is sal die Maatskappy tot die betrokke voordeel 'n persentasie gebasseer op die omvang wat die werklike skending beloop tot 100% (eenhonderd persent) toepas.

(ii) Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie kragtens (n)(i) of (n)(ii) hierbo tensy die omvang van die skending individueel 10% (tien persent) van (n)(i) of (n)(ii) hierbo oorskry en ook nie totdat die permanente gevolg of mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie.

(iii) Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die Maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

(iv) Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

(v) 100% (eenhonderd persent) is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

**C.** **Tydelike Algehele Ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

**D.** **Mediese Onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en-ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien sodanige persoon vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 (vier en twintig) maande na die Omskrewe Gebeurtenis plaasvind

**Jaarlikse verdienste** beteken die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur die Versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering plus die oortydbetaling, huurgeld, voedseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur die Versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering.

**Gemiddelde weeklikse verdienste** beteken een twee-en-vyftigste deel van die jaarlikse verdienste

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die Dood of Permanente Ongeskiktheid (wat ookal die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

2. die vergoeding wat ten opsigte van Tydelike Algehele Ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die Bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover rederlikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie Afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 (vyftien) of bo die ouderdom van 75 (vyf en sewentig) jaar;

4. enige vergoeding wat deur die Maatskappy betaalbaar is vir enige tydperk van Tydelike Algehele Ongeskiktheid of vir Mediese Onkoste verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige Ongevallewetgewing vir Tydelike Ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk of ten opsigte van Mediese Onkoste;

5. sodanige persoon, nadat hy/sy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie Afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die Maatskappy van hom/haar vereis word. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;

6. Algemene Voorwaardes 5 en 10 nie op hierdie Afdeling van toepassing is nie;

7. slegs ten opsigte van hierdie Afdeling Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

   "Hierdie Afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie";

8. geen vergoeding sal betaalbaar wees:

   (i) vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid waar die tydperk van ongeskiktheid minder as 7 (sewe) opeenvolgende dae is;

   (ii) vir Mediese Kostes waar sodanige kostes minder as R100 (eenhonderd rand) is;

9. vergoediing vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Kostes sal onmiddellik staak:

   (i) waar vergoeding betaalbaar word vir Dood;

   (ii) waar vergoeding betaalbaar word vir Permanente Ongeskiktheid met dien verstande dat die liggaamlike besering wat die ongeskiktheid tot gevolg het so ver as redelik moontlik genees of gesond geword het.

## UITBREIDINGS

### 1. BLOOTSTELLING

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

### 2. VERDWYNING

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy/sy 'n besering opgedoen het waarop hierdie Afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie Afdeling verleen word

sy/haar dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy ‘n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy/sy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

## 3. LEWENSONDERSTEUNING

Die 24 (vier en twintig) kalendermaande tydperk vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse sal nie enige tydperk of tydperke waar sodanige persoon se dood vertraag word uitsluitlik deur die gebruik vir ‘n tydperk of tydperke van nie minder as 3 (drie) opeenvolgende dae van lewensondersteunende masjinerie, toerusting of apparate insluit nie.

## 4. REPATRIASIE

Die Maatskappy sal bo en behalwe vir die vergoeding betaalbaar vir Dood ook die redelike en noodsaaklike koste tot en met ‘n bedrag wat nie R5 000 (vyfduisend rand) oorskry nie vir die repatriasiekoste van sodanige persoon se liggaam na sy/haar normale plek waar woonagtig betaal.

## 5. BEGRAFNISKOSTE

In die geval van ‘n ongeluk wat aanleiding gee tot ‘n Doodseis sal die Maatskappy aan sodanige persoon se boedel ‘n bydrae van R5 000 (vyfduisend rand) tot begrafniskoste betaal.

## 6. PASSIEWE OORLOGSDEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en nieteenstaande enigiets strydig hierin vermeld word hierdie Afdeling uitgebrei om dekking te verleen aan sodanige persoon veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middels voortspruitend uit oorlog, inval, daad van ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar word al dan nie) burgeroorlog, revolusie, rebellie, opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, terroristeaktiwiteite insluitende ploftoestelle deur terroriste geplaas. Dit verder verstaan word dat terroristeaktiwiteit beteken die doelbewuste sistematiese moord, verminking en bedreiging van onskuldiges met die doel om vrees te bevorder ten einde politiese doeleindes te behaal, maar uitgesonderd enige aanspreeklikheid wat ontstaan terwyl sodanige persoon direk en aktief deelneem of betrokke is in sodanige aktwiteite hetsy terwyl diens gedoen word in enige gewapende mag of andersins behalwe vredestydse militêre opleiding al dan nie, waar van toepassing, uitgesonderd egter enige optrede of aksie wat rederlikerwys nodig is om homself/ haarself, sy/haar familie of sy/haar eiendom of die eiendom van sy/haar werkgewer te beskerm.

## 7. 24 UUR DEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie word die woorde “wat voortspruit uit en in die loop van sy/haar diens in die besigheid” soos vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling gekanselleer.

## 8. MOBILITEIT

In die geval waar die Maatskappy ‘n eis erken in terme van Vergoeding B - Permanente Ongeskiktheid en indien, as ‘n direkte gevolg van die ongeskiktheid sodanige persoon permanent afhanklik is van ‘n rolstoel vir mobiliteit, sal die Maatskappy bykomend tot enige voordeel betaalbaar ten opsigte van die Permanente Ongeskiktheid ook vergoeding betaal vir:

(i) ‘n selfaangedrewe rolstoel en/of;

(ii) die modifikasie van kontroles aan sodanige persoon se motorvoertuig en/of;

(iii) indien nodig die aanbring van toerusting aan sodanige persoon se motor om die rolstoel op en van die motor te laai en/of;

(iv) veranderinge aan die privaat woning van sodanige persoon om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rolstoel

maar hoogstens tot ‘n bedrag van R10 000 (tienduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

Die bogemelde maksimum bedrag betaalbaar vir enige enkele gebeurtenis sal van toepassing wees nieteenstaande Algemene Voorwaarde 7(g) – Beperking van Aanspreeklikheid.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. VERKLARING VAN INKOMSTE

Die eerste premie en alle hernuwingspremies ingevolge hierdie Afdeling wat aangegaan mag word, word bepaal deur die bedrag van verdienste soos omskryf in hierdie Bylae gedurende elke versekeringstermyn deur die Versekerde aan die werknemers betaal of toegelaat, en sulke betalings moet behoorlik in ‘n geskikte loonboek aangeteken word teenoor die naam van elke werknemer. Die Versekerde moet die Maatskappy te alle tye toelaat om sodanige boeke te inspekteer, en moet die Maatskappy voorsien van ‘n juiste rekening van alle sodanige betalings gedurende enige versekeringstermyn betaal of toegelaat binne een maand na die verstryking van sodanige versekeringstermyn en indien die totale bedrag sodanig betaal of toegelaat, verskil van die bedrag waarop premie betaal is, word die verskil in premie betaal deur ‘n verdere eweredige betaling aan die Maatskappy of deur ‘n terugbetaling deur die Maatskappy, wat die geval ookal mag wees.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir Dood, Ongeskiktheid of Mediese Onkoste ten opsigte van sodanige persoon nie:

(a) terwyl hy/sy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleiendes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

(b) deur sy/haar selfmoord, poging tot selfmoord of moedswillige selfbesering;

(c) wat uitsluitlik veroorsaak word deur ‘n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon;

(d) weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep (behalwe hyself/haarself) of as gevolg van sodanige persoon se bestuur van ‘n motorvoertuig terwyl sy/haar bloedalkoholpersentasie die statutêre perk ten tyde van die gebeurtenis oorskry;

(e) weens sy/haar deelname aan enige oproer of burgerlike beroering;

(f) as gevolg van kranksinnigheid, enige vorm van senuweeswakte of neurose, veneriese siekte, verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS), enige liggaamlike gebrek of swakheid, kwaadaardige siekte van die melkkliere, swangerskap, kindergeboorte, aborsie of miskraam of enige komplikasies of gevolg daarvan;

(g) terwyl hy/sy deelneem aan of weens sy/haar deelname aan:

   (i) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die Versekerde;

   (ii) wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

      (aa) voertuig

      (ab) vaartuig

      (ac) tuig;

(iii) bergklim wat die gebruik van toue of gidse vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal, hangswewery, valskermspring, valduik, bungiespring, stoei, vryduik, boks, waterski of verweerkuns;

(h) deur sy/haar betrokkenheid by of deelname aan enige weermagopleiding of verdedigingsopleiding, diensoefeninge of verrigtinge, behalwe vredestydse militêre opleiding;

(i) as gevolg van ‘n ongeval wat toegeskryf kan word aan sodanige persoon se ernstige en opsetlike wangedrag;

(j) terwyl sodanige persoon besig is met of as ‘n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met houtwerkmasjinerie behalwe as ‘n stokperdjie;

(k) terwyl sodanige persoon besig is met of as ‘n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met enige mynputgraafwerk, enige skaggraafwerk, enige ondergrondse mynbedrywighede, of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe.

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Indien enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie Afdeling sodanige persoon genoem) wat in die Bylae gespesifiseer word enige liggaamlike besering sou opdoen veroorsaak deur toevallige, gewelddadige uitwendige en sigbare wyse wat voortspruit uit en in die loop van sy/haar diens in die besigheid sal die Maatskappy betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy/haar boedel aan die Versekerde die vergoeding wat in die Bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 (vier en twintig) kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die Bylae onder die opskrif omstandighede.

## VERGOEDING

| | | |
|---|---|---|
| **A** | **Dood** | Die bedrag in die Bylae vermeld |
| **B** | **Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende: | Persentasie van vergoeding |
| (a) | verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate………… | 100 |
| (b) | permanente en algehele verlies van | |
| | hele een of beide oë………… | 100 |
| | sig in een of beide oë………… | 100 |
| | sig in oog behalwe waarneming van lig………… | 75 |
| (c) | permanente en algehele gehoorverlies in | |
| | albei ore………… | 100 |
| | een oor………… | 25 |
| (d) | permanente en algehele spraakverlies………… | 100 |
| (e) | beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen of permanent bedlêend te wees………… | 100 |
| (f) | verlies van vier vingers………… | 70 |
| (g) | verlies van duim | |
| | albei falankse………… | 25 |
| | een falanks………… | 10 |
| (h) | verlies van wysvinger | |
| | drie falankse………… | 10 |
| | twee falankse………… | 8 |
| | een falanks………… | 4 |
| (i) | verlies van middelvinger | |
| | drie falankse………… | 6 |
| | twee falankse………… | 4 |
| | een falanks………… | 2 |
| (j) | verlies van ringvinger | |
| | drie falankse………… | 5 |
| | twee falankse………… | 4 |
| | een falanks………… | 2 |

| | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|
| (k) | verlies van pinkie | |
| | drie falankse………… | 4 |
| | twee falankse………… | 3 |
| | een falanks………… | 2 |
| (l) | verlies van middelhandbeen | |
| | eerste of tweede (bykomend)………… | 3 |
| | derde, vierde of vyfde (bykomend)………… | 2 |
| (m) | verlies van tone | |
| | almal aan een voet………… | 30 |
| | groottoon, albei falankse………… | 5 |
| | groottoon, een falanks………… | 2 |
| | ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen………… | 2 |
| (n) | skending weens brandwonde | |
| | permanente skending weens brandwonde | |
| | (i) 100% van die oppervlak van die kop en/of nek………… | 50 |
| | (ii) 100% van die oppervlak van die oorblywende dele van die liggaam………… | 25 |

**MEMORANDA**

(i) Waar die persentasie skending kragtens (n)(i) of (n)(ii) minder as 100% (eenhonderd persent) van die oppervlakte is sal die Maatskappy tot die betrokke voordeel 'n persentasie gebaseer op die omvang wat die werklike skending beloop tot 100% (eenhonderd persent) toepas.

(ii) Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie kragtens (n)(i) of (n)(ii) hierbo tensy die omvang van die skending individueel 10% (tien persent) van (n)(i) of (n)(ii) hierbo oorskry en ook nie totdat die permanente gevolg of mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie.

(iii) Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die Maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

(iv) Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

(v) 100% (eenhonderd persent) is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

**C.** **Tydelike Algehele Ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen.

**D.** **Mediese Onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en-ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien sodanige persoon vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 (vier en twintig) maande na die Omskrewe Gebeurtenis plaasvind

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die Dood of Permanente Ongeskiktheid (wat ookal die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

2. die vergoeding wat ten opsigte van Tydelike Algehele Ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die Bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover rederlikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie Afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 (vyftien)of bo die ouderdom van 75 (vyf en sewentig) jaar;

4. sodanige persoon, nadat hy/sy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie Afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die Maatskappy van hom/haar vereis word. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;

5. Algemene Voorwaardes 5 en 10 nie op hierdie Afdeling van toepassing is nie;

6. slegs ten opsigte van hierdie Afdeling Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

   "Hierdie Afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie";

7. geen vergoeding sal betaalbaar wees:

   (i) vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid waar die tydperk van ongeskiktheid minder as 7 (sewe) opeenvolgende dae is;

   (ii) vir Mediese Kostes waar sodanige kostes minder as R100 (een honderd rand) is;

8. vergoeding vir Tydelike Algehele Ongeskiktheid en Mediese Kostes sal onmiddellik staak:

   (i) waar vergoeding betaalbaar word vir Dood;

   (ii) waar vergoeding betaalbaar word vir Permanente Ongeskiktheid met dien verstande dat die liggaamlike besering wat die ongeskiktheid tot gevolg het so ver as redelik moontlik genees of gesond geword het.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir Dood, Ongeskiktheid of Mediese Onkoste ten opsigte van sodanige persoon nie:

(a) terwyl hy/sy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

(b) deur sy/haar selfmoord, poging tot selfmoord of moedswillige selfbesering;

(c) wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon;

(d) weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself/haarself) of as gevolg van sodanige persoon se bestuur van 'n motorvoertuig terwyl sy/haar bloedalkoholpersentasie die statutêre perk ten tyde van die gebeurtenis oorskry;

(e) weens sy/haar deelname aan enige oproer of burgerlike beroering;

(f) as gevolg van kranksinnigheid, enige vorm van senuweeswakte of neurose, veneriese siekte, verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS), enige liggaamlike gebrek of swakheid, kwaadaardige siekte van die melkkliere, swangerskap, kindergeboorte, aborsie of miskraam of enige komplikasies of gevolge daarvan;

(g) terwyl hy/sy deelneem aan of weens sy/haar deelname aan:

   (i) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die Versekerde;

(ii) wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

(aa) voertuig

(ab) vaartuig

(ac) tuig;

(iii) bergklim wat die gebruik van toue of gidse vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal, hangswewery, valskermspring, valduik, bungiespring, stoei, boks, vryduik, waterski of verweerkuns;

(h) deur sy/haar betrokkenheid by of deelname aan enige weermagopleiding of verdedigingsopleiding, diensoefeninge of verrigtinge, behalwe vredestydse militêre opleiding;

(i) as gevolg van 'n ongeval wat toegeskryf kan word aan sodanige persoon se ernstige en opsetlike wangedrag;

(j) terwyl sodanige persoon besig is met of as 'n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met houtwerkmasjinerie behalwe as 'n stokperdjie;

(k) terwyl sodanige persoon besig is met of as 'n gevolg daarvan dat sodanige persoon besig is met enige mynputgraafwerk, enige skaggraafwerk, enige ondergrondse mynbedrywighede of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe.

## UITBREIDINGS

### 1. BLOOTSTELLING

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

### 2. VERDWYNING

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy/sy 'n besering opgedoen het waarop hierdie Afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie Afdeling verleen word sy/haar dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy/sy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

### 3. LEWENSONDERSTEUNING

Die 24 (vier en twintig) kalendermaande tydperk vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse sal nie enige tydperk of tydperke waar sodanige persoon se dood vertraag word uitsluitlik deur die gebruik vir 'n tydperk of tydperke van nie minder as 3 (drie) opeenvolgende dae van lewensondersteunende masjinerie, toerusting of apparate insluit nie.

### 4. REPATRIASIE

Die Maatskappy sal bo en behalwe vir die vergoeding betaalbaar vir Dood ook die redelike en noodsaaklike koste tot en met 'n bedrag wat nie R5 000 (vyfduisend rand) oorskry nie vir die repatriasiekoste van sodanige persoon se liggaam na sy/haar normale plek waar woonagtig betaal.

## 5. BEGRAFNISKOSTE

In die geval van ‘n ongeluk wat aanleiding gee tot ‘n Doodseis sal die Maatskappy aan sodanige persoon se boedel ‘n bydrae van R5 000 (vyfduisend rand) tot begrafniskoste betaal.

## 6. PASSIEWE OORLOGSDEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en nieteenstaande enigiets strydig hierin vermeld word hierdie Afdeling uitgebrei om dekking te verleen aan sodanige persoon veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare middels voortspruitend uit oorlog, inval, daad van ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar word aldan nie) burgeroorlog, revolusie, rebellie, opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, terroristeaktiwiteite insluitende ploftoestelle deur terroriste geplaas. Dit verder verstaan word dat terroristeaktiwiteite beteken die doelbewuste sistematiese moord, verminking en bedreiging van onskuldiges met die doel om vrees te bevorder ten einde politiese doeleindes te behaal, maar uitgesonderd enige aanspreeklikheid wat ontstaan terwyl sodanige persoon direk en aktief deelneem of betrokke is in sodanige aktwiteite hetsy terwyl diens gedoen word in enige gewapende mag of andersins behalwe vredestydse militêre opleiding aldan nie, waar van toepassing, uitgesonderd egter enige optrede of aksie wat rederlikerwys nodig is om homself/ haarself, sy/haar familie of sy/haar eiendom of die eiendom van sy/haar werkgewer te beskerm.

## 7. 24 UUR DEKKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie vir die betaling van ’n bykomende premie word die woorde “wat voortspruit uit en in die loop van sy/haar diens in die besigheid” soos vermeld onder Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie Afdeling gekanselleer.

## 8. MOBILITEIT

In die geval waar die Maatskappy ‘n eis erken in terme van Vergoeding B - Permanente Ongeskiktheid en indien, as ‘n direkte gevolg van die ongeskiktheid sodanige persoon permanent afhanklik is van ‘n rolstoel vir mobiliteit, sal die Maatskappy bykomend tot enige voordeel betaalbaar ten opsigte van die Permanente Ongeskiktheid ook vergoeding betaal vir:

(i) ‘n selfaangedrewe rolstoel en/of;

(ii) die modifikasie van kontroles aan sodanige persoon se motorvoertuig en/of;

(iii) indien nodig die aanbring van toerusting aan sodanige persoon se motor om die rolstoel op en van die motor te laai en/of;

(iv) veranderinge aan die privaat woning van sodanige persoon om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rolstoel

maar hoogstens tot ‘n bedrag van R10 000 (tienduisend rand) enige enkele gebeurtenis.

Die bogenoemde maksimum bedrag betaalbaar vir enige enkele gebeurtenis sal van toepassing wees nieteenstaande Algemene Voorwaarde 7(g) – Beperking van Aanspreeklikheid.

# ENKELRIT TRANSITO

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade aan die geheel of ‘n gedeelte van die versekerde eiendom wat insluit houers en/of bedekkings waarin die vrag verpak word, die eiendom van die Versekerde terwyl in die loop van transito in of op enige vervoermiddel veroorsaak deur enige van die versekerde gevare.

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir alle verlies of skade ten opsigte van enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toeskryfbaar is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak sal nie die bedrag verseker vermeld teenoor sodanige item in die Bylae van hierdie Afdeling oorskry nie.

## VERSEKERDE GEVARE

Die Maatskappy sal die Versekerde vergoed tot die aanspreeklikheidsperk in die Bylae vermeld in die geval van verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom wat aan die Versekerde behoort direk veroorsaak deur brand, weerlig, vloed, botsing en omslaan van die vervoermiddel, oplaai en/of aflaai van die vrag en diefstal volgende op gemelde gebeurtenisse terwyl vervoer word in of op enige vervoermiddel.

## BESONDERE VOORWAARDES

**1. Eerste Bedrag Betaalbaar**

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis of R500 (vyfhonderd rand), watter bedrag ookal die meeste is

of

(b) die eerste bedrag persentasie en/of die Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in die Bylae watter bedrag ookal die meeste is.

**2. Tydperk van Transito**

Transito word geag 'n aanvang te neem met die laai van enige vervoermiddel (insluitende die dra van goedere daarheen) en voort te duur met die vervoer na die ontvanger en tydelike berging gedurende die reis en te eindig met die aflewering insluitende die aflaai van die eiendom by die finale bestemming wat sal insluit

(a) tydelike opberging terwyl op hawens en/of kaaie en

(b) pakhuise en/of store by sodanige eindbestemming in afwagting van verskeping vir ‘n periode wat nie 7 (sewe) dae sal oorskry nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

dekking in terme van hierdie Afdeling staak sodra sodanige goedere die

(i) boot se reëlings oorgaan (Vry aan Boord) of

(ii) vliegtuig pakruimte binnegaan (Vry aan Boord).

**3. Weiering van ontvangs**

Indien enige ontvanger weier om eiendom deur die Versekerde versend, te ontvang, word transito geag voort te duur en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom afgelewer is by die Versekerde se perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde alle redelike stappe doen om te verseker dat die eiendom so gou redelikerwys moontlik terugbesorg word.

**4. Ander vervoermiddels**

Indien die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig of voertuie is, is die versekering kragtens hierdie Afdeling van toepassing ten opsigte van eiendom in of op enige voertuig wat tydelik gebruik word in plek daarvan terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige vervangende voertuig nie die eiendom van die Versekerde is nie nog deur hom ingevolge 'n huurkontrak of huurkoopkontrak gehuur is tensy slegs gehuur vir sodanige tydperk as wat nodig is vir herstelling of versiening van die vervoermiddel.

**5. Onklaarraking van vervoermiddel**

In geval van onklaarraking van die vervoermiddel gedurende transito of indien vir enige rede buite die Versekerde se beheer die eiendom aan gevaar blootgestel is, verhoed niks hierin vervat die gebruik van enige ander wyse van vervoer ten einde die transito uit te voer nie, en die versekering hierkragtens word nie daardeur benadeel nie.

**6. Puinverwydering**

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan is ten opsigte van die opruim en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n perk van R10 000 (tienduisend rand) of die perk wat in die Bylae vermeld word, wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige een Omskrewe Gebeurtenis.

**7. Brandbluskoste**

Indien die eiendom omskryf in die Bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word, betaal die Maatskappy benewens skadeloosstelling aan die Versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde nie R10 000 (tienduisend rand) of die perk in die Bylae vermeld wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Hierdie Afdeling dek nie die volgende nie:

(a) waardevermindering of verlies of skade wat voortspruit uit slytasie, duike, skrape of veroorsaak deur motte, knaagdiere, insekte, klamheid, muf, roes of enige verhittings-, drogings-, skoonmaak-, kleur-, veranderings- of herstelproses waaraan die eiendom onderhewig is;

(b) verlies of skade deur diefstal of poging daartoe of oneerlikheid aan die kant van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon in die diens van die Versekerde hetsy hy/sy alleen optree of saamspan;

(c) aardbewing, vulkaniese uitbarstings of ander natuurskuddings;

(d) brekasie van artikels van 'n bros aard, tensy sodanige brekasie deur inbrekers, diewe of brand veroorsaak word;

(e) verlies deur lekkasie van enige vloeistof uit die houer waarin dit is, tensy veroorsaak deur die gevare waarteen verseker word in hierdie Afdeling;

(f) aktes, verbande, muntstukke, geld, sekuriteite, seëls, seëlversamelings, planne, patrone, ontwerpe, titeldokumente, kontrakte of ander dokumente, sakeboeke of manuskripte, tensy spesifiek in die Bylae vermeld;

(g) beskadiging van enige werkende masjien of enige deel daarvan deur elektroniese, meganiese of elektriese onklaarraking daarvan;

(h) gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd;

(i) inherente fout of gebrek betreffende die versekerde eiendom;

(j) verlies van of skade aan eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambique;

(k) verlies of skade wat aan swak verpakking toegeskryf kan word;

(l) verlies of skade opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

    (i) die Versekerde terwyl die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien die Versekerde se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie;

    (ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieerd is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieerd is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

    MET DIEN VERSTANDE DAT:

    enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy/sy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in die gebiedsgrense van hierdie Afdeling verwys word, of, indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien ‘n lisensie nie vereis word deur ‘n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders;

(m) verlies of skade as gevolg van kaping/skaking of enige poging daartoe van die versekerde eiendom;

(n) onklaarraking van verkoelingstoerusting;

(o) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede;

(p) diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde is, tensy die eiendom gehuisves word in ‘n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in ‘n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en betreding of verlating van sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan.

## ENDOSSEMENTE EN UITBREIDINGS VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

### 1. KAPING/SKAKING DEKKING

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie is Besondere Uitsondering (m) van hierdie Afdeling gekanselleer en word dekking uitgebrei om verlies of skade aan eiendom soos vermeld in die Bylae as gevolg van kaping/skaking in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste 20% (twintig persent) van elke en iedere eis.

### 2. OPROER EN STAKING

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# MASJINERIE BREEKSKADE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Enige onvoorsiene en skielike fisieke skade aan die masjinerie omskryf in die Bylae te wyte aan enige oorsaak terwyl dit

1. in werking is of stilstaan

2. gedemonteer word met die doel om skoongemaak geïnspekteer opgeknap of verskuif te word na 'n ander posisie of in die loop van hierdie bedrywighede op sigself of heropriging

binne die Versekerde se perseel.

## SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

1. As die skade herstel kan word sal die Maatskappy die koste van herstelling tot 'n werkende toestand betaal met die gewone daaglikse loontariewe in die distrik as grondslag en ook die normale vraggeld en oprigtingskoste en doeaneregte.

2. As die versekerde item heeltemal vernietig is sal die Maatskappy die markwaarde van die item net voor die ongeluk en die verwyderingskoste van die beskadigde masjinerie minus die waarde van die oorblyfsels betaal. Die versekerde item sal as heeltemal vernietig beskou word indien die herstelkoste soos omskryf in 1 hierbo die markwaarde net voor die ongeluk ewenaar of oorskry.

3. Die Maatskappy het die keuse om enige beskadigde masjinerie te laat herstel vervang of vergoeding te betaal in kontant.

## BESONDERE UITSONDERINGS

1. Ongeag die oorspronklike oorsaak sal die Maatskappy nie betaal nie vir

   (a) Eerte Bedrag Betaalbaar

   die bedrag wat in die Bylae gespesifiseer word as die Eerste Bedrag Betaalbaar vir iedere en elke gebeurtenis

   (b) Skade as gevolg van

      (i) Brand weerlig ontploffing

      die blus van 'n brand beskadiging regstreeks veroorsaak deur direkte weerlig ontploffing

      (ii) Diefstal ineenstorting ens.

      diefstal ineenstorting van geboue botsing met diere voertuie vliegtuie ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvan of daaruit val soniese skokgolwe

      (iii) Water

      water wat uit waterhoudende apparaat lek insluitende lekkasie of afvoer van enige sprinkelaar of drenkstelsel

      (iv) Insakking grondverskuiwing

      insakking grondverskuiwing storm vloed oorstroming hael sneeu aardbewing vulkaniese uitbarsting of ander natuurrampe

      of daaropvolgende demontering

(c) Proefnemings

skade veroorsaak deur proefneming oorbelasting of toetse wat in abnormale omstandighede gedoen moet word

(d) Gereedskap

skade as gevolg van foutiewe aanwending van gereedskap

(e) Slytasie wegslyting

slytasie van materiaal of iets soortgelyks of afslyting of uitslyting van enige deel van die masjinerie veroorsaak deur die natuurlike ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang

(f) Ontbeerlike en ruilbare onderdele

ontbeerlike en ruilbare onderdele en gereedskap soos (maar nie daartoe beperk nie) boorysters snyers messe saaglemme snymoere patroonwalse siwwe kettings bande toue vervoerbande, las- en seëlmateriaal. Indien hierdie onderdele of gereedskap beskadig word as gevolg van ’n ongeluk aan ander dele van die versekerde masjinerie wat hierdeur verseker word sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die oorblywende waarde van sodanige onderdele of gereedskap

(g) Spoedaflewering oortyd

bykomende betaling vir spoedaflewering oortyd loontariewe vir Sondae en vakansiedae tensy spesifiek hierin voorsiening voor gemaak word

(h) Beskadigde dele

die waarde van beskadigde dele wat enigsins gebruik kan word

(i) Veranderings byvoegings

koste van veranderings byvoegings verbetering en opknapping wat tydens herstelwerk uitgevoer word

(j) Tydelike herstelwerk

tydelike herstelwerk en enige gevolge daarvan tensy die Maatskappy die tydelike herstelwerk gemagtig het

2. Fondasies klipmesselwerk vuurvaste materiaal

die masjinerie wat in die Bylae beskryf word sluit nie enige fondasies klipmesselwerk of vuurvaste materiaal in nie tensy dit gespesifiseer word

3. Gedeeltelike skade

as die skade beperk is tot ‘n deel of dele van ‘n versekerde item is die Maatskappy nie aanspreeklik vir ‘n groter bedrag as die waarde van die deel of dele waarvoor voorsiening gemaak word in die versekerde bedrag plus die demontering- heroprigting- en vragkoste nie.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Verandering in werksomstandighede

Daar moet kennis gegee word aan die Maatskappy van enige beoogde verandering aan of afwyking van normale werksomstandighede wat die risiko van skade aan die masjinerie genoem in die Bylae sal verhoog. Indien die Maatskappy nie die verandering of afwyking van normale werksomstandighede goedkeur nie kan die Maatskappy die versekering van die betrokke masjinerie kanselleer en die geskikte premieterugbetaling maak.

2. Toegang

Die Versekerde moet die gemagtigde verteenwoordigers van die Maatskappy toelaat om die versekerde masjinerie op enige redelike tyd te inspekteer. As nuwe feite gedurende die inspeksie daarop dui dat die risiko waarskynlik hoër sal wees as gewoonlik moet die Versekerde op aanvraag van die Maatskappy die risiko binne ‘n redelike tydsbestek verminder totdat dit weer normaal is. Versuim hiervan gee die Maatskappy die reg om dekking gedeeltelik of geheel en al in te trek totdat die risiko weer normaal is.

3. Eise

Na ‘n gebeurtenis wat aanleiding gee of waarskynlik aanleiding sal gee tot ‘n eis moet die Versekerde

(a) alles doen wat hy moontlik kan om die versekerde items te red en te behou

(b) voortgaan met die herstelwerk van die masjinerie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) hy/sy voldoen aan 3(a) hierbo

(ii) die uitvoer van herstelwerk sonder benadeling van aanspreeklikheid aanvaar sal word

(iii) enige beskadigde deel wat vervang moet word gehou word vir inspeksie deur die Maatskappy.

4. Versekerde waarde

Die versekerde bedrag vir elke item masjinerie gespesifiseer in die Bylae moet te alle tye gelyk wees aan die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde.

5. Eweredigheid

Indien die versekerde bedrag tydens skade minder is as die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde word die Versekerde as sy/haar eie versekeraar geag vir die verskil en moet hy/sy dienooreenkomsitg na verhouding ‘n eweredige deel van die verlies dra. Elke item masjinerie is afsonderlik onderhewig aan hierdie Besondere Voorwaarde.

# VERLIES VAN WINSTE (MASJINERIE BREEKSKADE)

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

'n Ongeluk aan masjinerie gespesifiseer in Bylae II in gebruik deur die Versekerde op die perseel vir die doel van die besigheid en wat aanleiding gee tot onderbreking of belemmering van die besigheid met dien verstande dat betaling reeds gemaak is of aanspreeklikheid erken is vir sodanige ongeluk onder die Masjinerie Breekskadeversekering behalwe so ver as 'n voorbehoud in werking mag tree wat verliese onder 'n sekere bedrag uitsluit.

## OMSKRYWINGS

**1. "Ongeluk"**

Onvoorsiene en skielike fisieke beskadiging van die masjinerie wat in Bylae II beskryf word soos bepaal in die Masjinerie Breekskade Afdeling.

**2. "Bruto Wins" (verskilgrondslag) verseker kragtens item 1 van Bylae I**

Die bedrag waarmee die somtotaal van die omset en die eindvoorraad die somtotaal van die aanvangsvoorraad en die onversekerde bedryfskoste gespesifiseer in Bylae I oorskry.

**3. "Bruto Wins" (gespesifiseerde staande koste grondslag) verseker kragtens item 2 van Bylae I.**

Die bedrag verkry deur die netto wins by die bedrag van die versekerde staande koste te voeg of indien daar geen netto wins is nie die bedrag van die versekerde staande koste min sodanige proporsie van enige netto handelsverlies volgens die verhouding waarin die bedrag van die versekerde staande koste staan tot al die staande koste van die besigheid.

**4. "Bruto Wins" (alle staande koste grondslag) verseker kragtens item 3 van Bylae I**

Die bedrag verkry deur die netto wins by die bedrag van al die staande koste van die besigheid te voeg of as daar geen netto wins is nie die bedrag van al die staande koste min die bedrag van enige netto handelsverlies. Vir die doel van hierdie versekering word waardevermindering van geboue bedryfsuitrusting masjinerie (behalwe masjinerie wat in hierdie ongeluk beskadig is) vaste en los toebehore onder andere as staande koste beskou.

**5. "Netto Wins"**

Die netto bedryfswins (met uitsluiting van alle kapitale ontvangste en aanwas en alle besteding wat regmatig teen kapitaal bereken kan word) wat voorkom uit die besigheid van die Versekerde op die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle staande en ander koste met inbegrip van waardevermindering maar vóór aftrekking van enige belasting wat op winste invorderbaar is.

**6. "Inkomste"**

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van sake op die perseel.

**7. “Skadeloosstellingstydperk”**

Die tydperk waartydens die resultate van die besigheid beïnvloed word as gevolg van die ongeluk wat die aantal ure/dae in Kolom C van Bylae II na die ongeluksgebeurtenis begin en nie later eindig as die afloop van die tydperk wat in Kolom D van Bylae II verskyn na die gebeurtenis nie.

**8. “Omset”**

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van sake op die perseel.

**9. “Bruto winskoers”**

Die bruto wins verdien as ‘n persentasie van die omset gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**10. “Lonekoers”**

Die lone betaal as ‘n persentasie van die omset gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**11. “Jaarlikse omset”**

Omset tydens die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**12. “Standaardomset”**

Omset tydens die tydperk wat ooreenstem met die skadeloosstellingstydperk in die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**13. “Jaarlikse inkomste”**

Die inkomste tydens die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**14. “Standaardinkomste”**

Die inkomste tydens die tydperk wat ooreenstem met die skadeloosstellingstydperk in die 12 (twaalf) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

waaraan sodanige aanpassings gemaak word om voorsiening te maak vir die tendens van of skommelinge in die besigheid of ander omstandighede wat die besigheid sou geraak het as die ongeluk nie plaasgevind het nie sodat die syfers aldus aangepas so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat as dit nie vir die ongeluk was nie verkry sou gewees het gedurende die betrokke tydperk na die ongeluk.

**15. “Tekort in omset”**

Die bedrag waarmee die omset gedurende die gegewe deel van die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die ongeluk kortskiet by daardie deel van die standaardomset wat daarop betrekking het.

**16. “Die perseel”**

Alle persele wat deur die Versekerde besit gebruik of geokkupeer word vir die doel van die besigheid.

## BESONDERE UITSONDERINGS

### BYVOEGINGS VERANDERINGS VERBETERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies veroorsaak deur onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van byvoegings veranderings of verbeterings aan die beskadigde item(s) tydens herstelwerk.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. Optrede in die geval van 'n ongeluk

Wanneer 'n ongeluk plaasvind as gevolg waarvan 'n eis kragtens hierdie Afdeling gemaak mag word sal die Versekerde benewens die nakoming van Algemene Voorwaardes met behoorlike ywer alles doen en daarmee instem om te doen en toelaat om gedoen te word wat redelik uitvoerbaar is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid te stuit of te verminder of om die verlies te vermy of verminder en indien 'n eis kragtens hierdie Afdeling gemaak word nie later nie as 30 (dertig) dae na die vervaldatum van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige bykomende tyd as wat die Maatskappy sal toestaan op eie koste 'n skriftelike staat aan die Maatskappy lewer wat besonderhede van hul eis uiteensit tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan dek of gevolglike verlies van enige aard voortspruitend daaruit. Geen eis is kragtens hierdie Afdeling betaalbaar tensy hierdie Besondere Voorwaarde nagekom is nie en in die geval waar die voorwaardes nie nagekom is nie word enige betaling wat reeds kragtens die eis gemaak is dadelik aan die Maatskappy terugbetaal.

### 2. Reserwe masjinerie

Enige item masjinerie wat kragtens hierdie Afdeling verseker is en waarlangs die woord "Reserwe" verskyn in Bylae II moet in gereedheid gehou word vir onmiddellike gebruik in die geval van onklaarraking van die masjinerie waarvoor dit op reserwe gehou word. Indien die reserwetoestand verander moet die Versekerde die Maatskappy so gou moontlik daarvan in kennis stel en die toepaslike bykomende premie betaal wat bereken word vanaf die datum waarop die masjinerie nie meer op reserwe was nie.

## GRONDSLAG VAN VERLIESVEREFFENING

### 1. Bruto wins (verskilgrondslag)

Die versekering kragtens item 1 van Bylae I is beperk tot die verlies van bruto wins weens afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar is

**(a) Vir afname in omset**

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarby die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk kort skiet by die standaardomset

**(b) Vir toename in bedryfskoste**

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om die afname in omset te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto wins betaalbaar is wat as gevolg van die ongeluk mag ophou of verminder

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die bedrag verseker kragtens hierdie item minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die skadeloosstellinstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

**2. Bruto wins (gespesifiseerde staandekoste grondslag)**

Die versekering kragtens item 2 van Bylae I is beperk tot die verlies van bruto wins as gevolg van afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar is

**(a) Vir afname in omset**

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarmee die omset tydens die skadeloostellingstydperk as gevolg van die ongeluk kortskiet by die standaardomset

**(b) Vir toename in bedryfskoste**

die bykomende uitgawe (onderhewig aan bepaling 2(d)) noodsaakliker- en redelikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om afname in omset te vermy of te verminder wat as dit nie vir die uitgawe was nie sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige versekerde staande of ander koste wat mag ophou of afneem as gevolg van die ongeluk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

**(c)** indien die bedrag kragtens hierdie item verseker minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word

**(d)** indien enige staande koste van die besigheid nie verseker is nie slegs sodanige verhouding wat die bykomende uitgawes op die totaal van die netto wins en die versekerde staande koste dra ten opsigte van die totaal van die netto wins en alle staande koste in ag geneem sal word in die berekening van die bedrag wat hierkragtens verhaalbaar is.

**3. Bruto wins (alle staandekoste grondslag)**

Die versekering kragtens item 3 van Bylae I is beperk tot die verlies van bruto wins weens afname in omset en toename in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar is

**(a) Vir afname in omset**

die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag waarby die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk kortskiet by die standaardomset

**(b) Vir toename in bedryfskoste**

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys gemaak met die uitsluitlike doel om die afname in omset te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk maar hoogstens die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die bedrag van die afname daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto wins betaalbaar is wat as gevolg van die ongeluk mag ophou of verminder

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die bedrag verseker kragtens hierdie item minder is as die bedrag verkry deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset (na verhouding verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

**4. Inkomste**

Die versekering kragtens item 4 van Bylae I is beperk tot verlies as gevolg van afname in inkomste en verhoging in bedryfskoste en die skadeloosstellingsbedrag daarkragtens betaalbaar sal wees

**(a) Vir afname in inkomste**

die bedrag waarmee die inkomste tydens die skadeloosstellingstydperk minder is as die standaardinkomste as gevolg van die ongeluk

**(b) Vir verhoging in bedryfskoste**

die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van inkomste te vermy of te verminder wat as dit nie vir daardie uitgawe was nie gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk plaas sou gevind het maar hoogstens die bedrag van die verlies van inkomste daardeur vermy

min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van die koste en uitgawes van die onderneming betaalbaar uit inkomste as wat mag eindig of wat verminder mag word as gevolg van die ongeluk

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die jaarlikse inkomste (na verhouding verhoog indien die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

**5. Lone (tweevoudige grondslag)**

Die versekering kragtens item 5 van Bylae I is beperk tot verlies ten opsigte van lone en die bedrag betaalbaar hiervolgens sal wees

**(a) Vir vermindering in omset**

(i) gedurende die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat begin met die aantal ure/dae uiteengesit in Kolom C van Bylae II na die ongeluksgebeurtenis en eindig nie later daarna as die gespesifiseerde aantal weke soos genoem in Bylae I – die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die tekort in omset min enige besparing deur afname as gevolg van die ongeluk in die bedrag van lone wat betaal is

(ii) gedurende die oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk – die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die tekort in omset min enige besparing deur afname as gevolg van die ongeluk in die bedrag van lone wat betaal is maar wat nie die bedrag oorskry nie wat verkry is deur die gespesifiseerde persentasie van die lonekoers toe te pas op die tekort in omset verhoog deur sodanige bedrag wat afgetrek is vir besparings kragtens die bepalings van paragraaf 5(a)(i) hierbo.

**NOTA:** Na keuse van die Versekerde kan die bepalings van Paragraaf 5(a)(i) van toepassing wees op die gespesifiseerde uitgebreide tydperk met dien verstande dat die bedrag verkry kragtens die bepalings van Voorwaarde 5(b)(ii) nie sodanige bedrag oorskry as wat kragtens paragraaf 5(a)(i) afgetrek is vir besparings teweeggebring gedurende genoemde uitgebreide tydperk.

**(b) Vir verhoging in bedryfskoste**

soveel van die bykomende uitgawe omskryf in paragraaf 1(b) of 2(b) of 3(b) van items 1 of 2 of 3 van Bylae I as wat die bedrag daarvolgens betaalbaar oorskry maar nie meer as die bykomende bedrag wat betaalbaar so gewees het

vir vermindering in omset kragtens die bepalings van paragraaf 5(a)(i) en 5(a)(ii) van hierdie item indien sodanige uitgawe nie aangegaan is nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

as die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die bedrag verkry deur die lonekoers op die jaarlikse omset toe te pas (na verhouding verhoog waar die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

**(c) Lone (aantal weke-grondslag)**

Die versekering kragtens item 6 van Bylae I is beperk tot die verlies gely deur die Versekerde deur betaling van lone vir ‘n tydperk wat begin met die aantal weke/dae uiteengesit in Kolom C van Bylae II na die ongeluksgebeurtenis en eindig nie later daarna as die aantal weke gespesifiseer in Bylae I. Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling kragtens hierdie item sal wees die werklike bedrag wat die Versekerde as lone sal betaal vir sodanige tydperk aan werknemers wie se dienste as gevolg van die ongeluk glad nie deur die Versekerde benut kan word nie en ‘n billike gedeelte van die lone vir sodanige tydperk betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die ongeluk nie ten volle deur die Versekerde benut kan word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

as die bedrag deur hierdie item verseker minder is as die totale bedrag van die lone wat betaal sou gewees het gedurende die gespesifiseerde aantal weke wat onmiddellik op die ongeluk volg as die ongeluk nie plaasgevind het nie sal die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word.

**(d) Bykomende uitgawe**

Die versekering kragtens item 7 van Bylae I is beperk tot bykomende uitgawe (wat dit kragtens ander items verhaalbaar oorskry) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan deur die Versekerde as gevolg van die ongeluk met die doel om onderbreking van of belemmering met die besigheid gedurende die skadeloosstellingstydperk te verminder.

**(e) Ander persele**

Indien daar tydens die skadeloosstellingstydperk goedere verkoop of dienste gelewer of inkomste verdien word tot voordeel van die besigheid elders as op die perseel of deur die Versekerde of deur ander namens hom/haar sal die geld betaal of betaalbaar of inkomste verdien vir sodanige verkope of dienste in ag geneem word in die berekening van die omset of inkomste tydens die skadeloosstellingstydperk.

## KLOUSULES (INDIEN IN DIE BYLAE AS VAN TOEPASSING VERMELD)

**(a) Rekenmeester/Ouditeur**

Enige besonderhede of detail in die rekeningboeke of ander sakeboeke of dokumente van die Versekerde vervat wat deur die Maatskappy benodig word vir die ondersoek of bevestiging van enige eise kragtens hierdie versekering mag deur die Versekerde se eie rekenmeesters en/of ouditeure gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat sal prima facie bewys wees van die besonderhede en detail wat op sodanige sertifikaat van toepassing is.

**(b) Ophoping van voorrade**

By die aansuiwering van enige verlies sal rekening gehou word en ‘n billike toegewing gemaak word indien enige tekort in omset as gevolg van die ongeluk uitgestel word omdat die omset tydelik in stand gehou word uit opgehoopte voorraad.

**(c) Departemente/takke**

Indien die besigheid in departemente/takke gedoen word waarvan onafhanklike handelsyfers bepaalbaar is sal die bepalings van paragrawe 1(a), 1(b), 2(a), 2(b), 3(a), 3(b), 4(a), 4(b), 5(a) en 5(b) afsonderlik van toepassing wees op elke departement/tak waarvan die resultate deur die ongeluk beïnvloed word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien die betrokke versekerde bedrag minder is as die totaal van die bedrae verkry deur toepassing van die bruto winskoers of die lonekoers (na gelang van die geval) vir elke departement/tak van die besigheid (hetsy die resultate deur die ongeluk beïnvloed is al dan nie) op die betrokke jaarlikse omset daarvan (na verhouding verhoog waar die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

**(d) Alternatiewe grondslag van verliesvereffening**

Die woord “produksie” kan die woord “omset” vervang en vir die doel van hierdie versekering beteken “produksie” “die verkoopswaarde van goedere vervaardig deur die Versekerde in die loop van sake op die perseel”

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) slegs een sodanige betekenis geldig sal wees met betrekking tot ‘n enkele ongeluk

(ii) indien bogenoemde betekenis aanvaar word

(a) sal klousule (b) nie in werking tree nie

(b) sal punt 5(e) onder die opskrif “Grondslag van Verliesvereffening” soos volg verander

“indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk vervaardig of dienste gelewer word tot voordeel van die besigheid elders as op die perseel of deur die Versekerde of deur ander namens hom/haar sal die verkoopswaarde van goedere wat op hierdie wyse vervaardig of dienste wat so gelewer is in ag geneem word in die berekening van die produksie tydens die skadeloosstellingstydperk”.

**(e) Nuwe besigheidsklousule**

Vir die doel van bepaling van enige verlies as gevolg van ‘n ongeluk wat plaasvind voor die voltooiing van die eerste jaar se handel sal die woordbetekenisse van “bruto winskoers” “lonekoers” ”jaarlikse omset” “standaardomset” “jaarlikse inkomste” en “standaardinkomste” soos volg verander

**(i) Bruto winskoers**

Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die 3 (drie) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**(ii) Lonekoers**

Die lone betaal as ‘n persentasie van die omset gedurende die 3 (drie) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**(iii) Jaarlikse omset**

Twaalf maal die gemiddelde maandelikse omset vir die 3 (drie) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**(iv) Standaardomset**

Die omset wat bereik sou word gedurende die skadeloosstellingstydperk indien die gemiddelde omset gedurende die 3 (drie) maande voor die datum van die ongeluk gehandhaaf was.

**(v) Jaarlikse inkomste**

Die gemiddelde inkomste verdien gedurende die 3 (drie) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk.

**(vi) Standaardinkomste**

Die inkomste wat verdien sou word gedurende die skadeloosstellingstydperk indien die gemiddelde inkomste gedurende die 3 (drie) maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk gehandhaaf was.

**(f) Depositopremie**

Aangesien die premies vir items 1, 2, 3, 4 en/of 5 van Bylae I voorlopig is omdat hulle op 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag/bedrae bereken word is die premie onderhewig aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk soos volg.

Indien die bruto wins of inkomste verdien of lone betaal (na verhouding verhoog waar die skadeloosstellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk minder of meer is as 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag daarop sal 'n pro rata premieterugbetaling of 'n bykomende premie van hoogstens 33-1/3% (drie en dertig en 'n derde persent) van die voorlopige premie betaal vir sodanige versekeringstydperk ten opsigte van die verskil gemaak word.

**(g) Premiekorting**

(i) Indien die bruto wins en/of inkomste verdien en/of lone betaal soos verseker deur item 5 van Bylae I (alles na verhouding verhoog as die skadeloostellingstydperk 12 (twaalf) maande oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk minder is as die afsonderlike versekerde bedrag daarop sal 'n pro rata premieterugbetaling van hoogstens 50% (vyftig persent) van die premie wat op sodanige versekerde bedrae betaal is vir sodanige versekeringstydperk vir die verskil gemaak word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

indien enige eis kragtens hierdie item sou ontstaan die terugbetaling gemaak sal word slegs ten opsigte van soveel van die verskil as wat nie sodanige eis toekom nie.

(ii) Indien die gespesifiseerde aantal van 52ste gedeeltes van die lone betaal soos verseker deur item 6 van Bylae I gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk minder is as die bedrag daarop verseker sal 'n pro rata premieterugbetaling van hoogstens 50% (vyftig persent) van die premie wat op sodanige versekerde bedrag betaal is vir sodanige versekeringstydperk vir die verskil gemaak word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

as enige eis kragtens hierdie item sou ontstaan geen premieterugbetaling gemaak sal word nie.

# VERSLEGTING VAN VOORRAAD (MASJINERIE BREEKSKADE)

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Hierdie Versekering is ten opsigte van:

**1. ONVOORSIENE SKADE AAN DIE VERSEKERDE PRODUKTE EN/OF KOELKAMER(S)**

**2. BYKOMENDE BEDRYFSKOSTE**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

(i) **TEN OPSIGTE VAN ONVOORSIENE SKADE AAN DIE VERSEKERDE PRODUKTE EN/OF KOELKAMER(S):**

Die waarde van die Versekerde Produkte en/of Koelkamer(s) geaffekteer as ‘n direkte gevolg van die Skade wat nie die Aanspreeklikheidsperk vermeld in die Bylae sal oorskry nie

(ii) **TEN OPSIGTE VAN BYKOMENDE BEDRYFSKOSTE:**

Die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die Skade aan die Versekerde Produkte (insluitende koste aangegaan in die verkryging van alternatiewe stoorfasiliteite vir die Versekerde Produkte) weens ‘n direkte oorsaak van die Skade met die uitsluitlike doel om sodanige skade aan die Versekerde Produkte te vermy of te verminder maar wat hoogstens die Bedrag sal beloop wat andersins kragtens Klousule (i) hierbo skadeloosstelbaar is

MET DIEN VERSTANDE ALTYD DAT:

(a) anders as in die geval van die toevallige ontlading van verkoelingsmiddels sal Skade ‘n wisseling in temperatuur in die Koelkamer(s) veroorsaak

(b) die Maatskappy sal geregtig wees op enige besparing in uitgawes volgende op Skade

## OMSKRYWINGS

**1. SKADE**

**A. ONVOORSIENE EN SKIELIKE FISIEKE SKADE** aan die Masjinerie in die Bylae van hierdie Afdeling omskryf weens enige oorsaak soos voorsien in terme van die Masjinerie Breekskade Afdeling uitgereik deur die Maatskappy en waarvoor aanspreeklikheid onder sodanige Afdeling wat behalwe vir die Voorbehoudsbepaling met betrekking tot die Besondere Uitsondering wat verwys na die Aftrekbare Bedrag, ‘n voorwaarde sal wees wat aanspreeklikheid voorafgaan

**B. VERSUIM VAN DIE OPENBARE VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT** by die eindpunte van die Voorsieningsowerheid in die Versekerde se persele weens enige toevallige oorsaak behalwe:

(i) die opsetlike daad van die Versekerde of enige Voorsieningsowerheid

(ii) droogte of brandstoftekort by enige Elektrisiteitsvoorsieningsowerheid

**Indien in die Bylae vermeld as ingesluit te wees**

**C. SKADE AAN DIE VERSEKERDE PRODUKTE** (gestoor in die Koelkamer(s) en/of die Versekerde Koelkamer(s) weens ‘n direkte gevolg van die toevallige ontlading van verkoelingsmiddels volgende op onvoorsiene en skielike fisieke skade aan die Verkoelingsmasjinerie in die Bylae van hierdie Afdeling omskryf.

**Indien in die Bylae vermeld as ingesluit te wees**

**2. KOELKAMER**

Die term "Koelkamer" sal geag word "Vrieskamer" in te sluit.

**3. SKADE**

Met die uitsondering van Klousule "A" onder die opskrif Omskrywings sal die woord "Skade" waar dit ookal mag voorkom in hierdie Afdeling die volgende beteken:

(a) ten opsigte van die Versekerde Produkte

"Vernietiging of beskadiging in waarde van die Versekerde Produkte weens verslegting of kontaminasie of verrotting of bederwing"

(b) ten opsigte van die Versekerde Koelkamer(s)

"Kontaminasie deur Verkoelingsmiddels wat die ontruiming van die Koelkamer(s) noodsaak".

**Indien in die Bylae vermeld as ingesluit te wees**

**4. WAARDE**

Die woord "Waarde" waar dit ookal in hierdie Afdeling mag voorkom sal die volgende beteken:

Ten opsigte van die Versekerde Produkte

(a) "Die werklike aankoopprys deur die Versekerde aan sy Verskaffer betaal vir die Versekerde Produkte of daardie deel daarvan wat deur die Skade geaffekteer is"

of

(b) "Die werklike aankoopprys deur die Versekerde aan sy Verskaffer betaal vir die Versekerde produkte of daardie deel daarvan wat deur die Skade geaffekteer is waartoe bygevoeg word die koste van die verwerking van sodanige Versekerde Produkte wat die berging daarvan in die Koelkamers voorafgaan"

of

(c) "Die verkoopsprys van die Versekerde Produkte of daardie deel daarvan wat deur die Skade geaffekteer is"

Ten opsigte van Versekerde Koelkamer(s)

"Die huidige vervangingswaarde van die Koelkamer(s)"

**Watter ookal in die Bylae vermeld van toepassing te wees.**

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van:

1. Die bedrag van die Bybetaling soos in die Bylae vermeld

2. Skade aan die Versekerde Produkte uitgesonderd wyn en verwante produkte wat nie tydens die Skade gestoor is in die Versekerde Koelkamer(s) nie

3. Gevolglike verlies Skade of aanspreeklikheid volgende op Skade aan die Versekerde Produkte en/of Koelkamer(s)

4. Skade aan die Versekerde Produkte en/of Koelkamer(s) weens kneusing knaagdiere peste of natuurlike agteruitgang siekte of gebrek.

## SPESIALE MEMORANDUMS

**MEMO 1:**

In die geval van skade aan die Versekerde Produkte:

(a) waar sodanige Skade dit vereis dat die Versekerde Produkte vernietig word moet die Versekerde 'n Sertifikaat van Vernietiging bekom vanaf die toepaslike Plaaslike Owerheid ter bevestiging dat sodanige goedere vernietig moet word

(b) in gevalle waar beweer word dat die waarde van die Versekerde Produkte weens die skade geaffekteer is moet redelike bewys van sodanige effek op die waarde van die Versekerde Produkte deur die Versekerde voorgelê word

(c) waar die Versekerde bykomende bedryfsuitgawes aangegaan het ten einde die skade aan die Versekerde Produkte te vermy of te verminder moet redelike bewys van die noodsaaklikheid vir die aangaan van sodanige kostes deur die Versekerde voorsien word.

**MEMO 2:**

Die masjinerie soos omskryf in die Bylae van hierdie Afdeling sal onderhewig wees aan gereelde en voldoende instandhoudingsprosesse wat uitgevoer moet word deur toepaslike gekwalifiseerde werknemers van die Versekerde of in terme van 'n Instandhoudingskontrak met Gespesialiseerde Instandhoudingsingenieurs.

**MEMO 3:**

Die beheerskakeltoerusting van die Verkoelingsmasjinerie omskryf in die Bylae van hierdie Afdeling sluit in apparate vir outomatiese heraanskakeling volgende op 'n onderbreking van die Openbare Elektrisiteitstoevoer.

**MEMO 4:** (PRODUKTE GESTOOR IN KOELKAMERS)

Die premie gehef in terme van hierdie Afdeling is voorlopig en is onderhewig aan aanpassing by die verstryking van elke Versekeringstydperk in ooreenstemming met die Voorbehoudsbepaling van Memorandum 5 hieronder.

**MEMO 5**: (PRODUKTE GESTOOR IN KOELKAMERS)

By die verstryking van elke Versekeringstydperk sal die Versekerde die volgende verklaring aan die Maatskappy lewer:

(i) die gemiddelde maandelikse waarde van die Versekerde Produkte gestoor in die Koelkamer(s). Die voorlopige premie sal aangepas word volgens die tarief soos ooreengekom tussen die Versekerde en die Maatskappy en 'n addisionele premie gehef word van of 'n terugbetaling aan die Versekerde gemaak word

of

(ii) die maksimum waarde van die Versekerde Produkte gestoor in die Koelkamer(s) te enige enkel tydstip gedurende die Versekeringstydperk. Die voorlopige premie gehef sal aangepas word volgens die tarief soos ooreengekom tussen die Versekerde en die Maatskappy en 'n addisionele premie gehef word van of 'n terugbetaling aan die Versekerde gemaak word

(iii) (a) die beraamde waarde op risiko vir die komende Versekeringstydperk in ooreenstemming met Voorbehoudsbepalings (i) hierbo

(b) die vervangingswaarde van die Koelkamer(s).

# UITGEBREIDE AANSPREEKLIKHEIDSPERKE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik sal word om te betaal, maar beperk tot die gebeurtenisse wat verseker is en gedek word deur die bewoording en Polisbylaes van die onderliggende versekering.

**Skadeloosstellingsperke**

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word.

## OMSKRYWINGS

**ONDERLIGGENDE VERSEKERING** beteken dekking wat ingevolge die Afdelings soos gelys in die Bylae onder die opskrif “onderliggende versekeringsafdelings” van krag is.

**Skadeloosstellingsgrondslag**

Hierdie Afdeling bied skadeloosstelling bo die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering, met dien verstande dat:

(i) die dekking wat deur hierdie Afdeling verskaf word aan dieselfde bepalings, uitsonderings en voorwaardes as die onderliggende versekering onderhewig is, en waar sodanige versekering meld dat die skadeloosstellingsperk in die algemeen of ten opsigte van gespesifiseerde eise die totaal is van alle eise wat skadeloos gestel kan word wat voorkom of ingestel word gedurende die (jaarlikse) termyn van sodanige onderliggende versekering, word die skadeloosstellingsperk in hierdie Afdeling verklaar op ’n identiese grondslag te wees met dié van sodanige onderliggende versekering;

(ii) die eis deur die onderliggende versekering gedek word en nie volledig gedek word alleenlik as gevolg van die ontoereikendheid van die skadeloosstellingsperk van sodanige onderliggende versekering nie;

(iii) waar die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering weens vorige eise verminder is, hierdie Afdeling skadeloosstelling bied bo sodanige verminderde skadeloosstellingsperk;

(iv) waar die skadeloosstellingsperk van die onderliggende versekering weens vorige eise uitgeput is, die Maatskappy hierdie Afdeling sal vertolk asof sodanige onderliggende versekering nog van krag is en hierdie Afdeling sal skadeloosstelling bo die Eerste Bedrag Betaalbaar (indien enige) van sodanige onderliggende versekering verskaf. Indien die onderliggende versekering om watter rede ookal nietig verklaar word, word hierdie Afdeling insgelyks nietig verklaar;

(v) tensy die Maatskappy spesifiek daartoe instem in hierdie Afdeling, enige besluit deur die Maatskappy om ’n eis op ’n “ex gratia”-grondslag of sonder inkorting van regte kragtens die onderliggende versekering te aanvaar, nie deur hierdie Afdeling gedek word nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die maatskappy stel nie die Versekerde skadeloos ten opsigte van die volgende nie:

1. boetes, strafheffings of bestraffende skadevergoeding;

2. enige aanspreeklikheid voortspruitend uit die vervoer van gevaarlike stowwe indien sodanige vervoer nie ooreenkomstig hoofstuk VIII van die Wet op Nasionale Padveiligheid 1996 (Wet 93 van 1996) (soos gewysig) plaasgevind het nie;

3. enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking ten opsigte van motor derdeparty aanspreeklikheid binne enige land wat onderworpe is aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada (of onderhewig is aan enige bevel op enige plek in die wêreld om sodanige uitspraak, toekenning, betaling of skikking ten volle, of gedeeltelik uit te voer.

4. aanspreeklikheid toegestaan in terme van die volgende Uitbreidings van die relevante onderliggende versekerings Afdelings

   (a) Afdeling 23 Gemeenregtelike Aanspreeklikheid wat, vir die doeleindes van hierdie Afdeling, insluit Kommersiële Jag en/of Wildbesigtigings aktiwiteite:

      (i) Uitbreiding 24 Aanspreeklikheid As Gevolg van die Bars of Oorloop van Damwalle

      (ii) Uitbreiding 26 Ondoeltreffendheid (uigesonderd wyn en verwante produkte)

      (iii) Uitbreiding 29 Produk Herroeping

      (iv) Uitbreiding 30 Produkte Waarborg

      (v) Uitbreiding 31 Produkteaanspreeklikheid – Noord Amerika Jurisdiksie klousule

      (vi) Uitbreiding 32 Finansiële Verlies

   (b) Afdeling 9 Motor:

      (i) Uitbreiding 22 Passassiersaanspreeklikheid – Werknemers

      (ii) Uitbreiding 26 Passassiersaanspreeklikheid – Kliënte ten opsigte van natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of kommersiële jag en/of wilbesigtigings aktiwiteite

5. enige aanspreeklikheid as gevolg van besering of skade direk of indirek veroorsaak deur of in verband met of voortspruitend uit of toeskryfbaar aan natuurbesigtiging of georganiseerde toere wat verband hou met enige wynmaakprosesse, wynproe en/of enige soortgelyke aktiwiteite of Kommersiële Jag en/of Wildbesigtigingsaktiwiteite.

## BESONDERE VOORWAARDES

1. Die skadeloosstelling wat deur hierdie Afdeling toegestaan word, is op voorwaarde dat die onderliggende versekering gedurende die volle versekeringstydperk van krag bly.

2. Die skadeloosstellingsperke kragtens die onderliggende versekering sal nie minder wees as die wat aangedui word onder die opskrif "Minimum onderliggende versekeringskadeloosstellingsperke" wat in die Bylae vervat is nie. Indien die skadeloosstellingsperk kragtens die onderliggende versekering op die datum van verlies minder is as die gemelde minimum perke, word die Versekerde dan hul eie versekeraar geag te wees vir die verskil, tensy sodanige onderliggende skadeloosstellingsperk minder is as die gemelde minimum perke alleenlik omdat dit weens vorige eise verminder is.

# ENKELRIT TRANSITO – STAMBOEKDIERE, LEWENDEHAWE, WILD EN VOLSTRUISE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

**1. Uitgebreide dekking**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies van of skade wat voortspruit uit die vrekte van die versekerde eiendom in die Bylae beskryf die eiendom van die Versekerde terwyl dit in transito is of binne 14 (veertien) dae daarna as gevolg van 'n ongeluk of in die geval van stamboekdiere alleenlik as gevolg van siekte opgedoen tydens die transito in of op enige vervoermiddel te pad veroorsaak deur enige ongeval of teëspoed nie andersins uitgesluit nie

**2. Beperkte Dekking (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

Die versekering kragtens hierdie Afdeling word gedurende die tydperk van versekering beperk tot die vrekte van enige stamboekdier, alle lewendehawe, wild en volstruise wat in die Bylae gespesifiseer is as gevolg van brand, weerlig, vloed, botsing of omslaan van die vervoermiddel insluitende oplaai en aflaai

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse voortspruitend uit of toeskryfbaar aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak sal nie die aanspreeklikheidsperk wat teenoor sodanige stamboekdiere, lewendehawe, wild en volstruise in die Bylae van hierdie Afdeling vermeld word, oorskry nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak is deur:

(a) vernietiging ter uitvoering van die bepaling van enige statuut of enige bevel van 'n staatsdepartement of plaaslike owerheid;

(b) ongeluk of siekte gely of opgedoen elders as in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

(c) ongeluk of siekte gely of opgedoen tydens transito per lug of ter see;

(d) opsetlike slag of vernietiging van stamboekdiere, lewendehawe, wild en volstruise hetsy deur of ter uitvoering van 'n bevel van enige staatsgesag of openbare of plaaslike owerheid of persoon of liggaam wat jurisdiksie oor sulke aangeleenthede het of andersins

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie hierdie Uitsondering as 'n verweer sal opper nie indien:

(i) die Maatskappy uitdruklik tot die vernietiging van die stamboekdiere, lewendehawe, wild of volstruise toegestem het, of;

(ii) 'n versekerde stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise 'n besering of in die geval van stamboekdiere alleen as gevolg van siekte opgedoen het en in 'n buitengewoon pynlike siektetoestand verkeer en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die Maatskappy aangestel is sertifiseer dat dit ongeneesbaar en so ondraaglik is dat dit gebiedend is dat die stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word, of;

(iii) 'n versekerde stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise 'n besering of in die geval van stamboekdiere alleen as gevolg van siekte opgedoen het en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die Versekerde aangestel is eers 'n sertifikaat uitgereik het dat die lyding van sodanige stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise ongeneesbaar en so ondraaglik is dat dit gebiedend is dat die stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word sonder dat daar vir die aanstelling van 'n veearts deur die Maatskappy gewag kan word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

in alle sodanige gevalle van (i), (ii) of (iii) hierbo die Maatskappy die geleentheid gebied sal word om na sy keuse ‘n nadoodse ondersoek deur sy veearts te laat uitvoer;

(e) die vrekte wat direk of indirek veroorsaak is of die gevolg is, van:

(i) enige chirurgiese operasie tensy uitgevoer deur 'n gekwalifiseerde veearts wat sertifiseer dat sodanige operasie noodsaaklik was as gevolg van 'n ongeluk of siektetoestand en uitgevoer is in 'n poging om die stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruis se lewe te behou;

(ii) enige geneeskundige behandeling behalwe deur 'n gekwalifiseerde veearts (of ervare personeel deur hom aangewys) en gesertifiseer deur 'n veearts as synde van voorkomende aard of genoodsaak weens 'n ongeluk of siektetoestand. Soos dit hierin voorkom sluit die woorde "geneeskundige behandeling" enige verdowingsmiddel, hormone, vitamiene, proteïne of ander bestanddeel in uitgesonder suiwer voedsel of water;

(f) gevolglike verlies wat op enige wyse hoegenaamd ontstaan;

(g) aanspreeklikheid teenoor derdepartye;

(h) diefstal;

(i) verlies of skade opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

(i) die Versekerde terwyl die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien die Versekerde se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;

(ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ‘n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieerd is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in die gebiedsgrense van hierdie Afdeling verwys word, of, indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien ‘n lisensie nie vereis word deur ‘n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders;

(j) verlies of skade as gevolg van Kaping/Skaking of enige poging daartoe van die versekerde eiendom;

(k) vertrapping of versmoring wat tot gevolg het vrekte of vernietiging van stamboekdiere, lewendehawe, wild en/of volstruise of in die geval van wild alleen weens onderlinge gewelddadige beserings as gevolg van bakleiery terwyl in transito in of op enige vervoermiddel.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. Kennisgewing van eis

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Algemene Voorwaarde 7 sal:

(a) die Versekerde die Maatskappy onmiddellik verwittig van enige siekte van of ongeluk opgedoen deur enige stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise in die Bylae beskryf en op sy/haar eie koste onmiddellik voorsiening maak vir toereikende besoek en behandeling deur 'n veearts en wanneer dit vereis word 'n verslag van die betrokke veearts indien oor die toestand van die stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise. Die Versekerde sal ten alle tye behoorlike voorsorgmaatreëls tref teen verlies of gevaar van verlies en sal alle redelike regulasies en aanwysings van die Maatskappy of van 'n veearts in die diens van die Maatskappy uitvoer;

(b) by die vrekte van enige stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise beskryf in die Bylae sal die Versekerde die Maatskappy onmiddellik daarvan verwittig en die Maatskappy 'n geleentheid gee om die karkas te ondersoek deur nie daaraan te sny of daarmee weg te doen voor die verstryking van minstens 24 (vier en twintig) uur nadat sodanige kennisgewing deur die Maatskappy ontvang is nie. Die Versekerde sal op sy/haar eie koste binne 14 (veertien) dae nadat hy/sy versoek is om dit te doen aan die Maatskappy sodanige inligting verstrek gepaard met sodanige veeartssertifikate en bevredigende bewys van vrekte, identiteit en waarde van die stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise as wat die Maatskappy mag vereis. Die las om te bewys dat 'n versekerde stamboekdier, lewendehawe, wild of volstruise nie gevrek het aan 'n oorsaak wat in hierdie Afdeling uitgesonder word nie sal op die Versekerde rus. Indien die eis erken word sal die Versekerde op die voordeligste manier van die karkas ontslae raak en die bedrag wat daardeur ingewin word, sal aan die Maatskappy behoort.

### 2. Goeie kondisie

Gewaarborg dat die stamboekdier(e), lewendehawe, wild of volstruise in die Bylae beskryf in gesonde toestand en sonder besering of siekte by aanvang van hierdie versekering is.

### 3. Eerste Bedrag Betaalbaar

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis of R500 (vyfhonderd rand), watter bedrag ookal die meeste is

of

(b) die eerste bedrag persentasie en/of die Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in die Bylae watter bedrag ookal die meeste is.

### 4. Tydperk van Transito

Transito word geag 'n aanvang te neem met die laai van enige pad vervoermiddel (insluitende die dra van goedere daarheen) en voort te duur met die vervoer na die ontvanger en tydelike berging gedurende die reis en te eindig met die aflewering insluitende die aflaai van die eiendom by die finale bestemming wat sal insluit

(a) tydelike opberging terwyl op hawens en/of kaaie en

(b) pakhuise en/of store by sodanige eindbestemming in afwagting van verskeping vir ‘n periode wat nie 7 (sewe) dae sal oorskry nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

dekking in terme van hierdie Afdeling staak sodra sodanige goedere die

(i) boot se reëlings oorgaan (Vry aan Boord) of

(ii) vliegtuig pakruimte binnegaan (Vry aan Boord).

**5. Weiering van ontvangs**

Indien enige ontvanger weier om eiendom deur die Versekerde versend, te ontvang, word transito geag voort te duur en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom afgelewer is by die Versekerde se perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde alle redelike stappe doen om te verseker dat die eiendom so gou redelikerwys moontlik terugbesorg word.

**6. Ander vervoermiddels**

Indien die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig of voertuie is, is die versekering kragtens hierdie Afdeling van toepassing ten opsigte van eiendom in of op enige voertuig wat tydelik gebruik word in plek daarvan terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige vervangende voertuig nie die eiendom van die Versekerde is nie nog deur hom ingevolge 'n huurkontrak of huurkoopkontrak gehuur is tensy slegs gehuur vir sodanige tydperk as wat nodig is vir herstelling of versiening van die vervoermiddel.

**7. Onklaarraking van vervoermiddel**

In geval van onklaarraking van die vervoermiddel gedurende transito of indien vir enige rede buite die Versekerde se beheer die eiendom aan gevaar blootgestel is, verhoed niks hierin vervat die gebruik van enige ander wyse van vervoer ten einde die transito uit te voer nie, en die versekering hierkragtens word nie daardeur benadeel nie.

**8. Puinverwydering**

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan is ten opsigte van die opruim en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n perk van R10 000 (tienduisend rand) of die perk wat in die Bylae vermeld word, wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige een Omskrewe Gebeurtenis.

**9. Brandbluskoste**

Indien die eiendom omskryf in die Bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word, betaal die Maatskappy benewens skadeloosstelling aan die Versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde nie R10 000 (tienduisend rand) of die perk in die Bylae vermeld wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal oorskry nie.

## ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

**1. Kaping/skakingdekking**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word Besondere Uitsondering (j) van hierdie Afdeling gekanselleer en dekking uitgebrei om verlies of skade aan eiendom soos vermeld in die Bylae as gevolg van Kaping/Skaking beperk tot die versekerde bedrag in die Bylae vermeld ten opsigte van enige enkele gebeurtenis in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste 20% (twintig persent) van iedere en elke eis.

**2. Oproer en staking**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# STAMBOEKDIERE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die vrekte van enige stamboekdier in die Bylae gespesifiseer is gedurende die tydperk van versekering (of vir versekering vir 'n jaarlikse tydperk alleenlik in die geval waar die vrekte van sodanige stamboekdier plaasvind binne 30 (dertig) dae na die verstryking van hierdie versekering as gevolg van 'n ongeluk wat voorgeval het of siekte of kwaal wat gemanifesteer het gedurende die geldigheidstermyn hiervan en onderworpe daaraan dat skriftelike kennisgewing van sodanige ongeluk, siekte of kwaal aan die Maatskappy gegee is voor die verstryking van hierdie versekering) vir die werkilke waarde van sodanige stamboekdier ten tyde van die ongeluk (of die manifestering van die kwaal of siekte) wat die stamboekdier se vrekte veroorsaak het

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die aanspreeklikheid van die Maatskappy in geen geval die aanspreeklikheidsperk in die Bylae gespesifiseer ten opsigte van sodanige stamboekdier oorskry nie.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies wat die gevolg is van of voortspruit uit:

(a) vernietiging ter uitvoering van die bepaling van enige statuut of enige bevel van 'n staatsdepartement of plaaslike owerheid;

(b) ongeskiktheid of onvermoë om die funksies of pligte te verrig waarvoor die stamboekdier aangehou word;

(c) ongeluk of siekte gely of opgedoen elders as in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

(d) ongeluk of siekte gely of opgedoen tydens transito per lug of ter see;

(e) plantvergiftiging per ongeluk deur weiding of vergiftiging wat spruit uit voer en/of suiping en/of dip behalwe tot die omvang van 65% (vyf en sestig persent) van die versekerde bedrag;

(f) die opsetlike slag of vernietiging van stamboekdiere deur of ter uitvoering van 'n bevel van enige staatsgesag of openbare of plaaslike owerheid of persoon of liggaam wat jurisdiksie oor sulke aangeleenthede het of andersins

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie hierdie Uitsondering as 'n verweer sal opper nie indien:

(i) die Maatskappy uitdruklik tot die vernietiging van die stamboekdiere toegestem het, of;

(ii) 'n versekerde stamboekdier 'n besering opgedoen het of in 'n buitengewoon pynlike siektetoestand verkeer en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die Maatskappy aangestel is sertifiseer dat dit ongeneesbaar en so ondraaglik is dat dit gebiedend is dat die stamboekdier om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word, of;

(iii) 'n versekerde stamboekdier 'n besering opgedoen het en 'n gekwalifiseerde veearts wat deur die Versekerde aangestel is eers 'n sertifikaat uitgereik het dat die lyding van sodanige stamboekdier ongeneesbaar en so ondraaglik is dat dit gebiedend is dat die stamboekdier om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word sonder dat daar vir die aanstelling van 'n veearts deur die Maatskappy gewag kan word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

in alle sodanige gevalle van (i), (ii) of (iii) hierbo die Maatskappy die geleentheid gebied sal word om na sy keuse 'n nadoodse ondersoek deur sy veearts te laat uitvoer;

(g) die vrekte wat direk of indirek veroorsaak is of die gevolg is, van:

(i) enige chirurgiese operasie tensy uitgevoer deur 'n gekwalifiseerde veearts wat sertifiseer dat sodanige operasie noodsaaklik was as gevolg van 'n ongeluk of siektetoestand en uitgevoer is in 'n poging om die stamboekdier se lewe te behou;

(ii) enige geneeskundige behandeling behalwe deur 'n gekwalifiseerde veearts (of ervare personeel deur hom aangewys) en gesertifiseer deur 'n veearts as synde van voorkomende aard of genoodsaak weens 'n ongeluk of siektetoestand. Soos dit hierin voorkom sluit die woorde "geneeskundige behandeling" enige verdowingsmiddel, hormone, vitamiene, proteïne of ander bestanddeel in uitgesonder suiwer voedsel of water;

(h) rooiwaterkoors;

(i) hartwaterkoors;

(j) galsiekte;

(k) bloednier;

(l) bloutong;

(m) enige siektetoestand uit bosluise gebore en wat manifesteer binne 30 (dertig) dae vanaf die aanvangsdatum van die Polis;

(n) gevolglike verlies wat op enige wyse hoegenaamd ontstaan;

(o) aanspreeklikheid teenoor derdepartye;

(p) diefstal van stamboekdiere;

(q) verlies of skade opgedoen in transito terwyl enige voertuig bestuur word deur:

(i) die Versekerde terwyl die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien die Versekerde se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of terwyl nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;

(ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself/haarself) of indien sodanige persoon se bloedalkoholpersentasie die statutêre perk oorskry tydens die gebeurtenis of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie, maar dit is nie van toepassing nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieerd is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy/haar besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur

MET DIEN VERSTANDE DAT:

enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in die gebiedsgrense van hierdie Afdeling verwys word, of, indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders;

(r) verlies of skade as gevolg van Kaping/Skaking of enige poging daartoe van die versekerde eiendom;

(s) vertrapping of versmoring wat tot gevolg het vrekte of vernietiging van stamboekdiere, lewendehawe, wild en/of volstruise terwyl in transito in of op enige vervoermiddel.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. Plek van Aanhouding en Gebruik

Geen stamboekdier sal verwyder word vanaf die persele soos vermeld in die Bylae vir die doel om permanent aangehou te word op ‘n ander plek sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy nie.

Geen stamboekdier sal aangewend word vir die doel ander dan soos vermeld in die aansoek sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy nie.

### 2. Kennisgewing van eis

Nieteenstaande enigiets strydigs vervat in Algemene Voorwaarde 7 sal:

(a) die Versekerde die Maatskappy onmiddellik verwittig van enige siekte van of ongeluk opgedoen deur enige stamboekdier in die Bylae beskryf en op sy/haar eie koste onmiddellik voorsiening maak vir toereikende besoek en behandeling deur 'n veearts en wanneer dit vereis word 'n verslag van die betrokke veearts indien oor die toestand van die stamboekdier. Die Versekerde sal ten alle tye behoorlike voorsorgmaatreëls tref teen verlies of gevaar van verlies en sal alle redelike regulasies en aanwysings van die Maatskappy of van 'n veearts in die diens van die Maatskappy uitvoer;

(b) by die vrekte van enige stamboekdier beskryf in die Bylae sal die Versekerde die Maatskappy onmiddellik daarvan verwittig en die Maatskappy 'n geleentheid gee om die karkas te ondersoek deur nie daaraan te sny of daarmee weg te doen voor die verstryking van minstens 24 (vier en twintig) uur nadat sodanige kennisgewing deur die Maatskappy ontvang is nie. Die Versekerde sal op sy/haar eie koste binne 14 (veertien) dae nadat hy/sy versoek is om dit te doen aan die Maatskappy sodanige inligting verstrek gepaard met sodanige veeartssertifikate en bevredigende bewys van vrekte, identiteit en waarde van die stamboekdier as wat die Maatskappy mag vereis. Die las om te bewys dat 'n versekerde stamboekdier nie gevrek het aan 'n oorsaak wat in hierdie Afdeling uitgesonder word nie sal op die Versekerde rus. Indien die eis erken word sal die Versekerde op die voordeligste manier van die karkas ontslae raak en die bedrag wat daardeur ingewin word, sal aan die Maatskappy behoort.

### 3. Goeie kondisie

Gewaarborg dat die stamboekdier(e) in die Bylae beskryf in gesonde toestand en sonder besering of siekte by aanvang van hierdie versekering is.

### 4. Brandbluskoste (Slegs van toepassing in geval van Transito)

Indien die eiendom omskryf in die Bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie Afdeling verseker word, betaal die Maatskappy benewens skadeloosstelling aan die Versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe met die verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Besondere Voorwaarde hoogstens R10 000 (tienduisend rand) per enige enkele gebeurtenis sal beloop

### 5. Puinverwydering

Die versekering ingevolge hierdie Afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan is ten opsigte van die opruim en verwydering van puin na skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n maksimum perk van R10 000 (tienduisend rand) of die perk wat in die Bylae vermeld word, wat ookal die meeste is, ten opsigte van enige een Omskrewe Gebeurtenis.

## 6. Eerste Bedrag Betaalbaar

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis of R250 (tweehonderd en vyftig rand), watter bedrag ookal die meeste is

of

(b) die eerste bedrag persentasie en/of die Eerste Bedrag Betaalbaar soos vermeld in die Bylae watter bedrag ookal die meeste is.

## 7. Tydperk van Transito

Transito word geag 'n aanvang te neem met die laai van enige pad vervoermiddel (insluitende die dra van goedere daarheen) en voort te duur met die vervoer na die ontvanger en tydelike berging gedurende die reis en te eindig met die aflewering insluitende die aflaai van die eiendom by die finale bestemming.

## 8. Weiering van ontvangs

Indien enige ontvanger weier om eiendom deur die Versekerde versend, te ontvang, word transito geag voort te duur en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom afgelewer is by die Versekerde se perseel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde alle redelike stappe doen om te verseker dat die eiendom so gou redelikerwys moontlik terugbesorg word.

## 9. Ander vervoermiddels

Indien die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig of voertuie is, is die versekering kragtens hierdie Afdeling van toepassing ten opsigte van eiendom in of op enige voertuig wat tydelik gebruik word in plek daarvan terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

sodanige vervangende voertuig nie die eiendom van die Versekerde is nie nog deur hom ingevolge 'n huurkontrak of huurkoopkontrak gehuur is tensy slegs gehuur vir sodanige tydperk as wat nodig is vir herstelling of versiening van die vervoermiddel.

## 10. Onklaarraking van vervoermiddel

In geval van onklaarraking van die vervoermiddel gedurende transito of indien vir enige rede buite die Versekerde se beheer die eiendom aan gevaar blootgestel is, verhoed niks hierin vervat die gebruik van enige ander wyse van vervoer ten einde die transito uit te voer nie, en die versekering hierkragtens word nie daardeur benadeel nie.

# ENDOSSEMENTE VAN TOEPASSING INDIEN VERMELD IN DIE BYLAE

## 1. Impotensie van Stamboek Bulle en Stamboek Ramme deur ongeluk alleen

Indien deur lewering van bevredigende bewysstukke en sertifikate bewys word dat die stamboek bul of stamboek ram in die Bylae beskryf impotent of onvrugbaar is of blywend onbekwaam tot natuurlike dekking as gevolg van ‘n besering veroorsaak deur sigbare geweld as gevolg van ‘n ongeluk van buite voorgeval tydens die versekeringstermyn die Maatskappy na die verstryking van ‘n tydperk van 3 (drie) kalendermaande van die datum van verwittiging van die impotensie, onvrugbaarheid

of onbekwaamheid tot natuurlike dekking die verskil sal vergoed tussen die bedrag wat ontvang is vir die verkoop van die stamboek bul of stamboek ram en die versekerde bedrag soos gemeld in die Bylae

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) enige eise ten opsigte van gevolglike verlies hoe dit ookal mag ontstaan;

(b) enige eis ten opsigte van stamboek ramme jonger as 6 (ses) maande of ouer as 4 (vier) jaar nie;

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

dit 'n voorwaarde, voorafgaande tot die aanvang van dekking in terme van hierdie Uitbreiding is, dat die Maatskappy voorsien word van 'n vrugbaarheidssertifikaat uitgereik deur 'n gekwalifiseerde veearts. Sodanige vrugbaarheidssertifikaat moet bekom en aan die Maatskappy voorsien word voor die aanvang van elke daaropvolgende versekeringstermyn en moet uitgereik wees binne 'n tydbestrek van 60 (sestig) dae voorafgaande tot die aanvang van dekking.

**2. Impotensie van Stamboek Bulle en Stamboek Ramme deur ongeluk en siekte**

Indien deur lewering van bevredigende bewysstukke en sertifikate bewys word dat die stamboek bul of stamboek ram in die Bylae beskryf blywend impotent of onvrugbaar is of blywend onbekwaam tot natuurlike dekking as gevolg van 'n besering veroorsaak deur sigbare geweld as gevolg van 'nongeluk van buite of as gevolg van siekte opgedoen tydens die versekeringstermyn die Maatskappy na die verstryking van 'n tydperk van (3) drie kalendermaande van die datum van verwittiging van die impotensie, onvrugbaarheid of onbekwaamheid tot natuurlike dekking die verskil sal vergoed tussen die bedrag wat ontvang is vir die verkoop van die stamboek bul of stamboek ram en die versekerde bedrag soos gemeld in die Bylae

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir:

(a) enige eise ten opsigte van gevolglike verlies hoe dit ookal mag ontstaan;

(b) enige eise ten opsigte van stamboek ramme jonger as 6 (ses) maande of ouer as 4 (vier) jaar nie;

MET DIEN VERSTANDE VERDER DAT:

dit 'n voorwaarde, voorafgaande tot die aanvang van dekking in terme van hierdie Uitbreiding is, dat die Maatskappy voorsien word van 'n vrugbaarheidssertifikaat uitgereik deur 'n gekwalifiseerde veearts. Sodanige vrugbaarheidssertifikaat moet bekom en aan die Maatskappy voorsien word voor die aanvang van elke daaropvolgende versekeringstermyn en moet uitgereik wees binne 'n tydsbestek van 60 (sestig) dae voorafgaande tot die aanvang van dekking.

**3. Rooiwaterkoors**

Besondere Uitsondering (h) van hierdie Afdeling is gekanselleer.

**4. Hartwaterkoors**

Besondere Uitsondering (i) van hierdie Afdeling is gekanselleer

**5. Galsiekte**

Besondere Uitsondering (j) van hierdie Afdeling is gekanselleer

**6. Bloednier (Enterotoxaemia)**

Besondere Uitsondering (k) van hierdie Afdeling is gekanselleer indien die betrokke stamboekdier teen die siekte binne 6 (ses) maande voor die vrekte ingeënt was en die entstof korrek geberg en gebruik is soos uiteengesit in die gebruiksaanwysing.

## 7. Bloutong

Besondere Uitsondering (l) van hierdie Afdeling is gekanselleer indien die betrokke stamboekdier teen die siekte binne 12 (twaalf) maande voor die vrekte ingeënt was en die entstof korrek geberg en gebruik is soos uiteengesit in die gebruiksaanwysing.

**MEMO VAN TOEPASSING OP ENDOSSEMENT 6 EN 7**

Dit is ‘n voorwaarde voorafgaande tot die aanvaarding van ‘n eis onder hierdie Afdeling dat ‘n bewys van inenting in die vorm van ‘n sertifikaat deur ‘n veearts onderteken of as die Versekerde die stamboekdier self ingeënt het ‘n sertifikaat deur die Versekerde en ‘n naburige boer onderteken deur die Maatskappy ontvang word onmiddellik na die inenting uitgevoer is en voordat ‘n eis ontstaan.

## 8. Kalfuitbreiding

Dit word hiermee verklaar en ooreengekom dat hierdie Afdeling uitgebrei word om dekking in te sluit vir ‘n kalf of tweeling kalwers wat reeds ouer as 24 (vier en twintig) uur maar jonger as 6 (ses) maande is met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige kalf of tweeling kalwers nie 20% (twintig persent) van die versekerde koei se versekerde bedrag sal oorskry nie.

Hierdie Uitbreiding sal nie van toepassing wees nie in die geval van tweeling kalwers indien net een kalf vrek. Indien vergoeding kragtens hierdie Uitbreiding geskied het sal die versekerde bedrag van die versekerde koei met sodanige vergoeding verminder word.

## 9. Plantvergiftiging

Besondere Uitsondering (e) van hierdie Afdeling is gekanselleer.

## 10. Kaping/skakingdekking

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word Besondere Uitsondering (r) van hierdie Afdeling gekanselleer en dekking uitgebrei om verlies of skade aan eiendom soos vermeld in die Bylae as gevolg van Kaping/Skaking beperk tot die versekerde bedrag in die Bylae vermeld ten opsigte van enige enkele gebeurtenis in te sluit

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste 20% (twintig persent) van iedere en elke eis.

## 11. Oproer en staking

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# BESPROEIINGSSTELLE OP WIELE EN SPILPUNTE

## ONDERAFDELING A – VERLIES OF SKADE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Verlies van of skade aan enige voertuig wat in die Bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is. Indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige verlies of skade wat hierkragtens verseker is, betaal die Maatskappy die redelike koste vir die beskerming en verwydering daarvan na die naaste herstellers en die Versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) bo en behalwe die bedrag van die Eerste Bedrag Betaalbaar waarvoor die Versekerde kragtens hierdie Onderafdeling aanspreeklik is, uitgevoer word sonder dat die Maatskappy se toestemming vooraf verkry word met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die Maatskappy gestuur word. Die Maatskappy betaal ook die redelike koste vir aflewering aan die Versekerde na die herstel van sodanige verlies of skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die Versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.

**Skadeloosstellingsgrondslag**

1. As die skade herstel kan word sal die Maatskappy die koste van herstelling tot 'n werkende toestand betaal met die gewone daaglikse loontariewe in die distrik as grondslag en ook die normale vraggeld, herstelkoste en/of oprigtingskoste asook doeaneregte.

2. As die voertuig heeltemal vernietig is sal die Maatskappy die markwaarde van die voertuig net voor die verlies of skade en die verwyderingskoste van die beskadigde voertuig minus die waarde van die oorblyfsels betaal. Die voertuig sal as heeltemal vernietig beskou word indien die herstelkoste soos omskryf in 1 hierbo die markwaarde net voor die verlies of skade ewenaar of oorskry.

3. Die Maatskappy het die keuse om enige beskadigde voertuig te laat herstel, vervang of vergoeding te betaal in kontant

   MET DIE VERSTANDE DAT:

   (a) as die skade beperk is tot 'n deel of dele van die voertuig is die Maatskappy nie aanspreeklik nie vir 'n groter bedrag as die waarde van sodanige deel of dele waarvoor voorsiening gemaak word en ingesluit is in die versekerde bedrag en ook die normale vraggeld, herstelkoste en/of oprigtingskoste asook doeaneregte

   (b) die versekerde bedrag vir elke voertuig gespesifiseer in die Bylae moet te alle tye gelyk wees aan die nuwe vervangingswaarde

   (c) indien die versekerde bedrag tydens skade minder is as die nuwe vervangingswaarde word die Versekerde as sy/haar/hulle eie versekeraar geag vir die verskil en moet hy/sy/hulle dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies of skade dra. Elke voertuig is afsonderlik onderhewig aan hierdie Voorwaarde

MET DIE VERSTANDE VERDER DAT:

(i) die skadeloosstellingsperk vir elke voertuig is soos wat dit in die Bylae vermeld word en is dit die maksimum bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar dit mag hoogstens die redelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade beloop

(ii) indien enige onderdeel, toebehore of toerusting wat nodig is om skade aan die voertuig te herstel, nie as 'n standaard klaarvervaardigde artikel in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië en Botswana beskikbaar is nie, word die aanspreeklikheid van die Maatskappy nagekom deur betaling van 'n bedrag gelyk aan die waarde van sodanige onderdeel, toebehore of toerusting ten tyde van die ongeluk maar hoogstens die fabrikaat se jongste aangegewe prys in enige geval asook invoerkoste vir sodanige onderdeel, toebehore of toerusting

(iii) indien die voertuig na die wete van die Maatskappy die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die Maatskappy ten opsigte van sodanige verlies of skade

(iv) ten opsigte van iedere en elke gebeurtenis wat tot ‘n eis (behalwe ‘n eis weens brand, weerlig of ontploffing) ingevolge hierdie Onderafdeling aanleiding gee, die Versekerde verantwoordelik is vir die Eerste Bedrag Betaalbaar wat in die Bylae vermeld word van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge hierdie Onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawes en gelde) en van enige uitgawe deur die Maatskappy aangegaan in die uitoefening van enige diskresie wat hy ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die Maatskappy aangegaan word, enige Eerste Bedrag Betaalbaar insluit waarvoor die Versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING A

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om vir die volgende te betaal nie;

(a) gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd, waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk na ‘n Omskrewe Gebeurtenis of andersins, slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie

(b) skade aan buitebande deur lekkasies, snye of barste

(c) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beampes of owerhede.

## ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Enige ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die Bylae beskryf word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan die Versekerde regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitende die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van;

(i) dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die Versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat ‘n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde is

(ii) skade aan ander eiendom as die eiendom wat aan die Versekerde behoort of deur die Versekerde in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is.

Die Maatskappy sal ook, ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie Onderafdeling;

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die Maatskappy se algehele aanspreeklikheid ingevolge beide hierdie Uitbreiding sowel as Onderafdeling B, hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in Onderafdeling B as van toepassing vermeld word

2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die Versekerde of met die Versekerde se toestemming bedryf of beheer

   MET DIEN VERSTANDE DAT:

   (a) sodanige persoon, asof hy/sy/hulle die Versekerde is, die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees

   (b) sodanige persoon wat sodanige voertuig bedryf of beheer deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie

   (c) die skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie

(d) sodanige persoon nie ingevolge enige ander Polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING B

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie Onderafdeling aanspreeklik ten opsigte van die volgende nie;

(a) soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige Verpligte Motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie

(b) dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op sodanige voertuig vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan

(c) aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van n voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met ‘n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanig gereedskap of toerusting.

**Skadeloosstellingsgrondslag**

Tensy anders vermeld, beloop die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie Onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die Bylae vermeld word.

## OMSKRYWINGS

**1. Voorval**

Die woord voorval beteken enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

**2. Voertuig**

Die woord voertuig beteken;

(a) besproeiingsstelle op wiele (met enige vorm van aandrywing)

en

(b) spilpunte

insluitend

(c) toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daarop of daaraan is, pypleidings, kabeltuig en rekenaar- en dryfstelsels, pompe en/of soortgelyke toerusting in verband daarmee hetsy bo of onder die grond.

**3. Derdeparty**

Vir die doeleindes van hierdie versekering sal die terme “Derdeparty” beteken derdeparty soos omskryf in Onderafdeling B – Aanspreeklikheid Teenoor Derdepartye.

**4. Derdeparty en Brand**

Vir die doeleindes van hierdie versekering sal die terme “Derdeparty en Brand” beteken:

(i) Derdeparty soos omskryf in Onderafdeling B – Aanspreeklikheid Teenoor Derdepartye

plus

(ii) brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing asook spesiale gevare soos omskryf onder Afdeling 10 – Brand van hierdie Polis.

**5. Derdeparty, Brand en Diefstal**

Vir die doeleindes van hierdie versekering sal die terme "Derdeparty, Brand en Diefstal" beteken:

(i) derdeparty soos omskryf in Onderafdeling B – Aanspreeklikheid Teenoor Derdepartye

plus

(ii) brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing asook spesiale gevare soos omskryf onder Afdeling 10 – Brand van hierdie Polis

plus

(iii) diefstal of enige poging daartoe.

**6. Bepalings ten opsigte van Geeneiskortings (Nie van toepassing indien Opsionele Beperkings 1, 2 of 3 van toepassing is nie)**

Geeneiskorting 1 tot 4 van toepassing op voertuie.

Indien geen eis ingevolge hierdie Afdeling ontstaan nie gedurende 'n Versekeringstydperk (of versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) hieronder gespesifiseer wat die hernuwing van die Polis onmiddellik voorafgaan sal die hernuwingspremie (of hernuwingspremies vir die versekeringstermyn in die geval van n Maandelikse Polis) vir daardie voertuig bereken word ooreenkomstig die Geeneiskortingskaal hieronder vermeld.

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| minder as een jaar | 0% |
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jare | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jare | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jare | 40% |

Indien 'n eis egter ten opsigte van 'n voertuig soos hierbo vermeld gedurende enige versekeringstydperk (of versekeringstermyn in die geval van 'n maandelikse Polis) ontstaan terwyl Geeneiskortings van 30% (dertig persent) of 40% (veertig persent) van toepassing is, sal die hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstydperk (of hernuwingspremie vir die daaropvolgende versekeringstermyn in die geval van 'n Maandelikse Polis) volgens Geeneiskortings van 15% (vyftien persent) of 20% (twintig persent) onderskeidelik bereken word.

Indien meer as een voertuig in die Bylae beskryf word geld die Geeneiskorting asof 'n afsonderlike Polis ten opsigte van elke voertuig uitgereik was.

Tensy die Maatskappy instem tot 'n oordrag van belang in hierdie Polis is die Geeneiskorting nie oordraagbaar nie.

## UITBREIDINGS

**1. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin verwat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettige ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verliese aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste (tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand)) wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 3. WRAKVERWYDERING

Die dekking verskaf ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig nà skade aan sodanige voertuig deur 'n Omskrewe Gebeurtenis met dien verstande dat benewens die skadeloosstellingsperk ingevolge Onderafdeling A van hierdie Afdeling, die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige een gebeurtenis, ingevolge hierdie Uitbreiding, hoogstens die bedrag van R10 000 (tienduisend rand) beloop of die perk in die Bylae vermeld welke ookal die grootste is.

## 4. KREDIETTEKORT

Indien enige algehele verliesskikking ingevolge Onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die Maatskappy aan die Versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

(a) enige agterstallige paaiement of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae

(b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die voertuig verband hou

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word

(d) die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Onderafdeling A

ALTYD MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die bedrae betaalbaar hoogstens die maksimum skadeloosstelling minus die Eerste Bedrag Betaalbaar ingevolge Onderafdeling A beloop

(ii) die Uitbreiding nie van toepassing is nie op 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaardebedrag nà die aanvanklike paaiement, met meer as 10% (tien persent) van enige ander paaiement verskil nie

(iii) indien sodanige tekort die resultaat is van 'n hervoorskot ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n bruikhuurooreenkoms, die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding nietig verklaar word.

## 5. SKADE AAN BUITEBANDE

Die dekking onder hierdie Afdeling is uitgebrei om totale en onherstelbare verlies van die buitebande terwyl aan die voertuig in die Bylae van hierdie Afdeling gemeld, maar slegs indien omvattend verseker, in te sluit as gevolg van skade veroorsaak deur onsigbare of versteekte voorwerpe terwyl op die pad of enige ander oppervlak

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid sal beperk word tot ‘n maksimum van R3 000 (drieduisend rand) per buiteband tensy die waarde per buiteband bo R3 000 (drieduisend rand) in die Bylae vermeld word

(b) die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die eerste 10% (tien persent) met 'n minimum van R200 (tweehonderd rand) van iedere en elke eis

(c) die Versekerde na skade, op eie koste, inspeksie sal laat uitvoer deur een of meer erkende versolers om vas te stel of 'n band herstel kan word en wat die persentasie slytasie is.

Die bepalings van hierdie Afdeling wat verband hou met die Eerste Bedrag Betaalbaar en Geeneiskorting is nie van toepassing op hierdie Uitbreiding nie.

# MEMORANDA

## 1. PREMIEAANPASSING

Gespesifiseerde Voertuie

Indien ‘n voertuig wat hierdeur verseker is van die hand gesit word en ‘n ander voertuig in die plek daarvan in die Afdeling opgeneem word, sal geen aanpassing van premie gemaak word nie

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die versekerde waardes en uitbreidings van toepassing op die betrokke voertuie nie verskil nie. Indien versekerde waardes met die vervanging sou verhoog of verlaag en uitbreidings bygevoeg of weggelaat word, sal die premie dienooreenkomstig aangepas word.

## 2. OORLOG

Ten opsigte van Onderafdelings B word Algemene Uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang:

“Hierdie Afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie”.

## 3. BESKRYWING VAN GEBRUIK

Voertuie gebruik deur die Versekerde uitsluitlik vir boerderydoeleindes vir eie gebruik alleen.

Die skadeloosstelling van die Versekerde ten opsigte van enige voertuig is van toepassing terwyl sodanige versekerde voertuig onder die beheer of toesig van 'n lid van die motorhandel vir doeleindes van opknapping, versiening of herstelwerk is met uitsluiting van verhuring.

## 4. ONDERHOUD VAN VOERTUIG

Die Versekerde en/of enigeen wat namens die Versekerde optree en/of enige ander persoon wat die voertuig met die algemene wete en toestemming van die Versekerde bedryf en/of beheer moet alle redelike stappe doen om enige voertuig wat in die Bylae omskryf word, te beveilig teen verlies of skade en dit in 'n doeltreffende toestand te hou asook toesien dat gereelde onderhoudsinspeksies op sodanige versekerde voertuie uitgevoer word om die doeltreffende werking daarvan te verseker

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) die Maatskappy te alle tye vrye en volkome toegang het om sodanige voertuig te ondersoek. In die geval van enige ongeval of onklaarraking moet sodanige voertuig nie sonder toesig gelaat word sonder dat behoorlike voorsorgmaatreëls getref word om verdere skade of verlies te voorkom nie en indien sodanige voertuig in hergebruik geneem word voordat die nodige herstelwerk gedoen is, is enige toename van die skade of verdere skade aan sodanige voertuig geheel en al die Versekerde se eie risiko

(b) dekking ten opsigte van alle voertuie ouer as 5 (vyf) jaar asook jaarliks daarna sal onderhewig wees aan 'n volledige verslag deur 'n ingenieur of 'n gemagtigde en goedgekeurde agent/verteenwoordiger van die vervaardigers waarin bevestig word dat sodanige voertuig in 'n goeie werkende toestand is en dat geen herstelwerk nodig is nie asook om die mate van agteruitgang (verwering) te bepaal

(c) die fabrikaat moet in alle gevalle aan die Maatskappy by aanvang van dekking voorsien word.

**5. AFSTANDDOENING VAN SUBROGASIEREGTE**

Die Maatskappy doen vir die doel van hierdie Afdeling afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle mag hê of wat hulle mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke sodanige persoon moet die Bepalings, Uitsonderings en Voorwaardes (Algemeen sowel as Besondere) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

**6. PRINSIPALE**

Nieteenstaande Besondere Uitsondering 2 van hierdie Afdeling, word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou-Industrieë-Federasie van Suid-Afrika vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat deur die Versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat in die Bylae vermeld word, beloop.

**7. KRUISAANSPREEKLIKHEDE**

Waar meer as een Versekerde in die Bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike Polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die Bylae vermeld word, beloop.

## OPSIONELE BEPERKINGS

**1. SLEGS DERDEPARTY (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)**

Onderafdelings A en die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

**2. DERDEPARTY EN BRAND VERSEKERING ALLEENLIK (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)**

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy kragtens Onderafdeling A is uitsluitlik beperk tot verlies of skade voortvloeiend uit brand, selfontbranding, weerlig, ontploffing en die spesiale gevare soos omskryf onder Afdeling 10 – Brand van die Polis. Die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

**3. SLEGS DERDEPARTY, BRAND EN DIEFSTAL (Indien in die Bylae as van toepassing vermeld)**

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge Onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig, ontploffing en die spesiale gevare soos omskryf onder Afdeling 10 – Brand van die Polis of weens diefstal of enige poging daartoe. Die bepalings ten opsigte van die Geeneiskorting word gekanselleer.

**BESONDERE UITSONDERINGS OP ALLE ONDERAFDELINGS VAN TOEPASSING**

1. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie:

   (a) terwyl die voertuig met die medewete en toestemming van die Versekerde op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die klousule “Beskrywing van Gebruik”, gebruik word

   (b) opgedoen buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek. Die Maatskappy stel ook die Versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitende die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan.

2. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het.

# BRAND – OES EN MIED

**OMSKREWE GEBEURTENISSE**

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir verlies of skade as gevolg van brand of weerlig aan oeste en miedens wat in die Bylae omskryf word gedurende die tydperk van versekering en by die liggings wat in die Bylae beskryf word

MET DIEN VERSTANDE DAT:

1. die Maatskappy sal nie meer as die redelike markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade betaal nie;

2. die Maatskappy se aanspreeklikheid sal nie die versekerde bedrag in die Bylae vermeld oorskry nie.

Die versekering kragtens hierdie Afdeling sluit die oes in terwyl dit in stand, gesny, in gerwe, hope, bale, miedens, gedors, gestroop en los of in sakke is op die land waar dit geoes is en terwyl in transito na 'n mied of die spoorwegstasie of depot waar die Versekerde gewoonlik sy/haar produkte lewer en op enige plek waar dit voor verkoop geberg word.

Hierdie Afdeling sluit ook enige sodanige leë sakke op die land of by die mied in wat vir die normale werksaamhede van een dag vereis word.

## BESONDERE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om te betaal vir eise van enige aard voortspruitend uit:

1. verlies of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur selfgisting, natuurlike verhitting of selfontbranding daarvan of deurdat dit enige verhittings- of drogingsproses ondergaan;

2. verlies of skade veroorsaak deur of deur middel of ten gevolge van:

   (a) die verbranding van eiendom op las van enige openbare gesag;

   (b) onderaardse vuur;

   (c) ontploffing behalwe waar verlies of skade deur ontploffing van gas gebruik vir verligtings- of huishoudelike doeleindes in 'n gebou waarin gas nie vervaardig word nie en wat nie deel van 'n gasfabriek uitmaak nie, veroorsaak is.

## KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Hierdie Afdeling is uitgebrei om die volgende in te sluit:

**A. TEN OPSIGTE VAN EIENDOM IN <u>VOLKOME TOEGEBOUDE GEBOUE</u> ALLEENLIK**

**1. Spesiale Gevare**

Verlies of beskadiging van die eiendom hierin beskryf regstreeks deur die volgende veroorsaak:

(a) STORM, WIND, WATER, HAEL OF SNEEU uitsluitende vernietiging of beskadiging van eiendom

  (i) voortspruitend uit enige proses wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels;

  (ii) veroorsaak deur vloedgolf wat uit aardbewing of vulkaniese uitbarsting ontstaan;

  (iii) in die ondergrondse werke van enige myn;

  (iv) in die opelug;

  (v) in enige struktuur wat nie heeltemal toegebou en onder dak is nie.

(b) LUGVAARTUIE OF ANDER LUGONTWERPE OF VOORWERPE DAARUIT LAAT VAL.

(c) BOTSING DEUR DIERE OF VOERTUIE uitsluitend die vernietiging of beskadiging van sodanige diere, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

HIERDIE UITBREIDING DEK NIE DIE VOLGENDE NIE:

(a) Slytasie of geleidelike agteruitgang

(b) Vernietiging of beskadiging veroorsaak of vererger deur:

(i) lekkasie of vloeiing uit enige sprinkelaar- of storttoestel in die geboue hierkragtens verseker of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker is;

(ii) insakking of grondverskuiwing;

(iii) versuim deur die Versekerde om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en vir die beperking van enige vernietiging of skade tot 'n minimum.

**2. Aardbewing (Brand en Skok Risiko)**

Vernietiging of beskadiging deur brand of andersins van of aan die versekerde eiendom regstreeks veroorsaak deur aardbewing met die uitsluiting van enige verlies of skade (behalwe verlies of skade deur brand) wat regstreeks of onregstreeks uit enige mynbedrywighede voortspruit.

**3. Ontploffing**

Vernietiging of beskadiging deur brand of andersins van die eiendom regstreeks deur ontploffing veroorsaak

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) vernietiging of beskadiging nie uitgesluit is in terme van Besondere Uitsondering 2(c) nie.

**4. Spontane ontbranding**

Skade alleen deur brand aan die geheel of 'n gedeelte van die versekerde eiendom (ten opsigte waarvan hierdie Uitbreiding van toepassing is) veroorsaak deur die eie spontane gisting, natuurlike verhitting of selfontbranding van sodanige versekerde eiendom

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) vernietiging of beskadiging nie uitgesluit is in terme van Besondere Uitsondering 2 nie.

**B. TEN OPSIGTE VAN EIENDOM IN TRANSITO**

1. Verlies of skade aan eiendom in transito (insluitende ru-voer en pitte) vanaf die plaas tot lewering by die naaste spoorwegstasie, depot, agent of opberger

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(a) behalwe vir verlies as gevolg van brand sal die Versekerde aanspreeklik wees vir die eerste R1 000 (eenduisend rand) ten opsigte van iedere en elke eis.

**C. KWAADWILLIGE BESKADIGING**

Hierdie Afdeling is uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

(a) roerende eiendom wat

(i) gesteel word;

(ii) beskadig word in ‘n poging om dit of ‘n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

(b) roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

(c) onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

(ii) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel

MET DIEN VERSTANDE DAT:

hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(A)(i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie Polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 (dertig) opeenvolgende dae ongebruik gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie Uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie Uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 (dertig) opeenvolgende dae van ongebruik, word die Versekerde ‘n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy ‘n deel van enige skade gelykstaande aan 20% (twintig persent) van die eis voor die aftrekking van enige Eerste Bedrag Betaalbaar.

**D. OPROER EN STAKING (Indien in die Bylae as ingesluit vermeld)**

As teenprestasie vir die betaling van ‘n bykomende premie en andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie Afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word

Met dien verstande dat hierdie Uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitsontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene Uitsondering 1(A)(ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie Polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie Afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## BESONDERE VOORWAARDES

### 1. SPOORWEG EN ANDER SUBROGASIE KLOUSULE

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se Besteldiensvrywaring insake Gevaarlike Persele of ander ooreenkomste met die Transnet-Administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

### 2. HUURDERS

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie Afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

### 3. BRANDBLUSKOSTE

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die Versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie Afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

die Maatskappy se aanspreeklikheid nie R10 000 (tienduisend rand) sal oorskry nie.

### 4. ONDERVERSEKERING

Van toepassing op:

**(a) Oeste**

Indien die hierkragtens verklaarde aantal hektare waarvolgens die opbrengs geskat is tydens 'n eis gevind word minder te wees as die werklike aantal sal die geskatte opbrengs dienooreenkomstig verhoog word en sal eweredigheid soos volg bepaal word:

Die Versekerde sal beskou word as sy eie versekeraar te wees vir die verskil, gegrond op berekenings soos hierbo uiteengesit, en sal dienooreenkomstig na verhouding 'n eweredige deel van die verlies self dra.

**(b) Miedens**

Indien die eiendom hierdeur gedek by die aanvang van enige vernietiging van of skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen verseker word gesamentlik van groter waarde is as die bedrag waarvoor dit verseker is, dan sal die Versekerde geag word om sy/haar eie versekeraar vir die verskil te wees en hy/sy moet dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies self dra. Elke item, as daar meer as een is, sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees.

**5. VERPLIGTE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR VAN TOEPASSING OP PITTE-OESTE**

Die Versekerde sal aanspreeklik wees vir die eerste 10% (tien persent) van iedere en elke eis (uitgesluit terwyl in transito) onderhewig aan 'n minimum van R1 000 (eenduisend rand) en 'n maksimum van R10 000 (tienduisend rand).

## WAARBORGE

**1. MIED WAARBORG**

Gewaarborg dat enige miedens bestaande uit oulandsgras (Eragrostis) en/of veldgras hierkragtens verseker, sal bestaan uit gras wat gedurende die huidige seisoen gesny is.

Origens onderhewig aan die terme, voorwaardes en uitsonderings van hierdie Afdeling en Polis.

## MEMORANDUMS

**MEMORANDUM 1: VAN TOEPASSING OP RUVOER**

In die geval van verlies of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak deur brand of weerlig soos in hierdie Afdeling beskryf sal die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk wees tot:

(a) 85% (vyf en tagtig persent) van die genomineerde waarde onmiddellik voor die verlies of skade of die versekerde bedrag, watter ookal die minste is ten opsigte van die versekerde eiendom in geboue;

(b) 75% (vyf en sewentig persent) van die genomineerde waarde onmiddellik voor die verlies of skade of die versekerde bedrag, watter ookal die minste is ten opsigte van die versekerde eiendom wat:

(i) op die lande in stand is;

(ii) platgesny op die lande gelaat word gedurende die proses van voorbereiding en insameling;

(iii) gebaal op die lande gelaat word gedurende die proses van insameling;

(iv) in 'n mied/stapel gepak is of wat in 'n groep miedens/stapels gepak is wat een brand risiko vorm waarvan die gesamentlike waarde R350 000 (driehonderd en vyftig duisend rand) oorskry;

(c) 85% (vyf en tagtig persent) van die genomineerde waarde onmiddellik voor die verlies of skade of die versekerde bedrag, watter ookal die minste is ten opsigte van die versekerde eiendom wat in 'n mied/stapel gepak is of wat in 'n groep miedens/stapels is wat een brandrisiko vorm waarvan die gesamentlike waarde minder as R350 000 (driehonderd en vyftigduisend rand) is

MET DIEN VERSTANDE DAT:

(i) die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk sal wees tot 85% (vyf en tagtig persent) per gebou ten opsigte van Memorandum 1(a) hierbo;

(ii) die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk sal wees tot 75% (vyf en sewentig persent) van die versekerde bedrag of R412 500 (vierhonderd en twaalfduisend vyfhonderd rand) watter ookal die minste is, ten opsigte van Memorandum 1(b)(iv) hierbo tensy andersins skriftelik deur die Maatskappy met die Versekerde ooreengekom;

(iii) die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk sal wees tot 85% (vyf en tagtig persent) van die versekerde bedrag of R297 500 (tweehonderd sewe en neentigduisend vyfhonderd rand) watter ookal die minste is, ten opsigte van Memorandum 1(c) hierbo;

(iv) hierdie Memorandums afsonderlik van toepassing sal wees op elke mied/stapel, groep miedens/stapels wat een brandrisiko vorm en per gebou;

(v) in die geval van enige bestaande versekering die Maatskappy slegs aanspreeklik sal wees vir sy eweredige deel van:

(a) 85% (vyf en tagtig persent) ten opsigte van Memorandums 1(a) en 1(c) hierbo

en

(b) 75% (vyf en sewentig persent) ten opsigte van Memorandum 1(b)(iv) hierbo

van die genomineerde waarde aan die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade of die versekerde bedrag watter ookal die minste;

(vi) die Versekerde beskou sal word as sy eie versekeraar vir 15% (vyftien persent) ten opsigte van Memorandums 1(a) en 1(c) hierbo en/of 25% (vyf en twintig persent) ten opsigte van Memorandum 1(b)(iv) hierbo van die genomineerde waarde van die eiendom of die versekerde bedrag watter ookal die minste en ten minste 15% (vyftien persent) ten opsigte van Memorandums 1(a) en 1(c) hierbo en 25% (vyf en twintig persent) ten opsigte van Memorandum 1(b)(iv) hierbo van enige verlies self moet dra;

(vii) vervoerkoste wat nie deur die Versekerde aangegaan is nie van die eis afgetrek sal word behalwe soos omskryf in Memorandums 1(a), 1(c) en 1(b)(iv) hierbo;

(viii) een of meer miedens/stapels of groepe miedens/stapels wat gesamentlik nie R550 000 (vyfhonderd en vyftigduisend rand) in waarde oorskry nie en ten minste 100 (eenhonderd) meter van 'n ander geleë is beskou sal word om een brandrisiko te vorm.

**MEMORANDUM 2: BYKOMENDE EERSTE BEDRAG BETAALBAAR (waar van toepassing)**

Tensy die volgende Voorwaardes stiptelik nagekom word, is die versekerde verantwoordelik vir 'n bykomende Eerste Bedrag Betaalbaar van 15% (vyftien) persent van die genomineerde waarde, bo en behalwe enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar reeds bepaal:

(a) 'n Terrein van minstens 10 (tien) meter wyd om elke mied/stapel of groep miedens/stapels wat een brandrisiko vorm moet skoon gehou word van alle brandbare materiaal;

(b) 'n Terrein van minstens 5 (vyf) meter wyd om elke gebou waarin ruvoer geberg word moet skoon gehou word van alle brandbare materiaal.